

**DIE TOEËIENING VAN DIE HEIL
BY DIE
NEDERDUITSE GEREFORMEerde KERK
1652-1860
‘N KERKHISTORIESE ONDERSOEK**

CHRIS SAAYMAN
B.A. (US), B.Th. (US), Lis.Teol. (US), M. Div. (UP)

**PROEFSKRIF VOORGELê TER VERVULLING VAN
DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD**

PHILOSOPHIAE DOCTOR

FAKULTEIT TEOLOGIE
DEPARTEMENT EKKLESILOGIE
UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT
PROMOTOR: PROF. DR. RM BRITZ

MAART 2003

*“Aan God is dit te danke
dat julle met Christus Jesus
verenig is.”*
1 Korinthiërs 1:30

INHOUDSOPGawe

Dankbetuiging	i
Inleiding	1
Hoofstuk 1 : Die teonoom-eksistensiële denke van die gereformeerde belydenis oor die heilstoeëiening	11
1.1 Die teonome aard van die gereformeerde belydenis	12
1.2 Die teonome inslag van die heilstoeëiening in die gereformeerde belydenis	17
1.3 Die verhouding verbond-doop-heilstoeëiening	22
1.4 Die verhouding wedergeboorte-geloof-bekering	26
1.5 Samevatting	30
Hoofstuk 2: Die vroegste Kaapse kerklike lewe: teonoom én outonom: 1652-1686	31
2.1 Die Kaapse aanleg van 1652: histories en ekklesiologies omlyn	32
2.2 Die eerste verslae van sieketroosters uit die Kaap: 1655-1663	38
2.3 Predikante, ‘n kerkraad en ‘n Kaapse gemeente: 1665-1686	42
2.4 Heil, heilstoeëiening en die bediening van die sakramente aan die Kaap	44
2.5 Samevatting	48
Hoofstuk 3: Toe “de kerk in het uytterste gedeelte van Afrika” homself begin vestig het: 1687-1740	49
3.1 Die inset van die Franse vlugtelinge	50
3.2 ‘n Outonome denklyn ook ten opsigte van die Khoikhoi: 1700-1710	55
3.3 ‘n Aksentuering eie aan die outonome denke van die Nadere Reformasie 1710-1740	58
3.4 Die kerk vestig homself – ook wat sy theologiese diversiteit betref	60
3.5 Samevatting	62
Hoofstuk 4: Pertinente aksente op die geloof toe die Kaaps-Hollandse Kerk ‘n historiese bewussyn ontwikkel:1740-1753	63
4.1 Nuwe aksente by predikante van die Kaapse kerk	63
4.2 Teologiese literatuur uit die pen van ds Wilhelm van Gendt	68
4.3 ‘n Belangrike katkisasieboek uit 1746	72
4.4 Historiese bewuswording by die Kaaps-Hollandse Kerk	79
4.5 Samevatting	82
Hoofstuk 5: ‘n Nuwe inset: Die klem op die subjektiewe toeëiening van die heil: 1753-1775	84
5.1 ‘n Kaapse lidmaat stel onomwonde haar saak	84
5.2 Die teologie van die Nadere Reformasie	88
5.3 ‘n Gekombineerde kerkvergadering en sy Reglement vir Kerkvisitasie: 1754	93
5.4 Ds JF Bode as Kaapse leraar beïnvloed deur die Nadere Reformasie	95

5.5 Samevatting	100
Hoofstuk 6: ‘n Puriteinse aanpassing in die denklyn oor die toeëiening van die heil – en ‘n supranaturalistiese bemiddeling: 1775-1800	102
6.1 Die inset van die supranaturalisme	102
6.2 Di. Fleck en Von Manger voer die supranaturalistiese vergelyk in ‘n eie verwerking verder	107
6.3 Die bediening van ds HR van Lier: Evangelies-puriteins	116
6.4 Samevatting	124
Hoofstuk 7: Die institusionalisering van die supranaturalistiese bemiddeling en denklyn: 1800-1824	126
7.1 ‘n Nuwe bedeling van kerklike en missionêre pluralisme	126
7.2 ‘n “Evangeliese” Gesangeboek vir die Kaapse gemeentes	129
7.3 Ds M Borcherds verwoord ‘n bemiddeling	135
7.4 ‘n Ander aksent: Piëtistiese bevindelikheid by ds MC Vos en sy meelopers	140
7.5 Samevatting	147
Hoofstuk 8: Die supranaturalistiese outonomiteit met betrekking tot die heilstoeëiening in Het Nederduitsch Zuid-Afrikaansch Tydschrift ná 1824	148
8.1 Die kerkhistoriese konteks ná 1824	148
8.2 Die NZAT oor die toeëiening van die heil	150
8.2.1 Redelike supranaturalisme	151
8.2.2 Klem op die mens se verantwoordelikheid	156
8.2.3 Die teonome begronding van die heil in Christus	163
8.3 Nederlandse teologie in ‘n Kaapse baadjie	165
8.4 Sinodes en die toeëiening van die heil	168
8.5 Samevatting	172
Hoofstuk 9: De Honigbij en ‘n Skots-evangeliese interpretasie: 1843-1850	173
9.1 Die Skotse puriteins-evangeliese inset ná 1820	173
9.2 Ds Abraham Faure kies vir ‘n middeposisie	182
9.3 Die theologiese standpunt van De Honigbij	185
9.3.1 Geloof as gawe van vrye genade	185
9.3.2 Die weg van selfbeproewing	192
9.3.3 Die klassifikasie-metode	200
9.3.4 Metodistiese bekeringsweg	201
9.4 Samevatting	203
Hoofstuk 10: ‘n Vooruitskouing en ‘n Terugblik...	205
10.1 ‘n Vooruitskouing: Kontemporêre aksente kondig ‘n nuwe rigting ná 1850 aan	205
10.2 ‘n Terugblik...	216
10.3 Besluit	219
Bibliografie	220
Opsomming	256
Abstract	257

DANKBETUIGING

Na afloop van so ‘n groot studieprojek, is ‘n mens se woorde min.

Die feit dat so iets suksesvol gedoen kon word, stem ‘n mens tot ootmoed en dankbaarheid. Daarom kan alle eer net aan God, die Vader van Jesus Christus, gegee word. Sonder Sy roeping en genade sou daar niks van hierdie projek kon kom nie. Ek is alle dank aan Hom verskuldig.

Ek is Hom dankbaar vir die feit dat ek voltyds my lewe mag wy aan die verkondiging van die evangelie van God se vrye genade. Ek is ook dankbaar dat ek hierdie studie huis kon wy aan ‘n kernaspek van die evangelieboodskap. Dit wat ek hierdeur ryker kon word in insig, kan in geen taal beskryf word nie.

Die Here het dit beskik dat ek van moedersknie af van Christus kon hoor. Hy het ook die evangelie aan my laat verkondig deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk en sodoende die geloof in my hart laat ontvlam. Vir hierdie genadegawes is ek Hom vir ewig dankbaar.

Ek is ook veel dank verskuldig aan my vrou, Beulah, vir haar aanmoediging, ondersteuning, begrip en groot geduld gedurende die lange jare van deeltydse studie. Sy en die kinders moes veel opoffer, maar het dit met geduld gedoen. Te same met die volle lading van die bediening, was dit nie elke dag maklik nie. Deur Sy genade kon ons volhard.

My besondere dank ook aan prof Dolf Britz wat my studieleier was. Hy was ook baie meer as dit. Hy was meer as ‘n “doktorvader.” Hy was ook ‘n ware kollega en ‘n geloofsvriend in Christus. Ek kon altyd weet dat ons één is in die een ware geloof. Hy het my deurentyd aangemoedig en ‘n liefde laat ontwikkel vir die kerkgeskiedenis. Sy skerp insig in die gereformeerde belydenis is van onskatbare waarde. Die manier waarop hy daaraan meegewerk het dat my insigte kon verdiep, kan ek nie beskryf nie. Die groot moeite wat hy gedoen het met die nasien van die proefskrif en die pynlike akkuraatheid waarmee hy dit gedoen het, het my verslae gelaat. Dankie dat ek aan die voete van só ‘n leermeester kon sit.

Ek wil ook aan Eendekuil se gemeente en kerkraad baie dankie sê vir die ruimte aan my gegun om hierdie studie te kon voltooi. Ek het hard probeer om nooit te studeer ten koste van die bediening nie. Ek het probeer om u altyd eerste te stel. Dankie ook vir die finansiële ondersteuning. Baie dankie vir die voorreg en geleentheid om die evangelie aan u te mag verkondig.

‘n Woord van groot dank ook aan die Kweekskoolbibliotheek op Stellenbosch. Ek was nie ‘n ingeskreve student aan u Universiteit nie en tog het u aan my volle ruimte gegun om van u fasiliteite gebruik te maak. Baie dankie vir die hartlikheid, vriendelikheid en behulpsaamheid. Dit word hoog op prys gestel.

Ook ‘n woord van dank aan die Suid-Afrikaanse Biblioteek in Kaapstad vir die hulpvaardigheid en diens aan my gelewer. Dankie ook aan mnr Patrick van Wijk en sy personeel by die Kerkargief in Kaapstad. Dieselfde geld vir mev Maryna van Wyk by Kovsies se biblioteek. Tony Nichols van Mosselbaai was bereid om die “opsomming” in Engels te vertaal. Dankie aan hom. Ek waardeer u almal se vriendelike hulpvaardigheid.

Ek is ook groot dank verskuldig aan twee vriende wat my deurentyd ondersteun het met hul besondere insig in ons gereformeerde belydenis. Dit is Eugene en Hannes. Indien ek terugdink aan die paar jaar wat verby is, kan ek my nie voorstel hoe hierdie studie kon slaag sonder julle insette nie. Dit was ongetwyfeld die Here se beskikking dat ons by mekaar moes uitkom. Baie dankie en mag die Here julle bediening ryklik seën.

C Saayman
Eendekuil
Desember 2002

INLEIDING

Aanleiding vir hierdie studie was die teenoorstaande standpunte in die Nederduitse Gereformeerde Kerk met betrekking tot die toeëiening van die heil. Hóé oor hierdie saak gedink en gepreek word, is nie om't ewe nie. Dit raak die belydenis van die kerk aan sy hart.¹ Die verskillende standpunte in die geledere van die Nederduitse Gereformeerde Kerk vind neerslag in literatuur wat 'n wye leserskring het. Om dit te illustreer word kortlik op die volgende voorbeeld gewys.

Bybelmedia as amptelike orgaan van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, het enkele dekades gelede vier tersaaklike gespreksboekies versprei met die oog op evangelisasie. Elke boekie het sy eie skrywer en unieke formaat. Twee van hulle het die klein (verbonds)kind as teiken. Twee dateer uit 1985. Die een **Godsdiens kan gevaarlik wees**² was klaarblyklik bedoel vir volwassenes en die ander **Jesus wil in jou hart kom woon**³ was bedoel vir kinders. Die ander twee boekies dateer uit 1989. Die een **Jy kan regtig gelukkig wees**⁴ was vir 'n volwasse kring bedoel en die ander **Jy is God se kind**⁵ vir kinders. Reeds uit die titels kan die verskillende aksente gehoor word. By die een is Jesus "wagtende" by die hart se deur en by die ander word eenvoudig objektief verklaar: "Jy is 'n kind van God." By die een is daar 'n subjektiewe voorwaarde waaraan voldoen moet word en by die ander is die subjektiewe skynbaar oorbodig.

In die boekie **Godsdiens kan gevaarlik wees**, word dit duidelik gestel dat alle mense wat verlossing nodig het, verlore is.⁶ Dit word eksplisiet gestel dat alle mense se basiese verhouding met God verbreek is, maar dat God die verhouding objektief herstel het in Christus. In Christus *is* die skuld weggeneem en die verhouding met God *is* heelgemaak. Dan word daar gesê: "dit is egter nie genoeg om net hierdie feite te ken nie."⁷ Die mens het 'n subjektiewe verantwoordelikheid om uit te oefen: Jesus moet as Verlosser "aangeneem" word.⁸

Die doop word dan op die volgende manier hiermee in verband gebring: "As jy gedoop is, beteken dit dat die Here jou klaar vir Hom gemerk het. Jy is reeds betrek by die verbond wat Hy met gelowige mense sluit. Die Here wil jou help om jou kant van die verbond na te kom. Jy doen dit as jy Jesus as Verlosser aanneem. Dan maak Hy die beloftes van die verbond in jou lewe waar."⁹ Die "aanneem" van Christus kan momenteel geskied. Die oproep word gestel: "Stel die saak nou reg."¹⁰ Daar word ook 'n voorbeeld gegee van 'n gebed wat gebid kan word waardeur Christus aanvaar word.

¹Vgl. in hierdie verband: Saayman, C. 1998. *Aksente op die verhouding tussen verkiesing en verbond...* Ongepubliseerde M Div Verhandeling.

²Geldenhuys, GFE. 1985. *Godsdiens kan gevaarlik wees*. Wellington. Bybelkor.

³Geldenhuys, GFE. 1985. *Jesus wil in jou hart kom woon*. Wellington. Bybelkor.

⁴Victor, JA. 1989. *Jy kan regtig gelukkig wees*. Wellington. Bybelkor.

⁵Hendriks, HJ. 1989. *Jy is God se kind*. Wellington. Bybelkor.

⁶Geldenhuys, GFE. 1985. *Godsdiens kan gevaarlik wees*. 4.

⁷Dies.,7.

⁸Dies.,8.

⁹Dies.

¹⁰Dies.,10.

Die boekie **Jesus wil in jou hart kom woon**, is op presies dieselfde teologiese patroon geknip. Daar word gesê: “toe jy gedoop is, het die Here al vir jou gesê dat jy aan Hom behoort.” Maar, die volgende sin lui: “Hy wil by jou kom bly en altyd by jou wees.”¹¹ Ook in hierdie boekie kan gesien word dat die mens aanvanklik ‘n sondaar is waar Christus nog buite staan en klop. Die mens lewe in ongehoorsaamheid en dus is dit noodsaaklik dat Christus moet “inkom” alvorens hierdie sonde weggeneem kan word.¹² Die verantwoordelikheid word dus weer eens op die mens geplaas om die beslissende stap te neem en die deur vir Christus oop te maak. ‘n Voorbeeld van ‘n gebed word weer eens gegee, waarin die bidder erken dat hy voorheen ongehoorsaam en sondig was, maar nou ‘n kind van God wil word.¹³ Ná die oorgawe word die betekenis van die doop dan weer beklemtoon in die woorde: “Nou verstaan jy waarom jy gedoop is. God het daar al gesê dat jy aan Hom behoort. Nou *het* jy Sy kind geword.”¹⁴

Hieruit is dit duidelik hoedat die objektiewe heilswerk van Christus steeds deur die subjektiewe keuse van die mens *bekragtig* moet word alvorens die (verbonds)mens eksistensieel in die heil deel het. Die betekenis van die doop figureer wel, maar dan in die vorm van ‘n kontradiksie: die dopeling behoort reeds aan die Here en tog word hy Sy kind wanneer die keuse vir Christus gemaak word.

Die teenpool van hierdie benadering vind uitdrukking in die boekie **Jy is God se kind**.¹⁵ Hier word aan die verbondskind verduidelik waarom hy ‘n verbondskind van God *is*. Die kind het die sekerheid dat God sy “hemelse Pa” is, want sy ouers het hom vertel dat hy as baba gedoop is. “Toe jy gedoop is, het die Here gesê dat Hy jou hemelse Pa is.”¹⁶ Die kind behoort dus sonder meer aan die Here kragtens sy doop. Die uitgangspunt is gevvolglik dat die kind reeds ‘n kind van God *is*. Kinders van God loop egter soms weg van hul Pa af en doen as sodanig sonde, so word dit verduidelik. Die gelykenis van die Verlore Seun in Lukas 15 word as basis gebruik om aan te toon hoedat die verbondskind, indien hy weggedwaal het, weer kan terugkom na God. Wanneer die kind terugkom kan hy weet “hy bly altyd Sy kind.” Hy het dus *as kind van God* weggedwaal en word as sodanig terug ontvang.¹⁷ Die gebed van “beslissing” wat in hierdie geval as voorbeeld gegee word klink totaal anders as by die ander twee boekies: “Lieve Vader, dankie dat ek weet dat ek ‘n spesiale present gekry het. Ek is jammer dat ek van U af weggeloop het en nie altyd na U luister nie. Vergewe asseblief my sondes...”¹⁸

In hierdie geval is daar dus geen sprake dat die mens ‘n kind van God *moet word* nie. Die mens word uit die staanspoor as kind van God hanteer kragtens die doop en Christus se objektiewe heilswerk. Die “bekering” bestaan basies uit ‘n “conversio continua,” die sogenaamde “voortgaande” bekering. Daar is geen noodsaak aan

¹¹ Geldenhuys, GFE. 1985. *Jesus wil in jou hart kom woon*. 1.

¹² Dies.,3.

¹³ Dies.,7.

¹⁴ Dies., 9. Navorser se beklemtoning.

¹⁵ Hendriks, HJ. 1989. *Jy is God se kind*.

¹⁶ Dies., 1.

¹⁷ Dies.,10.

¹⁸ Dies.,11.

die aanvanklike bekering nie. Uit die vergelyk tussen die publikasies van Bybelmedia, wat bedoel is vir ‘n breë kerklike leserspubliek, is dit duidelik dat die weë in die Nederduitse Gereformeerde Kerk op hierdie punt, naamlik die toeëiening van die heil, uiteenloop. Klaarblyklik huisves hierdie kerk beide standpunte.¹⁹

Sluit die kategeseboeke van die Nederduitse Gereformeerde Kerk by die eersgenoemde twee boekies aan? In die **Handboek by die Katkisasie** uit die pen van GBA Gerdener, wat tot ongeveer 1970 gebruik is, word verklaar: “Die Bybel roep ons tot bekering: Aan die een kant is dit God wat ons beweeg tot bekering (Klaag 5:21); aan die ander kant moet ons ons tot God bekeer (Matt 3:2). Terwyl die Here by die deur van die hart staan en klop, moet die mens die deur oopmaak (Open 3:20) - iets waartoe die genade van God hom ook beweeg, maar wat hy tog met ‘n bewuste, bepaalde en besliste keuse moet doen.”²⁰ Ook in sy opvolger **Glo en Bely** word dit as volg gestel: “Daar is ‘n eerste bekering, maar ook ‘n voortgaande bekering. Die eerste bekering kan ‘n krisisbekering wees soos die van Paulus (Hand 9) of ‘n geleidelike ontplooiing van die bekering... die voortgaande bekering is om uit dankbaarheid al meer goeie dade te doen..”²¹ Ook in die standaard katkisasieboek vir volwasse kategese word gesê: “Dit is die Heilige Gees wat in my hart hierdie absolute vertroue en oorgawe aan Christus werk op grond van my geloofskennis. Ek neem Hom op Sy Woord en ek gaan na Hom net soos ek is.. dit vra ‘n persoonlike beslissing tussen my en die Here..”²²

Uitgesproke leraars van die Nederduitse Gereformeerde Kerk huldig ook in hoofsaak hierdie siening. Die alombekende dr Willie Marais is oortuig: “Al is die wedergeboorte ‘n verborge werking van die Gees in die hart van die mens, word die lewendmakende werking van die Gees sigbaar wanneer ons tot geloof en bekering kom. Die wedergeboorte maak dus die geloof en die bekering nie oorbodig nie, maar ontwikkel huis langs die weg van die verstand tot kennis en geloof en langs die weg van die wil tot bekering... Die wedergeboorte skakel ook nie die aanname van Christus Jesus as jou Verlosser uit nie, maar veronderstel dit. Dit is diegene wat uit God gebore is, wat Christus Jesus as Verlosser aanneem.”²³ ‘n Mens kom agter dat Marais met ‘n polemiese motief skryf. Dit is so asof hy in gesprek is met diegene wat die voorwaarde van bekering geringskat. Hy is dus bewus daarvan dat daar ook sodanige standpunt in die kerk bestaan: “Wie nie aan bekering glo nie, kan gerus let op wat Jesus by geleenheid gesê het: ‘ Ellende wag vir julle Skrifgeleerde....om ander wat wel wil ingaan, te verhinder, beteken om byvoorbeeld vir hulle te sê dat hulle nie nodig het om tot bekering te kom nie.”²⁴

Ds Hanan Viljoen, is ook ‘n gemeenteleraar wat heelwat geskrifte die lig laat sien het en wat hom ook sterk oor hierdie saak uitlaat. Hy maak kapsie teen ‘n verkeerde manier waarop bekering verkondig word. Hy noem dit

¹⁹ Sien ook die standpunte van sinodale kommissies: Noord-Kaap. 1995. *Verbond, bekering en evangelisasie*. Verslag van die Sinodale kommissie vir Leer en Aktuele Sake in die Agenda van die Sinode. 118-122., Suid-Transvaal. 1995. *Verbond, geloof en bekering*. Verslag van die sinodale kommissie vir Leer en Aktuele Sake in die agenda van die sinode. 46-55. Hier word die standpunt gestel dat “die oproep tot ‘n radikale eerste beslissing in die sendingprediking aan heidene tuishoort.” Ook: “In die verbond kom ‘n mens tot bekering nie om gered te word nie, maar omdat jy gered is.”

²⁰ Gerdener, GBA. 1971. *Handboek by die Katkisasie*. 228.

²¹ Algemene Jeugkommissie. 1992. *Glo en Bely*. 36.

²² Algemene Jeugkommissie. 1986. *Leer uit die Woord* 6. 93-94.

²³ Marais, PW. 1998. *Quo Vadis?* 247-248.

²⁴ Dies., 255-256.

“goedkoop genadeverkondiging.”²⁵ Viljoen stel bekering as ‘n definitiewe *eis*, nie slegs om Christus aan te neem nie, maar ook ‘n keuse tot daadwerklike dissipelskap.²⁶ Hy handhaaf ook die bekering as ‘n genadegawe van God en as deel van die gelowige se dankbaarheidslewe,²⁷ maar hy lê baie sterk klem op die feit dat geloof en bekering ‘n voorwaarde is om die heil te bekom. Hier gebruik hy die voorbeeld van die Ryk Jongman. Hy stel dit so sterk dat hyself aanvoel dat hy beskuldig sal word van sinergisme. Daarom verdedig hy homself hierteen deur te sê dat die daad van geloofsonderwerping aan God, ‘n genadegawe van God is.²⁸

Dit is interessant om te let op die teologiese sprong wat Viljoen maak wanneer hy die verbond ter sprake bring. Hy erken nou dat die gedoopte tog wel (op ‘n manier!) deel in die heil in Christus. Deur die geloof van die ouer, het die kind reeds deel aan die genade van God.²⁹ Tog is die gedoopte nie volkome verlos nie. Die bekering as voorwaarde kom nog kort: “Wanneer die kind grootword, moet hy op grond van die verantwoordelikheid van die geloofsvolwassenheid, van sy kant af antwoord op God se verbondsgenade...hy moet bely dat hy hierdie erfenis van die verbond deur ‘n eie beslissing in besit geneem het.”³⁰

Die bekende ds Mike Smuts (snr) bring ook die bekering en verbond met mekaar in verband. Hy sien die verbond meer in terme van ‘n testament. In ‘n testament word daar ‘n erfposie aan ‘n erfgenaam bemaak, maar die erfgenaam het steeds die verantwoordelikheid om daarop te reageer en die erfposie in besit te neem.³¹ Hy stel dit as volg: “Bekering beteken onder andere dat ek my sonde berouvol voor God bely..dat ek my ou lewe vaarwel toeroep...dat ek deur die geloof Jesus Christus as my verlosser aanneem...wat jy vir jouself toe-eien is joune, jou eiendom, jou besitting.”³²

Ook vanuit die kring van teoloë/dosente aan teologiese inrigtings van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, kan dieselfde klanke gehoor word. Die legendariese prof JCG Kotzé, wat baie invloed binne die kerk uitgeoefen het, het duidelike standpunte oor hierdie saak. Hy gee byvoorbeeld ‘n eksplisiële getuienis van sy eie bekering. Hier bely hy dat hy ‘n verbondskind was en opgevoed was in ‘n Christelike ouerhuis, tog was daar geen sekerheid van verlossing nie. Op ‘n bepaalde Sondagaand het hy Christus persoonlik aangeneem.³³ Kotzé aanvaar nie die standpunt dat ‘n gedoopte verbondskind reeds in die heil deel nie. Hy sê: “Die spanning tussen verbondsbelofte en verbondsbelewing dwing tot selfondersoek (2 Kor 13:5)...die genade maak ons nie passief nie....daar is by ons Gereformeerde verbondsbeskouing alle rede om die kinders van gelowiges...op te wek tot geloof, tot aanvaarding van die beloftes van die verbond, tot beantwoording van die eis van die verbond. Die opwekking tot geloof kan en mag so kragtig moontlik wees.”³⁴

²⁵ Viljoen, H. 1990. *Pasop hoe jy bou*. 08.

²⁶ Dies.,09.

²⁷ Dies.,12.

²⁸ Dies.,17.

²⁹ Dies.,49.

³⁰ Dies.,50.

³¹ Smuts, M. 1984. *God se Verbond met jou*. 20.

³² Dies., 21.

³³ Kotzé, JCG. 1972. *Pinksterrewolusie*. 37.

³⁴ Kotzé, JCG. 1972. *Die Weelde van Gods Heil*. 25-26.

A. König wy ‘n deeglike besinning aan die kwessie van die bekering van die (verbonds)kind. Hy handhaaf beslis die standpunt dat bekering ‘n menslike verantwoordelikheid is en dat dit noodsaaklik is om in die heil deel te hê. Hy maak egter ‘n baie duidelike onderskeid tussen die verskillende vorme van bekering wat moontlik is, veral binne die verbondskonteks waar kinders grootword onder geklank van die evangelie. Hy toon aan waarom dit onhoudbaar is om ‘n radikale bekering van alle gemeentekinders te verwag. Hy toon voorts waarom dit ook onhoudbaar is om aan die bekering van verbondskinders slegs te dink in terme van “voortgaande bekering.” In hierdie geval sal die persoon herhaalde geestelike ervarings beleef van dieper insig en dieper oorgawes aan die Here.³⁵

‘n Ander bekende dogmatikus, WD Jonker, se woorde dra ‘n genuanseerde skakering: “Daarom sê ons dat die verbond ‘n belofte en gebod bevat: die belofte van die selfverpligting van God om ons God te wees, en die gebod aan ons om dit te glo en daaruit te gaan lewe...Hy skenk ons Sy liefde onvoorwaardelik, maar stel tog aan ons die eis om dit te ontvang...dit verleen dodelike erns aan die beloftes van Gods kant en die beslissing wat in die geloof en bekering van die bondelinge val...geloof en bekering dra werklik ‘n beslissende karakter met betrekking tot die heil. Die appèl om tot geloof te kom en die beloftes van die heil te omhels, is vir elke verbondskind net so noodsaaklik as vir diegene buite die verbondskring...wat ontbreek is die ervaringsmatige, beslissingsmatige, die eksistensieële toeëiening van wat ons in Christus reeds besit.”³⁶

Met hierdie woorde bedoel Jonker waarskynlik nie dat die geloof en bekering inhoudelik ‘n sinergistiese karakter het nie. Hy beklemtoon juis dat die geloof “leeg” is en ten volle gerig is op Christus se verdienste. Die geloof is nie ‘n voorwaarde wat eers van menslike kant vervul moet word alvorens die heil ontvang word nie. Die heil is reeds volledig aanwesig in en deur Christus. Die geloof is egter die weg waarlangs Christus ontvang word.³⁷

Dan is daar teoloë wat die pendulum na die ander kant laat swaai tot ‘n posisie wat weer ooreenkom met dit wat in die laasgenoemde twee evangelisasieboekies van Bybelmedia tot uitdrukking gekom het. Hiervolgens word die bekering as voorwaarde vir die ontvangs van die heil, afgeswak. In hierdie geval word die objektiewe heil in Christus beklemtoon teenoor die subjektiewe verantwoordelikheid van die mens. Dr Johan Cilliers is iemand wat in 1997 opslae gemaak het met sy boek **Die Uitwissing van God op die Kansel**.³⁸ Hoewel hierdie boek vanuit ‘n homiletiese hoek geskrywe is, skemer daar ‘n besliste dogmatiese standpunt deur. Opvallend is die wyse waarop die objektiewe heil deurgaans beklemtoon word. Cilliers se groot vrees is om aan die subjektiewe ‘n primêre posisie te gee. Hy gee wel ruimte aan die subjektiewe, maar dan altyd begrond in die objektiewe. Hy praat nie direk oor bekering en die ontvangs van die heil as sulks nie, maar oor ‘n theologiese beginsel. Hierdie beginsel is dat God se handelinge altyd die menslike handelinge voorafgaan..³⁹

³⁵ König, A. 1986. *Die Doop as Kinderdoop en Grootdoop*. 145-150.

³⁶ Jonker, WD. 1991. *Geloof en Bekering uit Verbondsperspektief*. 1-6.

³⁷ Jonker, WD. 1981. *Die Gees van Christus*. 164-171.

³⁸ Cilliers, JH. 1996. *Die Uitwissing van God op die Kansel*. Kaapstad. Lux Verbi.

³⁹ Cilliers, JH. 1996. aw. 10.

Hierdie aksent is ongetwyfeld reformatories van aard, maar in Cilliers se werk kom hierdie klanke op ‘n nuwe en varse manier na die kerk. By die tradisionele “evangeliese predikers,” is die klem hoofsaaklik op die subjektiewe geplaas. By Cilliers kom daar ‘n besliste klemverskuiwing.

Iemand wat ‘n soortgelyke standpunt het, is PF Theron. In sy passie om die reformatoriese *sola gratia* te handhaaf, kan dit klink asof hy nie veel waarde heg aan die vereiste van bekering nie: “Ek vind dan my vastigheid en veiligheid in niks meer in myself nie, ja, ook nie in my godsdiens, my bekering, my wedergeboorte, my berou, my vertroue nie, maar buite myself in my verlosser, Jesus Christus.”⁴⁰ Op die vraag wat ‘n mens moet doen om gered te word, antwoord hy: “Jy moet ophou om iets te doen, dit is wat jy moet doen.”⁴¹ Daardeur wil hy nie die feit ontken dat Christus daadwerklik ook aangeneem moet word nie, maar wil hy die feit beklemtoon dat die heil in Christus self is, en nie in die menslike daad nie.

PJ Kriel, as laaste voorbeeld, dryf hierdie saak op ‘n spits. Hy verwerp die gedagte dat ‘n mens tot bekering moet kom en beskou enigiets wat op dievlak van menslike verantwoordelikheid lê, as ‘n poging om deur wetsonderhouding die heil te bekom. Hy sê: “Mense wat deur ‘n bekering gered is, is totaal van die Evangelie vervreem.”⁴²

Maar genoeg. Bogenoemde standpunte in verband met die toeëiening van die heil dra sekerlik eie beklemtonings, is meer of minder genuanseerd, kom na vore in verskillende kontekste, ensovoorts. Die rede waarom dit gelys is, is egter nie om ‘n beoordeling daarvan te maak nie, maar om die leser bloot te stel aan die verskillende menings wat in die Nederduitse Gereformeerde Kerk oor hierdie saak gehuldig word en om aan te toon dat hierdie menings die kerklike bedieningspraktyk beïnvloed. Sou die wysiging van die doopsformulier deur die Algemene Sinode van 1994 as gevolg van die klem op die objektiwiteit van die heil in Christus gekom het?

In die formulier wat deur die jare gebruik was, het daar gestaan (in verband met die betekenisse van die doop) dat “die Here ons deur hierdie sakrament verseker dat Hy deur Sy Gees in ons *wil* ⁴³ woon...”⁴⁴ Die implikasie is dat die Gees nie sonder meer in die gedoopte woon nie. Die verbondsmens deel dus nie sonder meer in die heil nie. Die Sinode het hierdie sinnetjie verander om as volg te lui: “dat die Here ons deur hierdie sakrament verseker dat Hy deur Sy Gees in ons woon..”⁴⁵ Hier word dus geïmpliseer dat die gedoopte ‘n kind van God is en die Gees reeds ontvang het. Tans is leraars verplig om hierdie veranderde formulier van die kansels te lees. Met hierdie besluit het die kerk ‘n baie duidelike teologiese verskuiwing gemaak wat diepe implikasies kan hê.

⁴⁰ Theron, PF. 1983. *Die Genade van die Nulpunt*. 20.

⁴¹ Theron, PF. 1983. *Wat moet ek doen om gered te word?* 30.

⁴² Kriel PJ. 1995. *Die Ware en die Valse Kerk binne die NG Kerk. Deel 1.* 201.

⁴³ Navorsing se beklemtoning.

⁴⁴ Algemene Sinode van die NG Kerk. 1988. *Handboek by die Erediens*. 60.

⁴⁵ Algemene Sinode van die NG Kerk. 1994. *Handelinge van die Sinode*. 494,568.

Teen hierdie tyd behoort dit duidelik te wees waarom die verskillende sieninge rondom die toeëiening van die heil in die Nederduitse Gereformeerde Kerk die vraag na studie en uitklaring opgeroep het. In hierdie verband is die kerkhistoriese vraagstelling sekerlik die belangrikste. Waar het hierdie meningsverskil sy oorsprong? En, waarom? Om dit dogmahistories te probeer beantwoord aan die sistematisering wat Jonker aanbied, is te vaag. Hy dui wel aan dat daar deur die eeu, binne die breëre gereformeerde wêreld, verskillende standpunte was rondom die saak van die heilstoeëiening. Hy onderskei tussen ‘n “lyn A” en ‘n “lyn B.”⁴⁶ “Lyn A” poog om die “sola gratia” ten alle koste te handhaaf en beklemtoon sodoende die objektiewe heilswerk van Christus. “Lyn B” sien God se verbondsbeloftes as *voorwaardelike toeseggings*, wat deur die geloof toegeëien moet word.

SA Strauss het meer pertinent op die Nederduitse Gereformeerde Kerk in hierdie verband gaan konsentreer. Hy onderskei tussen die “Murray-tradisie,” die “Kuyper-tradisie” en die “Bartiaanse tradisie.”⁴⁷ Hiermee wil hy die verskillende theologiese “lyne” tipeer, wat binne die Nederduitse Gereformeerde Kerk loop. Vanaf Andrew Murray kom die evangeliese benadering wat ‘n sterk klem plaas op die mens se verantwoordelikheid, terwyl iemand soos Barth die bekering amper as iets oorbodigs beskou het.

Die vraag is of daar nie al vóór Andrew Murray “tradisies” (om Strauss se begrip te gebruik) in die Nederduitse Gereformeerde Kerk hulleself onderskei het nie? As dit so is, wie was die segsmanne daarvan? Hoe het hulle hul theologies en eklesiologies in verband met die soteriologie uitgedruk? **Hipoteties** is aanvaar dat dit wel die geval is en dat die “tradisies” wat Strauss onderskei, ‘n lang en interessante (en onbekende) “voorgeschiedenis” het. Op hierdie “teologiese voorgeschiedenis” fokus die onderhawige studie. Konkreet gestel, daar word ‘n definitiewe vraag aan die tersaaklike kerkhistoriese bronne gevra. Die vraag is hoe daar implisiet én eksplisiet in die Kaaps-Hollandse Kerk tussen 1652 en (ongeveer) 1860 gedink is oor die toeëiening van die heil? Hierdie bronne sluit in primêre argiewe, die kerk se prediking, die kerk se liedereskat, die kerk se kategetiese arbeid, die gepubliseerde standpuntstelling soos in boeke en tydskrifte en ook sinodale uitsprake. Na hierdie bronne word fyn geluister na hoe die heilstoeëiening daarin ter sprake kom.

Metodologies sluit die studie aan by die beproefde histories-kritiese metode. Daarvolgens word die beskrywing van die verlede perspektiwies gebaseer op die kritiese analise van primêre bronne. In die onderhawige geval kom daar uiteraard ‘n kwalifikasie by. Die bronne word verstaan en geanalyseer in terme van wat hulle is, naamlik theologies-kerklike materiaal. Daarom is die vraagstelling, analise en ontsluiting theologies-krities van aard. As gereformeerde teoloog was dit vir die navorser egter ook van belang om in die analise van die bronne begeleidend te vra in watter mate die kerk getrou was aan die Herder se stem. Dit is immers die taak van die kerkgeskiedenis (as wetenskap) om vas te stel in watter mate die kerk aan sy roeping getrou was.⁴⁸ Die enigste norm waaraan hierdie trou gemeet kan word, is die Bybel en die kerk se belydenisskrifte.⁴⁹ W Brown sê in hierdie verband:

⁴⁶ Jonker, WD. 1989. *Uit Vrye Guns Alleen*. 92-101.

⁴⁷ Strauss, SA. 1989. *Verbond en Bekering*. 81-82.

⁴⁸ Brown, W. 1989. *Enkele opmerkings oor die eiesoortigheid van kerkgeskiedenis-as-wetenskap*. NGTT. 206.

⁴⁹ Dies.

“Kerkgeskiedenis is nie heilsgeskiedenis nie.”⁵⁰ Kerkgeskiedenis is wel ‘n poging om ‘n beskrywing te gee hoe die heil in die geskiedenis verstaan is.⁵¹ Hier toe is die Skrif en belydenis van normatiewe betekenis. Dit is trouens die enigste manier waarop ‘n studie soos hierdie werklik *objektief*, dit wil sê met die kerk van Christus as objek, benader kan word.⁵² Hierdie metodiek is ook eie aan die Reformasie van die sestende eeu en daarom die mees verantwoordbare omgang met die kerkgeskiedenis.⁵³

In terme van taal en styl, argumentasie en dokumentasie word die navorsingsresultaat uiteindelik as ‘n beredeneerde sintese daargestel as ‘**n wesenlike bydrae tot die teologie-geskiedenis** van die Nederduitse Gereformeerde Kerk – ‘n saak wat lank reeds aandring op wetenskaplike behandeling. Die studie beperk hom tot bronne en literatuur tot ongeveer 1850/1860. Rondom hierdie datum het daar ‘n belangrike wending in die geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Kerk gekom. Die Skots-evangeliese invloed het hier ‘n hoogtepunt bereik. Ná 1860 sou die kerk ‘n nuwe “klimaat” betree waar die evangeliese invloed van die negentiende eeu deur sinodale besluitneming vasgelê is. Die “Murray-tradisie” het immers toe “begin.”

Omdat hierdie studie afgestem is op die teologie-geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (vóór 1860) en omdat die metode van navorsing en die beredenering konfessioneel gestempel is, is begin met ‘n uiteensetting van die teonoom-eksistensiële denke van die gereformeerde belydenis oor die heilstoeëiening (**hoofstuk 1**). Daarna word die vroegste Kaapse kerklike lewe, wat teonoom én outonoom tipeer word, onder die soeklig geplaas (1652-1686). In die **derde hoofstuk** kom die volgende periode aan die orde, naamlik 1687-1740, toe “de kerk in het uiterste gedeelte van Afrika” homself begin vestig het. **Hoofstuk 4** identifiseer pertinente aksente op die geloof toe die Kaaps-Hollandse Kerk ‘n historiese bewussyn ontwikkel het (1740-1753). **Hoofstuk 5** vertel weer van ‘n nuwe inset met die klem op die subjektiewe toeëiening van die heil (1753-1775). ‘n Puriteinse aanpassing in die denklyn oor die toeëiening van die heil en ‘n supranaturalistiese bemiddeling (1775-1800) kom in **hoofstuk 6** aan die orde. Die **sewende hoofstuk** neem die institusionalisering van die supranaturalistiese denklyn onder die loep. In die **agste en negende hoofstukke** word ondersoek ingestel na die wyse waarop die Kerk, in die vorm van tydskrifte, die heilstoeëiening onderskeidelik supranaturalisties-outonoom en Skots-evangelies geïnterpreteer het. Die navorsing sluit af met ‘n aantal uitklarende aantekeninge.

⁵⁰ Dies.

⁵¹ Dies.

⁵² Pont, AD. 1963. *Enkele opmerkings oor objektiewe geskiedskrywing*. 147.

⁵³ Brown, E. 1994. *Aantekeninge by reformatoriese (kerk)geskiedskrywing*. 31. Sien ook: Brown, E. 1993. *Onverantwoorde kontekstuele kerkgeskiedskrywing*. 139.

HOOFTUK 1

DIE TEONOOM-EKSISTENSIËLE DENKE VAN DIE GEREFORMEERDE BELYDENIS OOR DIE HEILSTOEËIENING

In hierdie hoofstuk word ‘n dogmahistoriese oorsig gegee van die gereformeerde begrip van die heilstoeëiening. Die vraag word aan die orde gestel: vanuit ‘n historiese oogpunt, wat presies moet verstaan word onder die gereformeerde begrip van die toeëiening van die heil? Hoe is daar gedink oor sake soos die verbond, bekering, geloof en wedergeboorte? Hoe verstaan die gereformeerde belydenisskrifte, met name die drie **Formuliere van Enigheid**, hierdie sake?

Daar is twee goeie redes waarom hierdie vroege belangrik is.

Die eerste rede het te maken met die feit dat die vroegste geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Kerk ‘n mens daartoe dwing om hierdie vraag te vra. Hierdie kerk was immers van die staanspoor af ‘n *gereformeerde* kerk. Die kerk *wou* dit wees. Vanaf die oomblik dat Jan van Riebeeck in die Kaap aangekom het, was daar ‘n kerk wat geskoei was op die Skrif en die drie **Formuliere van Enigheid**. Sodanig was ook die situasie dwarsdeur die tydperk wat deur hierdie studie omvat word. Indien daar ‘n theologiese vraagstelling aan hierdie kerk se geskiedenis gerig sou word, soos dit in hierdie studie gebeur, sou daar slegs een norm wees waaraan dit getoets kan word. Dit is die kerk se belydenisgrondslag. Sonder ‘n grondige begrip van wat die gereformeerde belydenis van die heilstoeëiening behels, sou ‘n vraagstelling soos in hierdie studie onderneem word, nie moontlik wees nie. Dit sou ook nie normatief getoets kon word nie!

Die tweede rede hou verband met die aard van kerkhistoriese vraagstelling. Immers, wie oor die kerk se geskiedenis skryf, skryf oor *God se werk* in die geskiedenis.⁵⁴ Kerkhistoriese vraagstelling hou dus direk verband met die perspektief op Christus se gang met sy kerk. Kerkwees moet dus beskou word as ‘n geloofsaak. Wanneer daar na die kerkgeskiedenis gekyk word, moet dit vanuit ‘n belydenisposisie gedoen word.⁵⁵ Daar moet die belydenis wees dat dit Christus is wat Sy kerk vergader en dat Hy die kerk vergader in gehoorsaamheid aan Sy Woord.⁵⁶ Kerkhistoriese vraagstelling en beoordeling moet vanuit ‘n konfessioneel-normatiewe gesigshoek gedoen word. Die enigste norm is die Skrif en die belydenis.⁵⁷ Anders gestel: die geskiedenis moet in die lig van die evangelie beskou word. Daar moet dus konfessioneel-krities met die kerkgeskiedenis omgegaan word. Die kerk wie se geskiedenis beskryf word, is immers die kerk van die Skrif en die belydenis.⁵⁸ Hierdie teologies-

⁵⁴ Van’t Spijker, W. 1981. *Triptiek van de geschiedenis*. 155 e.v., 165 e.v.

⁵⁵ Brown, W. 1989. *Enkele opmerkings oor die eiesoortigheid ...* In: NGTT. “Die kenbron wat as norm dien ... is konfessioneel beskrywe.” 208.

⁵⁶ Heidelbergse Kategismus, Sondag 21.

⁵⁷ Brown, W. a.w. 208. “Dit is die enigste manier om die gevare te voorkom dat die geskiedskrywer die kerk vanuit sy menslike ervaring inbeeld.”

⁵⁸ Brown, E. 1994. *Aantekeninge by die reformatoriële (kerk)geskiedskrywing*. In: SHE. 32. “Die kerk is ‘n gebeure en ‘n beweging en ‘n gemeenskap met ‘n opdrag wat ook die pad byster kan raak vanweë menslike toedoen... die kerkhistorikus moet dus help om dwaling, wat die kerk telkens inloop, te onderskep. Hy moet aandui hoedat Christus met Sy kerk oppad is.”

bybels-konfessionele aanname, maak dit dus gebiedend noodsaaklik dat ‘n mens die juiste betekenis van die gereformeerde sig op die heilstoeëiening verstaan.

1.1 Die teonome aard van die gereformeerde belydenis

In kort kan gesê word dat die begrip “gereformeerde” ‘n direkte teruggrype is na die teologie en kerklike lewe van die oorspronklike Reformasie van die sestiente eeu, maar dan spesifiek verwysende na die Calvinistiese vleuel daarvan.⁵⁹ “Gereformeerde-wees” omskryf dus ‘n eiesoortige segment van die Christenheid wat ‘n besondere aksent plaas op “belydenis, inrigting van die kerk, mentaliteit en spiritualiteit.”⁶⁰ Vanuit die totale beweging van die Reformasie,⁶¹ was dit die gereformeerde vleuel wat “onverkort uitdrukking wou verleen aan die katolieke Christelike geloof.”⁶² Dit is ‘n belangrike stelling.⁶³ Dit impliseer dat die gereformeerde rigting homself verstaan het as ‘n terugkeer na die “basiese oortuigings van die Ou Kerk, met die uitskakeling van die skeefgroei van die Middeleeue.”⁶⁴

Kenmerkend van die gereformeerde benadering, is die primaat wat op die Skrif en sy gesag geplaas word.⁶⁵ “Gereformeerde, dat is: de Bijbel open.”⁶⁶ Trimp is op die man af: “Al wat Schriftuurlijk is, is gereformeerde.”⁶⁷ ‘n Gereformeerde kerk, skryf Jonker, verstaan homself as “kerk van die Woord.”⁶⁸ Teenoor Rome se idee dat God die heil deur middel van die sakramente in die mens instort, gaan hy voort, het die gereformeerdes (en die Reformasie) daarop klem gelê dat die heil ‘n “woordkarakter” het.⁶⁹ Dit beteken dat God met die heil in die vorm van ‘n beloftewoord na die sondaar kom.⁷⁰ Die gepredikte Woord is dus die middel wat God gebruik in die heil van mense.⁷¹ “De geloofzekerheid is gegrond op de betrouwbaarheid van Gods verbondsbeloften.”⁷² “Het geloof in het gezag van de Schrift,” so teken Graafland aan, “gaat voorop.”⁷³ Die bestaan en voortbestaan van die gereformeerde belydenis staan of val met die belydenis van die absolute en onvoorwaardelike gesag van die

⁵⁹ Vergl. Jonker, WD. 1994. *Bevrydende waarheid*. 16-17.

⁷ Dies.,17.

⁶¹ Sien : Conn, HM. 1974. *Contemporary world theology*. 141. “Originally the word “reformed” characterized those churches in the sixteenth century which rose to protest the errors and abuses which were dominating the Roman Catholic Church of the Middle Ages. In a broad sense, the term was applicable to all the churches of the Reformation, for they all professed but one aim: to live by the Word of God. More recently, the term has a more restricted meaning. It is usually identified in the meaning of grace.”

⁶² Jonker, WD, 1994. a.w.,18.

⁶³ Sien: Trimp, C. Datum onbekend. *Wat is gereformeerde?* 3 e.v. Trimp gee hier ‘n historiese oorsig om aan te toon hoedat die begrip “gereformeerde” in Europese konteks, op verskillende maniere verstaan is. Hy wys onder andere op die radikale verskille tussen K. Schilder en K. Barth. Ook binne Nederlandse gereformeerde kringe was daar diepgrypende interpretasieverskille gewees.

⁶⁴ Dies.,19.

⁶⁵ Wells, DF. 1995. *The bleeding of the evangelical church*. 10. Die agteruitgang in die kerk word toegeskryf aan ‘n wegbeweeg van die Bybel as Woord van God.

⁶⁶ Trimp, C. Datum onbekend. a.w. 27.

⁶⁷ Dies.,29.

⁶⁸ Jonker, WD. 1994. a.w. 29.

⁶⁹ Dies.,27.

⁷⁰ Dies.

⁷¹ Dies.

⁷² Trimp, C, 1986. *Evangelisch Bewogen IV*. 438.

Bybel. Trimp bundel dit goed saam: “De Reformatie had niet een eigen ‘beginsel’ een eigen lievelings-denkbbeeld, een ‘nieue leer.’ De Reformatie laat zich brengen op de simpele formule: Terug naar het Woord van de enige Meester.”⁷⁴

In die nouste verbintenis hiermee moet ook die gereformeerde *konfessionele identiteit* verstaan word.⁷⁵ Die leer van die gereformeerde Reformasie het immers vir ons behoue gebly in die historiese neerslag wat dit gevind het in die verskillende belydenisskrifte.⁷⁶ In die Nederlands-Suid-Afrikaanse konteks is daar drie belydenisskrifte wat ‘n belangrike weergawe is van die gereformeerde geloof, naamlik die **Nederlandse Geloofsbelofte** (1561) (Belgiese Geloofsbelofte), die **Heidelbergse Kategismus** (1563) en die **Dordtse Leerreëls**.(1618-1619)⁷⁷ Hoewel hierdie belydenisskrifte die produk van menslike arbeid in verskillende situasies en tye is, sê Jonker, is dit die neerskryf van ‘n bepaalde eenstemmigheid wat histories in die kerk verkry is⁷⁸ oor “wat presies die inhoud van die evangelie is.”⁷⁹ Dit bevat ‘n formulering van die “totale geloofsgoed van die kerk.”⁸⁰

Ewe kenmerkend van die uitgesproke gereformeerde konfessionele identiteit is dat dit juis *nie* uitmond in “een starre en dode belydenisreligie”⁸¹ nie. Dit wat in die belydenis verwoord word, dra die merktekens van die “actuele dynamische kracht”⁸² van ‘n persoonlike oortuiging en stem met die Skrif ooreen en is, volgens Kamphuis, geken en ervaar as ‘n werklikheid.⁸³

Kenmerkend van die gereformeerde belydenis is derhalwe sy Skriftuurlike sig op die hartklop van die evangelie. Daarvan getuig die verwoording van dit wat die evangelie totaal uniek maak. Dit wat dit *goeie nuus* maak. In die gereformeerde belydenis word die wesenlike boodskap van die Skriftuurlike evangelie radikaal teenoor die natuurlike religieusiteit van die mens en die ander godsdiens bely.⁸⁴ Die gereformeerde belydenisskrifte handhaaf gevvolglik die gratuïtiewe karakter van die genade van God in Christus. Dit is met name ook waar van die manier waarop die verlossing van die mens bely word.

⁷³ Graafland, C. 1973. *Waarom nog gereformeerd?* 35. Vgl. ook NGB Artikels 5-7.

⁷⁴ Trimp, C. Datum onbekend. a.w. 31.

⁷⁵ Douma, M. 1987. *Samen volhouden.* In: De Reformatie 13 Junie 1987. 721. Die gereformeerde teologie “moeten Schriftuurlijk en dus ook confessioneel verantwoord handelen.” “Schriftuurlik” en “konfessioneel” is dus sinonieme.

⁷⁶ Sien: Doekes, L. 1979. *Credo. Handboek voor de Gereformeerde Symboliek* vir ‘n volledige uiteensetting van die verskillende gereformeerde belydenisskrifte.

⁷⁷ Sien die artikels van: Deddens, D. 1991. *Calvijn en de Kerkorde van Geneve, no 1-3.* In: De Reformatie 16 November, 23 November, 30 November 1991. In hierdie artikels toon Deddens aan op watter manier Calvyn self die inrigting van die kerk behartig het. Die inwoners van Genéve moes o.a. “zweren” dat hulle die belydenis sal “bewaren en onderhouden.” (no. 1, 118). Hy het ook “catechismusonderricht” verplig tydens ‘n kinderdiens op Sonda om 12 nm. (dies.,120).

⁷⁸ De Vries, WG. 1986. *De kern van de vaderlike erfgoed.* In: De Reformatie. 26 Julie 1986. 876: “Die kern van ene levende kerk... die kerk wat haar belydenis serieus nam.”

⁷⁹ Jonker, WD. 1994. a.w. 3.

⁸⁰ Graafland, C. 1973. a.w. 91.

⁸¹ Dies., 92.

⁸² Dies. 91.

⁸³ Kamphuis, J. 1993. *Orthodox-gereformeerd?* In: De Reformatie 24 April 1993. 587. “De belydenis van het geloof is een hartelijke belydenis of ze is in de ondergang begrepen!”

⁸⁴ Jonker, WD. 1994. a.w. 24-25.

Die natuurlike religieusiteit⁸⁵ van die mens wil altyd op ‘n “geraffineerde manier” ‘n *menslike aandeel* in die verlossing inbring te same met God se heilshandelinge.⁸⁶ Al is dit dan net om tradisie, teologie, wysbegeerte, vroomheid of goeie werke naas die Skrif te stel.⁸⁷ Die kern van alle dwaling en die oorsprong van die ontsporing van die kerk kan altyd hierheen herlei word: “de menselijke inbreng in de realisering van het heil.”⁸⁸ God en mens word dan as konkurrante beskou.⁸⁹ Dit is die oerneiging van die mens: om “zijn eigen positie naast en tegenover God in te nemen.”⁹⁰ Graafland tipeer dit as *outonome* denke.⁹¹ *Outonomiteit* beteken dat *die mens* op die een of ander manier ‘n mederolspeler saam met God word. Daar word gedurig na die een of ander soort verbinding gesoek tussen God en Sy Woord, aan die een kant en menslike medewerking en ervaring, aan die ander kant.⁹² Die grond vir die verlossing word gesoek in die proses van “wisselwerking” tussen God en mens.⁹³ Die gereformeerde belydenis het egter die *teonome* aard van die Skrif herontdek en handhaaf dit⁹⁴ teenoor die

⁸⁵ Kamphuis, J. 1981. *Ik Geloof 2*. In: De Reformatie 24 Januarie 1981. 241. “In de religieusiteit is de mens de eerste die aan het woord komt.”

⁸⁶ Graafland, C. 1973. a.w. 95.

⁸⁷ Dies.

⁸⁸ Dies.,98.

⁸⁹ Dies.,70.

⁹⁰ Dies.,72.

⁹¹ Dies.,26.

⁹² Dies.

⁹³ Dies.

⁹⁴ Dit is egter nie altyd so eenvoudig en maklik om te onderskei tussen “teonome” en “outonome” denke nie. Die grens tussen die twee is soms baie dun. Dit sien ‘n mens deur te kyk na die sogenaamde “remonstransie.” Die kerkgekiedenis beskryf die verhaal van die spanning tussen die remonstrante en gereformeerdes wat gelei het tot die sinode van Dordrecht in 1618-1619. ‘n Blik op die vyf artikels van die remonstrante maak dit meteens duidelik hoe naby aan die waarheid die outonome denke oënskynlik kan kom. Dit is die verdienste van die gereformeerde sinode van Dordrecht dat hulle die outonomie in die remonstransie kon eien en die teonome getuenis van die Skrif duidelik kon formuleer. Hierdie formulering is te vind in die Dordtse Leerreëls. Volledigheidshalwe volg hier die volledige teks van die vyf artikels van die remonstransie sodat dit duidelik kan wees wat ‘n fyn onderskeiding nodig is om die “natuurlike religieusiteit” te kan eien:

ARTIKEL 1: “Wij geloven dat God door een eeuwig en onveranderlijk besluit, in Jezus Christus, Zijn Zoon, eer’s werelds grond gelegd was, besloten heeft uit het gevallen menselijk geslacht degenen in Christus om Christus’ wil en door Christus zalig te maken, die door de genade des H. Geestes in Zijn Zoon Jezus geloven, en diein dat geloof en in gehoorzaamheid des geloofs door dezelfde genade tot het einde toe volharden zouden, en daarentegen de onbekeerlijken en ongelovigen in de zonde en onder de toorn te laten en te verdoemen, als vreemd van Christus, naar het Woord des Evangelies in Joh. 3:36 en andere plaatsen der Schrifturen meer.”

ARTIKEL 2: “Wij geloven dat dienvolgens Jezus Christus, de Zaligmaker der wereld voor allen en ieder mens gestorven is, also dat Hij voor allen door de kruisdood de verzoening en vergeving der zonden verworven heeft; also nochtans dat niemand deze vergeving der zonden werkelijk geniet, dan de gelovige, mede naar het Woord des Evangelies van Joh. 3:16 en in de eerste brief van Johannes cap. 2:2. Hij is de verzoening voor onze zonden, en niet alleen voor de onse, maar voor der ganse wereld.”

ARTIKEL 3: “Wij geloven dat de mens het zaligmakend geloof van zichzelf niet heeft, noch uit kracht van zijn vrije wil, also hij in de staat der afwijking en der zonde niets goeds, dat waarlijk goed is (gelijk inzonderheid het zaligmakend geloof) uit en van zichzelf kan denken, willen of doen, maar dat het nodig is, dat hij van God in Christus door Zijn Heilige Geest worde herboren en vernieuwd in zijn verstand, genegeenheden, wil en alle krachten, opdat hij het ware goed recht moge verstaan, bedenken, willen en volbrengen naar het Woord van Christus,Joh15:5.”

ARTIKEL 4: “Wij geloven dat deze genade Gods het beginsel, de voortgang en de volbrenging van alle goed is, ook in zover de wedergeboren mens zelf zonder deze voorgaande of voorkomende, opwekkende, volgende en medewerkende genade noch het goede denken, willen of doen kan, noch ook enige verzoeking kan wederstaan, zodat alle goede daden of werkingen, die men maar bedenken kan, aan de genade Gods in Christus moeten toegeschreven worden. Maar wat de manier van de werking dier genade aangaat, die is niet onwederstandelik, want daar staat van velen geschreven, dat ze den Heiligen Geest wederstaan hebben, Hand .7 en elders op vele plaatsen.”

ARTIKEL 5: “Wij geloven dat die Jezus Christus door een waar geloof zijn ingelijfd en overzulks Zijn levendmakende Geest deelachtig zijn geworden, overvloedige kracht hebben om tegen de satan, de zonde, de wereld en hun eigen vlees te strijden en de overwinning te verkrijgen; welverstaande altijd door de bijstand van de genade van die Geest, en dat Jezus Christus hen door Zijn Geest in alle verzoekingen bijstaat, de hand biedt en , zo zij maar alleen ten strijde bereid zijn en Zijn hulp begeren en in geen gebrek zijn, staande houdt, also dat ze door list noch geweld des Satans verleid of uit Christus’

outonome denke van ander tradisies. Dit bring radikale skeiding mee. Dit gaan om waarheid teenoor leuen. Dit is “een onverzoenlike conflict,”⁹⁵ is Graafland se konklusie.

Die gereformeerde belydenis, vanweë sy absolute gerigtheid op die Skrif alleen (“Sola Scriptura”) is dus *teonoem* van aard omdat aan God al die eer gegee word en Sy Woord bo alles gehandhaaf word.⁹⁶ Daarom kan die gereformeerde belydenis raaksien dat die unieke boodskap van die Woord huis impliseer dat die verhouding tussen God en mens ‘n verhouding is wat op grond van die inisiatief van God ontstaan en in stand gehou word. Hierin sien ‘n mens dus duidelik die eksklusieve *teonome* aard van die gereformeerde denke.

Die grondmotief van die gereformeerde belydenis is slegs dit: die eer⁹⁷ word net aan God gegee.⁹⁸ Die verlossing word alleen van God verwag en die mens is daarin geen mederolspeler nie.⁹⁹

Daarom kan die gereformeerde belydenis ook saamgevat word in terme van die “vrye genade.”¹⁰⁰ Die genade van God “bly vry” omdat dit nie afhanklik is van die mens se teenprestasie nie.¹⁰¹ “Dit is die genade van God alleen wat die mens in die gemeenskap van God herstel en nie daarby gedeeltelik die verdienste van die mens nie,”¹⁰² stel Keet in 1942 sy standpunt. Eintlik bely die gereformeerdes dat die mens hoegenaamd nie instaat is om na God terug te keer nie. Hy stel nie daarin belang nie.¹⁰³ Die gereformeerde leer is dus, merk Nicol op, “soos ‘n dik muur wat rondom die skat van die vrye genade gebou is om dit te beskerm.”¹⁰⁴

Teenoor die outonome denke, bely die gereformeerde gelowige dat die mens geen eie “vrye wil” het nie en dat dit slegs God se inisiatief is¹⁰⁵ wat die saligheid kan gee.¹⁰⁶ Dit is dus nie die mens se eie keuse wat hom red nie.¹⁰⁷

handen getrokken kunnen worden; zie het woord van Christus bij Joh. 10. Maar of ze door nalatigheid het beginsel van hun zijn in Christus niet kunnen verlaten, de tegenwoordige wereld wederom aanhangen, van de heilige leer, hun eenmaal gegeven, afwijken, de goede consciëntie verliezen en de genade verwaarlozen, dat zou eerst nader uit de Schrift moeten onderzocht zijn, eer wij het met volle zekerheid onzes gemoeds zouden kunnen leren.” (Faber, J. 1958. *De schat van Christus’ bruid*. 37-38.).

⁹⁵ Graafland, C. 1973. a.w. 31.

⁹⁶ Dies., 26.

⁹⁷ Sien ook Velema, WH. 1990. *Nieuw zicht op Gereformeerde Spiritualiteit*. 77. Velema wys op die teosentriese karakter van die gereformeerde belydenis. ‘n Gereformeerde gelowige is nie gewikkeld in sy eie ervarings nie, maar hy leef “coram Deo”, voor God se aangesig. Hy leef onderworpe aan God en het “geen zeggenschap” oor homself nie.

⁹⁸ Danzfuss, T. 1998. *Kinderkommunie: Reformasie of Deformasie*. 249. “In die grondmotiewe van die Gereformeerde soteriologie gaan dit nie om die mens en sy verlossing nie, maar om die eer van God. Nie die heil van die mens of sy behoud of die redding van die sondaar is die uitgangspunt nie. Dit is ook nie die eindpunt nie. Die uitgangspunt en eindpunt is in elke oopsig God.”

⁹⁹ Sien: Martin, AN. 1979. *The practical implications of Calvinism*. 3 e.v. Hier gee Martin ‘n goeie beskrywing hoedat die Calvinisme sentreer in ‘n lewe wat gerig bly op God self.

¹⁰⁰ Nicol, W. 2000. *Godsdiens wat werk*.21.

¹⁰¹ Dies.

¹⁰² Keet, BB. 1942. *Regverdigmaking*. In: Die Kerkbode 30 Desember 1942. 17.

¹⁰³ Sien ‘n preek hieroor: Oosthuizen, DJ. 1968. *Verdorwenheid en bekering tot God*. In: Die Kerkbode 6 November 1968. 602.

¹⁰⁴ Nicol, W. 2000. a.w. 26.

¹⁰⁵ “Die saligheid het net een grond en dit is die welbehae en wil van God.” Sien: Groenewald, EP. 1979. *Die uitverkiesing en ek*. In: Die Kerkbode. 7 Maart 1979. 295.

¹⁰⁶ Jonker, W. 1989. *Uit vrye guns alleen*. 27-28.

Die goddelike uitverkiesing is die diepste grond vir die saligheid.¹⁰⁸ So bly die verlossing altyd uit genade alleen (Sola Gratia) en bly dit ook *vrye* genade. Die gereformeerde belydenis grond dus nie die gelowige se heilsekerheid in sy geloof nie, maar in “Gods vrye guns.”¹⁰⁹ Alhoewel Calvyn soveel van die “boetvaardigheid” gemaak het,¹¹⁰ wys Graafland daarop dat dit nooit die “oorzaak” van die heil kan wees nie.¹¹¹ Die “barmhartigheid van God” is die oorsaak van die heil.¹¹² Omdat die gereformeerde gelowige op hierdie manier alles van Gods guns verwag, word die gereformeerde vroomheid gekenmerk deur diepe vreugde in Hom.¹¹³ ‘n Mens sou dus ook kon sê dat die identiteit van “gereformeerde-wees” gesetel is in die belydenis van die *soewereiniteit van God*.¹¹⁴ Dit beteken dat nie net die uitverkiesing by Hom berus nie, maar ook die inisiatief om Hom “uit te strek” oor almal vir wie Christus gesterf het.¹¹⁵

Noudat enkele kursoriële opmerkings gemaak is oor die teonome aard van die gereformeerde belydenis en belydenisskrifte, spreek dit vanself - in die lig van die sentrale vraagstelling van hierdie studie - dat heel spesifiek ook aandag gegee moet word aan die wyse waarop hierdie belydenis(skrifte) oor die toeëiening van die heil praat. Immers, die saak van die heilstoeëiening staan ewe skerp afgeëts binne die teonome horison van die gereformeerde teologie en belydenis.

1.2 Die teonome inslag van die heilstoeëiening in die gereformeerde belydenis

Die heilstoeëiening lê nie op die periferie van die gereformeerde belydenis nie: “De toe-eigening van het heil staat vanouds centraal als gereformeerde belijders met elkaar spreken over het leven van het geloof.”¹¹⁶ Dit is te begrys, veral wanneer in gedagte gehou word wat presies bedoel word met die toeëiening van die heil! Van’t Spijker skryf: “Bij de toe-eigening van het heil gaat het speciaal om het antwoord op de vraag hoe de mens deel krijgt en deel houdt aan het heil.”¹¹⁷ Of meer toegespits te wees in die woorde van Hendriks: “Bij de toe-eigening van het heil gaat het in het bijzonder om de weg die de Geest met de mens gaat die in het heil deelt.”¹¹⁸

Die kwessie van die heilstoeëiening was dus altyd van wesentlike belang binne die gereformeerde denke. Dit was eintlik die “grondvraag” waaruit die Reformatie gebore is.¹¹⁹ Die reformatore het die heilstoeëiening vierkantig binne die pneumatologie geplaas. Hulle het dit so verstaan dat die Gees ‘n direkte verhouding met God

¹⁰⁷ “Hy vind die mens in sy verlore toestand en Hy red hom daaruit.” Sien: Kestell, JD. 1936a. *Die Seun van die mens soek...* In: Die Kerkbode 25 November 1936. 31.

¹⁰⁸ Dies.

¹⁰⁹ Jonker, W. 1992. *Wat is gereformeerd?* 517.

¹¹⁰ Institus 3:3.

¹¹¹ Graafland, C. 1961. *De zekerheid van het geloof.* 58.

¹¹² Dies.

¹¹³ Jonker, WD. 1989. *Die eie aard van die gereformeerde spiritualiteit.* In: NGTT. p. 291. Jonker gee hier ‘n insiggewende uiteensetting van die eie aard van die gereformeerde vroomheidsbelewing.

¹¹⁴ Sien die preek van : Krynauw, DW. 1945. *God die Vader en ons versoening.* In: Die Kerkbode 25 Julie 1945. 77.

¹¹⁵ Dies.

¹¹⁶ Kamphuis, J. 1992. *Wie geeft een vertaling?* In: De Reformatie 26 Desember 1992. 253.

¹¹⁷ Van’t Spijker, W. 1993. a.w. 124.

¹¹⁸ Hendriks, AN. 1992. *Prediking en toeëigening van het heil I.* In: De Reformatie 19 September 1992. 962.

¹¹⁹ Jonker, WD. 1981. *Die Gees van Christus.* 50.

bewerkstellig deur Sy onmiddellike aanraking en inwoning. Hier is ‘n raakpunt met die mistiek, maar ook weer ‘n skeiding, want die reformatore het dit beklemtoon dat die Gees *deur die Woord* werk.¹²⁰ Hulle het die werking van die Woord as geen belemmering gesien vir die direkte werk van die Gees nie. Die Gees bewerk dus die heilstoeëiening deur die Woord. Die Gees maak die heil die mens se deel deur die vryspreek wat in die Woord tot hom kom. ‘n Mens sou dus kon sê dat die Reformasie vir die eerste keer in die kerk se geskiedenis aan die Gees Sy regmatige plek in die heilstoeëiening toegeken het,¹²¹ laat Jonker hoor.

Die heilstoeëiening geskied dan ook deur *die geloof alleen*. Vir die Reformasie stem die geloof volkome met die genade ooreen.¹²² “Die geloof is egter geen sielsgesteldheid van die mens nie en besit in sigself ook geen verdienstelike karakter nie. Die geloof word deur die Heilige Gees in die mens se hart gewerk en bestaan in niks anders nie, as die ontvangs van wat God gee, die instemming met wat God sê, die oorgawe aan wat God doen. Dit is ten eerste geen menslike werk wat uit homself voortkom nie, maar ‘n gawe van die Gees,”¹²³ om weer by Jonker aan te sluit.

Hiermee is ‘n ander weg opgegaan as wat in die Rooms-katolieke teologie die aanvaarbare is. Volgens Rome “moet dat heil voortdurend door de kerk en het kerkelijke ambt worden veroverd op God en als een buit worden binnengehaald om vervolgens via de sakramanten te worden uitgedeeld. Vandaar de leer van het voortdurende offer in de mis - het zoenoffer waarmee de mens nadert tot God. Vandaar het sakramentalisme en de priester macht.”¹²⁴ “Genade” is dus verstaan as “een boven-natuurlijke substantie,”¹²⁵ gaan Trimp verder. “Deze genade wordt stuksgewijs uitgedeeld: doop-konfirmatie-kommunie-biecht-laatste oliesel-huwelijk en priesterwijding.”¹²⁶ Rome verstaan dus die heilstoeëiening as iets wat plaasvind in die weg van onderworpenheid aan die seggenskap van die kerk.

Hierteenoor het die Reformasie beklemtoon dat Christus die Gees en Woord as Sy instrumente in die toeëiening gebruik. In die prediking van die Woord is God dus self besig. Die bediening van die Woord is daarom nie maar net die mededeling van sekere feite nie. God self werk direk deur die prediking van die Woord in mense se lewens en voltrek sodoende die heilstoeëiening. Die genade van God is immers nie ‘n sekere soort “substantie” nie.¹²⁷ Dit is God se goeie en onverdiende guns oor die sondaar se lewe. Hierdie guns kom deel God in die prediking met die mens. Die Reformasie het daarom die prediking gesien as “belofte-prediking,” want God deel die heil aan die mens mee deur die prediking van Sy heilsbelofte. Die geloof omhels dit, maar dit is ook die Gees wat die geloof skenk. Dit gebeur ook deur die hoor van die Woord. Hierop het Martin Bucer byvoorbeeld die klem gelê. Van’t Spijker vertolk die reformatore se standpunt uitstekend: “De Reformatie predikt het Woord. En zij houdt de

¹²⁰ Dies.,53.

¹²¹ Dies.,55.

¹²² Dies.,60.

¹²³ Dies.,61.

¹²⁴ Trimp, C. 1989. *De toeëigening van het heil..* 30.

¹²⁵ Dies.

¹²⁶ Dies.

¹²⁷ Dies.

belofte vast: het geloof is uit het gehoor en het gehoor door het Woord van God. Waar in de verkondiging de Bijbel opengaat en het heil ontvouwd word uit de Schriften, daar wil de Geest het wonder werken. Dat moet ons genoeg zijn. Waar deze objectieve ordo salutis werkt en effectief is in de hand van de Geest, daar voltrekt zich het heil ook in het mensenhart.”¹²⁸

Calvyn staan naby aan Bucer. Hy beklemtoon ook die rol van die Heilige Gees se werk in die heilstoeëiening.¹²⁹ Die verborge werking van die Gees bring egter die mens *in gemeenskap met Christus* en in Christus deel die mens in die verworwe heil. Calvyn verstaan dus nie die heil in die eerste plek as ‘n gawe wat Christus verwerf het en gee nie, maar hy beskou *Christus self* as die geskenk. Die heil is nie “iets” nie, maar “Iemand.” “Daarom kunnen wij bij ons nadenken over de toeëigening nooit bij onszelf beginnen - bij het geloof of bij de vraag hoe wij komen tot Hem. Wij moeten altijd bij God beginnen - bij de Heilige Geest en bij de vraag hoe Hij wil komen tot ons,”¹³⁰ trek Trimp die theologiese konsekwensies.

Hieruit blyk hoedat die gereformeerde oortuiging ‘n teonome visie op die heilstoeëiening huldig. Hierdie visie druk ook sy stempel vierkantig af op die gereformeerde belydenisskrifte, met name die drie Formuliere van Enigheid. Dit klink egter byna asof die Nederlandse Geloofsbelofte bogenoemde uitgangspunte weerspreek wanneer in Artikel 24 bely word dat dit *die geloof* is wat die mens wederbaar en tot ‘n nuwe mens maak.¹³¹ Tog moet in gedagte gehou word dat hierdie belydenisskrif van ‘n wedergeboorte in “engere” en in ‘n “ruimere” sin praat.¹³² Hiér gaan dit om die wedergeboorte in “ruimere” sin.¹³³ Dit sluit dus die totale heilswerk van God, objektief verwerf en subjektief toegepas, in. “Dat wil niets anders zeggen, dan dat er een algehele omzetting van den mensch plaats heeft, die tot stand komt door het Woord Gods en door den Heiligen Geest en in het geloof wordt doorgemaakt en verstaan. Terwyl tevens dit geloof weer de kracht is waarin de verdere voortzetting van dezen levensomkeer steeds meer tot stand komt en openbaar wordt.”¹³⁴

Daar is egter iets meer om te sê. Veral in Artikel 22 van die **Nederlandse Geloofsbelofte** word die Heilige Gees aangedui as die Een wat die geloof laat ontvlam. Beide mens en Gees is hier subjek van die toeëieningswerk! Dit is ‘n belydenis wat baie eie is aan die gereformeerde Reformasie. Die konfessie lê ‘n noue verband tussen die werk van die Gees en die werk van die geloof. Die geloof eien die heil toe op grond van die Gees se toeëieningswerk. Dit is immers die Gees self wat die heil aan die gelowige deelagtig maak. Die Gees het dus ‘n toeëienende funksie. Daarop gefundeer, het die menslike geloof, volgens Van’t Spijker, egter ook ‘n toeëienende funksie.¹³⁵ So word Christus “omhels” (Vgl. ook artikel 35).

¹²⁸ Van’t Spijker, W. 1993. a.w. 69.

¹²⁹ Institusies boek 2, hoofstuk 1:1.

¹³⁰ Trimp, C. 1989. a.w. 29.

¹³¹ Sien ook: Sietsma, K. Datum onbekend. *De wedergeboorte*. 32.

¹³² Sien hier: Kamphuis, B. 2001. *De wedergeboorte in de prediking*. Geen bladsyverwysing.

¹³³ Calvyn praat by geleenheid ook op hierdie wyse van die wedergeboorte. Sien: Institusie Boek 3, 3:9.

¹³⁴ Sietsma, K. datum onbekend. a.w. 33.

¹³⁵ Van’t Spijker, W. 1993. a.w. 125.

Konkluderend kan gesê word dat die toeëiening van die heil in die **Nederlandse Geloofsbelijdenis** aan die Heilige Gees toegeskryf word. Daarby moet dan gesê word dat die gelowige die heil toeëien deur die geloof as onverdienstelike handeling en as vrug van die werk van die Heilige Gees.

Die **Heidelbergse Kategismus** toon die radikale aard van die wedergeboorte in Sondag 3 aan as hy hierdie gebeure ten volle toeskryf aan die Heilige Gees. Dit dui op die feit dat die heil sy oorsprong by God self het. Sondag 27 sluit hierby aan. Hier word die reiniging van sonde in verband gebring met die werk van die Gees van God. In Sondag 17 word die “opwekking tot ‘n nuwe lewe” ook toegeskryf aan Sy krag wat die mens “opwek.” Die Gees is die Bewerker van die geloof. Dit word in Sondag 7 aangedui. Hier word bely dat die Gees die geloof wek deur die verkondiging van die evangelie. In Sondag 33 word ook die bekering omskryf in ‘n taal wat eintlik ‘n belydenis van die wedergeboorte is.¹³⁶ Die bekering word hier in die terme “sterwe en opstanding” gestel en oortref dus die potensiaal van ‘n menslike handeling.

In Sondag 23 val die klem op die geloof. “We zijn in deze belijdenis,” so wys Berkouwer daarop, “wel zeer verwijderd van de coöperatie tussen Goddelijk heil en menselijke daad, menselijk geloof als twee componerende factoren.”¹³⁷ Hier word prontuit gesê dat Christus se geregtigheid genoeg is. Daarop is die geloof gerig. Die geloof besit egter geen “eie waardigheid” voor God nie. God se eksklusiewe en totale genade omvat *ook* die geloof. Soos in die **Nederlandse Geloofsbelijdenis**, bely die **Heidelbergse Kategismus** ook die toeëienende werk van die Gees as bron van die mens se toeëiening. Dit word in Sondag 20 so gestel. Hier word die toeëiening of deelagtigmaking gesien as ‘n werk van die Gees. Die **Heidelbergse Kategismus** gaan egter verder en praat ook van *Christus* se toeëienende werk. So word dit bely in Sondag 17, vraag 45. Deur Sy opstandingskrag maak Hy sy verworwe geregtigheid aan die sondaar deelagtig. Hy laat die gelowige in Sy heil deel. Praat die **Heidelbergse Kategismus** dus oor die heilstoeëiening, praat hy oor die werk van Christus.

Die **Dordtse Leerreëls** teken “het leven dat de Heilige Geest in de uitverkorenen werkt.”¹³⁸ Hierdie belydenisskrif beskryf dus hoedat die Gees van God die nuwe lewe in die sondaarmens werk. Bepalend vir die Leerreëls is dat die *verwerwing* van die heil nie losgemaak kan word van die *toeëiening* nie. Daarmee word standpunt ingeneem teen die sienswyse wat leer dat Christus die heil verwerf het en dat dit die mens se taak is om daardie verworwe heil subjektief toe te pas.¹³⁹ Die Leerreëls is oortuig dat die verwerkliking van die heil in die mens se lewe nie afhanklik gestel kan word van die mens se eie potensiaal nie. (Verwerping van dwalings 2: 2,6). Die toeëiening is dus nie afhanklik van die mens se vrye wil nie. Die heil word nie volbring omdat die mens dit toeëien nie. Dit is in Christus volbring. Dit is reeds ‘n werklikheid in Christus en die Gees pas dit toe. Die Gees skakel egter die mens hierby in. Dit is nie die Gees wat glo nie. Dit is die mens wat glo. Die mens kom tot geloof

¹³⁶ Sietsma, K. datum onbekend. a.w. 31.

¹³⁷ Berkouwer, GC. 1975. *Geloof en rechtvaardiging*. 39.

¹³⁸ Velema, WH. 1989. *De toeëigening van het heil in de prediking*. 52.

¹³⁹ Van’t Spijker, W. 1993. a.w. 17.

deur die opstandingskrag van Christus en die wederbarende werk van die Gees.¹⁴⁰ Dit is die rede waarom die mens met soveel krag opgeroep word tot geloof en bekering.

Die heilstoeëiening vind dus nie outomaties plaas nie. ‘n Gereformeerde kan nooit net aanvaar dat die deelagtigmaking van die heil by elke gemeentelid “reeds een feit” is nie.¹⁴¹ Dit vind nie vanself plaas nie.¹⁴² Dit is ‘n daad van bewustelike geloof. Maar, aan die geloof word nie ‘n verdienstelike karakter toegeskryf nie. Die toeëiening van die heil, kom dus ook voort uit louter genade alleen.

Dit is gevolelik te begrys waarom die gereformeerde belydenisskrifte ook die toeëiening van die heil aan die genade van God toeskryf. Die gevaar van ‘n verdienstelike geloof word uitgeskakel deur die belydenis van die Heilige Gees se toeëienende werksaamheid in die mens. Hy doen dit deur die prediking van die Woord en deur ‘n appèl op die mens te maak.¹⁴³ Omdat die Gees dit werk, kom die mens se geloofstoeëiening nie vanuit sy eie vrye wil nie.¹⁴⁴ Omdat die gereformeerde belydenis egter die “samenzang van die toeëigening door het geloof en het toeëigenende werk van de Geest naar de Schrift leren zien,” verkry die menslike geloofsdaad nie ‘n verkeerde outonomistiese plek nie.¹⁴⁵ Daar word egter ook nie eensydiglik gefokus op die Gees se toeëienende werk nie. Dan sou die “oproep om gelovig met Gods beloftens werkzaam te zijn, schade lijden,”¹⁴⁶ sê Kamphuis.

Hiermee is alles egter nog nie duidelik genoeg gesê nie. Die teonome inslag van die toeëiening van die heil in die gereformeerde konfessies word ook gereflekteer in die siening van die verhouding tussen die verbond, die doop en die heilstoeëiening enersyds en andersyds in die relasie wedergeboorte-geloof-bekering. Dit alles stempel natuurlik ook die gereformeerde prediking wanneer dit handel oor die heilstoeëiening. Aan hierdie drie sake moet daar vervolgens aandag gegee word.

1.3 Die verhouding verbond-doop-heilstoeëiening

Die gereformeerde klem op die Skriftuurlike leer van die genadeverbond, hou direk verband met die wesensaard van die gereformeerde belydenis. Omdat die gereformeerde belydenis van die standpunt uitgaan dat die saligheid geen vrug is van menslike inspanning of arbeid nie, maar ‘n genadegawe van God is, huis daarom is daar die klem op die verbond.¹⁴⁷ Die verbondsgedagte beklemtoon immers die feit dat dit God is wat die inisiatief neem in die mens se verlossing.¹⁴⁸

¹⁴⁰ Dies., 19.

¹⁴¹ Kamphuis, J. 1993. *Elkaar niet misverstaan*. In: De Reformatie 22 Mei 1993. 668.

¹⁴² Dies.

¹⁴³ Kamphuis, J. 1993. *Toe-eigening een confessioneel woord*. In: De Reformatie. 461.

¹⁴⁴ Kamphuis, J. 1993. *Een nuance-verschil*. In: De Reformatie 27 Maart 1993. 501.

¹⁴⁵ Kamphuis, J. 1993. *Het gebed in de toeëigening van het heil*. In: De Reformatie 8 Mei 1993.

¹⁴⁶ Kamphuis, J. 1993. *Elkaar nodig*. In: De Reformatie 3 April 1993. 527.

¹⁴⁷ Keet, BB. 1942. *Die genadeverbond. Vervolg*. In: Die Kerkbode 12 Augustus 1942. 197.

¹⁴⁸ Dies.

Die vraag is nou: op watter manier verstaan die gereformeerde belydenis die verhouding tussen die verbondsinitiatief van God, soos verseël in die doop, en die heilstoeëiening? Handhaaf dieselfde teonome bepaaldheid hom ook op hierdie punt of, en dit is 'n verdere vraag, veronderstel die teonome uitgangspunt by die doop en die verbond nie in werklikheid 'n praktyk waarin die heilstoeëiening so afgeswak word dat dit oorbodig raak nie?

In sommige gereformeerde kringe word die uitverkiesing en die verbond inderdaad sodanig vereenselwig, dat die gedoopte verbondskind beskou word as 'n geregverdigde en dat slegs die oproep tot die *conversio continua* tot hom mag uitgaan. Iets van 'n stuk verbondsautomatisme is hier merkbaar. Die ruimte vir die *conversio actualis* het hier bykans verdwyn.¹⁴⁹ Hierdie standpunt pas nie binne die kader van die gereformeerde belydenis nie, omdat dit 'n vorm van antinomiaanse verbondsautomatisme huisves.¹⁵⁰ Bos noem die opvatting van "wie gedoopt is is een kind van God en dan is het klaar" 'n "glove caricatuur" van die gereformeerde "verbondsbeleving."¹⁵¹ Ook B Kamphuis kom in verset teen die leer van die "veronderstelde wedergeboorte."¹⁵² Die doop word immers nie bedien op grond van 'n "sekerheid" wat in die dopeling te vinde sou kon wees nie,¹⁵³ maar op grond van die sekerheid van God se verbondsbelofte.¹⁵⁴ Die sekerheid van die belofte veronderstel egter nie dat die belofte reeds vervul is nie.¹⁵⁵ Die vervulling is alleen moontlik langs die weg van "het wonder van de wedergeboorte waardoor wij gaan geloven en ons bekeren."¹⁵⁶ Daarom benadruk Kamphuis die "volle overtuiging" van "de noodzakelikheid van de wedergeboorte."¹⁵⁷

In hierdie verbandwerp die gereformeerde belydenis twee keerwalle op. Daar is eerstens die afskerming teen die leer van die veronderstelde wedergeboorte. Die gereformeerde belydenis is beslis in verset teen enige vorm van

¹⁴⁹ In sommige kringe kom sulke standpunte voor. Sien byvoorbeeld : Kriel, PJ. 1995. *Die ware en die valse kerk binne die Nederduitse Gereformeerde Kerk*. Hierdie hele boek word daarvan gewy om hierdie siening te verdedig. Vergelyk hierby die volgende artikels:

Kriel, PJ. 1993. 'n Voorbeeld van 'n dooppreek. In: VDM Tydskrif. Jaargang 3/2. No.6. 26.

O'Reilly, D. 1992. Kyk, Ek staan by die deur en ek klop. In: VDM Tydskrif. Jaargang 2/1. Uitgewers onbekend. 31.

O'Reilly, D. 1993. *Geloof Alleen*. In: VDM tydskrif. Jaargang 3/1. No.5. Uitgewers onbekend. 32.

Van Schalkwyk, H. 1992. *Dis jammer dat die kerk sy verbondskinders leer om Jesus aan te neem*. In: VDM Tydskrif. Jaargang 2/3. No.4. 24.

Van Schalkwyk, H. 1993. *Red die doop 'n mens?* In: VDM Tydskrif. Jaargang 3/1. No.5. 3.

¹⁵⁰ Vergelyk: Saayman, C. 1998. *Die verhouding tussen verkiesing en verbond..* So ook vanuit gereformeerde kringe met 'n purityNSE inslag. Sien byvoorbeeld: Reisinger, EC. 1978. *What should we think of the carnal Christian?* 22. Hy beklemtoon hier die noodsaaklikheid van "repentance." Ook : Wilson, JE. 1990. *The authentic gospel*. 2. Hy waarsku hier teen die neiging in kerklike kringe dat mense maklik getuig van hul verlossing terwyl Christus nie werklik in hul lewens regeer nie. Sien die artikel van Le Roux, JH. 1988. *Verbondsbekering in die Ou Testament*.

Sien die artikel van Van der Watt, JG. 1988. *Wedergeboorte en bekering in die Nuwe Testament*.

Sien ook die baie nuttige artikel wat handel oor verbondsbekering in beide Ou en Nuwe Testament: Burden, JJ. 1988. *Verbondsbekering: 'n Geloof-en theologiese blik op die Ou Testament*. Die gereformeerde siening kan dus kortom saamgevat word met die woorde van Dreyer: "De doop is niet de wedergeboorte. De doop heeft geen heimzinnige tooverkracht om een kind op de een of andere wijze goed te doen." Sien: Dreyer, A. 1913. *Het doopformulier*. 32.

¹⁵¹ Bos, CG. 1988. *Geloofzekerheid*. In: De Reformatie 2 Januarie 1988. 300.

¹⁵² Kamphuis, B. 2001. *De wedergeboorte in de prediking*. Geen bladsynommers.

¹⁵³ Van der Wal, C. 1979. *Zal men ook de jongere kinderen dopen?* 28. "De grond voor de toediening van het sacrament niet te leggen in de belijdenis van de mens, maar.... als bekrachtiging van Gods beloften."

¹⁵⁴ Dies.

¹⁵⁵ Dies.

¹⁵⁶ Dies.

“goedkoop genade.” Vos wys daarop dat ‘n eensydige beklemtoning van die “sola gratia” tot ‘n “goedkoop evangelie” kan lei.¹⁵⁸ In so ‘n geval word die “menslike verantwoordelikheid” in die heil opgehef.¹⁵⁹ Die gedoopte verbondskind word nie outomatis van die bekering “vrygeskeld” nie.¹⁶⁰ Die “objektiwistiese dwaling” dat die formele deelwees van die verbond “‘n waarborg bied van die seënninge van die verbond,” word dus afgewys.¹⁶¹ Verbondskinders moet eerder “begelei” word tot “bewuste aanvaarding van die doop.”¹⁶²

Teenoor die verbondsautomatisme lê die oproep tot bekering ingebed in die gereformeerde belydenis.¹⁶³ Hierdie oproep word nie deur die genadeverbond versag nie,¹⁶⁴ maar huis versterk.¹⁶⁵ So stel J Kamphuis dit: “de noodzaak van de nieuwe geboorte, ook voor kinderen van het verbond, moet helder voor de aandacht blijven.”¹⁶⁶ Dit is waar dat God, kragtens die verbond, ryke beloftes aan die verbondskind gee. “Deze gaan echter niet automatisch in vervulling. Zij moeten geloofd worden.”¹⁶⁷

Die tweede keerwal leun aan teen die “subjektiwistiese dwaling” waar die bekering van die verbondskind sodanig beklemtoon word dat dit ‘n verdienstelike karakter verkry.¹⁶⁸ Vanuit ‘n vrees vir die “objektiwisme” word maklik gevlug na die “subjektiwisme.” In hierdie geval word die verbondsgedachte tersyde gestel.¹⁶⁹ Verbondskinders moet dan volgens ‘n “vaststaand model” (wat grens aan die metodisme) tot bekering gebring word.¹⁷⁰ Hierdie soort subjektiwisme lei weer daartoe dat die mens die sekerheid van sy uitverkiezing *in homself* begin soek.¹⁷¹ Op

¹⁵⁷ Dies.

¹⁵⁸ Vos, CJA. 1988. *Respons*. 97.

¹⁵⁹ Dies.

¹⁶⁰ Malan, JH. 1988. *Respons*. 75.

¹⁶¹ Heyns, JA. 1988. *Die appèl tot bekering in verbondsperspektief*. 55.

¹⁶² Barnard, AC. 1988. *Die begeleiding van verbondskinders tot belydenis van geloof*. 61.

¹⁶³ Kuyper, A. 1897. *De drie formuliere van enigheid*. 144. “Hoe is het te verstaan dat gij alleen door het geloof gerechtvaardigd is? Dat ik de genoegdoening van Christus door het geloof kan aannemen.” Sien ook: Maris, JW. 2001. *Het verbond in de prediking*. Ongepubliseerde referaat. 1. Maris dui aan dat die verbond wel monopleuries van oorsprong is (eensydig), maar dupleuries na sy uitwerking in die mens se lewe. Dit is die gereformeerde standpunt.

¹⁶⁴ Sien die uitspraak van Holwerda by : Holwerda, B. 1974. *De betekenis van verbond en kerk voor huwelijk, gezin en jeugd*. 109. Hier beklemtoon Holwerda dat die verbond huis “evangelisch” is en dat mense huis deur die verbond na Christus gelei word. Sien ook : Du Toit, HD. 1984. *Is ek gered?* 12. Hy wys daarop dat ook iemand soos Abraham “van harte die verbond moes aanvaar.” Sien verder ook : Smuts, M. 1984. *God se verbond met jou*. 20. Hy verwys hier na die prediking van Johannes die Doper en van Jesus self wie se prediking tot die verbondsvolk uitgegaan het en tog ook vol was van die oproep tot bekering.

¹⁶⁵ Vergelyk: Strauss, SA. 1984. *K Schilder se siening...* In: NGTT. September 1984. 384. “God se soewereine genadige uitverkiezing sluit nie die eie verantwoordelike bekering uit nie, maar maak dit huis moontlik en noodsaaklik.” Eintlik gee Strauss hier K. Schilder se siening weer. Sien ook: Heyns, JA. 1988. *Die doop*. Sinode Noord-Transvaal. 86. “Dit is nie die Bybelse boodskap dat ‘n verbondskind vanself hemel toe gaan nie. Die kind moet tot ‘n geloofsbeslissing kom.”

¹⁶⁶ Kamphuis, J. 1993. *Anti-subjectivistisch*. In: De Reformatie 1 Mei 1993. 604.

¹⁶⁷ Dee, JJC. 1997. *Prediking en toeëigening van het heil*. In: Nader Bekijken. 2 Februarie 1997. 39.

¹⁶⁸ Heyns, JA. a.w. 55.

¹⁶⁹ Voorbeeld hiervan vind ‘n mens in die volgende artikels: Lombard, NAS en Lombard HJ. 1977. *Hoe om ‘n kind tot geloofsekerheid te lei*. In: Die Kerkbode 31 Augustus 1977. 270. Ook: Lombard, NAS en Lombard HJ. 1974. *Pinkster en die redding van my kind*. In: Die Kerkbode 24 April 1974. 536. Ook: Snijman, DR. 1935. *Die Heiland en kinders*. In: Die Kerkbode 15 Mei 1935. 907. Hierdie insiggewende artikels dui aan hoedat daar soms oor die bekering van kinders gedink word sonder dat die verbondsgedachte enigsins ter sprake kom! En, dit gebeur so in sommige gereformeerde kerke!

¹⁷⁰ Anoniem. 1936. *Mag in die Christelike gemeente bekering gepreek word?* In: Die Kerkbode. 19 Februarie 1936. 13.

¹⁷¹ Du Preez, J. 1975. *Sekerheid oor u verlossing?* In: Die Kerkbode 8 Januarie 1975. 44.

hierdie manier word die teonome aard van die gereformeerde belydenis in die praktyk versaak.¹⁷² Dit kan selfs gebeur dat die praktyk van die kinderdoop nog beoefen word, maar dat dit ‘n leë handeling word omdat aan die werklike inhoud van die doop, die “troos van die verbond,” verby gegaan word.¹⁷³ So gebeur dit inderdaad in metodistiese kringe.¹⁷⁴

Die wonder van die gereformeerde belydenis is dat die objektiwisme sowel as die subjektiwisme vermy word en die Skriftuurlike weg gekies word. In die gereformeerde denke word die gedagte nooit losgelaat dat God die primêre handelende subjek bly nie. Maar, “in die realisering van die heil is die mens nie alleen objek nie, maar word hy ook as handelende subjek in die werk van God ingetrek.”¹⁷⁵ Dit doen God egter vanuit Sy heilshandelinge deur Sy verbond. Binne die “genadesfeer” van die verbond werk Hy die geloof in die uitverkorenes selewens.¹⁷⁶ Die verbondskind word dus nie as ‘n tweedeklas “heiden” beskou wat *op ‘n sekere manier* tot ‘n beslissing moet kom nie. Kragtens die verbond en God se soewereine besluit, werk Hy die geloof in verbondsmense selewens op verskillende maniere. Dit kan byvoorbeeld gebeur dat sommige mense op die een of ander tyd net tot die “ontdekking” kom dat hulle wel die Here ken. Dit gebeur dan sonder dramatiese beslissings.¹⁷⁷ Die persoonlike bekering word dus gehandhaaf, maar die bekering word nie gesien as iets wat volgens ‘n sekere patroon en skema hoef plaas te vind nie. Die wyse van geloofsbeslissing berus by God en dra geen verdienstelike karakter nie. Die bekering van die verbondskind is daarom dikwels van ‘n “ander aard” as die bekering by heidene.¹⁷⁸

Die kinders van die verbond word dus as “kinders van God gereken.”¹⁷⁹ Dit beteken egter nie dat almal salig is nie.¹⁸⁰ Dit beteken wel dat die belofte van God wat aan elkeen toegesê is, as waaragtig geag word.¹⁸¹ Daar word dus nie na *die mens* se subjektiewe godsdiestige toestand gekyk om *daaruit* af te lei wie verlostes is, en wie nie. Vanuit die feit dat God Hom deur Sy beloftes aan elkeen verbind het, gaan die appèl tot geloof nou tot elkeen uit. Dit is nou ‘n baie kragtige appèl. Baie kragtiger as by die heidene. Vanuit die betroubaarheid van God se toegesegde belofte is die appèl tot bekering soveel meer dringend.¹⁸² “We moeten het ook nog kind van God worden door persoonlike toe-eigening van alles wat we in Christus hebben.”¹⁸³ Vanuit die “dupleuriese” karakter van die verbond gaan die oproep tot geloof dus uit.¹⁸⁴ God se genade-inisiatief word egter deurentyd behou omdat

¹⁷² Vergelyk die artikel van Heyns in : Heyns, JA. 1957. *Onder die boog van die verbond*. In: Die Kerkbode 23 Oktober 1957. 723. Hierdie pragtige artikel dui aan hoedat ‘n gereformeerde kerk sy jeug vanuit die verbondsperspektief behoort te beskou.

¹⁷³ Jonker, WD. 1991. *Geloof en bekering uit verbondsperspektief*. 4.

¹⁷⁴ Dies.

¹⁷⁵ Nel, M. 1988. *Die evangelisasiegesprek oor bekering*. 84.

¹⁷⁶ Sien: Nicol, W. 1988. *Respons*. 44.

¹⁷⁷ Richard, BT. 1974. *Die genadeverbond in die praktyk*. In: Die Kerkbode 16 Januarie 1974. 75.

¹⁷⁸ Müller, JJ. 1957. *Bekering van verbondskinders*. In: Die Kerkbode 6 Maart 1957. 398.

¹⁷⁹ Keet, BB. 1943. *Kinderdoop en bekering*. In: Die Kerkbode 17 Maart 1943. 218.

¹⁸⁰ Dies.

¹⁸¹ Dies.

¹⁸² Vergelyk die artikel: De Klerk, PJS. 1936. *Die betekenis van die genadeverbond vir die bediening*. In: Die Kerkbode. 25 Maart 1936. 609.

¹⁸³ Bos, CG. 1985. *Toe-eigening van het heil*. In: De Reformatie. 5 Oktober 1985. 9.

¹⁸⁴ Venter, PA. 1994. *Verbond en bekering...* 198.

Sy roeping steeds “aan alle geloof voorafgaat.”¹⁸⁵ “God skenk dus wel die belofte van vergewing en vernuwing, maar altyd so dat ons verantwoordelikheid gehandhaaf word. Die belofte word onvoorwaardelik gegee. Maar die vervulling van die belofte kom slegs tot stand langs die weg van geloof en bekering en nooit anders nie,”¹⁸⁶ skryf Holwerda. Daarom is dit miskien beter om op hierdie punt van die *teonoom-eksistensiële* karakter van die gereformeerde belydenis te praat.

1.4 Die verhouding wedergeboorte-geloof-bekering¹⁸⁷

Die vraag kom vervolgens aan die orde: hoe moet die gereformeerde begrip van die verhouding tussen wedergeboorte, geloof en die toeëiening van die heil verstaan word?¹⁸⁸ Dit sluit ten nouste aan by die vorige paragraaf, maar tog is daar iets meer om te sê. Die vraag moet immers uitgeklaar word: hoe sien ‘n gereformeerde die heilstoeëiening in die praktyk?

In die gereformeerde denkklimaat staan die soewereiniteit van God altyd voorop.¹⁸⁹ Daarom is dit onaanvaarbaar om die mens se bekering of die toeëiening van die heil as uitgangspunt te neem. Die groot vrees is altyd dat die “godsdienstige mens” in die sentrum kan staan.¹⁹⁰ Dit is immers nooit die mens se handeling wat God se handeling “in werking” stel nie.¹⁹¹ Vir die gereformeerde belydenis is dit ononderhandelbaar om Gods genade voorop te stel.¹⁹²

Dit is om hierdie rede dat die gereformeerde denke die heil sien as iets wat God *direk* aan die mens meedeel.¹⁹³ Graafland stel dit duidelik: “het heil in Christus gaat dus zowel in tijd als in werkelijkheid absoluut aan ons en al het onze vooraf.”¹⁹⁴ Dit is dus Christus en die Gees wat voorop staan en nie die mens en sy belewenisse nie.¹⁹⁵ Daarom dra die Heilige Gees die Vader se vryspraak “in het bewustzijn van den biddend-gemaakten zondaar”

¹⁸⁵ Douma, J. 1977. *Kinderdoop en bekering*. 33.

¹⁸⁶ Holwerda, B. 2000. *Belofte en eis van die doop*. In: Kompas. Desember 2000-Januarie 2001. 2.

¹⁸⁷ Vir ‘n goeie en deeglike bespreking van die wedergeboorte uit gereformeerde perspektief, sien die reeks artikels: Smit, FM. 1939. In: Die Kerkbode : 30 Augustus, 6 September, 20 September, 27 September, 22 November, 20 Desember, 23 April 1941. Sien bibliografie vir volledige besonderhede.

¹⁸⁸ König, A. 1983. *Heil en heilsweg*. 154. Hierdie paragraaf sentreer in die feit dat in gereformeerde kringe verskil word oor die vraag na die verhouding tussen wedergeboorte en bekering. Soms is daar die siening dat die twee maar min of meer sinoniem is. (Sien: Geerds, GE. 1987. *Wedergeboorte en opvoeding*. In: De Reformatie 19 Desember 1987. 253.). Ander reken weer dat die twee begrippe op verskillende sake dui. Sien: Pienaar, H. 1952. *Wat is wedergeboorte?* In: Die Kerkbode 7 Mei 1952. 936.

¹⁸⁹ Dit is die “basic principle of Calvinism.” Boetner, L. 1983. *The Reformed faith*. 2.

¹⁹⁰ Cilliers, J. 2000. *Die genade van gehoorsaamheid*. 90-91.

¹⁹¹ Dies.

¹⁹² Soms word die soewereiniteit van God so erg beklemtoon, dat daar selfs geredeneer word dat die vergifnis ten volle op Golgotha ‘n werklikheid geword het en dat die mens slegs hiervan kan kennis neem. Sien: Du Toit, CW. 1931. *Vergiffenis van zonden te verkrijgen*. In: Die Kerkbode 7 Januarie 1931. 11. Kuyper se standpunt oor die wedergeboorte is ook ‘n goeie voorbeeld hiervan. Hierdeur openbaar hy ‘n passie om die genade te beklemtoon. Sien: Kuyper, A. 1927. *Het werk van het Heiligen Geest*. Die toepaslike hoofstukke.

¹⁹³ Calvyn beklemtoon die belangrikheid daarvan dat die uitverkiesing aan die mens se geloof voorafgaan. Sou die verkiesing “na het geloof” geplaas word, sal dit beteken dat die geloof ‘n eie vermoë word. Sien: Calvyn, J. 1971. *Stemmen uit Geneve*. 7.

¹⁹⁴ Graafland, C. 1979. *Volwassendoop, Kinderdoop, Herdoop*. 50.

¹⁹⁵ Van den Berg, JS. 1996. *Toeëigening van het heil*. 9. Hy beklemtoon dit dat die fokus baie maklik verplaas word na die mens se ervaring wanneer dit uit die oog verloor word dat dit God is wat die mens deel gee aan Homself.

in.¹⁹⁶ Die ongelowige is immers geestelik *dood* en geen dooie kan uit eie vermoë lewend gemaak word nie.¹⁹⁷ Hierdie woorde bewys hoe ernstig gereformeerdes oor die wedergeboorte voel. Die rede waarom die heil aan die mens “ingegee”¹⁹⁸ word, is om te verhoed dat die mens die heil fundeer in sy eie bekering of in ‘n “reeks bevindinge” wat eers beleef moet word.¹⁹⁹ Dit is Christus se geboorte wat die grond vir die wedergeboorte is,²⁰⁰ stel Geerts dit spitsvondig.

Die wedergeboorte en die heilstoeëiening staan dus in ‘n intieme verband tot mekaar. Omdat God die mens bekeer, bekeer die mens homself.²⁰¹ Omdat Hy *in* die mens werk, werk die mens sy heil *uit*.²⁰² Die belofte van die evangelie wat verkondig word is immers nie slegs ‘n vae entiteit wat *moontlik* vervul kan word nie. *In* die belofte van die evangelie *doen* God ook inderdaad iets in die hart van die uitverkorene.²⁰³ Die bekering “echo” eintlik net die beloftewoord van God.²⁰⁴ Die bekering vind dus plaas binne die kontoere van die werk van die Heilige Gees.²⁰⁵

Hoe staan dit nou in verband met die bekering? Die gereformeerde belydenis is baie ernstig oor die heilstoeëiening.²⁰⁶ Evangelisasie het ‘n ononderhandelbare plek binne die gereformeerde denke. Dit moet egter onderskei word van die metodistiese skemas van bekering.²⁰⁷ PA Verhoef waarsku teen ‘n “stereotiepe prosedure”²⁰⁸ van bekeringsmetodiek wat as “enigste weg tot die saligheid” voorgeskryf word.²⁰⁹ Hy beskryf hierdie “metodiek” as verskillende stappe wat gevolg moet word: Eerstens moet deur aangrypende prediking die mens tot die besef van sy diepe verlorenheid en “doemskuldigheid” geskok word. Tweedens moet hy dan tot die bekering geleid word om sodoende Christus aan te neem. Derdens moet hierdie gebeurtenis “n krisiskarakter” vertoon en moet die persoon die uur en datum van die bekering kan noem. Vierdens ontvang die persoon dan die wedergeboorte.²¹⁰ Hierdie soort denke gaan dikwels gepaard met die vergestalting van die sogenaamde “invitation system” wat in metodistiese kringe beoefen word. Hiervolgens word heilbegeriges opgeroep en uitgenooi om na afloop van die prediking na vore te kom. Vervolgens word die persone wat gereageer het, persoonlik geleid om

¹⁹⁶ Wiersinga, WA. 1949. *De Heilige Geest en het geloof*. 377.

¹⁹⁷ Müller, JJ. 1949. *Kom die wedergeboorte voor bekering?* In: Die Kerkbode 5 Oktober 1949. 700. Hierdie is ‘n uitstaande artikel wat die verband tussen wedergeboorte en bekering duidelik maak.

¹⁹⁸ Feenstra, JG. 1950. *De Dordtse Leerregelen*. 159. Feenstra wys daarop dat die Dordtse Leerreëls die heil beskryf as iets wat “ingegeven” word.

¹⁹⁹ Wiersinga, WA. 1949. a.w. 377.

²⁰⁰ Geerts, GE. 1987. *Christus’s geboorte en onze weder-geboorte*. In: De Reformatie 26 Desember 1987. 274.

²⁰¹ De Villiers, DW. 1969. *Bekeer ons tot vernuwing*. In: Die Kerkbode 31 Desember 1969. 951.

²⁰² Sien die pragtige preek : Kestell, JD. 1935. *Werk julle eie verlossing uit*. In: Die Kerkbode 26 Junie 1935. 28.

²⁰³ Sien die sterk beskrywing : Kamphuis, J. 1981. *Ik Geloof 1*. In: De Reformatie 17 Januarie 1981. 226.

²⁰⁴ Kamphuis, J. 1981. *Ik Geloof 3*. In: De Reformatie 31 Januarie 1981. 257.

²⁰⁵ Hierdie woorde is ‘n samevattende beskrywing van die preek: Cronje, AS. 1954. *Boodskap vir die onbekeerde*. In: Die Kerkbode 12 Mei 1954. 636. Dit is suiwer gereformeerde taal.

²⁰⁶ Vergelyk B. Wurth se worsteling om die kwessie van “de bekering in de gereformeerde evangelisatie” te verstaan : Wurth, GB. Datum onbekend. *De bekering als evangelisatie-probleem*. 17e.v.

²⁰⁷ Algemene Jeugkommissie. 1986. *Leer uit die Woord* 6. 291: “God is aan geen bepaalde patroon of metode gebonde nie.”

²⁰⁸ König gee ‘n goeie bespreking van die verskillende maniere waarop die bekering plaasvind binne die verbondskonteks. Sien: König, A. 1986. *Die doop as kinderdoop en grootdoop*. 145-154. Skriftuurlik beskou is dit onmoontlik dat daar slegs een skema vir die heilstoeëiening kan wees.

²⁰⁹ Verhoef, PA. 1966. *Wedergeboorte en bekering*. In: Die Kerkbode 2 November 1966. 636.

²¹⁰ Dies.

Christus te aanvaar.²¹¹ Die fokus verskuif in hierdie geval weer weg van Christus af na die mens toe. Om die heil en die toeëining van die heil in hierdie soort keurskyf te gort, is vir die gereformeerde belydenis ondenkbaar. Die soewereiniteit van God kan nie op hierdie wyse ingeperk word deur ‘n metodistiese bekeringsproses nie. Die oë mag nooit gesluit word vir die “lewe in die verbond” en vir die “verborge werking van die Gees in die harte van kinders uit gelowige ouers” nie.²¹²

Trimp beskryf die gereformeerde prediking as “verbondsgebeuren.”²¹³ Hy gaan sover om te sê dat die korrekte sig op die heilsprediking “de hart van de Reformatie” genoem kan word.²¹⁴ Volgens reformatoriële insig, is die prediking “belofteprediking.”²¹⁵ In God se beloftes kom daar ‘n definitiewe “toesegging” van die heil na die gemeente. “God ontsluit zijn hart en biedt ons zijn liefde in het woord van zijn liefde. Wij kunnen ook zeggen: Hij geeft ons zijn genade in zijn goede woord.”²¹⁶ Op hierdie manier word die geloofsaandag van die gemeente gefokus op God en nie op die mens self nie.

Gereformeerde prediking stry daarvoor dat “de God van het verbond” sentraal moet wees in die prediking van die Woord. Indien dit nie gebeur nie, word die mens weer “teruggeworpen op zichzelf en op de onzekerheid die daardoor ontstaat.”²¹⁷ Die anker van die mens se siel is immers nie vas “omdat het reikt tot in ons binneste nie,” maar “omdat het reikt tot binnen het voorhangsel.”²¹⁸

Die prediking is dus van kardinale belang. “Waar wordt het duidelijker, dat God ons hart zoek met Zijn belofte, dan daar, waar die belofte gepredikt wordt in haar concrete gerichtheid tot de gemeente? In de prediking deelt God de Heilige Geest het heil in Christus uit.”²¹⁹ Hierdie stelling is ‘n goeie samevatting van die gereformeerde siening van die prediking. In die prediking word nie maar net kennis oorgedra nie. Dit is ‘n Godsgebeure waar Sy Gees die heil aan mense toesê deur Sy Woord wat bedien word. Die gelowige se geloof berus immers op God se beloftes en nie op ‘n subjektiewe entiteit in die mens nie. Daarom berus die geloof op die inhoud van die prediking, want dit is God se heilsbeloftes wat gepreek word.²²⁰

²¹¹ Vir ‘n goeie uiteensetting, sien: Murray, I. 1967. *The invitation system*. Hy bespreek die problematiek rondom die sogenaamde “altar call” volledig vanuit gereformeerde perspektief.

²¹² Dies. Blyl wys ook op die feit dat die bekering nie slegs in die gelowige se verlede momenteel plaasvind nie, maar dat dit eintlik nooit voltooi word nie. “Daarom is de bekering niet voltooid nadat iemand eenmaal vol overtuiging voor Jezus heeft gekozen.”: Blyl, C. 1999. *De bron van ons geloof*. 85. Dit is trouens ‘n “dagelikse strijd.” : Trimp, C. 1987. *Volstrek geloofwaardig*. In: De Reformatie 12 Desember 1987. 232. Sien ook die preek van : Le Roux, JA v Z. 1936. *Keer terug tot God*. In: Die Kerkbode 8 Januarie 1936. 18. Die skrywer wys daarop dat die bekering waarvan in die Skrif gelees word in die meeste gevalle dui op mense wat reeds die Here ken wat na Hom teruggeroep word.

²¹³ Trimp, C. 1989. *Klank en Weerklank*. 52.

²¹⁴ Dies.,58.

²¹⁵ Dies.

²¹⁶ Dies.

²¹⁷ Kamphuis, B. 2001. *De bevinding in het prediking*. Ongepubliseerd. Geen bladsynommers.

²¹⁸ Dies.

²¹⁹ De Ruijter, CJ. 1990. *Buiten de prediking geen heil?* In: De Reformatie 17 Februarie 1990. 427.

²²⁰ Dee, JJC. 1997. *Prediking en toeëigening van het heil*. In: Nader Bekijken 2 Februarie 1997. 39.

Die toeëiening is dus *die weg* waarlangs God werk om die mens te laat deel in die heil.²²¹ Die heilstoeëiening behels ‘n “aanneem” van Christus. “Geloven sluit altijd in het aannemen van het getuigenis.”²²² Overduin beskryf die stryd wat soms met die bekering gepaard kan gaan.²²³ Hoewel die geloof ‘n gawe van God is, realiseer dit soms binne die subjektiewe belewenis van die mens op ‘n moeisame wyse. Gereformeerdes sal dit nooit ontken nie. Tog is daar steeds die waaksamheid dat die gelowige se sekerheid nie gebou word op sy persoonlike belewenis nie.²²⁴ Die bekering impliseer immers huis die “doodsvonnis”oor die eie self met sy ervarings en gaan fokus weer op Christus.²²⁵ Dit is dus die *inhoud* van die bekering, naamlik Christus, wat saakmaak en nie die geloof self nie!²²⁶

In die gereformeerde denke is die heilstoeëiening dus noodsaaklik, maar daar bestaan geen voorgeskrewe manier of skema waarop dit moet plaasvind nie. Die fokus val op ‘n lewe vanuit God se heilsbeloftes.²²⁷ Waar die gelowige bewustelik gaan lewe vanuit die belofte van die evangelie, daar maak dit nie meer saak op watter manier die bekering plaasgevind het nie. Die vrug van die Gees is immers die bewys van die persoon se uitverkiesing.²²⁸

1.5 Samevatting

In hierdie eerste hoofstuk is enkele oriënterende aantekeninge gemaak ten opsigte van die heil en heilstoeëiening in die gereformeerde konfessionele denke oor hierdie saak. Uit die oriëntasie het dit duidelik gevlyk dat die oortuigings met betrekking tot die heil in Christus uiteraard die manier waarop oor die konkrete toeëiening van die heil gedink word, beslissend bepaal. In die gereformeerde belydenis, so is hierbo aangetoon, word die teonome aard van die heil in Christus vooropgestel. Dit resultereer weer op sy beurt daarin dat die eksistensiële toeëiening van die heil eweneens teonoom bely word. Uit genade eien die mens die heil toe. Daarom wys die gereformeerde belydenis enige vorm van outonome denke in hierdie verband af en kan ‘n mens hierteenoor van *teonoom-eksistensiële* denke praat.

Die toepaslike vraag is nou of in die Nederduitse Gereformeerde Kerk konsekwent teonoom aan die hand van die Formuliere van Enigheid oor die toeëiening van die heil gedink is? Wat bring hierdie kerk se geskiedenis aan die

²²¹ Keet, BB. 1942. *Geloof en bekering*. In: Die Kerkbode 16 Desember 1942. 687. In hierdie lig gesien is die bekering ‘n onvoorwaardelike voorwaarde! Dit is nie ‘n keuse van die vrye wil van die mens nie. Sien: Van Bruggen, J. 1964. *Het amander kerk*. 108.

²²² Bavinck, H. 1976. *Gereformeerde Dogmatiek* 4. 84. Sien ook die preek van Kestell, JD. 1936b. *Twee vrae*. In: Die Kerkbode 29 Julie 1976. 202.

²²³ Overduin, J. 1958. *Tact en kontakt*. 198.

²²⁴ Keet, BB. 1942. *Roeping en wedergeboorte*. In: Die Kerkbode 16 November 1942. 595. Vergelyk ook: Van Genderen, J en Velema, WH. 1992. *Beknopte Dogmatiek*. 543. “Uiteraard kan de gelovige met zijn fides qua allerlei ervaringen doormaken. Hij kan in nood verkeren. Hij kan zeggen: ‘Ik geloof, kom mijn ongeloof te hulp.’ Deze wisseling van beleving ligt aan de kant van het gelovige subject.”

²²⁵ Theron, PF. 1983. *Die genade van die nulpunt*. 19.

²²⁶ Theron, PF. 1983. *Wat moet ek doen om gered te word?* 32.

²²⁷ Woelderink, JG. 1946. *Leven uit Gods beloften*. Hierdie hele boekie gee ‘n beskrywing van die geloofslewe wat put uit God se heilsbeloftes. Hier word ‘n praktiese beskrywing van die geloofslewe gegee vanuit ‘n gereformeerde perspektief.

²²⁸ Hendriks, AN. 1995. *In de school van Christus*. 85-86. Hendriks wys op die Skriftuurlik-gereformeerde standpunt dat die gelowige sekerheid oor eie uitverkiesing kan vind deur te let op die vrug van die Gees. Vir verdere naleeswerk hieroor word die lees van die hele hoofstuk aanbeveel : 62-86.

lig? In die volgende hoofstuk word begin om hierdie vraag ekklesiologies, dit wil sê, kerkhistories en theologies te antwoord.

HOOFTUK 2

DIE VROEGSTE KAAPSE KERKLIKE LEWE: TEONOOM ÉN OUTONOOM: 1652-1686

Soos in die inleiding vermeld, spits hoofstuk twee hom toe op min of meer die eerste 30 jaar van kerklike lewe aan die Kaap van Goeie Hoop, dit wil sê vanaf 1652 tot ongeveer 1686. Dit is algemene kennis dat die oprigting van ‘n Vereenighde Oost-Indische Compagnie²²⁹ verversingspos te Tafelbaai met kerklike begeleiding gepaard gegaan het. Tewens, gedurende 1665 is ‘n tipies gereformeerde gemeente met kerkraad, predikant en al, geïnstitueer. In die periode wat in hierdie hoofstuk ondersoek word, het daar genoeg kerklike dokumente en oorkondes oorgebly om die vraag wat hier ondersoek word, te kan verantwoord. Ná 1680 het die nedersetting algaande die karakter van ‘n kolonie begin kry. Al meer mense sou van die Kaap ‘n nuwe vaderland maak. In 1686 is ‘n tweede gemeente deur die goewerneur gestig. Daarmee is aan ‘n verdere ontwikkeling gevolg gegee. Dit word in hoofstuk drie behandel, sodat 1686 die afsluitpunt van hierdie hoofstuk vorm.

Die vraag wat aan die ter saaklike kerkhistoriese materiaal uit hierdie periode gevra word, is afgestem op die kwessie van die heilstoeëiening. Vir die navorser het dit gou duidelik geword dat die antwoord op hierdie vraag hom implisiet in ‘n verskeidenheid bronre skuil hou: in aanvaarde kerkregtelike dokumente, in die formuliere wat die bediening van die sakramente voorafgegaan het, in die praktyk van die bediening van die doop, in die kerklike korrespondensie, in die geestelike leesstof wat in die Kaap aangekom het, die kategetiese onderrig en die waarneming van buitestanders.

Die belangrikste bron van inligting om die vraag na die heilstoeëiening te antwoord, naamlik preke, het egter in die geskiedenis hoofsaaklik verlore gegaan. In terme van die breëre opset van die studie het dit die vraagsteller nie ontmoedig om die beskikbare kerkhistoriese en theologiese nalatenskap uit die sewentiende eeu tog te fynkam, ten einde ‘n verantwoorde indruk te kry van die manier waarop daar in die Kaapse gereformeerde gemeente gedurende die tweede helfte van die 17de eeu oor die heilstoeëiening gedink is nie.

2.1 Die Kaapse aanleg van 1652: histories en ekklesiologies omlyn

Die Hollandse nedersetting aan die suidpunt van Afrika van 1652, staan in verband met nasionale aspirasies en ‘n idealisme waarin ook Afrika benut is ter wille van die handelsbelange in Oos-Indië.²³⁰ Toe het die V.O.C. reeds 50 jaar ervaring in die Ooste gehad. Uit die administratiewe en politieke ordening, die ekonomiese uitgangspunte en kerklike begeleiding van hierdie onderneming, blyk in welke mate dit deel was van die Europese beskawing waarin die Christelike geloof so ‘n deurslaggewende rol gespeel het. Dit was ‘n tyd waarin die wetenskap, filosofie en staatsreg opnuut bedink is. Dit het ingestel geraak op verandering wat die Europese lewensbeskouing

²²⁹ Voortaan aangedui as V.O.C.

²³⁰ Romein, J. 1934. *De lage landen bij de zee*. 307 e.v., 320.

verlig en gerasionaliseer het.²³¹ Ook in Nederland moes dit alles kerklik-godsdiestig verwerk word.²³² Humaniste en libertyne het die kerklike leer en lewe gerasionaliseer, terwyl die Nadere Reformasie in sy verwerping hiervan nie ‘n skoolse verwerking van die reformatoriese geloof voorkom het nie.²³³ Ten opsigte van laasgenoemde is eweneens aksentverskille en standpunte gehandhaaf. Dit kan gesien word by mense soos Voetius en Coccejus.

Kerkhistoriografies moet daar gevolglik versigtig gewerk word met die navolg van aannames en veralgemenings in verband met die gereformeerde kerklike en konfessionele lewe in Nederland teen die helfte van die 17de eeu. Dit is veral van toepassing op die kerkgeskiedskrywing uit die geledere van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, waar die 17de eeu in terme van ‘n gereformeerde paradigma ontsluit word. “Toe Jan van Riebeeck uit die klotsende see op die vaste aarde van Suidelike Afrika gestap het, is daar ‘n band gelê met die gereformeerde Protestantisme in Nederland,”²³⁴ is ‘n sprekende voorbeeld van so ‘n veralgemeining. Hierdie stelling van Odendaal verdien kwalifikasie. Van der Watt verwys ook daarna dat dit spesifiek die gereformeerde Protestantisme was wat uit Nederland na die Kaap “oorgeplant” was.²³⁵ Dieselfde geld byvoorbeeld ook vir De Kock se fundamentele opmerking dat “die Ned. Geref. Kerk in ‘n besonderse sin ‘n kind van die reformasie” was.²³⁶ Hanekom²³⁷ sluit ook by hierdie interpretasie aan. Ook hier moet ‘n kantaantekening kom: veralgemeen hy nie? Dit is immers ‘n vraag of die theologiese milieu in Nederland inderdaad oorheers is deur die gees en oortuigings van die sestiende eeuse Reformasie en met name deur die latere beroemde Sinode van Dordrecht (1618-1619).

By hiérdie Sinode is die jarelange stryd teen Jacobus Arminius beëindig. Arminius het die ontvangs van die heil versubjektiveer en die klem geplaas op die menslike kant van die bekering. Geloof is deur hom gesien as ‘n soort voorwaarde om die heil te ontvang. Die Sinode van Dordrecht het egter Arminius se siening as ‘n dwaling verwerp. Die gereformeerde standpunt is gehandhaaf dat die verlossing van God uitgaan en in Sy verkiesing geanker is. Meer klem is dus geplaas op die objektiwiteit van die heil.²³⁸ Die toeëiening van die heil is gevulglik ook teonoom verreken. Tereg wys De Jong daarop dat Dordt oortuig was dat “als God het geloof uit genade geeft, kiest hij daarmee die mens. God is niet voor dat genadige besluit afhankelijk van een menslike daad.”²³⁹

Daarmee het die wesenlike van die gereformeerde belydenis in Nederland tot uitdrukking gekom.²⁴⁰ Praamsma praat selfs van ‘n “gereformeerde bloetyd” in die sewentiende eeuse Nederland.²⁴¹ Die gereformeerde teologie is

²³¹ Vgl. Baumer, FL. 1977. *Modern European thought: continuity and change in ideas 1600-1950*. New York, Macmillan asook Hooykaas, R. 1972. *Religion and the rise of modern science*. Edinburgh. Scottish Academic Press.

²³² Vgl. Haitjema, TL. 1964. *De nieuwe geschiedenis van de Nederlands kerk der Hervorming*. s'Gravenhage. Boekencentrum.

²³³ Vgl. Romein, J. 1934. *De lage landen bij de zee*. 325.

²³⁴ Odendaal, BJ. 1957. *Die Kerklike betrekkinge..* 11.

²³⁵ Van der Watt, PB. 1976. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk*. 10.

²³⁶ De Kock, MGW. 1986. *Die NG kerk in Suid-Afrika*. In: SHE. 19.

²³⁷ Hanekom, TN. 1952. *Ons Nederlandse moederkerk*. 7, 13.

²³⁸ Jonker, WD. 1994. *Bevrydende Waarheid*. 127-128.

²³⁹ De Jong, OJ. 1972. *Nederlandse Kerkgeschiedenis*. 183.

²⁴⁰ Soveel so dat die Nederlandse kerkhistorikus Otto de Jong kan praat van “ de kerk in een gereformeerde staat.” Sien: De Jong, OJ. 1972. a.w. 162.

²⁴¹ Praamsma, L. 1980. *De Kerk van alle tiden*. 350.

by vyf teologiese fakulteite doseer waar daar eerlik gepoog was om vanuit die Skrif te dink.²⁴² Die Bybel was trouens “het boek op de kansel en in de huiskamers.”²⁴³ Ook die kerklied was Skrifgebonde. “Het kerklied bond de eredienst sterk aan de Bijbel. Tegenover gezangen die niet daarin waren gefundeerd, stonden de gereformeerden steeds zeer terughoudend,”²⁴⁴ teken De Jong aan. Die doopformulier en nagmaalsformulier het ook die sentraliteit van die Skrif geadem en van die gereformeerde aard hiervan kan gesê word: “in de lengte van de formulieren bleek hoe het calvinisme geloofskennis wilde aankweken.”²⁴⁵ Hiermee saam was daar duidelike pogings om die tug te handhaaf in gemeentes, ondanks die inmenging van die staat. “Wie de kerkeraadshandelingen onzer grote steden doorbladert, zal merkwaardige voorbeelden van censuur vinden en ontdekken.”²⁴⁶

Wat die inkleding van die liturgie betref was die invloed van die Reformasie duidelik sigbaar. Die hoofaksent was op die soewereiniteit van God en nie op die mens nie.²⁴⁷ Die uitleg van die **Heidelbergse Kategismus** het ook veel aandag ontvang. Van die Kategismus word getuig: “wat hem in ons Vaderland reeds zoo spoedig ingang verschafte en binne weinige jaren tot onbetwiste heerschappij bragt, was de spoedige vertaling”²⁴⁸ daarvan in Nederlands.

Dit is hierdie en dergelike opmerkings wat klaarblyklik deur die kerkgeskiedskrywing by die Nederduitse Gereformeerde Kerk opgeraap is om die Nederlandse kerklike lewe teen die helfte van die 17de eeu in terme van ‘n gereformeerde paradigma te ontsluit en dit dan direk van toepassing te maak op die kerk van Jan van Riebeeck se tyd. Daarmee is die aanknopings egter gemaak by slegs ‘n enkele bepaalde aspek van die Nederlandse kerkgeschiedenis. Die res van die prentjie - wat ook die gereformeerde karakter van die kerklike lewe in perspektief plaas - word buite rekening gelaat. Vir die onderhawige ondersoek na die manier waarop oor die toeëiening van die heil in die Kaaps-Hollandse Kerk gedink is, is dit dus van deurslaggewende belang om nie die gereformeerde paradigma met betrekking tot die vroegste kerklike geskiedenis van die Kaap klakkeloos na te praat nie. Uit wetenskaplik-verantwoorde navorsing is dit duidelik dat die basiese gereformeerde karakter van die kerk in Nederland in die sewentiende eeu gekompliseer is deur ‘n verskeidenheid faktore. Die moderne tydsgees het sy invloed behou. Die teologie en prediking van die Nederlands-Gereformeerde Kerk is hierdeur diepgaande geraak.

²⁴² Dies.,352.

²⁴³ Dies.,353.

²⁴⁴ De Jong, OJ. 1972. a.w. 164.

²⁴⁵ Dies.,163.

²⁴⁶ Dies.,354.

²⁴⁷ Vgl. Ter Haar, B en Moll, W. 1869. *De Geschiedenis der Christelijke kerk.* 87 e.v. Hier word ‘n beskrywing gegee van die tipiese liturgie van die gereformeerde kerk in Nederland. Die hoofklem lê op die Skrif en die verkondiging daarvan. Daarbenewens was die liturgie deurspeks met die sing van berymde Psalms en die gebede was in hoofsaak formuliergebede. Die klem wat op God val is opvallend. Dit is eie aan die kerk van die Reformasie.

²⁴⁸ Dies.,107.

Hoewel die dwaling van die remonstrantisme²⁴⁹ verwerp is, is dit daarmee dus nog nie hokgeslaan nie. In wese plaas die remonstrante die *mens* in die kollig. Daarvolgens word geleer dat die mens se wilsvryheid en keuse tot redding, die soewereine verkiesing deur God voorafgaan.²⁵⁰ Hierdeur verkry die geloof en bekering ‘n verdienstelike karakter. God word voorgestel as die Een wat “wag” op “koning mens” se besluit: “Arminius beschreef Gods decreet aldus, dat God besloten heeft om degenen die zich bekeren en geloven, in genade te ontvangen.”²⁵¹

Die invloed van die humanisme lê duidelik ten grondslag van hierdie denke. “De remonstrantse theologie behield deze grote aandacht voor de mens en zijn vermogens. Zij wilde de mens geheel verantwoordelijk stellen voor zijn geloofsbeslissing.”²⁵² Spoedig na die Sinode van Dordrecht, het die owerheid aan die Remonstrante beskerming gegee.²⁵³

Nog ‘n baie invloedryke prakties-teologiese rigting in Nederland en die Nederlands-Gereformeerde kerk van die 17de eeu, was die Nadere Reformasie.²⁵⁴ Die Nadere Reformasie was ‘n eg Nederlandse beweging binne die kerke van gereformeerde belydenis. Trouens, die drang was juis om eg gereformeerd te bly. “Zij waren Calvinisten en hadden de gereformeerde belijdenis lief. Maar ze wilden een waarachtig *leven* uit het Woord van God en een waarachtig *belijden* van de belijdenis.”²⁵⁵ Tog was daar ‘n “scheefgroei” weg van die oorspronklike bedoeling van die Reformasie.²⁵⁶ “Men in de Nadere Reformatie heefd in de eerste plaats aandacht gevraagd voor de *subjektiviteit van de mens*. De mens kwam in de schijnwerper. Het ging immers om het verdieping van het geloof en de heilige van het leven. Dus werd er veel aandacht gegeven aan het innerlijke werk van de Heilige Geest, het begin van het nieuwe leven.”²⁵⁷ Dit is hierdie klem op die gelowige mens se ervaring wat maklik die weg baan vir ‘n stuk ongerefommeerde outonome subjektiwisme. “In dat geval gaat men zijn geloofzekerheid zoeken bij zichzelf (de kenmerken van het genade) en verwijdert men zich ver van de leer van Luther en Calvyn over het geloof in de belofte van God.. al deze ongelukken zijn metterdaad gebeurd op de weg van de Nadere Reformatie.”²⁵⁸ Die afwyking van die ware bedoeling van die Reformasie is dus te vinde in die klem op die *mens* pleks van ‘n gerigtheid op God en Sy beloftes van die heil in Christus.

²⁴⁹ Jacobus Arminius was hoogleraar in teologie in Leiden. In 1604 het dit duidelik geword dat hy en sy kollega, F Gomarus, totaal verskillend oor die weg van saligheid gedink het. Arminius het ‘n meer tolerante, moralistiese en humanistiese vertolking van die reformatoriese posisie daarop nagehou. (Jonker, WD. 1994. a.w. 123, 125). ‘n Mens sien dus hier hoedat die monster van die humanisme sy invloed uitoefen. Utenbogaard was na Arminius se dood in 1609, die leier van die “Arminiane.” In 1610 lê hy die Arminiane se “verweerskrif” of “remonstrantie” aan die State van Holland voor om die posisie van die Arminiane te verduidelik. Vandaar was dit gebruiklik om na die Arminiane as “remonstrante” te verwys. (Jonker, WD, 1994. a.w. 125).

²⁵⁰ Jonker, WD. 1994. a.w. 127.

²⁵¹ De Jong, OJ. 1972. a.w. 182.

²⁵² Dies., 199.

²⁵³ Praamsma, L. 1980. a.w. 269, 366.

²⁵⁴ Sien Praamsma, L. 1980. a.w. 360. Ook Trimp, C. 1986. In: *De Nadere Reformatie*. 828-830.

²⁵⁵ Praamsma, L. 1980. a.w.360.

²⁵⁶ Trimp, C. 1986. a.w. 829.

²⁵⁷ Dies.

²⁵⁸ Dies.

Bekende figure uit die Nadere Reformasie gedurende die 17de eeu was Wilhelmus à Brakel en FA Lampe.²⁵⁹ “Hun ijver,” skryf Hendriks, “voor de vroomheid over de hele linie van het leven brengt hen ertoé, om in een volkskerk waarin velen in naam gereformeerd zijn, aan te dringen op een naugezet zelfonderzoek. Halve christenen en schijnchristenen moeten van het avondmaal worden teruggehouden.”²⁶⁰ à Brakel trek ‘n skerp onderskeid tussen “bekeerd” en “onbekeerd.” ‘n Subtiele verskuiwing vanaf Christus en Sy heil na die Christen en sy toestand, is by hom sigbaar. Dit sien ‘n mens in die verskillende kriteria wat hy aanlê waarvolgens ‘n mens jouself moet beproef alvorens toegang tot die nagmaal verkry kan word.²⁶¹ So is die teonome denke van Dordtrecht eweneens verdring.

Om die saak enigsins nog ‘n keer te ondersteep, kan op die ontwikkeling van die teologiese skolastiek in die gereformeerde benadering gewys word. Daarin het die rationele analisering deurslaggewend geword. Dit word veral duidelik in die polemiese inslag van hierdie teologiese metode.²⁶² Maar genoeg. Die bedoeling van bogenoemde opmerkinge dien slegs om die punt te illustreer dat daar nie ‘n teologiese reguitlyn vanaf die Reformasie na Dordrecht (1618-1619) na Nederland en na die Kaapse nedersetting getrek kan word nie. So eenvoudig lê die saak ten ene male nie!

Dit is teen hierdie agtergrond wat die Nederlandse aanleg en Christelike gemeenskap aan die Kaap begryp moet word. Die kerklike bediening van die Kaapse samelewing is vanuit Nederland gereël, in verband met die Indiese kerke.²⁶³ Die Klassis van Amsterdam, waar die V.O.C. sy hoofkwartier ingerig het, was die skakel met die Indiese en Kaapse kerke.²⁶⁴ Die samelewing aan die Kaap is dus bedien en bestuur volgens Nederlandse aannames en tradisies. In hierdie verversingspos moes die kommandeur (Jan van Riebeeck) tevreden wees met die dienste van ‘n sieketrooster. Die V.O.C. sou eers later, in 1665, die pos van ‘n predikant aan die Kaap toesê.

“Het amt der cranckebesoekers” is uiteengesit in artikel 73 van die Bataavse Kerkorde van 1643.²⁶⁵ Hierdie kerkorde vir “de kerken van Batavia” was ‘n hersiening van die kerkorde van 1624. Sonder twyfel ken hierdie kerkorde aan die owerheid ‘n gesagsposisie in kerklike sake toe wat in Nederland ongekend was.²⁶⁶ Daarmee is die verhouding tussen die kerk en owerheid ook gedefinieer. Het hierdie kerkorde, met sy kenmerkende inslag, aan die Kaap gegeld? In die Kaap is nooit besluit om enige bepaalde kerkorde in te voer nie. Uit die arbeid van

²⁵⁹ Hendriks, AN. 1992. *Rond de ware zelfbeproeving*. 622-623.

²⁶⁰ Dies.,621.

²⁶¹ Dies. 622-623.

²⁶² De Jong, OJ. 1980. a.w. 215. Gaandeweg het die beoefening van die gereformeerde teologie op die weg van die beredenering van “polemiese onderwerpe” beland. Dinge soos skolastiese beredeneringe oor verskillende strydpunte, vind hul weg tot die teologiese opleiding, veral via iemand soos Franeker wat begrippe uit die middeleeuse wysbegeerte na die teologie gebring het. Maresius het vir Gomarus opgevolg in Groningen en sy teologiese styl was uit en uit die van skolastiese polemiese redevoeringe. Ook hierin kan duidelik gesien word hoedat die aksente wegbeweeg van die oorspronklike bedoeling van die Reformasie.

²⁶³Vgl. Mooij, J. 1923. *Geschiedenis der Protestantse Kerk in Nederlandsch-Indië*. 20-26, Callenbach, JR. 1898. *De betrekking van de moederkerk tot en haar invloed op de Indische kerken.*, Van Dubbeldam, CWTH van B, 1906. *De Gereformeerde kerken in Nederland en de zending in Oost-Indië in de dagen der Oost-Indische Compagnie*. 90 e.v.

²⁶⁴ Joosse, LJ. 1990. *Schoone dingen zijn sware dingen*. 391 e.v., 412 e.v., 426 e.v.

²⁶⁵ Spoelstra, C. 1907. a.w. 594. Sien ook Claesen, JP. a.w. 19-72.

²⁶⁶ Joosse, JL. 1990. a.w. 523 e.v.

die sieketroosters, en die patronaatsposisie van die owerheid ten opsigte van kerklike aangeleenthede, moet egter aanvaar word dat die gees en benadering van hierdie kerkorde in die Kaap navolging gevind het. Daarom word soveel belang hieraan toegeken in die onderhawige studie.

Volgens hierdie kerkorde moes sieketroosters hulle toespits op die vertroosting van “de siecken en de crancken” uit die Woord van God, benewens die bediening van die gebede. Dan moes hulle ook “den volcke” bedien met die lees van preke “uyt de Decades Bullingeri, Ursini Catechismo, of te eenich ander boeck, van eenich leeraer der waere Christelycke Gereformeerde religie ingestelt,”²⁶⁷ die waarneem van die openbare gebede “alsmede...met ende uyt het Woort Godts in’t bysonder...de onwetende in het geloove neerstigtelijk t’ onderwijsen.”²⁶⁸ Hiermee word sekerlik bedoel diegene wat nie kennis van die verlossing in Christus het nie. Dit sluit die kinders wat in die kategetiese onderrig tereg kom, ook in. Maar, wat dit presies behels het en wat die theologiese vooronderstellings was wat hier werksaam was, word nie omskryf nie.

Die eksistensiële taal waarin die Nederlandse Geloofsbelijdenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls oor die heil in Christus en die toeëiening (of omhelsing) daarvan uit genade alleen praat, ontbreek op hierdie punt. Op ‘n manier lê hierdie artikel ‘n ander klem. Sondaars moes vermaan word tot boetvaardigheid “met het voorhouden van de schrikkelijke oordeelen Godts, van haer verderff trouwelyck te waerschuwen, specialijck het vloecken, sweeren, misbruyck van de namen Godts, met alle ontuchtigen woorden en werken, door alle mogelijke en behoorlycke middelen tegen te staan.”²⁶⁹ Hierin lê iets van die uitbou van die moraliteit van die samelewing – ‘n saak wat van soveel belang vir die humanis was. Hiervolgens is die Christelike godsdiens gewaardeer as een van die sterkste beskawingskeppende magte in die samelewing. Wat die arbeid van die sieketrooster in die gemeenskap betref, was daar gevvolglik onderliggende oorweegredes aanwesig. Dit staan in verband met die opvatting van “de Christelijcke religie.” Na die mate waarin die Christelike geloof as ‘n waardevolle religie vir en van die samelewing begryp word, na daardie mate verskuif die klem van die toeëiening van die heil deur die geloof uit genade alleen na ‘n bewuste keuse vir die etiek en lewenstyl van hierdie godsdiens. Hierin domineer die handelende mens. Hierin breek ‘n omhelsing van die outonome theologiese denke deur.

Bring ‘n mens hierdie insig in verband met die opgaaf van die onderhawige studie, is dit dadelik ‘n vraag of hierdie benadering ook aan die Kaap gevolg is? Die antwoord hierop lê in die ter saaklike dokumente. Die eerste verslae van die sieketroosters aan die Klassis van Amsterdam uit die Kaap, moet gevvolglik nou met die oog hierop gefynkam word.

²⁶⁷ Spoelstra, C. 1907. a.w. 594.

²⁶⁸ Dies.

²⁶⁹ Dies.

2.2 Die eerste verslae van sieketroosters uit die Kaap: 1655-1663

In sy Bouwstoffen voor de Geschiedenis der Nederduitsch-Gereformeerde Kerken in Zuid-Afrika het C Spoelstra met groot noukeurigheid die eerste godsdienstige verslae van die Kaapse sieketroosters opgeneem.²⁷⁰

Nagenoeg drie jaar nadat Jan van Riebeeck voet aan wal gesit het, het Willem Barentsz Wylant,²⁷¹ die plaaslike sieketrooster, ‘n register opgestel van geordende predikante wat die Kaap aangedoen het²⁷² en dit saam met ‘n oorsigtelike verslag oor “den staat ende gelegenheyt van diese plaetse, ten aensien van den waren godsdienst,”²⁷³ aan die Klassis Amsterdam gestuur. Wat laasgenoemde betref is “alles in een goede ordre” gevind.²⁷⁴ Die “volck” word naamlik “gehouden tot den godtsdienst”²⁷⁵ en “niemand magh uthblijven.”²⁷⁶ Elke aand word die “avontgebedt” gedoen “ende Soondaegh so lese ick een predicatie voor, ende dat die een Sondaegh een Evangelisttext, die ander Sondaegh een verklaeringe uth Ursinus ofte uth Lansberghius over de Catechismus; ende laet dan die jonges die vragen opseggen ende mit een schriftuerplaetse twe, dre bewisen.”²⁷⁷

Uit Ursinus se pen het verskyn Het Schat-boek der Christelyke leere, ofte, uitlegginghe over den catechismus..vertaelt, ende met tafelen..verlicht door..Festus Hommius..nu van nieuws oversien..door Johannes Spiljardus in 1602. Dit is in Leyden gedruk. In 1650 is ‘n heruitgawe in Amsterdam gepubliseer as Het schat-boek der verklaringhen over de Catechismus der Christelijcke Religie.²⁷⁸ Graafland bring hierdie verklaring van Ursinus in verband met die gereformeerde piëtisme, wat met Petrus Ramus begin het.²⁷⁹ Hier lê ‘n subtieke aksentverlegging verskuil. Dit is ‘n verskuiwing na die aktiewe belangstelling in die subjektiewe deurlewing van die geloof.²⁸⁰ Philippus Lausbergen (1561-1632)²⁸¹ het Den Catechismus ofte onderwysinghe in de Christelijcke Religie (1616) oorspronklik in Latyn geskryf. Van Zijl merk op dat hierdie werk ook “die klem theologies op die subjektiewe... fokus.”²⁸² Wat die “vragen opzeggen” betref, kon Van Zijl in sy ondersoek nie vasstel watter handboek vir die katkisasie gebruik is nie. “Na alle waarskynlikheid,” maak hy sy slotsom, “het Wylant van die Heidelbergse Kategismus en/of die Kort Begrip van Faukelius gebruik gemaak.”²⁸³

²⁷⁰ Spoelstra, C. 1906. a.w. 3-26.

²⁷¹ Claasen, JP. 1977. a.w. 73-77.

²⁷² Spoelstra, C. 1906. a.w. 5-6. Die opstel van ‘n lys van besoekende predikante hou verband met artikel 37 van die kerkorde van Batavia. Daarin word alles i.v.m die “kerckelijke boeken” gereël. Dit sluit o.a in die opstel van ‘n “register van ledematen” en “praedecanten.” Sien: Spoelstra, C. 1907. a.w. 588.

²⁷³ Dies.,3.

²⁷⁴ Dies.

²⁷⁵ Dies.

²⁷⁶ Dies.

²⁷⁷ Dies.

²⁷⁸ Van Zijl, WJ. 1991. ‘n Kerkhistoriese Bibliografiese studie van die Boek.. 174 e.v., 271.

²⁷⁹ Graafland, C. 1961. *De zekerheid van het geloof*. 105.

²⁸⁰ Sien: Brienen, T. 1993. *Vroomheid volgens het Gereformeerde Piëtisme in Nederland, met name bij vader en zoon a Brakel*. In: Van’t Spijker, W, Balke, W, Exalto, K (red). 1993. *Spiritualiteit*. De Groot Goudriaan. Kampen.

²⁸¹ Christelijke Encyclopedie. 1959. Deel 4. 378.

²⁸² Van Zijl, WJ. 1991. a.w. 179.

²⁸³ Dies., 155-156.

Hiernaas, skryf Wylant, word die sakramente van doop en nagmaal bedien “wanner die gelegenheyt des tijts presenteert dat hyer een schip comt, daer een predikant op is.”²⁸⁴ Sieketroosters, proponente of enigiemand anders behalwe predikante, is nie toegelaat om die sakramente te bedien nie.²⁸⁵ Aan die Kaap is die Woord en gebede dus bedien. Die bediening van die sakramente deur geordende predikante het daarin bygekom. Die kinders is in die Heidelbergse Kategismus onderrig. Hierin teken die basiese patroon van ‘n tipiese gereformeerde bediening hom af. Hierbenewens reflekter Wylant se verslag ook die praktyk van die Kaapse situasie waarin dit om ‘n amptelike erkende bediening en ‘n Christelike (en gereformeerde) owerheid gegaan het. Immers, niemand kon hom “van wat gevoelen dat se ock souden mogen zijn,” van die godsdiensoefeninge “zonder consent ofte straffe, die dartoet staet, vant opperhooft dartoet gestelt,”²⁸⁶ onttrek nie.

Wanneer Wylant van “dese natie hier te lande ofte dese inwoonders”²⁸⁷ vertel, verander die prentjie egter. Hulle is “een seer arm elendigh volck na siel ende na lichaem; beroft van alle kennisse Godts.”²⁸⁸ So evalueer hy die Khoikhoi groepe op negatiewe wyse. Tewens, die praktyk het dit bevestig omdat nie een van die twee Khoikhoi seuns wat hy by hom laat woon het, enige blywende indrukke van die Europese opvoeding wat hy hulle gebied het, oorgehou het nie. Om hulle dus deur middel van die aanleer van hulle taal en die Nederlandse lees- en skryfkuns “tot het licht der waerheyt te brengen,” geluk nie.²⁸⁹ Wat God in Sy alvermoë vir hulle voorsien het, is aan Hom alleen bekend. Hy is “machtich ... om haer te treecken uth die dusternisse en brengen se tot licht sijns soons Jesu Christi.”²⁹⁰

Ondertussen, so laat Wylant hoor, sal hy nie nalaat om alle moontlike middele aan te wend, om “haer te trekken uth het rijke der dusternisse en verlossen sie uth die handen des Satans ende brengen se tot het rijke sijns Soons.”²⁹¹ So het hy die kerstening ook aangepak. Dit is van die sieketrooster (en predikant) verwag. Die Kerkorde van Batavia maak opvallend veel van die “heydenen” en die bediening van die evangelie aan hulle.²⁹²

Pieter van der Stael,²⁹³ eweneens ‘n “medehulper in de gemeinte Jesu Christi”²⁹⁴ het tussen 1657 en 1663 ook van hom laat hoor oor “de kerckelijke saecken.”²⁹⁵ Uit die agt briewe wat hy geskyf het, blyk die spesifieke sake wat in ‘n gereformeerde bedieningstruktuur van groot belang is: die gereelde prediking,²⁹⁶ die bediening van die sakramente en die kategetiese onderrig. Hy lig die Klassis ook in oor ‘n klompie huwelike wat deur die Politieke

²⁸⁴ Dies., 4.

²⁸⁵ Vgl. die Kerkorde van Batavia artikel 44 : Spoelstra, C. 1907. Deel 2. a.w. 590.

²⁸⁶ Dies.,3.

²⁸⁷ Dies.,4.

²⁸⁸ Dies.

²⁸⁹ Dies.

²⁹⁰ Dies.

²⁹¹ Dies.

²⁹² Vgl. artikels 46-49 en veral die “middelen om de bekeeringe der heydenen te vorderen.” Spoelstra, C. 1907. a.w. 590, 597 e.v.

²⁹³ Sien SABW deel 5, 855 en Claasen, JP. 1977. a.w. 77-80.

²⁹⁴ Dies.,7.

²⁹⁵ Dies.

²⁹⁶ Dies.,7-26.

Raad voltrek is.²⁹⁷ Hy het wel sy bes gedoen om die Khoikhoi by die Christelike kerk in te skakel, maar bedroë daarvan afgekom.²⁹⁸

Wat “de tafel des Heeren” of “het Heilig Avondmael” betref, is dit duidelik dat net lidmate wat reeds openbare belydenis van die geloof afgelê het en “hare attestatie” kon toon, aangesit het.²⁹⁹ Hiermee is ‘n aanvaarde gereformeerde praktyk gehandhaaf, wat per implikasie - daarby word later stilgestaan - veelseggend is ten opsigte van onder andere die toeëiening van die heil. Hy doen ook oor die bediening van die doop verslag. Tewens, hoe belangrik die Christelike doop deur hom geag word, word onderstreep deur ‘n opmerking in verband met drie kinders “die haer christelijken Doop noch niet ontvangen hebben ... verwachtende alsoo met lijdtsaemheyt tot naeder gelegenheyt; zal alsdan niet versuymt worden, maer waergenomen worden met alle christelijcke eerbaerheyt, gelijck als dat betaemt.”³⁰⁰

Hy maak dikwels melding van kinders van belydende lidmate wat na ‘n “predikatie” gedoop is deur een of ander besoekende predikant. Hy teken soms ook die name van die getuies op.³⁰¹ Ook “bejaert”persone is gedoop.³⁰² So is hierbenewens ook “Jan ... gedoopt ...wiens ouders Menno-gesint zijn geweest, ende heeft oock zijn belijdenis des geloofs gedaen ende mede gecommuniceert.”³⁰³ Kinders van slavinne is eweneens gedoop: “Een van mijn slavin, is genaemt Pieterje en een van de slavin van den Hr. Commandeur is genaemt Reintje; dese twee zijn onechte kindere.”³⁰⁴ By die doop van nog ‘n kind wat “in onecht geboren is,” naamlik dié van ‘n slavin, is “Joosten Cornet en Denijs Otto,” beide “corporaels,” die getuies.³⁰⁵ Op die derde Mei 1663 is “gedoopt een bejaerde vrouspersoon, de eerste van dese ingeborene lantsluiden, genaemt Hottentoos; is genaemt met de naam van Eva.” As getuies het Roelof de Man en Pieter van der Stael opgetree.³⁰⁶ Nog in dieselfde brief (2 April 1662) maak hy ook melding van die doop van kinders wat as “onechte kinderen van slavinnen geboren” is. Dan volg die bekende sinnetjie wat hy byna sonder uitsondering by sy verslag oor dopelinge byvoeg: “Mag Godt de Heere geeft dat dese gedoopte kinderen tot sijns naems eere mogen opwassen.”³⁰⁷

Uit Wylant en Van der Stael se verslae blyk dit dat, in die Kaapse gemeenskap, wat deur amptenare bestuur is, almal by die openbare beoefening van die geloof ingeskakel is. Hierdie amptelik erkende beoefening van die geloof was gebaseer op die gereformeerde denkstruktuur waarin die Woordbediening sentraal staan. In diens hiervan kom die sakramente van die doop en die nagmaal, waarin ‘n geordende ampsdraer voorgaan. Die nagmaal is slegs deur diegene gevier wat reeds belydenis van die geloof afgelê het en daarvan bewys kon lewer. Wat die doop betref, is nie net kinders wat uit verbondsouers gebore is, gedoop nie. Ook kinders van slavinne, wat in diens

²⁹⁷ Dies.,8,11.

²⁹⁸ Moorrees, A. 1937. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika*. 21.

²⁹⁹ Dies.,8-9, 15-16, 19, 23-24.

³⁰⁰ Dies.,11.

³⁰¹ Dies., 9,18,22-23,26.

³⁰² Dies.,9.

³⁰³ Dies.,13.

³⁰⁴ Dies., 17. Ook 13, 20,24.

³⁰⁵ Dies.,26.

³⁰⁶ Dies.,23.

was van Christen here, of die Kompanie, wat met behoorlike getuies ten doop gebring is, is met water besprengel en dus gedoop. Tussen die doop en toelating tot die nagmaal, het die tyd van onderrig (kategese) uit die Woord plaasgevind. In die verloop van hierdie tyd, so is die gereformeerde oortuiging gemunt, vind die toeëiening van die heil plaas. Op hierdie wyse is daar aan die Kaap gehou aan die gereformeerde denklyn.

Dit aan die eenkant. Aan die anderkant moet daar ‘n vraagteken geplaas word agter die praktyk om slawekinders te doop. Slawe is, terloops, sedert 1658 in die Kaapse gemeenskap opgeneem.³⁰⁸ Die vraag is egter: gaan dit by hierdie inskakeling by die Christelike kerk om ‘n humanistiese opvatting van die Christelike geloof as ‘n beskawingskrag? Dit is wel baie duidelik dat hiermee in die hand van ‘n klemverskuiwing gespeel word: vanaf die heel spesifieke “gelowiges en hulle kinders” na ‘n meer algemene opvatting waarin selfs die Christelike owerheid as getuie kan instaan! Dit het sekerlik ook implikasies gehad vir die Christelike samelewing aan die Kaap. Immers, dit was ‘n kragtige middel om Christelike sedes in die gedifferensieerde gemeenskap onder die slawe te vestig. Dit was juis hierdie doopgebruik wat vir die eerste theologiese kontrovers aan die Kaap gesorg het.

2.3 Predikante, ‘n kerkraad en ‘n Kaapse gemeente: 1665-1686

Teen 1665 was dit duidelik dat ‘n vaste predikant en gemeente vir die Kaapse gemeenskap nodig geword het. Daarin het die owerheid voorsien en met die aanwys van ‘n kerkraad gevolg gegee aan ‘n nuwe kerklike inset en ontwikkeling. Die twee kerkraadslede (1 ouderling en 1 diaken) het met hulle handtekening erken dat “de belijdenisse der Gereformeerde kerke voor goed en met het Woord Gods overeenstaande” is.³⁰⁹ Die predikante het mekaar in die nuwe gemeente vinnig opgevolg. In 1678 het ds Johannes Overney leraar geword.³¹⁰ Op sy reis na Indië is hy versoek om aan die Kaap te bly en hier die vakante leraarspos te vul. Daarvoor het hy ingewillig, hopende “dat de Opperherder J. Chr., die mij hier gesonden heeft, mij met sijn kragt en gaeven sal aendoen, om deselve als een onberispelijck voorbeeld voor te gaen, en hem veele sielen toe te brengen.”³¹¹ Hy het gou agtergekom dat “hier voor desen eenige swaerigheit wierde gemaect over het doopen van slaevenkinderen.”³¹² Dat hierdie verskil van mening ‘n eie geskiedenis aan die Kaap het, sou hy spoedig uitvind. Tewens, dit was reeds in die middel van die jare sestig, skryf hy, dat ds P Baldaeus, op weg na die vaderland, geweier het om, na die gewoonte aan die Kaap, “een companies slaevekint hier ter plaatse te doopen.”³¹³ Dit sou teen die “ordre der kercken” in Indië (Batavia) wees. In die Kaapse gemeente (en gemeenskap) het hierdie optrede nie goed afgegaan nie. Die Politieke Raad het vergader en met verwysing na ‘n skrywe van die Goewerneur- generaal van Indië besluit dat die slawekind wel die volgende Sondag gedoop moes word.³¹⁴ Daarvolgens kan slawekinders, gebore uit “ongelovige ouders” wel die doop ontvang en wel “op dusdanige wijse: te weten, dat al sulcke kinderen op’t

³⁰⁷ Dies.,24.

³⁰⁸ Blommaert, W. 1938. *Het invoeren van de slavernij aan de Kaap*. Pretoria. Staatsdrukker.

³⁰⁹ Artikel 39 van die Kerkorde van Batavia het dit ook vereis. Sien : Spoelstra, C. 1907. Deel 2. a.w. 588-589.

³¹⁰ Engelbrecht, SP. 1952. *Die Kaapse predikante van die 17de en 18de eeu*. 24.

³¹¹ Dies., 28.

³¹² Spoelstra, C. 1906. a.w. 28.

³¹³ Dies.,28.

³¹⁴ Dies.,31.

Christen gelove, van degeene, daarse bij inwoonen, wel mogen werden gedoopt, mits dat deselve haar verbinden, sodanig kindt of kinderen in de Christelike religie op te trekken.” Hierdie dooppraktyk word dan gefundeer in die voorbeeld van Abraham “op wiens gelove” almal in sy huishouding - ook slawe - besny is.³¹⁵ Dit het gevvolglik weinig saak gemaak of die ouers voluit heidene, of heiden en Christen was.

Aan die Kaap is dus gewoon aanvaar dat die slawekinders in die skool die opvoeding in die Christelike godsdiens sou kry. Ds Overney moes nou, meer as 12 jaar later, tog seker maak van hierdie saak. Daarom vra hy van die Klassis van Amsterdam hul “oordeel, advijs en resolutien.”³¹⁶ Om die saak in perspektief te stel, gee hy ‘n kort uiteensetting van “welcke kinderen alhier gedoopt sijn.”³¹⁷ “Geen kinderen van onse eigene inwoonders, de Hottentots werden gedoopt” nie, behalwe die kind van ‘n vrou wat lidmaat geword het. Ook word nie alle kinders van slawe gedoop nie, maar net dié waarvan dit seker is dat hulle in die Christelike religie opgevoed sal word. In hierdie verband moet die eienaars die kinders “presenteer en daervoor beloven, om die mede te sullen onderwijsen in die Christelike religie.”³¹⁸ “Oock alle slaevenkinderen, die de Companie toebehooren, waervoor bij den H. doop een companysdienaar antwoort, welke kinderen dan daernae ter scholen werden gesonden.”³¹⁹ Ook slawekinders wat “bij de Portugeesen gedoopt sijn,” word gedoop. Kinders van Roomse ouers word eweneens gedoop, mits gereformeerde getuies instaan.³²⁰

Hierop het die Klassis die besluit van die Sinode van Dordrecht (1618-1619) in hierdie verband as ‘n antwoord aangehaal en aan ds Overney deurgegee. Kortlik kom dit daarop neer dat kinders van heidense ouers *nie* tot die doop toegelaat mag word nie “tensij sij voorhenen tamelijk in de fundamenten der Christelike Religie onderwesen sijn, professie doen des geloofs, en eenige rekenschap daervan geven kunnen, den doop selfs begeeren en bequame getuigen daerbij genomen worden, die haar verder in die Christelijke Religie beloven te onderwijsen.”³²¹

Is die saak hiermee weer teruggeplaas binne die kontoere van die Dordtse siening?³²² Vir Brown het dit ‘n vraag gebly “of die beleid vanuit die Dordtse siening van die doop bedink moes word en of dit kontekstueel by die Kaapse samelewing met sy komponent van slawe (en die sonde van ontug) aangepas moes word.”³²³ Veral, merk hy op, in die lig van die feit dat daar tussen 1665 en 1731 nie minder nie as 1161 slawe gedoop is.³²⁴ In hierdie verband is daar klaarblyklik nie konsekwent vanuit die heil en heilstoeëiening gedink nie, ook nie vanuit die kerk van Christus nie, maar wel vanuit die Christelike gemeenskap.

³¹⁵ Dies.,30.

³¹⁶ Dies.,28.

³¹⁷ Dies.

³¹⁸ Dies.

³¹⁹ Dies.,29.

³²⁰ Dies.,28-29.

³²¹ Spoelstra, Deel 2, 10.

³²² Vir die Dordtse siening kyk: Kaayan, H. 1914. *De pro-acta der Dordtse Synode in 1618.* 221-259.

³²³ Brown, E. Ongepubliseerde notas. 25.

³²⁴ Dies.

Die vroeëre dooppraktyk aan die Kaap het dus implisiet met die begrip van die heil en die toeëiening van die heil te make. Op die keper beskou, betrek die besluite van Dordt oor die doop van kinders uit heidense ouers, huis die fokus op die teonoom-eksistensiële toeëiening van die heil. Met die oog op die sentrale vraagstelling van hierdie navorsing, verdien hierdie punt dus ‘n breëre beredenering.

2.4 Heil, heilstoeëiening en die bediening van die sakramente aan die Kaap

In die vorige paragraaf is daarop gewys dat die doop van slawekinders uit heidenouers aan die Kaap verskil van die besluite van die Dordtse Sinode (1618-1619). Vir Dordt moes hierdie kinders (waarvan daar in Oos- Indië ‘n toenemende aantal was) eers in die basiese uitgangspunte van die Christelike geloof onderrig word. Hulle moet dit vervolgens ook toeëien en kon dan gedoop word. Hiermee het Dordt vasgehou aan die oortuigings van die Reformasie en die gereformeerde belydenisskrifte met betrekking tot die heilstoeëiening. Hierin gaan dit dan spesifiek om die heil, heilstoeëiening en die sakramente.

In terme van die teonome en eksistensiële denke van die Reformasie en die gereformeerde belydenis, (HK Sondag 25-31, NGB artikels 33-35) is daar ‘n orde aangelê tussen heil, heilstoeëiening en die sakrament. Dit kan vergelyk word met die volg van ‘n bepaalde “roete.” In die doop word die heilsbelofte aan die gedoopte toegesê. In die nagmaal word die toeëiening van die heil gevier. Maar waar vind hierdie toeëiening dan plaas? Nie by die doop nie, maar by die kategetiese onderrig wat letterlik tussen die doop en nagmaal plaasvind. Die orde is dus: doop-toeëiening-belydenis-nagmaal. Omdat die heil en die heilstoeëiening gerealiseer word in die werk van die Heilige Gees en die aanhoor van (of onderrig in) die Woord, staan die kategetiese onderrig dus volledig in die teken van die Woordonderrig. So is die teonome uitgangspunt in die praktyk van die gemeente en die sendingsituasie, soos Dordt daaroor leiding gegee het, vergestalt. Dit was in hierdie skriftuurlike singewing dat die Reformasie die lyn getrek het van die doop na die nagmaal deur die kategese en openbare belydenis van geloof. In die lig hiervan is vraag 8 en antwoord 81 (Sondag 30) van die **Heidelbergse Kategismus** ook goed te begrys. Daarvolgens is die nagmaal ingestel “vir die wat hulself vanweë hulle sondes mishaag en tog vertrou dat dit hulle om Christus wil vergewe is.” Kennis van die heil en die toeëiening van die heil gaan dus die toelating tot en die ontvang van die nagmaal vooraf.

Dieselde struktuur of orde word in **die formuliere van die doop en nagmaal**, wat destyds in die Kaapse gemeenskap en na 1665 ook in die gemeente gebruik is, behou. In die **formulier om den heiligen Doop te bedienen aan de kleine kinderen der gelovigen**³²⁵ word dit duidelik gestel dat alle mense van nature “kinderen des toorn zijn”³²⁶ en slegs in die koninkryk van God kan kom “tenzij wij van nieuws geboren worden.”³²⁷ Die noodsaaklikheid van die wedergeboorte vir kinders van gelowiges word dus onomwonne gestel. Daar is geen aanduiding dat die dopeling se wedergeboorte veronderstel word of deur die doop gegee word nie. Trouens, die

³²⁵ Psalm en Gesangboekie van 1918. Sien bibliografie vir volledige besonderhede. 37.

³²⁶ Dies., 40.

³²⁷ Dies.

dopeling moet later sy “zaligheid buiten” homself “zoeken.”³²⁸ So word daar gehou aan die teonome eksistensiële denklyn van die Reformasie.

Dit word gekontinueer in die trinitariese fundering van die doop. Die doop, so lê die formulier die Skrif uit, “betuigt” en “verzagel” die “afwassching der zonden door Jezus Christus.”³²⁹ In die doop “verzagelt de Vader” dat Hy “ons tot zijne kinderen en erfgenamen aanneemt.”³³⁰ Deur die doop “verzagelt” die Seun “dat hij ons wascht in zijn bloed van al onze zonden, ons in de gemeenschap zijns doods en zijner wederopstanding inlijvende, alzoo dat wij van al onze zonden bevrijd en regtvaardig voor God gerekend worden.”³³¹ Weer eens val die eksistensiële-teenwoordige tydsvorm op. Net so “verzekert” die Heilige Gees die dopeling dat “hij bij ons wonen en ons tot lidmate van Christus heiligl en ons toeëigenende hetgeen wij in Christus hebben.”³³² Hier word die teenwoordige en toekomstige tydsvorm gebruik. Die Heilige Gees “wil” die dopeling tot lidmaat heilig en tog woon Hy reeds by die dopeling.

Uit dit alles kan die volgende afgelei word. Dit is duidelik dat die volle krag van die objektiewe heilstoesegging gehandhaaf word. Die heilswerk van God wat die mens se heilstoeëiening voorafgaan word kragtig gehandhaaf. Dit blyk veral uit die toeëienende werk wat hier aan die Heilige Gees toegeskryf word en nie aan die mens nie! Dit is die Gees wat aan die verbondsmens toeëien wat die mens in Christus ontvang het! Dit is hierdie werk van die Gees wat die mens se wilsbesluit na vore bring. Die heilsbelofte wat deur die doop verseël word, is dus nie slegs ‘n vae toekomsbelofte wat afhanglik is van die mens se vermoë om dit te realiseer nie. In die heilsbelofte skenk God daadwerklik die heil en die genadewerking van Sy Gees.

Dat hierdie heilstoesegging nie outomaties in die dopeling werk nie, blyk uit die feit dat die Heilige Gees die dopeling “wil” heilig. Iets van die onvoltooidheid van die heilstoeëiening word hier sigbaar. Dit blyk nog duideliker uit die res van die formulier waar gesê word dat ‘n verbond uit “twee delen begrepen zijn.”³³³ Dit beteken dat die mens opgeroep word tot bekering en daadwerklike gehoorsaamheid. “Wij worden door God door den Doop vermaand en verpligt tot eene nieuwe gehoorzaamheid, namelijk, dat wij dezen eenigen God aanhangen, betrouwen en liefhebben van ganscher harte... de wereld verlaten, onze oude natuur dooden.”³³⁴

Hiermee word die noodsaaklikheid van die persoonlike heilstoeëiening gehandhaaf. Maar, die toeëiening van die heil besit geen inherente meriete nie. Die feit dat die persoonlike geloof voortspruit vanuit die objektiewe heilstoesegging, ontnem die geloof enige verdienstelikheid en saligmakende funksie. Hierin volg die formulier die Skrif en die gereformeerde belydenis getrou na.

³²⁸ Dies.

³²⁹ Dies.

³³⁰ Dies.

³³¹ Dies.

³³² Dies.

³³³ Dies.,38.

³³⁴ Dies.

Dit het ‘n besondere spits in die vrae wat aan die doopouers gerig word. Nie net kom hulle verbondenheid aan die Skrif, die ware leer en verkondiging hiervan in die plaaslike gemeente daarin aan die orde nie, maar word ook die belofte om hulle kind in die Woord te onderrig en te laat onderrig beklemtoon. Dit is immers in hierdie fundering wat die toegesegde heil toegeeëien word. So word die heil, die doop, die Woord en die heilstoeëiening spanningloos op mekaar betrek. Die formulier is opgestel vir gelowige ouers – mense wat dus self die heil deelagtig geword het. Mense wat dus die weg ken. Dordt het ‘n slordige dooppraktyk, waarin enigiemand ‘n kind ten doop kon bring en enigiemand as getuie kon instaan, afgewys. Sodoende is die Woordonderrig in en na die doop binne die verbondstruktuur, veilig gestel.

Die persoonlike geloof kom deeglik ter sprake, maar altyd gerig op en afhanglik van die heilsbeloftes van God. Uit die formulier blyk dit ook dat nie enige persoon maar net tot die viering van die nagmaal toegelaat word nie. Diegene wat openlik ‘n lewe van sonde ly, word uitgesluit. Verder veronderstel die formulier volledige heils- en geloofskennis.

Wat die nagmaalsformulier betref kan dieselfde trou aan die Skrif gesien word. Dit is ook hier waar die gelowige opgeroep word tot selfbeproewing. In die selfbeproewing moet die nagmaalganger “zijn hart onderzoek” of “hij deze gewisse belofte van God gelooft, dat hem al zijne zonden alleen om het lijden en sterven van Jezus Christus vergeven zijn.”³³⁵ Hierdie geloof word nie beskou as “saligmakende” geloof omdat dit opsigself ‘n heilsfunksie besit nie. Trouens, die nagmaalgangers bely juis dat “wij geen volkomen geloof hebben.”³³⁶ Die heil word dus nie toegereken op grond van die kwaliteit van die gelowige se geloof of bekering nie, maar op grond van Christus se verdienste. Van die nagmaalganger is dus nie net kennis van die heil vereis nie, maar ook die toeëiening daarvan. Hierdie toeëiening kom tot uitdrukking in die openbare belydenis van die geloof, nadat die kategetiese onderrig voltooi is. Daar (in die kategetiese onderrig) bewerk God die geloof en heilstoeëiening wat Hy vereis.

In die orde doop-kategese-nagmaal word die teonome denke met betrekking tot die heil en heilstoeëiening, ook wat betref die bediening van die sakramente, gehandhaaf. In welke mate daar aan die Kaap hierby gehou is, sal ‘n aanduiding wees van hoe die heil en die heilstoeëiening gefunksioneer het.

Uit die verslae oor die kerklike lewe aan die Kaap is dit duidelik dat, wat die viering van die nagmaal betref, die gereformeerde patroon gehandhaaf is. Dit het hier om ‘n “geslotte” tafel gegaan. Slegs diegene wat die heil erken en toegeeëien het en dit in die openbaar bely het, is tot die tafel van die Here toegelaat. Besoekers moes ewe eens attestate in hierdie verband voorlê.

Wanneer dit kom by die praktyk van die bediening van die doop, lyk die situasie anders. Hier vind ‘n mens ‘n duidelike afwyking van die manier hoe die Dordtse Sinode die dooppraktyk gesien het. Dordt volg die reformatoriiese belydenis deur nie voor die voet die doop te bedien nie, maar dit wel te doen alleenlik binne die

³³⁵ Dies.,41.

kontoere van die verbond. Voorts het Dordt die doop en heilstoeëiening nie laat saamval nie, maar die heilstoeëiening beskou as iets wat plaasvind tydens die kategetiese onderrig. In die Kaapse Kerk is egter ‘n ander dooppraktyk gevolg. Selfs kinders van slawe is gedoop, terwyl hulle eienaars, en in die meerderheid van gevalle amptenare van die Kompanjie, ingestaan het vir die vrae vanuit die verbond.³³⁷

Die vraag is nou: hoe moet hierdie toedrag van sake beoordeel word terwyl die sentrale vraag van hierdie studie in gedagte gehou word? Brown is daarvan oortuig dat daar eerder vanuit die Christelike gemeenskap as vanuit die kerk - in ‘n teologiese sin - gedink is.³³⁸ Daarmee is kontekstueel-kerklik by die situasie in die Kaap aangepas. ‘n Humanistiese ordening van die samelewing het dus plaasgevind, waarin Christelike sedes met wetgewing afgedwing is ter wille van beskawing en vooruitgang. Maatskaplike skeefgroei kon sodoende, met behulp van die kerk, reggestel word.³³⁹ As inlywing by die Christelike kerk en godsdiens, is die doop as ‘n saakmakende middel gesien en toegepas. Vanuit hierdie hoek is ‘n inklusiewe dooppraktyk aanvaar. Maar, daarmee is die teonoomeksistensiële karakter van die doop en die verbond in gedrang gebring.

³³⁶ Dies., 42.

³³⁷ Vgl. Hattingh, JL. 1982. *Beleid en praktyk: Die doop van slawekinders en die sluit van gemengde verhoudings aan die Kaap voor 1720*. 25-42.

³³⁸ Brown, E. a.w. 24 e.v.

³³⁹ Moorrees, A. 1932. a.w. 26-27.

2.5 Samevatting

Hierbo is daarop gewys dat die “oorplanting” van die amptelik-erkende gereformeerde Kerk uit Nederland na die Kaap nie in terme van ‘n volstrek gereformeerde paradigma plaasgevind het nie. Resente studies³⁴⁰ het oortuigend aangetoon dat die vroegste Kaapse kerklike lewe nie presies op die Dordtse lees geskoei was nie. Daarom is daar ook in hierdie studie versigtig en krities omgegaan met die populêre standpunt³⁴¹ dat die Kaapse Kerk van die 17de eeu uit en uit gereformeerd was. Dit sou ook meebring dat oor die heil en die toeëiening van die heil gratuïtief-teonoom gedink en gepreek sou word en dat die gemeente hiervolgens georden was. Die bestudering van die beskikbare bronne het bevestig dat die aanvaarde gereformeerde paradigma vir die ontsluiting van die vroegste Kaapse kerkgeskiedenis nie die volle lading dek nie.

Soos aangetoon in hierdie hoofstuk, lê die rede hiervoor nie net in die aanvaarding van kontekstuele teologiese oortuigings waarin ‘n outonome standpunt met betrekking tot die heil hom skuil hou nie, maar veral ook in die ordening van die kerklike lewe aan die Kaap. Die praktyk van die bediening van die sakrament van die doop is die sprekendste voorbeeld hiervan. Ten spyte van die teonome opset van die gereformeerde formulier vir die bediening van die doop, én die binding van predikante aan die Formuliere van Enigheid, duï die praktyk daarop dat die gereformeerde belydenis nie enduit gehandhaaf is nie. Aan die einde van hierdie hoofstuk moet dus voorlopig aangemerkt word dat daar in die Kaaps-Hollandse Kerk ‘n teonome én (ten opsigte van die kerklike praktyk) outonome denklyn in sake die toeëiening van die heil na vore gekom het.

³⁴⁰ Britz, RM. 1989. *Beeld en Singewing: 'n Ekklesiologiese verkenning van die literatuur waarin die geskiedskrywing oor die Ned Geref Kerk sy oorsprong het.* en Van Zijl, WJ. 1991. *'n Kerkhistoriese Bibliografiese studie van die Boek as draer van die Nederduitse Gereformeerde belydenis in Suid-Afrika..*

³⁴¹ Byvoorbeeld: Moorrees, A. 1937. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1652-1873*, Hanekom, T. 1952. *Ons Nederlandse Moederkerk*, Odendaal, BJ. 1957. *Die kerklike betrekkinge tussen Suid-Afrika en Nederland*, Van der Watt, PB. 1976. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1652-1824*.

HOOFSTUK 3

TOE “DE KERK IN HET UYTTERSTE GEDEELTE VAN AFRIKA” HOMSELF BEGIN VESTIG HET: 1687-1740

In die onderhawige hoofstuk word kerklike dokumente met die oog op uitsprake en veronderstellings oor die heilstoeëiening gedurende die periode 1687 tot 1740 nagegaan. In hierdie tydperk het die Kaapse gereformeerde kerk ‘n tweede fase in sy geskiedenis beleef. Hy was nou ten minste gevestig en het nie meer ‘n pionierstyd beleef nie. Teen ongeveer 1740 het die lidmate reeds diep in die binneland as trekboere in voorposomstandighede ‘n bestaan gemaak.³⁴²

Gedurende 1688 het sowat 200 gereformeerde Franse vlugtelinge ‘n permanente heenkome aan die Kaap gevind. Kerklik het hulle in 1691 tereg gekom in ‘n nuwe gemeente: Drakenstein.³⁴³ Daarmee is ‘n belangrike inset in die geskiedenis van die Kaapse kerk gemaak. In die eerste paragraaf hier onder word noukeurig ingegaan op bronne uit Franse geledere om te probeer vasstel hoe hulle oor die toeëiening van die heil gedink het.

‘n Tweede belangrike gebeure wat sy invloed op die Kaapse gemeentes laat geld het, was die bekende stryd tussen Goewerneur WA van der Stel en sy senior amptenare en die vryburgers van Stellenbosch en Drakenstein tussen 1700 en 1706.³⁴⁴ Die Kaapse gemeentes en predikante is ook by hierdie onderlinge stryd betrek.³⁴⁵ Die stryd is ook met die pen gevoer.³⁴⁶ Hierdie literatuur is goed deurgegaan. Daarin kom geen verwysings na die toeëiening van die heil voor nie. Selfs die dagboek van Adam Tas, vryburger van Stellenbosch, het niks opgelewer nie.³⁴⁷ Daarom kry hierdie literatuur nie beredenering in hierdie hoofstuk nie. Ook die kerkorde wat in 1710 daar gestel is, het nie materiaal bevat wat betrek kon word op die toeëiening van die heil nie. Veel aandag is dus eerder aan die verslae van die Kaapse gemeentes aan die Klassis van Amsterdam gegee. Daarin het wel tersaaklike opmerkings voorgekom.

3.1 Die inset van die Franse vlugtelinge

Suid-Afrikaanse historici en ook kerkhistorici beweer dat die Franse vlugtelinge (oftewel “Hugenote”) wat na die herroeping van die Edik van Nantes (1685) ‘n uiteindelike heenkome aan die Kaap gevind het, die gereformeerde leer en Calvinisme op ‘n besondere wyse ingeskryf het.³⁴⁸ Resente studies het egter uitgewys dat aannames eerder

³⁴² Sien hiervoor: Van der Merwe, PJ. 1938. *Die trekboer in die geskiedenis van die Kaapkolonie*. 135 en verder. Ook: Müller, CFJ. 1987. *500 Jaar SA geskiedenis*. 60 e.v.

³⁴³ Vir hierdie geskiedenis sien: Moorrees, A. 1937. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika*. 840 asook die Kwartmillenium-gedenkboek van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Paarl, 5 e.v.

³⁴⁴ Müller, CFJ. 1987. a.w. 44 en Fouché, L. 1914. *Het dagboek van Adam Tas*. 1 e.v., 167 e.v.

³⁴⁵ Moorrees, A. 1937. a.w. 112.

³⁴⁶ Britz, RM. 1989. *Beeld en Singewing*. 63 e.v.

³⁴⁷ Fouché, L. 1914. a.w. vir verwysings na die kerk, predikante ensvoorts, sien 26, 30, 38, 78, 80, 90, 106 en 108.

³⁴⁸ Sien byvoorbeeld: Moorrees, A. 1937. a.w. 84 e.v., Van der Watt, PB. 1976. *Die NG kerk*. 20, Bosman, FCL en MacCrone, ID. 1937. *Race attitudes*. 87-88.

as feite dikwels die beeld van die “Franse Hugenote” bepaal het.³⁴⁹ Sou ‘n mens jou laat lei deur die tradisionele “gereformeerde” inbeelding, sou die inset van die Franse vlugtelinge kon dien as versterking van die teonome denke rondom die vraag na die toeëiening van die heil in die Kaaps-Hollandse Kerk. Die nuwe insig wat gekom het met betrekking tot hierdie vlugtelinge en hul theologiese oortuigings kom daarop neer dat hierdie aannames dus, met die oog op die doel van hierdie studie, uit die beskikbare bronne getoets moet word.

Aan die Kaap het die Franse verkies om as ‘n groep by mekaar te woon. Hulle is toegelaat om ‘n gemeente van hulle eie te vorm gedurende 1691. Dit het beteken dat, naas die Kaapstadse gemeente (1665), daar nou nog twee gemeentes bygekom het te wete: Stellenbosch (1686) en Drakenstein (1691). Vanuit ‘n kerkhistoriese gesigspunt, het ‘n bepaalde ontwikkeling hom hier aangekondig: ‘n Kaaps-Hollandse Kerk was besig om in ‘n nuwe kolonie beslag te kry. Lidmate en kerkrade het in ‘n Nederlands-koloniale opset bygekom waarin die Politieke Raad as owerheid, ‘n bepalende seggenskap in kerklike aangeleenthede uitgeoefen het. Ds Pierre Simond³⁵⁰ het as uitgesproke predikant saam met die vlugtelinge vanuit Frankryk gekom. Dit was in 1688.

‘n **Preek van ds Simond**, wat ten minste ligwerp op die theologiese begeleiding van die vlugtelinge, is nog in ons besit. Dit dateer 25 Januarie 1699. Die preek handel oor Johannes 4: 23 en 24. Dit handel oor die “ware aanbidding,” wat deur die Gees is en nie uit die vlees nie.³⁵¹

Die hooftema van die preek wentel om twee tipes “godsdiens,” wat teen mekaar opgestel word: ‘n godsdiens waar die aanbidder die Here slegs deur uiterlike ceremonies dien en “deur die pligpleginge van die wet,”³⁵² en ‘n uitgangspunt waar daar sprake is van innerlike vroomheid en toewyding en geloof en “die uittrek van die liggaam van die sonde.”³⁵³ Tussen die lyne hoor ‘n mens die heeltyd die waarskuwing³⁵⁴ dat mense wat God op eersgenoemde wyse dien, besig is om oor ‘n afgrond te beweeg.³⁵⁵ Die hoorders word dus, volgens die teksverse, in twee groepe gedeel: diegene met uiterlike godsdiens en diegene met ware geloof.³⁵⁶ Laasgenoemde staan in direkte verband met innerlike en bevindeleike vroomheid. So word die Vader in Gees en waarheid aanbid. Dit staan in verband met diegene wat uit die “diensbaarheid van Egipte” en uit die “slawerny van die hel” verlos is.³⁵⁷ Dit dui waarskynlik op verlossing uit die natuurlike menslike toestand waar die mens nog volgens die “vlees” lewe. Simond gee egter geen aanduidings van hoe dit plaasvind nie. Hy maak ook geen direkte appèl tot bekering op sy hoorders nie. Sy oproep is slegs dat die hoorders ‘n “lewende geloof, ongeveinsde liefde en kinderlike

³⁴⁹ Coertzen, P. 1976. *Die Franse Hugenote*, 87, 187 e.v. en ook Britz, RM. 1990. *Hoe gereformeerd was die Franse Hugenote?* NGTT. Deel 31. No. 3. September 1990. 354 e.v.

³⁵⁰ Sien : Engelbrecht, SP. 1952. *Die Kaapse predikante*. 26 e.v., SABW I, 755-756, Coertzen, P. 1976. *Die Franse Hugenote*. 222-239, Franken, JML. 1978. *Die Hugenote aan die Kaap*. 34 e.v.

³⁵¹ Hierdie handgeskrewe preek is nog in ons besit en is te vind in die Kerkargief in Kaapstad. Die preek is later deur ds P Du Toit vertaal en is gepubliseer in Die Kerkbode van 13 September 1939. Sien bibliografie. Vir die doeleindes van hierdie studie, word van beide dokumente gebruik gemaak.

³⁵² Dies., 50.

³⁵³ Dies.

³⁵⁴ Dies., 51. Diegene wat vasgevang is in die uiterlike godsdiens “verwerf nie daardeur die genade, vergewing van sonde en die ewige heil” nie, en “laai ‘n vreeslike oordeel” op hulself.

³⁵⁵ Dies., “God verwerp elke deel van sodanige uitwendige diens omdat dit sonder vroomheid en sonder toewyding geskied.”

³⁵⁶ Dies., Eersgenoemde groep word as “goddeloos” bestempel.

vrees” moet gaan uitleef.³⁵⁸ Uit dit wat hierbo bespreek is, is dit egter duidelik dat die waarskuwende ondertoon van die hele preek ‘n doelbewuste appellerende funksie het.

In sy geheel beskou, is dit opmerklik hoe min klem op Christus geplaas word. Dit is tog immers Christus self wat die “ware godsdiens” verwerklik, maar hierby gaan ds Simond verby. Opvallend is die wyse waarop die klem op die erns en vroomheid van die aanbidder, die klem op Christus verdring. Tot ‘n groot mate verdwyn God se openbaring in Christus dus uit die sentrum van die preek en kom die “vrome mens” en sy belewenis onder die soeklig. Hoewel daar dus nie sprake is van “bekeringsprediking” in hierdie leerrede nie, is daar sodanige klem op die *mens* en sy verantwoordelikheid om te glo, dat die objektiewe werk van God in Christus sodoende verdring word. Daar word dus weg beweeg van die egte reformatoriese bedoeling en die aksent op die vrome ingesteldheid laat ‘n agterdeur oop vir ‘n outonome denkkraam.³⁵⁹

Toe Britz³⁶⁰ hierdie preek teologies geanaliseer het, het hy ook tot die gevolg trekking gekom dat dit as leerrede “die humanistiese intellektualiteit wat in sy dag in die kerk en teologie aan die orde was,” verraai het. Dit “gaan mank aan ‘n tiperende en konfessionele verantwoording in die sin van die reformatoriese teologie.” Daar is, so teken Britz aan, ‘n klemverskuiwing “van die lewende God in Sy Skriftuurlike openbaring, na die Christelike mens in sy geloofskennis.”³⁶¹ Uit die preek van Simond kom ‘n mens dus, in terme van sy struktuur as leerrede, die invloed van die gereformeerde ortodoksie teë. Terselfertyd kom daar in die preek ‘n eenvoudige en kragtige bevindelike aanbieding van die eise van die Christelike lewe aan die woord. Dit opsigself is ‘n aanduiding daarvan dat die teologiese begeleiding van die Franse vlugtelinge nie in ‘n onomwonde reformatoriese en konfessionele denkkader gestaan het nie.

Dit word bevestig deur die handgeskrewe **katkisasieboekie van Paul Roux** (1660-1723).³⁶² Hierdie boekie was geskryf met die oog op die onderrig van katkisante. Roux was vir ‘n lang tydperk ‘n kateget van die gemeente Drakenstein.³⁶³

Die eksemplaar wat hieronder gebruik word, is afgeskryf deur C van Wieding en op 18 Mei 1743 voltooi. Dit dui daarop dat die benadering en teologiese aksentuering van hierdie **Belydenis des Geloofs** vir ten minste 50 jaar in die omstreke van Drakenstein in omloop was. Uit die enkele briewe wat uit die gemeente Drakenstein geskryf is, kom daar nie veel inligting oor die kategetiese onderrig aan die lig nie. In sy skrywe van 4 April 1703, wys ds Henricus Beck en die kerkraad egter die Klassis van Amsterdam daarop dat die gemeente (bestaande uit ongeveer

³⁵⁷ Dies., 50.

³⁵⁸ Simond, P. 1699. *Preek oor Joh.4:23-24.* 17,18,48. Hierdie bladsyverwysings kom van die oorspronklike handgeskrewe preek.

³⁵⁹ Dit dus moeilik om te verstaan hoe P. Coertzen soveel lof vir hierdie preek en die “goeie eksegese” kan hê. Op die keper beskou, ontbreek die goeie nuus van Jesus Christus eintlik in hierdie preek. Sien: Coertzen, P. 1976. *Die Franse Hugenote in Suid-Afrika..* 230.

³⁶⁰ Britz, RM. 1989. a.w. 51 e.v.

³⁶¹ Dies.,59.

³⁶² SABW III, 743.

³⁶³ Sien Moorrees, A. 1937. a.w. 92.

100 lidmate) “sewe uur” verspreid lê en dat dit uiters moeilik is om “catechisatie aan te stellen.” Hierbenewens is dit vir die Franse kinders nog moeilik om Nederlands te verstaan.³⁶⁴ Die nuwe predikant – hy is ongeveer ‘n jaar tevore in die plek van ds Simond aangestel – onderneem egter om hierdie saak in orde te bring. Waarskynlik het hy hierin geslaag, sekerlik met die hulp van Paul Roux. Lank sou hy egter nie in die gemeente bly nie. Stellenbosch het sy “stantplaas geworden.”³⁶⁵ In die voorposomstandighede moes die lidmate op moeisame wyse steeds hul weg vind.³⁶⁶ Reeds in 1713 word die kinders, so skryf die kerkraad, “in de Duytsche taal onderweesen.”³⁶⁷ Dit verklaar meteens ook waarom die **Belijdenis des Geloofs** van Paul Roux in Nederlands vertaal is. Teen 1729 was die gemeente reeds meer as 180 lidmate sterk.³⁶⁸

Dit was dan binne hierdie konteks waar **Belijdenis des Geloofs** vir katkisasiedoeleindes gebruik is. Met die oog op die vraag na die verstaan van en nadenke oor die toeëiening van die heil, is hierdie boekie ‘n belangrike bron vir ons kennis oor hoe hierdie saak benader is aan die begin van die agtiende eeu. Daarom moet daar deeglik hieraan aandag gegee word.

Die **Belijdenis des Geloofs** bestaan uit agt hoofdele, wat in ‘n veelseggende volgorde gerangskik is. Deel een handel oor die mens, waarin Roux ‘n bondige antropologie daarstel. Die tweede deel gaan oor God, Sy volmaakthede en deugde. Derdens bepaal Roux hom by die triniteit. Hierna fokus hy die aandag op die besluit van God wat in die verkiesing en verwering uiteenvall. In die daaropvolgende deel behandel hy die uitvoering van die wil van God naamlik die skepping. So openbaar God Hom dus. Hierdie toedrag van sake stel Roux dus supralapsaries voor. Na die skepping kom die sondeval (sesde deel) aan die orde. Hierna kom hy by die Christologie uit wanneer hy Jesus Christus en Sy Persoon uiteensit. Die agste hoofdeel handel oor die geloof waardeur die mens aan Christus deel kry. Hierdie laaste deel is met name van belang vir die doelesindes van hierdie studie. Die vraag is dus in watter lyn hy sy benadering en oortuiging met betrekking tot die toeëiening van die heil, na vore laat kom: gaan dit om ‘n outonome of teonome denkstruktuur met betrekking tot die toeëiening van die heil?

Dat Roux in sy katkisasieboekie met die antropologie begin en dan ná die Godsleer die skepping, die sondeval, die christologie en uiteindelik die soteriologie behandel, gee eintlik reeds blyke daarvan dat die aksent hier na ‘n outonome benadering verskuif. Dit word bevestig deur die vrae en antwoorde wat hy in die eerste hoofdeel aan die orde stel. Die hele eerste vraag is byvoorbeeld: “Wat zyt ghy?” Die antwoord is: “een mensch.”³⁶⁹ Hierna word die mens beskryf as “een redelyk schepsel, bestaande uit ziel en lichaam.” Op ‘n heel eenvoudige manier haak Roux dus in by die bekende filosofiese dualisme uit die Griekse denkwêreld. Die “redelyke ziel” is “een denkent wesen, werkende door verstand oordeel en wille.” Die “verstand kent en begrypt de saecken en

³⁶⁴ Spoelstra, C. deel I, 33.

³⁶⁵ Dies.,43.

³⁶⁶ Vgl. die negatiewe ervaring van ds EF le Boucq, toe hy in Drakenstein aankom (1707) en geen kerkgebou, pastorie, skool en selfs kerkhof kon vind nie! (Spoelstra deel 1, 39 ev).

³⁶⁷ Dies.,129.

³⁶⁸ Dies., 157.

³⁶⁹ Eerste hoofdeel: Belijdenis des Geloofs.

waerheden die my voorkomen,” terwyl, met “mijn oordeel stem me ik toe, dat my dunkt waar en loochene dat my schijnt vals te zyn. De wille neygt zig tot het begeren of verwerpen van het geene aan myn verstand voorkomt.”³⁷⁰

Selfs in die lig van die geheel van hierdie katkisasieboekie, sou Roux se antropologie nie verstaan kon word as inlyn (al sou ‘n ietwat slordige vertolking daarvan wees) met die van die reformatoriese literatuur van die sestende eeu nie. Sonder om dit hier te beredeneer of te verantwoord, word aanvaar dat Roux eerder deur die reeds populêre oortuigings van die filosofie van die 17de eeu beïnvloed is. Hierin het immers die rede, of rasionaliteit, waarin die menslike vermoë om te objektiveer en konseptualiseer, die deurslaggewende rol gespeel.³⁷¹ Vir Britz³⁷² was Roux se aanknoping by die mens en sy kognitiewe vermoë, rede genoeg om te konkludeer dat Roux se boekie nie afgestem was op die geopenbaarde Godskennis en heilskennis nie, maar dat hy eerder werk met ‘n intellektuele begrip van die onderskeie doktrinêre waarhede.

Die indruk word dus geskep dat Roux die gelowige se verhouding met God vaspen binne die kontoere van ‘n blote intellektualistiese instemming met sekere Bybelse waarhede. Geloofskennis is dus gelyk aan intellektuele kennis. Hiermee word wegbeweeg van die reformatories-konfessionele benadering van die **Heidelbergse Kategismus**. In die Kategismus is gelooftkennis immers iets wat ontstaan uit God se openbaring van Homself.

Die eerste vraag en antwoord van die tweede deel van Roux se boekie bevestig die intellektuele benadering. Daarin vra hy: “Wat is de eerste waerheid, die men kennen moet om wys gemaakt te worden tot zaligheid?” Die antwoord is: “Dat God is. Hebr 11:6.”³⁷³ Hierna bring Roux die wese en eienskappe van God Drie-enig ter sprake (vir die res van die tweede en derde dele van die boekie).

Met die oog op die vraag van die onderhawige studie, is die agste hoofdeel van deurslaggewende belang. Daarin kom die saak rondom die toeëiening van die heil implisiet aan die orde. Die eerste vraag van hierdie deel lui: “Waardoor krygt men deel aan den Heere Christus?” En, die antwoord: “Door het zaligmakende geloof.”³⁷⁴ Hierna vra hy: “Wat is gelove?” en antwoord dan: “een oprochte toevlucht nemen van die Ziel tot Jesus en zyne verdienste om op dezelve te steunen ende aen te grijpen tot rechtverdigmakinge, heyligmakinge en heerlykmakinge.” “Wie werkt dat gelove in ons?” vervolg die **Belydenis**, en antwoord dan: “Godt, door middel van zyn Woord en Geest.” ‘n Antwoord wat Paul Roux bevestig deur Efesiërs 2:8 aan te haal.

Gee hierdie enkele vrae en antwoorde blyke – met betrekking tot die toeëiening van die heil – van die teonoomeksistensiële oortuiging van die reformatoriese belydenisskrifte, of dra dit die aksent van ‘n outonome verdiskontering? Onmiddellik moet aangeteken word dat ‘n teonoomeksistensiële aksent op hierdie punt wel

³⁷⁰ Dies.

³⁷¹ Vgl. Störig, HJ. 1972. *Geschiedenis van de filosofie*. 302 e.v. Hier lees ‘n mens van die filosofie van die 18de eeu waar Descartes en Spinoza die leidinggewende figure was.

³⁷² Britz, RM. 1990. a.w. 354 e.v.

³⁷³ Sien Roux, P. *Belydenis des Geloofs*. In die handgeskrewe dokument kom geen numerering van bladsye voor nie. Hierdie vraag word egter onder “Het tweede hoofddeel” behandel.

³⁷⁴ Dies.

verwoord word. Hiervolgens kry die mens deur die geloof deel aan Christus en is die geloof, wat God deur die Woord en die Gees werk, ‘n toevlug tot Christus en Sy verdienste. Dit word bevestig deur ‘n latere vraag en antwoord. “Waardoor worden wij gerechtvaardigt voor God? Alleen door de verdienste van Christus. Romeine 3:24.” Die meriete vir die regverdigmaking lê dus nie in die vrome mens of in die mens se potensiaal nie. Die enigste meriete is die meriete van Christus.

Terselfdertyd huisves Roux se behandeling van die geloof egter ook spore wat in ‘n ander rigting lei. Op hierdie dualisme moet fyn gelet word. Anders as die Formuliere van Enigheid, werk hy hier met ‘n “eerste waarheid” wat *eers* geken moet word “om wys gemaakt te worden tot saligheid.” Dat God ons uit vrye guns alleen deur die Woord en die Gees roep tot geloof in Christus, skuif hier op die agtergrond. Dit word onderstreep deur die feit dat Roux reg aan die begin van sy kategeseboekie die “redelyke ziel” omskryf as “een denkent wesen werkende door verstand oordeel en wille.” Die verstand, skryf hy daar, “kent” – die werkwoord wat hy hier gebruik – “en begrypt de saeken en waerheden die my voorkomen.” Die eerste waarheid – wat op hierdie manier geken word – tot saligheid is dus dat God is. Dat Hy bestaan. ‘n “Redelyk ziel” kan dit uitmaak. So breek ‘n vertrekpunt vanuit die menslike kognitiewe vermoëns deur. Dit is ook bepalend vir wat verder oor die saligheid en geloof gesê word. Asof die geloof afhanklik is van die kennis van die eerste waarheid. As die “ziel” as “een denkent wesen werkend door verstand oordeel en wille” sy opregte toevlug tot Jesus neem, word dit nog duideliker hoedat Roux die taal en oortuigings van die reformasie uit die oog verloor het. Daarmee voltrek ‘n theologiese aanpassing hom: van ‘n teonome oortuiging na ‘n menslik outonome posisie, waarin ‘n kognitiewe konseptualisering van die gereformeerde belydenis homself voltrek.

In die lig van alles wat tot dusver in hierdie paragraaf aangeteken is, moet dit nou duidelik wees dat die theologiese inset en begeleiding van die Franse vlugtelinge wat sedert 1688 as ‘n vryburger gemeenskap aan die Kaap gefunksioneer het, nie sonder meer gelykgestel moet word met die oorspronklike gereformeerde oortuigings van die Reformasie nie. Tewens, dit dra die merktekens van die intellektuele én bevindelike verwerking van die Reformasie en dit reflekter ten opsigte van die toeëiening van die heil ‘n teonome én outonome denklyn.

3.2 ‘n Outonome denklyn ook ten opsigte van die Khoikhoi: 1700-1710

Om en by 50 jaar nadat Van Riebeeck ‘n buitepos vir die V.O.C. aan Tafelbaai aangelê het, is dit duidelik dat die ontwikkeling waaraan hy ook help vorm gee het, al meer die struktuur van ‘n permanente en selfonderhoudbende samelewing aangeneem het. Die sosiale strukture – slawe, Khoikhoi, vryburgers en amptenare – het in gevestigde patronen tot vergestalting gekom. Juridies het die Goewerneur en Politieke Raad die hoogste gesag in die kolonie gevorm.³⁷⁵

³⁷⁵ Vgl Müller, a.w. 36, Cameron, S en Spies, SB. 1992. *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika*. 61, 102, 106-107.

In hierdie samelewing, met sy diverse gemeenskappe, was daar ook spanning aan die oplaai. Die verset van die Khoikhoi en Khoisan groepe ná 1700, het nie in kerklike dokumente verwysing gehaal nie.³⁷⁶ Die verset van Vryburgers teen die misbruik van gesag en bevoordeling deur V.O.C. amptenare³⁷⁷ het wel neerslag in die kerklike korrespondensie gevind.³⁷⁸ Omdat die predikante ook amptenare van die V.O.C. was, en die kerkrade van Stellenbosch en Drakenstein uit vryburgers bestaan het, is die spanning aan die gemeentes oorgedra. Opsigself vorm dit ‘n pakkende verhaal, wat vir die doeleinnes van hierdie studie buite rekening gelaat kan word. Wat hier van belang is, is om in te gaan op standpunte wat mag voorkom in verwysings na die toeëiening van die heil. Wat sê die bronne tussen 1690 en 1710 hieroor? Reflekter dit dieselfde denklyne as wat by die Franse gemeente geïdentifiseer is? Met ander woorde dat daar sprake was van outonome én teonome denklyne? Lé opmerkings in hierdie verband in die verlengde van die vroegste dokumente waarna in hoofstuk 2 reeds breedvoerig verwys is? In daardie hoofstuk is veel op die kwessie van heilstoeëiening by die slawe gewys. Rondom 1700 het die Khoikhoi sterker na vore gekom as ‘n gemeenskap binne die Kaapse samelewing. Uiteraard het hulle as mense wat buite die evangelie geleef het, nou in die kerklike bronne begin opduik. Hoe is oor die toeëiening van die heil in verband met die Khoikhoi gedink? Hieroor het ds Petrus Kalden, predikant van die Kaapse gemeente teen die einde van die sewentiende eeu, bepaalde aantekeninge gemaak.

Aan die begin van Julie 1697 skryf ds Kalden, namens die kerkraad, aan die Klassis van Amsterdam dat die gemeente “.. onder Godes zeegen nog in bloeisende welstand (is), aenwassende dagelyx soo van leeden tot H Avondmaal als van heydenen die sigh tot het Christen geloof overgeven en laeten doopen, wordende, behalven de Christenen die sigh yverig tot Godts Woort begeeven, bij de hondert ledematen van de tafel des Heeren gevonden, en de Sacramenten volgens oude gewoonten alhier viermaal des jaars wyt gedeelen.”³⁷⁹

Hierdie opmerking getuig daarvan dat die gemeente aan die groei was. Heidene het hulle aan die Christelike geloof oorgegee en laat doop. Kalden skryf hierdie aanwas toe aan die goedheid van die Here.³⁸⁰ “Door Gods bijzondere genade hebbe onlangs een chinees” skryf hy op 9 April 1703, “nadat vooraf in de gronden van de godsdiest onderweesen, en met een bijzondere drift en liefde tot de godd. waerheden aangedaan was, na voorgaande openbare belijdenis, door den doop Christi Kerk ingelijft, gelijk als nog twee, van dieseloe Natie, sig in die grondwaarheden laten onderwijsen, om’t hijdedom af te sweren, en den gecruysten Christus te omarmen, sodat de godspraak in dese door een godd. vooruytgessicht van den konink David voorspelt, Psalm 87 en 72, vervult werd.”³⁸¹ Drie jaar later verwys Kalden weer hierna. Die gemeente groei “so in ledematen als hijdenen, die door den doop Christi gemijnschap worden ingelijft, waaronder selven Chinesen.”³⁸² Met die Khoikhoi was daar egter, so teken hy nou aan, nie sukses nie. Hierdie “hijdense natie of Hottentotten.. sitten (nog) in so een

³⁷⁶ Cameron, S en Spies, SB. 1992. a.w. 107 e.v.

³⁷⁷ Dies., 67.

³⁷⁸ Spoelstra, C. deel 1. a.w. 38 e.v., 42 e.v., 63 e.v.

³⁷⁹ Dies., 32. 4 Julie 1697.

³⁸⁰ Dies., 35. 9 April 1703.

³⁸¹ Dies.

³⁸² Dies., 37. 2 April 1706.

duystere oncund, buyten kennis van den waren God en vreemdelingen van de verbonden der genaden.”³⁸³ Vir Kalden bly dit ‘n belangrike opgaaf en is sy versugting “dat ook de hijdenen in de schoot van Jesus kerk mogen geboren worden.”³⁸⁴

Dit is opmerklik dat die resultaat van die bediening van die evangelie onder die Khoikhoi nie so goed was nie. Hulle was immers nie slawe nie en het ook nie in die sosiale struktuur van die slawe gedeel nie. Op 4 April 1703 kon ds Beck maar net wens dat God “de oude opgeseten deses lants (de Hottentots) tot de schaapskooje van Jezus gelievde te brengen opdat ook zich niet meer een knecht der knechten sijn mogt: ‘t geen wel te wense, maar niet als door d’almogende hand van onsen barmhartigen God op die tijd, wanneer de volheid der heidenen sal ingaan, schijnt te kunnen geschieden.”³⁸⁵

Word die saak goed in oënskou geneem, is dit duidelik dat met betrekking tot heidene (d.w.s nie-Christene) sterk en eksplisiete taal gebruik word in verband met hulle heil. Hulle word in die Christelike geloof onderrig. Dan moet hulle hulleself tot hierdie geloof oorgee en hulle laat doop. Die doop, waardeur hulle dan in die kerk van Christus ingelyf is, volg op die openbare belydenis. So sweer hulle die heidendom af en omarm die gekruisigde Christus. Sodoende word ‘n swaar klem op die toeëiening van die heil as daad by nie-Christene wat die Christelike geloof aanvaar, gelê. Baie swaarder as in die geval van die Christene, dit is die mense en hulle kinders (ook van slawe uit heidense ouers) wat in die kerk van Christus ingelyf is deur die doop en daarin opgroei. Hier kom dus ‘n insiggewende verskil na vore. Klaarblyklik geld daar ten opsigte van Christene (en hulle kinders) ander oortuigings as vir nie-Christene wanneer dit kom by die spesifieke saak van die toeëiening van die heil.

Daar moet dus gevra word of die outonome aksentuering vanselfsprekend in die sendingsituasie aanvaar word terwyl die teonome denklyn weer sterker by die nie-missionêre omgewing nagevolg is. Veral uit die pen van ds Petrus Kalden blyk dit dat gemeen is dat nie-Christene daadwerklik die heil moes toeëien. Daaroor is daar nie twyfel nie. Wat die aandag nie moet ontglip nie, is egter dat die uitgesproke aksent in hierdie verband *op die Christelike geloof* eerder as op *Christus self* geplaas word. Dit relativeer die vraag van die toeëiening van die heil in Christus. Immers, dit is die Christelike *godsdiens* wat deur die heidene aanvaar moet word. So getuig bogenoemde briewe. Daarmee kom die religieuse mens in die sentrum eerder as die verlore sondaar wat in Christus die heil vind. So kom die eksistensieel-teonome denkstruktuur van die gereformeerde belydenisskrifte ook in die sendingkonteks nie tot sy reg nie.

Met betrekking tot die gemeente self en die doop van die slawekinders is die patroon, wat reeds in die vorige hoofstuk breedvoerig bespreek is, gehandhaaf.³⁸⁶ Die orde: doop, kategese, nagmaal, is gehandhaaf. Gedurende 1710, na soveel onvergenoegdheid en standpuntstelling in die Kaapse gemeenskap, is ‘n kerkorde ontwerp. Juis

³⁸³ Dies.

³⁸⁴ Dies., 38. 2 April 1707.

³⁸⁵ Dies., 34. 4 April 1703.

³⁸⁶ Dies., 35. 9 April 1703,.37: 2 April 1706, 61: 15 Mei 1707.

om kerklike sake in orde te kry. In hierdie kerkordelike reëlings kom daar egter nie verwysings en standpunte na vore wat verdere ligwerp op die uitgangspunte met betrekking tot die toeëiening van die heil nie.³⁸⁷

3.3 ‘n Aksentuering eie aan die outonome denke van die Nadere Reformasie: 1710-1740

Met die deurwerk van die bronne het dit duidelik geword dat die saak in verband met die daadwerklike bekering en inlywing van nie-Christene in die kerk, later feitlik uit die prentjie verdwyn het. Al hoe meer word gepraat oor die aanwas van die kerk, sonder om direk te verwys na die bekering van die heidene. Daar word eerder in ander kategorieë oor die heil gepraat in ‘n taal wat herinner aan die begrippemateriaal wat in die tyd van die Nadere Reformasie gebruik is!

In die verslae van Kaapse kerkrade aan die Classis van Amsterdam, word dikwels gepraat van die “merkelijke aanwas” van die onderskeie gemeentes.³⁸⁸ So skryf ds JG D’Ailly dat “onse innigste zielen-wens en bede is dat de Heere deselve nogh verder wil doen aanwassen, niet alleen in getale, maar ook in kennisse, deugden en godsaligheid; en ons genadelijk een open deure geven, om door de verkondiging des Euangeliums onder den bijstand zijnes Geestes, nog veele zielen in te winnen, want de oogst is nogh groot.”³⁸⁹

Ongeveer in dieselfde tyd (1714) maak die kerkrad van Drakenstein ‘n soortgelyke opmerking wanneer hulle om die dienste van ‘n predikant vra. “Want,”skryf hulle, “sulks ten hoogste is strekkende tot opbou van Christi koninkrijk en winninge veeler ziele, die tegenwoordig van de midelen der genaden al genoegsaem versteeken zijn, en daarom zeer zugten en verlangen na de opbouw van een kerk en huys, daar zij hare zielsherder en mogte ontfangen.”³⁹⁰

Op 29 Mei 1714 is dit weer ds D’Ailly en die Kaapse Kerkraad wat die Here God bid “dat Hij door een geestelijken oogst en inwinningh van veele zielen” die gemeente tot hulp sal kom.³⁹¹ Agt jaar later skryf ds D’Ailly steeds oor die groei van die Kaapse gemeente. “De Heere wil deselve ook in kennisse, liefde, gelooe en heyligmaakinge meer en meer doen aanwassen en tot deselve van tijd tot tijd nogh veelen toedoen die zaligh werden.”³⁹²

Hierdie soort uitdrukkings, moet ‘n mens aanvaar, is deur ds D’Ailly gebruik as uitdrukking van sy theologiese aksentuering en benadering. Hier lê ‘n duidelike klem wat herinner aan die oortuigings van die Nadere Reformasie. Daarom is daar verwysing na die “inwinningh van veele zielen.” Dit is ‘n uitdrukking wat nie in die vroeëre Kaapse dokumente na vore gekom het nie. Dit word ook nie deur ander predikante gebruik nie. Dit moet aangeteken word as ‘n besonder interessante ontwikkeling.

³⁸⁷ Spoelstra, C. Deel 2. 611 e.v.

³⁸⁸ Spoelstra, C. Deel 1. 126, (1 April 1713), 128, (26 Maart 1713).

³⁸⁹ Dies., 1126, (1 April 1713). Sien ook 133, (29 Mei 1714).

³⁹⁰ Dies., 129. (26 Maart 1713).

³⁹¹ Dies., 133.

Iemand soos ds F le Seuer het ook veel uitdrukings gebruik wat daarop duï dat hy en ds D'Ailly teologies uit dieselfde hout gesny is. Op 5 Junie 1732 skryf hy oor die Kaapse gemeente dat “er in deese gemeente geen hamerslag gehoord (word), waardoor deselve zoude konnen ontrust worden, soodat we eene gegrondte hoop hebbe, dat de Geest des Heeren rijkelik over deselve zal uytgestort worden, waardoor, in dit Jeruzalem, den Heere veele Zionniten zullen toegevoegt worden. Wij bidden, dat God ons met vrijmoedigheyt en wijsheid sal vervullen, om als bequame werktuygen in Zijne hand tot dit groot einde te dienen.”³⁹³

‘n Klompie jare later, op 25 Februarie 1736, teken hy weer aan dat “wij hebben ook redenen den Algenoegsamen Godt te danken, voor zijne overdierbare goedheyd, die hij dagelikks aan ons bewijst, in het uytstorten van den Geest des vredes over dese gemeinte..”³⁹⁴ “Van de bekeering der Hottentotten” kon hy ook niks vermeld nie.³⁹⁵ In hierdie opmerkings kom verwysings na die besondere werking van die Heilige Gees voor wat, kerkhistories, duï op die uitgangspunte van die Nadere Reformasie waar die gelowige mens en sy bevindelike heilsbelewing in die sentrum van belangstelling gekom het.³⁹⁶ Ten opsigte van die heilstoeëiening het verteenwoordigers van die Nadere Reformasie in die hand van ‘n outonome benadering gespeel.³⁹⁷

Op hierdie tydstip word hierdie punt nie verder beredeneer nie. Ná 1750 was daar duideliker aanduidings van ‘n outonome gerigtheid met betrekking tot die toeëiening van die heil in Kaapse geskrifte. Daar word omvattend op die Nadere Reformasie en sy teologiese uitgangspunte ingegaan. Wat hier van belang is, is dat ‘n nie-rasionele, maar tog ook outonome oorweging in die Kaapse kerk inslag gehad het. Dit ondersteep die tese dat daarin by hierdie kerk uiteenlopende teologiese oortuigings met betrekking tot die heilstoeëiening aan die ontwikkel was. Dit beteken ook dat die diverse teologiese oortuigings van die Nederlandse kerk aan die Kaap kontekstueel verwerk is.³⁹⁸

3.4 Die kerk vestig homself – ook wat sy teologiese diversiteit betref

Tot dusver is daarop gewys hoedat die denklyne met betrekking tot die heilstoeëiening in die Kaapse kerklike literatuur beslag gekry het. Daarin kon ‘n outonome gerigtheid, welliswaar vanuit verskillende motiewe en oorwegings, aangedui word. Ondertussen het die kerklike struktuur hom in die drie onderskeie gemeentes verder gevestig. Daarmee het die gereformeerde oortuiging, met sy teonome vertrekpunt met betrekking tot die toeëiening van die heil, hom ook gehandhaaf. Die bediening van die Woord en die sakramente, en die handhawing van die kategetiese onderwys, is die helderste aanduiding hiervan.

³⁹² Dies., 145, (4 Desember 1521). Sien ook 150 (10 Mei 1724).

³⁹³ Dies., 171.

³⁹⁴ Dies., 177.

³⁹⁵ Dies., 184. Begin 1738.

³⁹⁶ Graafland, C. 1986. *Kernen en contouren van de Nadere Reformatie*, 349 e.v., Trimp, C. 1986. *De Nadere Reformatie*. In: De Reformatie. 12 Julie 1986. 822, Malan, CJ. 1981. *Die Nadere Reformasie*. 3 e.v.

³⁹⁷ Sien in hierdie verband: Beeke, JR. 1991. *Assurance of faith: Calvin English Puritanism and the Dutch Second Reformation*. Sien bibliografie.

Alreeds in 1703 skryf ds Petrus Kalden dat “de teere jeugt in de schoole de beginselen en gronden van de godsdiens ingeboesemt, en moeten alle Sondagen in de kerk de vragen van den Hijd. Catechismus beantwoorden.”³⁹⁹ ‘n Klompie jare later skryf hy dat “wij hebben om de teere jeugt nog meerder aanlijding te geven en de gronden van de goddelijke waarheden in te lijen, behalven de private een publyke catechisastie dat noyt voor desen hier gedaan is, ingestelt, moetende de schoolmeesters alle Woensdagen haar schoolkinderen, onder ‘t luyden van de kerkklok, selfs in de kerk lijen; alwaar dan een gebed gedaan, gesongen, en de beginselen van de leer der waarhijd haar ingeboesemt en daar in onderwesen worden en onder Gods goedhijd sodanig toeneemt, dat aldaar niet alleen kinderen toevloyen, maar ook bejaarden comen aanhooren.”⁴⁰⁰ In die lig daarvan dat kategese bedoel is as onderrig van die Woord, ‘n gebeure waarin die Heilige Gees teenwoordig is en Hy die toeëiening van die heil teonoom-eksistensieel laat plaasvind, is hierdie praktyk ‘n belangrike veronderstelling oor die heilstoeëiening.

In hierdie verband moet ook op die bediening van die sakramente gelet word. Die vraagstelling in verband met die doop het nie meer na vore gekom nie. Wat die nagmaal betref, is die tafel van die Here steeds onder toesig van die kerkraad geslote beskou.⁴⁰¹ In die vorige hoofstuk is reeds daarop gewys dat hierdie praktyk implisiet betekenisvol is ten opsigte van die heilstoeëiening. Dit word ondersteep deur die feit dat Lutherane “tot de gemeinschap van des Heeren H. Avontmaal, mits dat sij – na voorgaande ondersoek – suyver bevonden waeren in de leere der regtvaardigmakinge.”⁴⁰²

Verder het die gemeente sy normale gang gegaan. Hieroor het die predikante van hulle laat hoor. Die “merkelijke aanwas deser gemeynte” is die teken van vrugbare arbeid.⁴⁰³ So-ook dinge soos “heyligmakinge”⁴⁰⁴ wat onder lidmate opgemerk kan word. Iets wat ook dikwels genoem word is die onderlinge vrede wat onder gemeentelede heers.⁴⁰⁵ Hiermee saam ook die feit dat lidmate toeneem in “kennisse en godsaligheyd.”⁴⁰⁶ Een gemeente word selfs die “ijverigste hier te lande”⁴⁰⁷ genoem. Hiermee word bedoel die groot moeite wat gemeentelede doen om die Woord te hoor. Die getal dopelinge is ook ‘n belangrike vrug⁴⁰⁸ en klaarblyklik word die feit van die toeëiening van die heil verdiskonter in begrippe soos “Godt geve dat zij ook meer en meer in de kennisse der waarheyt, die na de godtzaligheyt is, mogen toenemen.”⁴⁰⁹ Ander dinge word ook genoem soos die toeloop van “veele naastige en godvrugtige kerk-gangeren”⁴¹⁰ na die eredienste. Daar word ook soms melding gemaak van

³⁹⁸ Sien in hierdie verband: Gerstner, JN. 1997. *A Christian monopoly: The Reformed Church and colonial society under Dutch rule*. In: Elphick, R en Davenport, R (eds). Christianity in South Africa. A political social and cultural history. Oxford. James Currey. 16 e.v., veral 22 e.v.

³⁹⁹ Spoelstra, C. Deel 1. a.w. 35 (9 April 1703).

⁴⁰⁰ Dies., 37 (2 April 1706).

⁴⁰¹ Dies., 32, 33, 35 en 121.

⁴⁰² Dies., 135 (31 Maart 1716). Sien ook 136, 145.

⁴⁰³ Spoelstra, C. 1906. a.w. 126.

⁴⁰⁴ Dies., 133.

⁴⁰⁵ Dies., 150.

⁴⁰⁶ Dies.

⁴⁰⁷ Dies., 156.

⁴⁰⁸ Dies., 157.

⁴⁰⁹ Dies.

⁴¹⁰ Dies., 166.

die “waekzaemheid voor Christus’ kerke,”⁴¹¹ wat waarskynlik verwys na waaksamheid ten opsigte van die suiwere leer.

Hiermee is hierdie oorsig voltooi.

3.5. Samevatting

Uit wat in hierdie hoofstuk aangeteken is oor die inset van die Franse vlugtelinge, die groei van die Kaapse gemeentes én die sending onder die Khoikhoi, blyk dit dat die twee denklyne met betrekking tot die toeëiening van die heil, hulleself gehandhaaf het. In die gereformeerde formuliere - en ook die Psalms as kerklied - is die teonoom-eksistensiële toeëiening van die heil gehandhaaf en by die gemeentes ingeprent. Dit is ook voortgesit in die gebruik van die **Heidelbergse Kategismus** as leerboek. Daar is immers verwysing na hierdie kategeseboek en sy gebruik aan die Kaap.

Tog is die teonoom-eksistensiële belydenis aangaande die toeëiening van die heil nie oonlynd gehandhaaf nie. Uit die geraadpleegde bronne het daar veel duideliker ‘n ander benadering deurgeskemer. Hierdie benadering het die klem na die mens en sy geloofsdade verskuif. Selfs ten opsigte van nie-Christene wat die evangelie ontvang het, ontbreek die heldere teonome taal van die gereformeerde belydenis. ‘n Outonome verdiskontering, ook van die Christelike geloof as sodanig, oorwoeker dit wat in die formuliere op Sondae gehoor is. Dit beteken dat hierdie denklyn sterker na vore gekom het. Uiteindelik moet die gevolgtrekking gemaak word dat meer as een oortuiging met betrekking tot die toeëiening van die heil hom in die Kaapse gemeentes gehandhaaf het. In die praktyk en die praktiese bediening het die outonome benadering tewens duideliker deurgekom. Die eksplisiële - en sentrale - belydenis rondom die toeëiening van die heil soos die gereformeerde belydenisskrifte dit vertolk het in die skadu gebly.

Die tweeslagtigheid en uiteenlopende oortuigings het klaarblyklik ‘n karaktertrek van die Kaaps-Hollandse Kerk geword. In die volgende hoofstuk kom belangrike theologiese publikasies uit Kaapse bodem onder die soeklig. Dan sal vasgestel word of hierdie denklyne in ‘n akkommodasie hulleself in die kerklike gemeenskap gehandhaaf het.

⁴¹¹ Dies., 174.

HOOFTUK 4

PERTINENTE AKSENTE OP DIE GELOOF TOE DIE KAAPS-HOLLANDSE KERK 'N HISTORIESE BEWUSSYN ONTWIKKEL: 1740-1753

Tussen 90 en 100 jaar nadat Jan van Riebeeck die Kaapse buitepos aangelê het, het daar in die gereformeerde kerk wat toe in 'n gecombineerde kerkvergadering saamgekom het, 'n historiese bewussyn en assosiasie met die Kaap ontwikkel. Steeds het die kerk sy kerklike monopolie gehandhaaf. Ná 1740 het belangrike theologiese publikasies uit sy midde na vore gekom. Dit was gestempel deur theologiese en historiese aksente eie aan homself. Ook het die oortuiging, wat vroeër in hierdie studie reeds getypeer is as outonome denke met betrekking tot die heil en die heilstoeëiening, in hierdie dertien jaar steeds na vore gekom. Hierdie keer selfs nog duideliker. Hierdie hoofstuk is dus van besondere belang. Dit begin met 'n oorsig van opmerkings van veelsegende theologiese betekenis waarna die fokus na pertinente theologiese publikasies (onder ander 'n katkisasiehandboek) verskuif. Nadat die standpunte van twee sieketroosters en 'n besoekende predikant ondersoek is, word daar ten slotte gekyk na 'n voorbeeld van die manier waarop die kerk 'n historiese bewussyn ontwikkel het.

4.1 Nuwe aksente by predikante van die Kaapse Kerk

Wanneer kerkhistorici die periode ná 1740 behandel, word die klem gelê op die sendingpoging van die Hernhutter Georg Schmidt, asook die saamkom van die vyf Kaapse gemeentes in 'n "Gecombineerde Kerkvergadering" ná 1745 en ook die theologiese onrus wat veroorsaak is deur die "afwykende" standpunte van sieketroosters Raasel en Van Wyk en ook dié van ds HH van der Veen. Vir die onderhawige studie is hierdie sake slegs van belang vir sover dit lig werp op die vraag na die toeëiening van die heil.

Georg Schmidt en sy sendingwerk onder die Khoikhoi by Baviaanskloof is reeds deurtastend nagevors en uiteenlopend beoordeel.⁴¹² Van belang is dat Schmidt die saak van die verkondiging van die evangelie aan mense wat buite die kerk en die Christelik-Nederlandse invloedsfeer geleef het, pertinent aan die orde gestel het. In sy benadering was die mens se bekering tot Christus van deurslaggewende belang. Vir Schmidt het die saak hiermee gestaan of geval. Die toeëiening van die heil is dus hoofsaaklik as 'n suiwer menslike daad verdiskonter. Blykbaar is die grond hiervoor in die menslike ervaring gesoek. In 'n negatiewe beoordeling wys ds F Le Sueur in 'n brief aan die Classis van Amsterdam gedateer 13 Mei 1744, hierop. "Wat de gedoopte Hottentots betreft," deel hy die ampsdraers in Nederland mee, "die sijn nog in een diepe onweetenthelyd en nog geheel Hottentots, niettegenstaande hunnen leermeester, nadat hij se gedoopt hadde, door mij gewaagt sijnde of sij eenig begrip van de saak hadde, mij antwoorde dat zij Jesus gevoelden en in haar hadden; waarvan hij seyde volkoomen overtuigt te zijn, schoon hij bij zijn vertrek heeft voorgegeeën, dat hij sag dat aan de Hottentots niets te doen was, en dat de gedoopte zelfs afweeken."⁴¹³

⁴¹² Sien: Kruger, B en Pluddemann, H. 1981. *Dagboek en brieue van Georg Schmidt eerste sendeling in Suid-Afrika. 1737-1744*. Bellville. Universiteit van die Wes-Kaap.

⁴¹³ Spoelstra, C. 1906. a.w. Deel 1. 204.

Hierdie opmerking van ds Le Sueur is insiggewend. Dit is duidelik dat hy Schmidt se manier van doen afkeur, veral in verband met die doop. Die leemte wat Le Sueur aandui is dat die Khoikhoi-dopelinge klaarblyklik bloedweinig kennis van die Skrif en die heil het. Waarop hy dus sinspeel is dat alvorens gedoop word, deeglike onderrig en substansiële heilskennis bygebring behoort te word. Hiermee is die gereformeerde oortuiging, naamlik dat die bekering en toeëiening van die heil met kennis van die Skrif (Christus werk uit genade deur die Woord en die Gees!) gepaardgaan, implisiet onderstreep.

‘n Jaar of wat vroeër het drie Kaapse predikante, te wete di. F Le Sueur, Wilhelm van Gendt en Salomon van Echten, op 17 en 18 September 1742 bymekaar gekom om die wyse waarop Schmidt die doop bedien het, behoorlik te bespreek. In hulle vergadering was dit ook een van die punte wat hulle op voetspoor van die Sinode van Dordrecht (1618-1619) aangevoer het. Dáár is besluit dat ‘n deeglike onderrig die doop vooraf moet gaan sodat die dopelinge uit die heidendorum rekenskap van hulle geloof kan gee. In die Baviaanskloof het dit klaarblyklik nie so gebeur nie.⁴¹⁴

Die belangrikste argumente teen “dese soogenaamde Hottentots-bekeerde” was egter meer kerkregtelik van aard: sy ordening is nie erken nie, want hy was nie ‘n lidmaat van die Gereformeerde Kerk nie. Van die gereformeerde leer weet hy ook nie veel nie. Hy sou ook heel maklik ‘n eie afsonderlike gemeente kon begin.⁴¹⁵

Word hierdie drie leraars se argument in verband met die doopsbediening van Schmidt vergelyk met die dooppraktyk met betrekking tot slawekinders, is die klemverskuiwing wat by hierdie leraars voorkom tog opvallend. Anders as die Kaapse tradisie, sluit hulle op hierdie punt by Dordt aan. En daarmee by ‘n teonoomeksistensiële belydenis van die heilstoeëiening. Maar, hiermee praat hulle egter met betrekking tot die sending, nie die taal van ds Kalden van 40 jaar te vore nie.

Hierbenewens het daar ook in die Kaapse gemeentes ánder stemme opgeklink. Stemme wat oënskynlik veel klem geplaas het op die eksplisiële noodsaak van die wedergeboorte en bekering. Twee sulke stemme het in die preke van twee sieketroosters L van Dyk en W Raasel opgeklink. Beide hierdie manne het uitsonderlike klem op die wedergeboorte geplaas. Soveel so dat hulle die gemeente, op rigiede wyse, in twee groepe verdeel het: die wedergeborenes en diegene wat nie wedergebore is nie.⁴¹⁶

Louis van Dyk (1743) het byvoorbeeld afgewyk van die voorgeskrewe preke wat voorgelees moes word en sy eie preke gelewer waarin sy sieninge weerklink het. Die kerkraad van Kaapstad oordeel dat hy “verscheyde soorten van nieuwigheden” in die kerk ingebring het.⁴¹⁷ Die kerkraad het “wegens zijne onbetamelijke ongehoorsaamheid bij de regering deser plaatse over hem geclaagen, en onse becommeringen aan Hun Edele

⁴¹⁴ Dies., 198.

⁴¹⁵ Sien: dies., 197 e.v.

⁴¹⁶ Vgl die sg. “klassifikasiemetode.” Brienen, T. 1974. *De Prediking van de Nadere Reformatie*. 75.

Agtb." bekend gemaak.⁴¹⁸ Die owerheid het dit toe goed gevind om hom na Batavia te stuur.⁴¹⁹ Die vraag is uiteraard wat hy presies geleer het. Het sy siening van die heilstoeëiening lig gewerp op hoe daar in die Kaap hieroor gedink is? Moorrees en Claasen wys daarop dat hy sterk oortuigings in verband met die wedergeboorte gehuldig het. So het hy byvoorbeeld geleer dat 'n "onwedergeborene" God nie as "Vader" mag aanspreek nie. Geen mens wat onseker van sy wedergeboorte was, mag die "Onse Vader" gebid het nie. Selfs ouers is verbied om hul kinders hierdie gebed te leer. Hy wou verhoed dat uitdrukkinge wat slegs by wedergeborenes pas, in mense se mond gelê word.⁴²⁰

Van Dyk het dus tussen mense onderskei op grond van hul bekeerdheid of onbekeerdheid. Omdat hy die klem ook op die innerlike sekerheid lê, impliseer sy standpunt dat hy oor die toeëiening van die heil outonoom as menslike godsdienstige daad gedink het. Op 'n manier van sy eie, wat in die Kaap navolging gevind het, het hy dus hierdie theologiese denklyn voortgesit.

Willem Raasel (1745) het 'n soortgelyke siening gehad. Hy was van oordeel dat daar ook onder predikante 'n onderskeid is tussen diegene wat wedergebore is, al dan nie.⁴²¹ Hy het daarop klem gelê dat hy kon weet wanneer iemand anders wedergebore is en dat slegs 'n paar gesprekke hiervoor nodig is.⁴²² Volgens hom kon slegs diegene aan die kerk behoort "van wiens wedergeboorte men overtuigt was."⁴²³ Hysel het by almal aangedring op die noodsaaklikheid van geloof en bekering. Sy verkondiging word deur die Kaapse kerkraad as "seer slechte discoursen"⁴²⁴ beskou wat "ten uyttersten nadeelig aan de eer der gewone herders en leraars hier ter plaatse, en ook aan den openbaeren godsdienst, seggende: dat de menschen uyt den hemel in de hel gepredikt wierden, door het gebruiken van algemeene bestaffingen, gebeeden en wat diergeleke meer is; dat er een afgesondert priesterdom moest zijn, als onder de daegen des O.T., van wiens wedergeboorte men overtuigt was; dat men andersints beeter deede uyt de kerk te blijven, om daer niet meer ontstigt als gestigt te worden."⁴²⁵

Die kerkraad was dus oor sy optrede en beklemtoning onsteld. Want, skryf hulle, hy word "bij sommige onnoosele menschen voor wat wonders gehouden.. en ook daarenboven veel ontstigting onder de gemeente verwekte, niet konnende begrijpen, dat men soo een persoon soo openbaarlijk liet begaan."⁴²⁶ Die uiteinde van die saak is dat hy verbied is om verder in die gemeente op te tree. Hy is gedeporteer.⁴²⁷

⁴¹⁷ Spoelstra, C. 1906. a.w. 201.

⁴¹⁸ Dies.

⁴¹⁹ Dies.

⁴²⁰ Vgl. Moorrees, A. 1937. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk.*, 230 en ook Claasen, JP. 1977. *Die sieketroosters in Suid-Afrika.*, 227-228.

⁴²¹ Moorrees, A. 1937. a.w., 233.

⁴²² Claasen, JP. 1977. a.w., 230.

⁴²³ Spoelstra, C. 1906. a.w., 209.

⁴²⁴ Dies.

⁴²⁵ Dies.

⁴²⁶ Dies.

⁴²⁷ Dies.,210.

Dit was duidelik dat Van Dyk en Raasel die twee sieketroosters was wat behoorlik opslae in kerklike kringe veroorsaak het. Die opslae was waarskynlik te wyte aan die feit dat hul sieninge so skerp ingedruis het teen die algemene oortuigings van die dag. Miskien verraai dit die moontlikheid dat die kerklike prediking, oor die algemeen, min appèl tot die mense gerig het en dat die oproep tot daadwerklike bekering min gehoor is en dat daar dikwels aanvaar is dat mense wat “gedoop en geleer is,” ook outomatis in die heil deel het.

Hier sien ‘n mens dus ‘n interessante ontwikkeling: Aan die een kant word ‘n standpunt gehandhaaf waarin daar bloedweinig ruimte gelaat word vir die daadwerklike toeëiening van die heil. Daar word slegs op die doop en die kennis van die gereformeerde leer gekonsentreer. So asof die heil as objektiewe gegewe as algenoegsaam beskou is. Dit is buite voeling met die bedoeling van die gereformeerde leer.

Aan die ander kant is daar die duidelike spore van die outonome heilstoeëiening met sy humanistiese inslag. ‘n Mens het waardering vir mense soos Van Dyk en Raasel deurdat hulle die evangelie daadwerklik met krag wou bedien. Nogtans val hulle in die vangstrik van die Arminianisme deur die aksente van die Nadere Reformasie te beklemtoon en sodoende uitsonderlike nadruk te lê op die mens se rol in die heilsbeslissing.

In die tydperk onder bespreking was daar ook ‘n derde persoon, hierdie keer ds HH van der Veen, wat die standpunte van Raasel en Van Dyk aan die Kaap kom volume gee het. Dit was in 1751. Ds van der Veen was nooit ‘n leraar wat verbonde was aan ‘n bepaalde gemeente in die Kaap nie. Hy het egter in die Kaap vertoef weens gesondheidsredes en hier en daar gepreek. Sy prediking in Kaapstad het die lidmate baie ontstel. Blybaar het hy ‘n “kru” preekstyl gehad en vreemde soort uitlatings gemaak. Daarom het die plaaslike leraar hom die kansel belet.⁴²⁸ Tog het hy sy eie kop gevolg en later weer ‘n preekgeleentheid in Swartland (Malmesbury) waargeneem met soortgelyke resultate.⁴²⁹ Hy het aan “zijn huys veelmaalen sluyp-vergaderingen gehouden.”⁴³⁰ Hy het daarvan gehou om openlik te roem “van de kragtdadige werkingen des Geestes in hem.”⁴³¹ Aan die Kaap sou hy egter sy rieme styfloop. Hy is spoedig gedeportheer. Dat hy egter by baie mense aanklank gevind het, blyk uit die meer as 30 mense wat van hom op die strand afskeid geneem het. Die predikante aan die Kaap was daarenteen oortuig dat “hij in de leer ongegront is.”⁴³² Van groot belang is die bekommernis wat hulle uitspreek oor die feit dat Van der Veen se oortuigings klaarblyklik aan die Kaap verwelkom is. “Wij vreesen, dat ons de tijd maar al te seer sal openbaaren, wat zaad zulk soort van menschen hier sullen gesaayt hebben, wyl men reets veel hoort spreken van dat eensame stille wagten in den Heere, en van de noodsakelijkheyd, die er is, dat een mensch, sal hij zich voor een waar christen houden, van de tijd en ure zijner weedergeboorte moet verzekert zijn; ‘t welk in Gods Woord niet gevonden word alleen op het seggen van de menschen word aangenomen.”⁴³³

⁴²⁸ Vgl. die brief van die Kaapse kerkraad aan die Classis Amsterdam op 14 Mei 1751 in Spoelstra, C. 1906. a.w. 241.

⁴²⁹ Claasen, JP. 1977. a.w., 231.

⁴³⁰ Spoelstra, C. 1906. a.w. 241.

⁴³¹ Dies.,243.

⁴³² Dies.,245.

⁴³³ Dies.

Dit is moeilik om presies te oordeel wat die situasie rondom Van der Veen was. Dit kon wees dat hy sterk evangeliese oortuigings gehad het en dat sy boodskappe vir die mense ‘n skok was omdat hulle selde boodskappe gehoor het wat appellerend van aard was. Dit kon ook wees dat hy taktloos opgetree het en van die regstinnige leer afgewyk het. Moorrees is geneig om meer positief te oordeel, terwyl Van der Watt⁴³⁴ en Claasen negatief oordeel.

Hoe dit ookal sy, ds Van der Veen het ‘n uitgesproke standpunt gehad oor die noodsaaklikheid van die bekering. Hy het geglo dat elke mens moet weet van die tyd en uur van sy wedergeboorte. Moorrees meen dat dit hieroor is wat hy so kwaai vervolg was.⁴³⁵ Ds van der Veen het ook geglo in die noodsaak van die saligmakende geloof. Hy het vir die mense die definitiewe weg tot saligheid aangewys. Hy het ook gesê dat die gelowige homself voortdurend moet beproef en kyk of die vrug van die bekering daar is. Moorrees voel dat hierdie tipe prediking ‘n goeie teengif was vir die dooie ortodoksie van die tyd. Tog was sy beskouing sterk subjektivisties-outonom getint.⁴³⁶ Daarby moes die predikante van die Kaap vir die eerste keer ‘n diversiteit in eie gemeentelike geledere erken. Vir die toekoms sou dit gevolge inhou.

Hiermee is, in verband met die tema wat ondersoek word, op die belangrikste sake tussen 1740 en 1753 gewys. Die uiteenlopende standpunte met betrekking tot die toeëiening van die heil het duideliker en meer omlyd tot uitdrukking gekom. Kerkhistories is daar ook sedert 1745 beslag gegee aan ‘n “Gecombineerde Kerkvergadering” waarin vyf gemeentes sake van gemeenskaplike belang bespreek het.⁴³⁷ Die gemeentes was Kaapstad (1665), Stellenbosch (1686), Drakenstein (1691), Roodezand (1743) en Zwartland (1745). In die volgende twee paragrawe word gefokus op theologiese literatuur uit hierdie tydperk.

4.2 Teologiese literatuur uit die pen van ds Wilhelm van Gendt

Eintlik is daar baie min biografiese gegewens oor ds Wilhelm van Gendt beskikbaar.⁴³⁸ Dit is byvoorbeeld nie bekend wanneer hy gebore is nie. Dit is ook onseker waar hy in die teologie studeer het. Sommige is van mening dat dit te Utrecht was, maar die mees waarskynlikste is dat dit in Harderwijk was.⁴³⁹ Hy is in 1714 georden as leraar en het twee gemeentes in Nederland bedien alvorens hy na die Kaap gekom het.⁴⁴⁰ In Desember 1738 het hy sy intreerede in Stellenbosch gehou.⁴⁴¹ Uiteindelik is hy ook in Stellenbosch oorlede - op 9 Oktober 1744.⁴⁴² Hy was ‘n man van groot geleerdheid en het die vroegste theologiese publikasie uit Suid-Afrikaanse bodem laat

⁴³⁴ Sien: Van der Watt, PB. 1975. *Beroerders en Beroeringe*. 15-17.

⁴³⁵ Moorrees, A. 1937. a.w., 235.

⁴³⁶ Dies., 237.

⁴³⁷ Sien: Moorrees, A. 1937. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1652-1873*. Kaapstad. SA Bybelvereniging; Van der Watt, PB. 1976. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1652-1824*. Pretoria. NG Kerkboekhandel; Hofmeyr, JW en Pillay, GJ. (red). 1994. *A history of Christianity in South Africa*. Pretoria.

⁴³⁸ Fensham, FC. 1960. *Wilhelm van Gendt*. Die Kerkbode 23 November 1960. 722.

⁴³⁹ Dies.

⁴⁴⁰ Dies.

⁴⁴¹ Dies., 723.

⁴⁴² Van Gendt, W. *Biografiese besonderhede*. Kerkargief. BB6.

verskyn. Ongelukkig het swak gesondheid sy lewe kortgeknip en kon hy nie op lange duur die kerk met sy gawes dien nie.⁴⁴³

Drie geskrifte uit sy pen moet in aanmerking geneem word.

Die eerste is ‘n publikasie wat in 1740 verskyn het toe hy alreeds twee jaar lank op Stellenbosch predikant was. Dit dra die titel **Middel ter vergelyking tusschen de Evangelische die zich onderscheiden door den naam van Gereformeerden en Lutherse**.⁴⁴⁴ Met hierdie boek probeer Van Gendt “mee te werken tot herstel van de vrede en eenigheid tussen de Gereformeerden en Luthersen.”⁴⁴⁵ Die tweede is ‘n bundel preke wat in 1741 verskyn het, te wete **Keurstoffen van uitgezogte Predikatien**.⁴⁴⁶ Die derde is ‘n geleentheidsrede wat ds Van Gendt in sy gemeente op Stellenbosch gehou het tydens die besoek van Goewerneur-generaal Van Imhof aan die Kaap op 10 Februarie 1743.⁴⁴⁷

Van Gendt se preek is ‘n uitleg van Jesaja 52: 8-9 en heet **Predikatie over Jesaia XLV : 1-8. Gedaan ter gelegenheid dat Zyn Hoog-Welgebore gestrenge de Heer Baron Gustaaf Wilhelm van Imhof is aangestelt tot Hoof Edele Gouverneur Generaal van Neêrlands Indien en de onderhorige landen**.⁴⁴⁸ In hierdie preek gaan hy uit van die figuur van Kores en vergelyk die roeping van hierdie vors met die roeping en verantwoordelikheid van konings en vorste in die algemeen. Hy verwys beslis in hierdie verband na Van Imhof se posisie en sy teenwoordigheid in die erediens.

Vanuit hierdie bronne kan daar ongelukkig baie min afgelei word van Van Gendt se heilsbeskouing. Verwysings na die heilstoeëiening is uiters beperk. Dit kom byna nooit werklik ter sprake nie. ‘n Mens is dus beperk tot slegs enkele opmerkings in hierdie verband. Die geleentheidsrede **Predikatie over Jesaia**. het glad nie die heilstoeëiening in die oog nie. ‘n Mens is dankbaar dat die preek, vanuit ‘n Ou Testamentiese teksvers, tog wel uitmond in Christus en Christus aandui as die vervulling van die betrokke Skrifgedeelte.⁴⁴⁹ Hierby moet egter ‘n kantaantekening gemaak word.

Britz wys op die feit dat Van Gendt nie werklik die preekinhoud in verband bring met die “allesbepalende soenverdienste van Christus”nie.⁴⁵⁰ Hy verreken nie die begrip van die “voorsienigheid van God,” waарoor die preek handel, in terme van die heilswerk van Christus nie.⁴⁵¹ Veel eerder word Gods voorsienigheid ontsluit “in

⁴⁴³ Fensham, FC. 1960. a.w. 722.

⁴⁴⁴ Sien bibliografie vir die volledige besonderhede.

⁴⁴⁵ Van Gendt, W. *Biografiese besonderhede*. Kerkargief. BB6.

⁴⁴⁶ Sien bibliografie vir volledige besonderhede.

⁴⁴⁷ Britz, RM. 1989. *Beeld en singewig*. 98.

⁴⁴⁸ Sien bibliografie vir volledige besonderhede.

⁴⁴⁹ Sien verder: Fensham, FC. 1960. a.w. 724.

⁴⁵⁰ Dies.

⁴⁵¹ Dies.

terme van die dade van die ‘Groot Mannen’ in die geskiedenis.”⁴⁵² Die klem wat Van Gendt lê op die rol van die staat om die kerk te beskerm, dra tot hierdie humanistiese sentiment by.⁴⁵³

Britz wys voorts op ‘n verdere aspek wat dui op ‘n humanistiese aanslag by ds Van Gendt. Dit is die manier waarop hy allerlei buitebybelse skrywers soos Xenophon, Herodotus, Josephus en Diodorus gebruik om die gegewens van die Skrif in verband met Kores te bevestig.⁴⁵⁴ Vir Fensham is hierdie aspek juis iets positief.⁴⁵⁵ Dit dui immers op Van Gendt se geleerdheid en vermoë om allerlei bronne te gebruik. Die vraag is tot watter mate hier ‘n kritiese ingesteldheid blyk. Blyk dit hieruit dat Van Gendt die gesag van die Skrif betwyfel en allerlei buitebybelse gegewens benodig ten einde die historiese feite in die Bybel as betroubaar te bewys?

Dit is ook bekommerenswaardig dat Van Gendt hom soveel beywer het om in sy 1740 publikasie, die skeiding tussen die Gereformeerdes en die Lutherane uit te wis.⁴⁵⁶ Kom sy gereformeerde integriteit nie dalk hier onder verdenking nie? Dit blyk wel dat hy in eie hoedanigheid gereformeerd *wou* wees. Hy maak immers positiewe geluide oor die uitverkiesing⁴⁵⁷ en selfs die leer van die beperkte versoening.⁴⁵⁸ Tog wil hy die verskille tussen Calviniste en Lutherane uitgewis sien. Hy werk dus vanuit ‘n sterk theologiese toleransie en maak nie werklik erns met die gereformeerde belydenis en konfessionele verskille nie.

Die derde geskrif wat aandring om in hierdie ondersoek behandel te word, is die preekbundel van Van Gendt wat in 1741 uitgegee is.⁴⁵⁹ In hierdie preke tref ‘n mens ‘n mengelmoes van verskillende en selfs opponerende theologiese gedagtes aan. Dit is egter baie moeilik om hieruit ‘n tipering te vorm van wat Van Gendt se siening rakende die heilstoeëiening werklik was. Klaarblyklik het hy nie sommer net veronderstel dat alle kerklidmate ook tegelyk wedergebore mense is nie. Hy praat byvoorbeeld nie net van “gelowiges” nie. Hy gebruik die sterk en toutologiese spreekwyse van “gelowige kinders van God”⁴⁶⁰ en “wedergeborene Christenen.”⁴⁶¹ Hy maak ook ‘n onderskeid tussen “onwedergeboren menschen” en diegene wat wel “wedergeborene” is.⁴⁶² Hy kan ook binne die verbondskonteks die “goddelose” aanspreek wat “geen vrede” het nie.⁴⁶³ Hy dreig trouens ook die onbekeerde. Hy sê byvoorbeeld dat, indien die mens hom nie bekeer nie, hy met God as Regter te make sal kry.⁴⁶⁴ Hy is immers die God van toorn.⁴⁶⁵ Hy maak ook in hierdie verband die interessante stelling dat dit nie die *sonde* is wat

⁴⁵² Dies.

⁴⁵³ Dies., 102.

⁴⁵⁴ Dies., 101.

⁴⁵⁵ Fensham, FC. 1960. a.w. 724.

⁴⁵⁶ Sien: Van Gendt, W. 1740. *Middel der vergelyking tusschen de Gereformeerde en Luthersche*. Amsterdam.

⁴⁵⁷ Dies., 112.

⁴⁵⁸ Dies., 127.

⁴⁵⁹ Sien: Van Gendt, W. 1741. *Keurstoffen van uitgezogte predikatien. Deel. 1-3*. Amsterdam. Arnoldus Olfesen.

⁴⁶⁰ Dies., deel 1, 3.

⁴⁶¹ Dies., 8.

⁴⁶² Dies.

⁴⁶³ Dies., deel 3, 95.

⁴⁶⁴ Dies., 107.

⁴⁶⁵ Dies.

veroorsaak dat mense “vredeloos” is nie, maar die feit dat mense nie die Middelaar het nie.⁴⁶⁶ Die noodsaaklikheid van die *besit* van Christus, is dus vir hom belangrik.

Die opvallende in hierdie preke is egter die feit dat Van Gendt nêrens verduidelik *hoe* die heil toegeëien word nie. Die oproepe word dringend gestel, maar die gemeente word nie toegelig oor die *manier* waarop Christus toegeëien word nie. Hy sal byvoorbeeld opmerkings maak soos “laat ons kinderen des vredes zyn”⁴⁶⁷ of “Gods eis is bekend,”⁴⁶⁸ maar geen weg word aangetoon waارlangs dit eksistensieel gerealiseer word nie. Soms klink dit selfs asof die mens vanuit eie vrome potensiaal tot geloof kom. Dit klink uit ‘n oproep soos byvoorbeeld dat die mens getrou moet gaan *doen* wat God eis.⁴⁶⁹

Vanuit ander opmerkings klink egter weer die gereformeerde teonome opvatting op. In hierdie gevalle poog ds Van Gendt duidelik om die eer aan God te gee vir die mens se verlossing. So verklaar hy dat dit God se goedheid is wat die gelowige lei na ‘n goeie land.⁴⁷⁰ Hy dui die enigste fondament op grond waarvan die hemel beërf kan word aan as die “genade des Vaders en de verdienste des Zoon.”⁴⁷¹ Soms plaas hy ook die aksent op al die werke wat God doen.⁴⁷² Christus het immers die kop van die slang vermorsel en dit is “een heerlike troost.”⁴⁷³ Hy meld ook baie eksplisiet dat die geloofsversekering van die gelowige alleen gebaseer is op Christus se opstanding.⁴⁷⁴ Hy sê trouens ook dat die leer van Christus se opstanding die “hoofartikel” van die Christendom is.⁴⁷⁵ Die feit van die opstanding “strekt zeer veel tot onze verzekering.”⁴⁷⁶

Word alles in oënskou geneem, is dit redelik duidelik dat ‘n mens by ds Van Gendt ‘n leraar van gereformeerde belydenis vind, maar wat nie konsekwent gereformeerd was in sy theologiese arbeid nie. Die ywer om vanuit die gereformeerde belydenis oor die heil te dink is beslis aanwesig, maar dit word nie konsekwent deurgevoer nie. Allerlei ander invloede vorm oënskynlik filters waardeur die helder lig van die Reformasie verbuiig word. Hy self staan in die middel. Sou dit ook die geval wees met die tweede predikant wat gedurende hierdie tyd (1740-1753) in aanmerking moet kom? Ds F Le Sueur het ‘n katkisasieboekie vir die Kaapse gemeentes in 1746 die lig laat sien. In sy Korte schets der Goddelijken waerheden het hy immers sy theologiese oortuigings ingebou – sekerlik ook oor die toeëiening van die heil.

4.3 ‘n Belangrike katkisasieboek uit 1746

⁴⁶⁶ Dies.

⁴⁶⁷ Dies.

⁴⁶⁸ Dies.

⁴⁶⁹ Dies.,136.

⁴⁷⁰ Dies., deel 1., 3.

⁴⁷¹ Dies.,124.

⁴⁷² Vergelyk dies., deel 2, 1-24.

⁴⁷³ Dies., 37.

⁴⁷⁴ Dies.,492.

⁴⁷⁵ Dies.

⁴⁷⁶ Dies.

Ds Frans le Sueur is in 1700 in Nederland uit ‘n Franse familie gebore. Hulle het met die vervolging van protestante in Frankryk na Nederland gevlug. Gedurende 1726 het hy sy theologiese studie in Leiden voltooi om drie jaar later predikant van Kaapstad te word.⁴⁷⁷ Weens ‘n keelaandoening het hy in 1746 demissie ontvang, maar steeds aktief in kerklike werksaamhede gebly. In 1757 is hy oorlede.⁴⁷⁸ Uit sy pen het daar in 1746 vir die Kaapse gemeente verskyn ‘**n Korte schets der Goddelyke waerheden, waar de Leere der Gereformeerde kerke, na het voorschrift van Gods H. Woord kort en klaar is voorgesteld, en kragtig bevestigd tegens die gene, welke van de waerheid afdwalen; wiens grondwalingen en oogmerken, tot beter begrip en ontdekking, worden voorgedragen; alles ten dienste van die genen, de welke ind e leere der waerheid, die na de godzaligheid is, zij verder willen oeffenen; en zig tot des Heeren Heiligen Tafel willen begeeven.** Uit die titel is sy bedoeling reeds duidelik: dit gaan nie net om ‘n hulpmiddel by die kategetiese onderrig nie, maar die boekie huisves ook ‘n doelbewuste apologetiese motief.

Na alle waarskynlikheid is die **Korte Schets** die eerste gepubliseerde handboek vir gebruik by die voorbereiding tot die openbare belydenis van die geloof, wat op inheemse wyse uit die Kaapse kerk gebore is.⁴⁷⁹ In hierdie boekie sal daar, net soos in die handleiding van Paul Roux (sien hoofstuk 2), blyke wees van theologiese oortuigings en verbandlegging wat vir die doeleinnes van hierdie studie van besondere belang is. Daarom word hierdie Korte Schets deeglik geanalyseer.

Die struktuur sowel as die inhoud van hierdie boekie is reeds ‘n aanduiding van die theologiese ligging daarvan.

Dit is opvallend dat hy nie teosentries begin nie, maar antroposentries: “wat is den hoogste goed van den mensch?”⁴⁸⁰ Hierdie hoogste goed het te make met die “kennen en genieten”⁴⁸¹ van God. Dit is ook duidelik dat hy met ‘n rasionele benadering te werk gaan. Hy vra immers: “Wat verstaet gij door Godt?” Dan antwoord hy: “Door Godt versta ik een allersaekelikst volstrekt eeuwig en onbegrypelyk Opperweezen.”⁴⁸² Die volgende vraag en antwoord is nog meer sprekend van ‘n rasionalistiese inslag. “Hoe weet jy dat er een Godt is?” “Daervan,” skryf ds Le Sueur die antwoord, “ben ik volkommen overtuigt door dat ingeschaepe denkbeeld dat ik van God hebbe: ‘t welk in my niet konde zyn ten zy door God zelve in my gegeeven.” Hierdie “denkbeeld dat ik in mij bevinde” moet dan ook die oortuiging bring dat daar net een God is. Hierdie “natuurlike kennis” van God is egter nie “genoegzaam tot de zaligheid” nie.⁴⁸³ Hy maak dit duidelik dat die algemene openbaring dus nie genoegsaam vir die saligheid is nie, maar dat die “light en nadere openbaring”⁴⁸⁴ nog moet bykom. Hierdie “licht en nadere openbaering” is volgens hom vervat in die Bybel, “van welkens Goddelijkheid een ieder aendagtig

⁴⁷⁷ Engelbrecht, SP. 1952. *Die Kaapse predikante..* 54

⁴⁷⁸ Dies., 55.

⁴⁷⁹ Vgl. Britz, RM. 1990. *Beeld en Singewig.* 104.

⁴⁸⁰ Le Sueur, F. 1746. *Korte Schets.* 01

⁴⁸¹ Dies.

⁴⁸² Dies.

⁴⁸³ Dies.,2.

⁴⁸⁴ Dies., 3

onderzoeker kan overtuigt zijn.”⁴⁸⁵ ‘n “Reedelijken mensch” moet hierdie openbaring “onderzoekt op dat hy God zoo als hy zich daer in naeder heeft geopenbaert leere kennen ende het waere middel ter zaligheid ontdekte.”⁴⁸⁶ Hy ken dus hoë waarde toe aan die ondersoek van die Skrif – weer ‘n aanduiding van ‘n rasionele en selfs skolastieke benadering.

Die res van die boekie is ‘n antwoord op die vraag “Hoe openbaert zich God in zijn Heilig Woord?”⁴⁸⁷ Allereers dat Hy Homself, so ontdek die mens, “als Drie-enig zoo dat wij daer uyt leeren dat in dat eene Goddelijke weezen drie onderscheide Persoonen zijn...”⁴⁸⁸ ‘n Mens kan hierdie “almachtig opperweezen niet zonder werksaemheid begrypen.”⁴⁸⁹ Hierdie vertrekpunt gee dan vir ds Le Sueur die geleentheid om die werksaamheid van God uit te spel. So begin hy dan met die “Eeuwigen Vreden Raad en het besluyten van alle het geene hy inder tijd wilde voortbrenging.”⁴⁹⁰ So het Hy besluit om te skep om “zijn luister en heerlijkheid te ontdekken.”⁴⁹¹ Die besluit van God bestaan uit twee dele naamlik die “verkiesing en verwerping.”⁴⁹² ‘n Mens kan God nie ken buite om Sy verkiesende besluit nie. Sy “eeuwig vrymachtig en onveranderlike voornemen”⁴⁹³ is klaarblyklik die bron van die kennis van God. Hy bring Sy besluit tot uitvoer deur die skepping en onderhouding van alles.⁴⁹⁴ Dit is opvallend hoedat hierdie uiteensetting op sterk rasionele en skolastiese terme geskoei word. Hy stel sy visie gevvolglik ook supralapsaries op.

God het hierdie besluit deur die “schepping onderhouding en regeering.. ter uytvoer gebragt.”⁴⁹⁵ Nadat elk hiervan omskryf is, wys hy daarop dat God met die mens “het verbond der werken opgerigt” het “onder voorwaerde van een volkome gehoorzaemheid.”⁴⁹⁶ Hierdie verbond het Adam en Eva “verstaen, toegestemt en aengenomen.”⁴⁹⁷ Hierdie verbond, so sit hy sy siening uiteen, is deur die mens verbreek, ‘n val waardeur hy aan die vloek en dood skuldig geword het.⁴⁹⁸ Tog, vanweë die genadige onderhandeling “tusschen den Drie-enigen God en den gevallen dog uitverkoren zondaer” is die “verbond der genade”⁴⁹⁹ nou opgerig “om de genoegdoening van Christus onder voorwaerde van een waerachtig geloof en bekeeringe..”⁵⁰⁰ Op hierdie punt moet dus noukeurig gelet word. Wat verstaan hy onder die “waere zaligmakende geloof?”⁵⁰¹

⁴⁸⁵ Dies.

⁴⁸⁶ Dies.

⁴⁸⁷ Dies.,4 e.v.

⁴⁸⁸ Dies.,4.

⁴⁸⁹ Dies.,5.

⁴⁹⁰ Dies.

⁴⁹¹ Dies.

⁴⁹² Dies.,6.

⁴⁹³ Dies., 5

⁴⁹⁴ Dies.,7.

⁴⁹⁵ Dies.,8.

⁴⁹⁶ Dies.,11.

⁴⁹⁷ Dies.

⁴⁹⁸ Dies.,12.

⁴⁹⁹ Dies.

⁵⁰⁰ Dies.

⁵⁰¹ Dies.,13.

Hierdie geloof kwalifiseer hy as volg: “het needrig en heilbegeerig toevlucht neemen tot en omhelsen van Christus met alle zyne verdiensten, deselve zich toepassende en niets buite hem zoeken.”⁵⁰² “...deselve zich toepassende...” – dit is ‘n terloopse, maar duidelike sinspeling op die toeëiening van die heil op ‘n outonom-eksistensiële manier. Hier kom die mén̄s beslissend aan die werk. Net die volgende vraag en antwoord bevestig dit. Daarin gaan dit om “de voornaamste trap van het zaligmakend geloof. Die bestaat in dat volkommen en verzeekert vertrouwen waer door een gelovige overtuigt is dat niet alleen anderen maar ook hem vergevinge der zonden ende het eeuwige leeven geschenken is.”⁵⁰³ Hierop volg dan eers die “waere oorsaekt” van die saligmakende geloof, te wete die Heilige Gees.⁵⁰⁴ Die voorwerp van die geloof is Christus, wat dan in ‘n hele aantal vroeë en antwoorde in terme van Sy nature, ampte en state uiteengesit word.⁵⁰⁵ Hierna gaan Le Sueur in op die volkome voldoening van Christus⁵⁰⁶ - dit wil sê “alleen voor de uytverkorenen die aan Christus van eeuwigheid door den Vader tot een eigendom gegeven zyn.”⁵⁰⁷ So het Christus al die “goederen van het genade verbond” vir Sy eiendom verwerf.⁵⁰⁸

Wat hierdie “goederen der genade verbond” betref, onderskei Le Sueur dan dit wat in “dit leven geschenken worden als de roeping, regtveerdigmaaking, heiligmaaking, bewaering en verzeegeling; en nae dit leven, als de verheerlyking.”⁵⁰⁹ Hierdie sake word voorts beredeneer en op ‘n skolastieke wyse in kruike en kanne gebring.⁵¹⁰

Wat die verseëeling betref, onderskei hy tussen die inwendige wat deur die kragtige werk van die Heilige Gees binne ons geskied en die uitwendige “die geschiet door de sacramenten”⁵¹¹ naamlik die doop⁵¹² en die nagmaal.⁵¹³ Hierna behandel hy die kerk.⁵¹⁴ Die kentekens van hierdie kerk is die suiwer verkondiging van die Woord, die geheiligde lewenswandel en oefening in die godsaligheid, die wettige gebruik van die bondseëls soos Christus dit ingestel het en die verheerliking en onderwerping aan God.⁵¹⁵ Hierna is daar nog vroeë oor die Hoof van die kerk, die tug en ampsdraers. Die katkisasieboekie sluit af met die eskatologie.⁵¹⁶

Wat is, ten slotte, die theologiese omgewing waaruit hierdie boekie stam? Dit is duidelik dat hy nie geknip is op die patroon van die **Heidelbergse Kategismus** nie. Die theologiese struktuur kom ook nie ooreen met die Kategismus nie. Dit is van belang om hierdie vergelyking – juis hier – te maak. Die **Heidelbergse Kategismus** was immers óók as ‘n kategese handboek aan die Kaap gebruik. Die struktuur van die Kategismus, naamlik: sonde, verlossing

⁵⁰² Dies.

⁵⁰³ Dies.

⁵⁰⁴ Dies.

⁵⁰⁵ Dies.,14-16.

⁵⁰⁶ Dies.,16 e.v.

⁵⁰⁷ Dies.,19.

⁵⁰⁸ Dies.,20.

⁵⁰⁹ Dies.

⁵¹⁰ Vgl. bv. oor die regverdigmaking : dies.,24-27.

⁵¹¹ Dies.,32.

⁵¹² Dies.,33.

⁵¹³ Dies.,38.

⁵¹⁴ Dies.,44.

⁵¹⁵ Dies.,48-49.

⁵¹⁶ Dies.,52.

en dankbaarheid, is oorbekend. Van belang is om vas te stel wat die **Heidelbergse Kategismus** oor die toeëiening van die heil bely.

In die **Heidelbergse Kategismus** vind ‘n mens ‘n suiwerere *gereformeerde* formulering van die evangelie.⁵¹⁷ Hier kan niets gevind word wat “uit die toon vallen in het algemeen gereformeerde concert.”⁵¹⁸ Hoewel die uitleg sistematies is, is dit geen skolastiese sisteem nie, maar veel eerder ‘n Bybelse en praktiese uiteensetting.⁵¹⁹

Die verrassende is dat geen spoor van die humanisme in die **Heidelbergse Kategismus** gevind kan word nie. *Die mens* en sy verantwoordelikheid word wel deeglik ter sprake gebring, maar nooit as mederolspeler met God nie. Die heil en die mens se toeëiening van die heil word gesien as die vrug van God se genade-inisiatief. Terwyl ander katkisasieboeke begin met die skepping en die doel van die mens se lewe, begin die **Heidelbergse Kategismus** byvoorbeeld met die verlossing wat in Christus is.⁵²⁰ Dit begin nie met die oproep tot die heilstoeëiening nie.⁵²¹ Dit begin met die *troos* dat *God* genadiglik die verlossing gegee het. Hierdie eiesoortige en Bybelse inslag kenmerk die hele dokument. Dit is tewens deur en deur teonoom-eksistensieel van aard. Vanuit hierdie benadering praat die **Heidelbergse Kategismus** op ‘n duidelike manier oor die heilstoeëiening.

In vraag 45 staan daar dat Christus deur Sy dood “die geregtigheid” *verwerf* het en dat Hy dit deur Sy opstandingskrag ons *deelagtig* maak. Hy het dus die dood oorwin met die doel om die uitverkorenes te laat deel in die heil. Hysself doen dit alles. In die **Heidelbergse Kategismus** is die *verwerwing* van die heil en *deelagtigmaking* van die heil ‘n eenheid. Christus is die een wat beide doen. Volgens die **Heidelbergse Kategismus** is dit dus so dat wie van heilstoeëiening wil praat, van *God* se werk moet praat! In vraag 53 word die *deelagtigmaking* of toeëiening van die heil gesien as ‘n aktiwiteit van die Heilige Gees. Dit is die Heilige Gees wat die gelowige laat deel kry aan Christus en Sy weldade. Hier sien ‘n mens die duidelike invloed van Calvyn: die heil is nie iets wat as aparte items verkrygbaar is nie. Dit is slegs verkrygbaar *in eenheid met Christus*. Wanneer Christus self die gelowige se deel is, deel die gelowige in die heil!⁵²² In Sondag 23 (wat oor die regverdigmaking handel) kom die kwessie van die geloof ter sprake. Interessant is egter dat Sondag 23 die geloof nie sien as ‘n menslike verdienste nie. Dit is nie “een nieuwe gehoorzaamheid” nie.⁵²³ Die geloof word gesien as “een lege hand.”⁵²⁴ Dit is Christus se geregtigheid wat die heil bring, maar die geloof omhels wel hierdie geregtigheid. In die **Heidelbergse Kategismus** word die heilstoeëiening dus vanuit ‘n “drieërlei gezichtspunt” gesien.⁵²⁵ Christus eien ons die heil toe, die Heilige Gees eien ons die heil toe en dit alles word afgestem op die

⁵¹⁷ Exalto, K. 1979. *De enige troost*. 59.

⁵¹⁸ Dies.

⁵¹⁹ Dies.

⁵²⁰ Sondag 1.

⁵²¹ Sien: Dies.,63: Dit mag lyk asof *die mens se heil* sentraal staan, maar in wese is dit Christus se verlossing wat sentraal is. Die Heidelbergse Kategismus kan eerder as “Christosentries” as “antroposentries” getipeer word. Die Heidelbergse Kategismus definieer die heil Christosentries en trinitaries.

⁵²² Sien Sondag 7 waar die saligheid afhanklik gemaak word van die “inlywing” in Christus.

⁵²³ Van’t Spijker, W. 1993. *De Toeëigening van het heil*. 14.

⁵²⁴ Dies.

⁵²⁵ Dies.

geloofstoeëiening van die mens. Die mens neem dit aan op grond van Christus en die Gees se werk van deelagtigmaking.

Word die **Heidelbergse Kategismus** en die **Korte Schets** van ds Frans le Sueur met mekaar vergelyk, is dit duidelik dat laasgenoemde nie dieselfde teologiese koördinate as eersgenoemde het nie. Die sistematiek, skolastieke onderskeidings en selfs rasioneel-antropologiese veronderstellings, laat Le Sueur oor die geloof en die toeëiening van die heil nie teonoom-eksistensieel praat nie. By hom lê ‘n ander en meer outonome en intellektuele aksent. Dit beteken dat ‘n mens versigtig moet wees om Le Sueur binne die dampkring van die Nadere Reformasie te soek. Dit word weer meteens duidelik wanneer sy **Korte Schets** met ‘n tipiese verteenwoordiger uit die kringe van die Nadere Reformasie vergelyk word. In hierdie geval word die bekende boekie van Hellenbroek as vergelykingsmateriaal gebruik.

Hierdie katkisasieboek was in die Kaap bekend vanaf ongeveer die middel van die 18de eeu.⁵²⁶ Hellenbroek se passie is dat die “geheele Godsdienst geestelijk moet zijn.”⁵²⁷ Hy wil dat die leerling hom “betamelijk gedrag” voor God.⁵²⁸ Die leerlinge se “gestalten uwes harte” moet ook “nederig zijn” en daar moet “een heilige schaamte” oor sonde wees en ‘n “ware begeerte om daar van verlost” te wees.⁵²⁹ Hierdie is die tipiese styl van die Nadere Reformasie.

‘n Mens kan dus verwag dat Hellenbroek, in teenstelling met Le Sueur, veel meer sou maak van die persoonlike heilsbeslissing van die gelowige. Dit is inderdaad ook so. Die inleidende paragrawe is onmiddellik teosentries en veral christosentries afgestem: “waar uit weet men dat er een God is?”⁵³⁰ ‘n Paar paragrawe verder wend hy hom onmiddellik tot Christus: “is Christus te kennen juist noodig tot zaligheid?”⁵³¹ Hierop volg die vraag vanwaar die mens die “zaligmakende kennis moet halen.”⁵³²

Dit is duidelik dat Hellenbroek nie die heil beredeneer vanuit die verkiesing nie, maar vanuit God se openbaring in (veral) die Skrif en in Christus.⁵³³ Hierin volg hy die reformatoriese weg. Natuurlik bring hy die uitverkiesing ter sprake, maar dan binne die konteks van die heil wat God in die uitverkorenes werk ter wille van Christus. Wanneer hy dus oor die verkiesing praat, geskied dit nie in koue rasionele en kategoriese terme nie. Dit funksioneer veel eerder binne die skopus van die handelende God wat die heil in die uitverkorenes realiseer deur Christus se verdienste: “Gods eeuwig voornemen” realiseer “in de tyd.”⁵³⁴ God laat Sy seën gebied “bijzonder en zaligmakend omtrent de uitverkorenen alleen.”⁵³⁵ Die goedheid van God het een doel voor oë en dit is “om de

⁵²⁶ Vgl. Van Zijl, WJ. 1991. a.w., 123.

⁵²⁷ Hellenbroek, A. 1773. *Voorbeeld der Goddelijke waarheden*. A2.

⁵²⁸ Dies.

⁵²⁹ Dies.

⁵³⁰ Dies., 1.

⁵³¹ Dies.

⁵³² Dies.,2.

⁵³³ Dies., 3-16.

⁵³⁴ Dies., 15.

⁵³⁵ Dies., 18.

uitverkorenen tot bekeering te brengen.”⁵³⁶ Hierdie laaste sinsnede harmonieër nie met die agtiende eeu se intellektualisme nie, maar kom veel meer tuis binne die vrome klimaat van die piëtisme. Daarom is dit nie vreemd dat Hellenbroek die kern van die predestinasieleer laat sentreer in die stelling: “God heeft besloten wie er zal zalig worden en wie niet”⁵³⁷ nie.

God se “verbond der genade” word alleen opgerig met “hen uitverkorenen zondaar.”⁵³⁸ God eis in hierdie verbond slegs een ding: “het geloove in Jezus Christus.”⁵³⁹ Die verbond bevat ook ‘n belofte wat op die eis volg: “genade hier en het eeuwige leven hier namaals.”⁵⁴⁰ Hoe kom die sondaar tot geloof? Eintlik stel Hellenbroek dit as volg:⁵⁴¹ “Hoe gaat de zondaar over in dit verbond?”⁵⁴² Daar is, volgens hom, sekere stadia: God handel eerste en “nadert eerst tot hem” en “noodigt” die sondaar na Hom toe.⁵⁴³ Dan moet die sondaar hom laat versoen met God en hom “bekeert van zijnen weg.”⁵⁴⁴ Hoe doen die sondaar dit? Hy “neemt den Heere aan tot zyn God en geeft zich geheel aan hem over tot zijn eigendom.”⁵⁴⁵ Hierdie oorgawe moet egter aan sekere vereistes voldoen. Dit moet naamlik “bedaard, vrywillig, armoedig, geloovig, oprecht, met een geheele toestemming” wees.⁵⁴⁶ In kort bestaan hierdie “zaligmakend geloof” uit “kenniste, toestemmen en vertrouwen.”⁵⁴⁷ Die bekering is egter nie ‘n prestasie van die mens se kant nie, maar “de Heere Jezus is de eenigste oorzaak van hare zaligheid.”⁵⁴⁸

Dit is opvallend hoedat Hellenbroek ook ‘n hele aantal subjektiewe kwalifikasies aan die geloof toevoeg, maar dan steeds die heil in God se objektiewe heil begrond. Sy uitgangspunte verskil dus van die uitgangspunt van die reformatoriële **Heidelbergse Kategismus**. By Hellenbroek word die klem verskuif vanaf “die God van die geloof” na die “geloof in God.”⁵⁴⁹ Die aksent word dus verlê vanaf die Woord van God na die wedergebore mens se ervaring.⁵⁵⁰ Hiermee verkry die heil ‘n antroposentriese aksent wat aan die geloof ‘n voorwaardelike kleur gee.

In die lig hiervan is dit duidelik dat Le Sueur se **Korte Schets** dus ook nie heeltemal inpas by die kategetiese leerstof van die Nadere Reformasie nie.

Waar pas dit dan in? Die intellektuele inslag daarvan dui op ‘n verbondenheid met die gereformeerde skolastiek. Word alles dus in oënskou geneem, is dit duidelik dat die uiteenlopende lyne met betrekking tot die toeëiening

⁵³⁶ Dies.

⁵³⁷ Dies., 26.

⁵³⁸ Dies., 46.

⁵³⁹ Dies.

⁵⁴⁰ Dies.

⁵⁴¹ Dit klink byna arminiaans.

⁵⁴² Dies.

⁵⁴³ Dies.

⁵⁴⁴ Dies., 47.

⁵⁴⁵ Dies.

⁵⁴⁶ Dies.

⁵⁴⁷ Dies., 83.

⁵⁴⁸ Dies., 84.

⁵⁴⁹ Brown, E. 1995. *Die verspreiding en lees van die Oude Schrijvers..* ” 493.

⁵⁵⁰ Dies., 494.

van die heil in die Kaaps-Hollandse kerk dus ook deur die kategetiese onderrig – reeds in die 18de eeu – verder gevoer word. Teen 1750 het hierdie kerk, veral ook omdat die gemeentes jaarliks in ‘n gekombineerde kerkvergadering byeen gekom het, histories bewus geraak. Die eerste landseun wat predikant geword het sou 8 April 1652, as historiese datum, teologies gedenk.

4.4 Historiese bewuswording by die Kaaps-Hollandse Kerk

Die laaste paragraaf van hierdie hoofstuk maak enkele aantekeninge oor die historiese bewuswording wat in nóg ‘n teologiese publikasie gedurende 1753 verwoord is. Toe het ds PJ van der Spuy as Kaapse predikant voorgegaan.

Ds Petrus van der Spuy is op 23 November 1722 in die Kaap gebore.⁵⁵¹ Reeds op agtjarige ouderdom is hy na Nederland gestuur vir akademiese toerusting.⁵⁵² Aanvanklik het hy begin studeer aan die Erasmiaanse skool in Rotterdam.⁵⁵³ Uiteindelik is hy ook in teologie opgelei en in 1746 in Kaapstad as leraar bevestig.⁵⁵⁴ Sy tweede en laaste gemeente was in Drakenstein.⁵⁵⁵ Na vele moeilikhede in die gemeente,⁵⁵⁶ besluit hy om in 1781 te emeriteer en hy sterf in 1809 op 87 jarige ouderdom.⁵⁵⁷

In die geskiedenisanaale sal ds Van der Spuy onthou word as die predikant wat die eerste “eeufeesrede” gehou het.⁵⁵⁸ Die destydse goewerneur, Ryk Tulbagh, het besluit om 8 April 1752, die eerste dag van die samekoms van die Politieke Raad, met die oog op die “honderdjarige possessie van Cabo de Goede Hoop,” tot openbare godsdiensoefening af te sonder en sodende die dag feestelik te herdenk.⁵⁵⁹ Ds van der Spuy was die aangewese man om die feesrede uit te spreek. Dit is later gepubliseer onder die titel: **Dankaltaar, Gode ter eere opgericht; of eene plegtige redenvoering ter gelegenheid van’s Ed. Comps Hundert Jaarige Posessie des Gouvernement van Cabo de Goede Hoop; In eene Verklaaring en Toepassing van Ps 147 vers 12-14. Uitgesproken den 8 April des jaars 1752 door Petrus van der Spuy, bedienaar des H. Evangeliums aan Cabo de Goede Hoop.**⁵⁶⁰ Hierdie preek is die uitstaande nalatenskap van ds Van der Spuy.

Die preek is ‘n indrukwekkende voorbeeld van die kulturele opleiding wat die predikante destyds in Europa ondergaan het.⁵⁶¹ Tog getuig dit geensins van die eg-skriftuurlike klanke soos wat hoorbaar is in die

⁵⁵¹ Britz, RM. 1989. *Beeld en singewing..* 109.

⁵⁵² Dies. Volgens Moorrees het hy eers in die medisyne studeer. Sien: Moorrees, A. 1937. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika.* 267.

⁵⁵³ Dies.

⁵⁵⁴ Dies.,110. Hy was die eerste gebore Afrikaner om tot die plaaslike bediening toe te tree: sien: Moorrees, A. 1937. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika.* 267.

⁵⁵⁵ Dies.

⁵⁵⁶ Vir ‘n beskrywing hiervan sien Moorrees, A. 1937. a.w. 311 e.v.

⁵⁵⁷ Britz, RM. 1989. a.w. 110.

⁵⁵⁸ Du Toit, HDA. 1952. *Vorige eeufeespreke.* In: Die Kerkbode 12 Maart 1952. 496.

⁵⁵⁹ Dies.

⁵⁶⁰ Dies.

⁵⁶¹ Dies., 497.

gereformeerde belydenisskrifte nie. Van die heil wat God in Christus bewerk het, kom daar in hierdie preek min tereg. Heelwaarskynlik oordeel Du Toit té positief as hy hierdie preek beskou as “konfessioneel verantwoord” en “in die gees van Dordt.”⁵⁶²

Die preek vertoon ‘n groot stuk dorheid en baie van die analitiese denke van die rasionalisme van die agtende eeu steek hier kop uit. Die reformatoriese klem op God se heilshandelinge in Christus ontbreek. Van der Spuy verwys eenvoudig net nie na die “barmhartigheid van God soos dit in Christus geopenbaar” is nie.⁵⁶³ Die rede hiervoor kan gesoek word in die humanistiese aanslag van die teologie van die tyd. Dit kan egter ook gevind word in ds Van der Spuy se eie godsdienstige mondering. Hy het immers teen die einde van sy lewe self erken dat hy Christus nooit self regtig geken het nie. Hy het eers na sy aftrede “aan sy eie hart die krag van die evangelie gevoel wat hy vroeër verkondig het.”⁵⁶⁴ Hy het dus klaarblyklik ‘n evangelie verkondig wat nie in sy eie lewe ‘n werklikheid was nie.

In die twee beskikbare preke van ds Van der Spuy⁵⁶⁵ kom daar dus weinig sprake van die heilstoeëiening voor. ‘n Mens kry eerder die indruk dat hy by voorbaat veronderstel dat almal in elk geval Christene is. Daar is dus ook geen oproep tot die toeëiening van die heil nie. Die preke is eerder koue redevoeringe waarin daar algemene godsdienstige en Bybelse verwysings gemaak word. Du Toit beskryf **Dankaltaar** ook as ‘n “liriese ekstase oor die vooruitgang van die vaderland.”⁵⁶⁶ Dit duï dus op die historiese bewussyn wat in die kerk aan die ontwikkel was.

Kyk ‘n mens dan na die inhoud van die preek, is hierdie tendens opsigtelik.

In die hele preek word letterlik geen melding gemaak van God se heil in Christus nie. Gevolglik is daar ook geen oproep wat tot die gemeente uitgaan nie. Die preek is daarop gemik om die situasie in die Kaap te vergelyk met die volk Israel soos Israel binne die konteks van die Psalm funksioneer.⁵⁶⁷ Die kerk of gemeente moet die Here loof en prys soos Israel moes doen.⁵⁶⁸ Hiertoe besit die kerk self ‘n bepaalde “bequamheid.”⁵⁶⁹ Die kerk het bepaalde “pligten.. waar toe zy uit kragt der Goddelyke Weldaaden verpligt zyn.”⁵⁷⁰ Dit is op grond van die “veelvuldige zegeningen” wat die Here op hulle uitgestort het.⁵⁷¹ Wat hierdie seëninge presies is, word nie gesê nie. Niks duï daarop dat dit God se heil in Christus is nie. In die konteks van die preek gesien, duï dit eerder op die algemene seën van die Here. Hy noem dit eksplisiet as “tydelyke zegeninge” en Sy “bestieringe.”⁵⁷² Dit het te

⁵⁶² Du Toit, HDA. 1947. *Predikers en hul prediking*. 119.

⁵⁶³ Dreyer, A. 1932. *Die eerste eeufeesviering in Suid-Afrika 1652-1759*. 35.

⁵⁶⁴ Du Toit, HDA. 1952. a.w. 496.

⁵⁶⁵ Behalwe die “Dankaltaar” ook nog “Abraham verheven” in: De Gereformeerde Kerkbode 6 Maart 1852. 65 e.v.

⁵⁶⁶ Du Toit, HDA. 1952. a.w. 497.

⁵⁶⁷ Van der Spuy, P. 1752. *Dankaltaar, Gode ter eere opgericht*. 5

⁵⁶⁸ Dies.,4-5.

⁵⁶⁹ Dies.,6.

⁵⁷⁰ Dies.,7.

⁵⁷¹ Dies.,8.

⁵⁷² Dies.,14.

make met die manier waarop die Here hulle “bewaard” het deur die jare.⁵⁷³ Die seëninge hou verband met die feit dat God hulle “in vrede gesteld” het.⁵⁷⁴ “Geen vijand heeft to dezen toe onze rust gestoord.”⁵⁷⁵

Van die enigste verwysings na die heilsbelewenis van die gelowiges, is die oproep wat gemaak word dat die gemeente hul van sonde moet weerhou.⁵⁷⁶ Maar, die eintlike oproep in die preek is gerig aan gelowiges om die Here te loof en te prys.⁵⁷⁷ Dit is wat die gelowige aan God verskuldig is. Van die gemeente word daar eenvoudig veronderstel dat almal God se kinders is: “Hij is onze God. Wij zijn volk en eigendom. Hij is onze Koning, wij zijne onderdanen.”⁵⁷⁸

Die manier waarop Van der Spuy dus hier aan die heilshandelinge van God verbygaan en op ‘n bloot moralistiese vlak van God se handelinge praat en so ook van die mens se handelinge, laat ‘n mens vermoed dat die humanisme ‘n sterk invloed op sy denke gehad het. Hierdie vermoede word versterk deur die manier waarop hy die geskiedenis beskou as ‘n soort “leermeester van die lewe.”⁵⁷⁹ Daarom dat hy die geskiedenis van Israel sien in terme van “lesse” wat die gelowiges daaruit moet leer.⁵⁸⁰

In die ander preek kom hierdie selfde tendens na vore.⁵⁸¹ In hierdie preek word weliswaar meer van God se heilshandelinge gemaak. Ook kom *Christus* hier meer direk ter sprake. Dit is egter opvallend dat Van der Spuy die hooffokus op *Abraham* laat val en dan God se handelinge ter sprake bring *soos wat Abraham daarby baat gevind het*. Hy plaas nie vir *God* in die fokus en bring vir *Abraham* ter sprake in die lig van *Sy* handelinge nie. Dit is *Abraham* wat in die sentrum staan en God word by hom betrek. Die blikpunt is “dien grooten Godsman.”⁵⁸² ‘n Mens “merkte in hem (*Abraham*) op de bemoeijingen zijns Gods.”⁵⁸³

Dit is binne hierdie konteks wat Van der Spuy God se handelinge soos byvoorbeeld “der heerlijke verbondsbelofte” ter sprake bring.⁵⁸⁴ *Abraham* se regverdiging word beskrywe in terme van ‘n daaglikse bekering: “hem als dageliks naauwer en inniger aan den Heer en zijne zalige dienst verbindt. Al meer en meer draagt zijn leven zoo doende de blyken van een wandelen met God.”⁵⁸⁵ Van *Sy* kant af “versterkt Hij hem in het geloof door de vernieuwing der belofte.”⁵⁸⁶ Van *Abraham* word verwag om met “de hand des geloofs” die belofte te “omklemmende.”⁵⁸⁷ Van der Spuy veronderstel dus dat *Abraham* geregverdig is en dat hy slegs nader aan God

⁵⁷³ Van der Spuy, P. 1852. *Eeufeest van de grondvesting dezer volksplanting*. 71.

⁵⁷⁴ Dies., 72.

⁵⁷⁵ Dies.

⁵⁷⁶ Van der Spuy, P. 1752. a.w. 14.

⁵⁷⁷ Dies., 15.

⁵⁷⁸ Van der Spuy, P. 1852. a.w. 74.

⁵⁷⁹ Britz, RM. 1989. *Beeld en singewing..* 114.

⁵⁸⁰ Dies.

⁵⁸¹ Van der Spuy, P. 1852. *Abraham verheven* in: De Gereformeerde Kerkbode 6 Maart 1852. 65 e.v.

⁵⁸² Dies.

⁵⁸³ Dies.

⁵⁸⁴ Dies.

⁵⁸⁵ Dies.

⁵⁸⁶ Dies., 67.

⁵⁸⁷ Dies.

moet kom. Die “geloof” word in hierdie konteks ter sprake gebring, maar op geen manier op dieselfde wyse as waarop reformatoriiese geskrifte soos die **Heidelbergse Kategismus** dit doen nie.

4.5 Samevatting

Wat betref die sig op die heilstoeëiening, is dit bykans onmoontlik om nie raak te sien dat daar ‘n bepaalde ontwikkeling gedurende 1740-1753 plaasgevind het nie. Verskillende standpunte is ook duideliker omlyn. Dit is ook duidelik dat dieselfde diversiteit wat onder leraars bestaan het, ook onder lidmate bestaan het! Dit kon ook nie anders nie. Die diversiteit het immers reeds by die kategetiese onderrig kop uitgesteek. Te same met die reformatoriiese **Heidelbergse Kategismus** is ook leerboeke van twyfelagtige aard gebruik. Hellenbroek se leerboekie dra die stempel van die Nadere Reformasie terwyl Le Sueur se boek die geur van die gereformeerde skolastiek adem. By beide verskuif die klem vanaf God se heilshandelinge na die vrome mens met sy heilsbelewing en rationele vermoëns. Sodoende vervang ‘n religieuse humanisme die reformatoriiese sig op die heil en heilstoeëiening.

Met sekerheid kan dus gekonstateer word dat, teen 1753, daar ‘n verskeidenheid van standpunte in sake die heilstoeëiening binne die een gereformeerde Kaapse Kerk aanwesig was. In sommige gevalle was daar weinig sig op die toeëiening van die heil, want ‘n soort verbondsautomatisme het veroorsaak dat alle gedooptes ook as verloste mense beskou is. Hierbenewens was daar die invloed van die Nadere Reformasie wat die klem gelê het op die mens se keuse en ervaring. Sodoende is die mens op homself teruggewerp ten einde in die heil te deel. Ook die invloed van die gereformeerde skolastiek het die klem op die mens gelê. Te midde van alles was die Skriftuurlik-reformatoriiese siening van die toeëiening van die heil ook in sig. Dit is duidelik dat hierdie toedrag van sake gevölge sou inhoud vir die toekoms van die kerk.

HOOFSTUK 5

‘N NUWE INSET: DIE KLEM OP DIE SUBJEKTIEWE TOEËIENING VAN DIE HEIL: 1753-1775

Ná 1750 kom daar in die dokumente uit die Kaapse Kerk ‘n doelbewuste oriëntering op die daadwerklike toeëiening van die heil aan die orde. Hierin word ‘n klem op die subjektiewe toeëiening van die heil geplaas wat ontbreek in die preke van ds Van Gendt en ds Van der Spuy sowel as die katkisasieboek van ds Le Sueur. Van groot belang is ook die feit dat ‘n lidmaat haarself oor die heil, en veral die toeëiening van die heil, uitspreek. In hierdie hoofstuk val die klem gevvolglik op hierdie denklyn, sodat dit wat hiér aan die orde kom, in duidelike kontras gestel word met dit wat in hoofstuk 4 beredeneer is. In die Kaapse gemeentes is die uiteenlopende denklyne rondom die toeëiening van die heil dus verder gevoer. Hieronder word eers op die sterk uitgesproke oortuigings van ‘n Kaapse weduwee gefokus. Daarna word dit in ‘n verband met die teologie van die Nadere Reformasie geplaas. Soos in die vorige hoofstuk aangedui, het die Kaapse gemeentes tussen 1745 en 1759 in ‘n Gekombineerde Kerkvergadering byeengekom. Hierdie vergadering het in 1754 ‘n visitasiereglement aanvaar. Daarom word hierdie amptelike dokument eweneens verdiskonter. Ná 1760 het Kaapse predikante hulle uitgelaat oor ‘n onverkwiklike geestelike situasie onder lidmate én in hierdie verband, na geestelike verdieling en toewyding verlang. By hulle aksente word eweneens stilgestaan.

5.1 ‘n Kaapse lidmaat stel onomwonde haar saak

Susanna Bosman is gedurende Januarie 1712 aan die Kaap gebore. Op 3 Augustus 1732 tree sy in die huwelik met Isaak de Vries. Uit hierdie huwelik is agt kinders gebore.⁵⁸⁸ De Vries is iewers tussen 1745 en 1749 oorlede. Susanna was dus op relatief jong ouderdom ‘n weduwee, “die bovendien beschikte over een vruchtbare pen.” Tussen 1749 en 1751 het sy vyf brieue aan die bekende ds Theodorus van der Groe, predikant in Kralingen geskryf. Sy het as “een Afrikaansche vrouw” oor haar geestelike ervarings, theologiese oortuigings en die kerklike toestand aan die Kaap, aan die woord gekom.⁵⁸⁹ Die aanleiding hiervoor was haar ontmoeting met ‘n verbyvarende sieketrooster J van der Ende. Na ‘n gesprek “betreffende de zielsgestalten der gelovigen en hun verkeerde werkzaamheid”⁵⁹⁰ en “tegen wie ik,” skryf sy op 4 Oktober 1748, “gesproken heb over de boeken van Erskine, waar in één een voorrede gemaakt heeft”⁵⁹¹ het Van der Groe haar aangeraai om met hom (dit is Van der Groe) te korrespondeer. Dit het sy gedoen.

Theodorus van der Groe (1705-1784) word as een van die belangrikste verteenwoordigers van die Nadere Reformasie in die 18de eeu beskou. Bekende werke van Van der Groe “die iets klassieks hebben gekregen in de geschiedenis van het Ger. Protestantisme zijn zijn werken over Het zielzaligend geloove; zijn uitleg van de

⁵⁸⁸ Sien: *Brieven van Theodorus van der Groe in leven dienaar in de gemeente van Jezus Christus te Kralingen en vijf brieven van Susanna Bosman, weduwe van Isaak de Vries te Cabo (Kaap de Goede Hoop)*. Den Hertog, Houten. 13.

⁵⁸⁹ Dies.,10.

⁵⁹⁰ Dies.

⁵⁹¹ Dies.,109-110.

Heidelberg Catechismus en misschien het meest zijn diepborende Toetssteen der ware en valse genade.”⁵⁹² Vir Van der Groe het Susanna Bosman leer ken uit “de boeken van Erskine, waar u in één een voorrede gemaakt heeft, die mij zeer goed en stichtelijk is voorgekomen,” skryf sy.⁵⁹³ In hierdie verband verwys sy na die verhandeling van Van der Groe “over de plicht van het lezen van de Heilige Schrift en andere Godgeleerde boeken” wat in 1747 as ‘n voorrede in Ralph Erskine se *Blijde Boodschap* in zware tijden verskyn het. Trouens, Van der Groe het hierdie boekie in Nederlands uitgegee. Dit beteken dus dat Erskine en Van der Groe (hy het van sy werke aan Bosman gestuur) aan die Kaap gelees is. Van Zijl het die Toetssteen der ware en valsche genade (1752) van Van der Groe opgespoor.⁵⁹⁴ Volgens hom het Van der Groe daarop aangedring “dat ‘n onwedergebore mens allereers die Bybel en ander Christelike boeke moet lees om tot ‘n ontdekking van sy ellende te kom.”⁵⁹⁵ Na die vertalings van Erskine het Van Zijl nie gesoek nie.

Vir die doeleindes van hierdie ondersoek is dit belangrik om die standpunt van Bosman oor die toeëiening van die heil na te gaan. Dit weerkaats immers hoe daar op voetsoolvak hieroor gedink is. Susanna Bosman is uitgesproke in die beklemtoning van die bevindelikheid of proefondervindelike belewing van die geloof. So maak die ware Israeliete wat God in die Gees dien, teken sy aan, “gelovig gebruik van Jezus’ ambten gepaard met een levendig gevoel en bevinding.”⁵⁹⁶ In hierdie sin gee sy ook blyke van die geestelike toestand aan die Kaap. Opsigself geneem is dit insiggewend. “Want in ons land zijn er verscheiden personen, zowel oude als jonge, sinds vijf jaren overtuigd en werkzaam geworden op een ongehoorde en ongewone wijze, zoals wij hier, namelijk in deze woeste landstreek, voorheen nooit gehoord hadden van innige godsvrucht. Maar de werkzaamheid van die mensen komt overeen met de bevinding van Gods Woord en volk om tot geen dwalingen of eigen geestdrijverij te vervallen.”⁵⁹⁷ Hier kom ‘n theologiese oortuiging aan die woord. Sinspeel sy hier op die optrede van Van Dijk en Raasel, na wie in die vorige hoofstuk verwys is? Enige antwoord is spekulasié. Sy is wel van tweespalt bewus en dat die benadering wat sy voorstaan deur sommige met “geestdrijverij” in verband bring word. “Hierom worden in dit land dezulken die getrouw voor Jezus’ zaak en volk uitkomend, ook gehaat, bespot en gelasterd.”⁵⁹⁸

Hieruit moet afgelei word dat nie almal aan die Kaap dus dieselfde geestelike gewaarwordinge beleef het nie. Tewens, Bosman het haar in ‘n groep tuisgevoel wat as ‘n minderheid en andersdenkend sigself gehandhaaf het. Op 5 September 1750 skryf sy dat “het heeft de oneindige goedheid des Heeren behaagd aan ons, onwaardigen, die in een land van de schaduw des doods zaten, wondere, ja wonderbare stralen van Zijn heerlijkheid inwendig, door de verlichting van Zijn Geest te doen zien, die ons aanwijzen waar wij de ware Koning en Messias Jezus zullen vinden. Namelijk naast Zijn Woord in de harten van degenen waar Hij geestelijk in geboren wordt: die uit kracht van Zijn Goddelijke werking zichzelf openbaar maken aan de consciënties der mensen in geschriften,

⁵⁹² Kaajan, H. 1925. *Groe (Theodorus van der)* in Christelijke Encyclopaedie. Deel 2. 403. Sien ook: Brienen, T (ed). 1986. *De Nadere Reformatie. Beschrijving van haar voornaamste vertegenwoordigers.* 277-314.

⁵⁹³ Brieven van Th vd Groe. 109-110.

⁵⁹⁴ Van Zijl, WJ. 1992. *Van Skeepskis...* 245.

⁵⁹⁵ Dies., 99.

⁵⁹⁶ Brieven.. 108.

⁵⁹⁷ Dies.,111.

⁵⁹⁸ Dies.

woorden en wandel.”⁵⁹⁹ Hierdie opmerkings bevestig die vermoede dat Bosman ‘n sware klem op die ervaring plaas. Uiteraard verlang sy na ‘n voorganger wat in hierdie benadering kon deel. Klaarblyklik het nie een van die Kaapse predikante aan hierdie verwagting voldoen nie. Sy het bly hunker “naar zulke voorgangers die onder de lijdzame afwachting van Jezus’ kracht en Geest met ons mochten bidden en tot ons spreken in Zijn Naam.”⁶⁰⁰

Bosman is ook deur en deur bewus van haar eie sonde, “die gedurig als een zwarte wolk die ziel benevelt en deze moedeloos en krachteloos maakt.”⁶⁰¹ Daarom haar innige versugting: “O welk een grote kracht en stem van de Heere Jezus is hier nodig om die baren der zee van onze vleselijke gedachten te stillen, en om onze zielen zacht gelovig neer te zetten aan de voeten van die Leeraar der gerechtigheid, wiens woorden in stilheid moeten gehoord worden. Deze Leraar is alleen de opperste en volmaakte wijsheid zelf.”⁶⁰² Hierop laat sy weer haar oortuiging hoor: “Dit maakt de ziel als der redelijk schepsel niet werkeloos, maar schudt haar uit van haar eigen werken, en doet haar ieder ogenblik naakt en bloot met haar noden naar Jezus vluchten, om met haar ganse verstand, oordeel en wil alleen af te hangen van Hem, Die alles in ons werkt naar de raad van Zijn wil, en alle dingen schoon maakt op Zijn eigen tijd.”⁶⁰³ So stel sy telkens, uit innerlike ervaring, haar toestand of geestelike situasie voor.

Van der Groe het met waardering van haar briewe en “ook nog een breed geschrift... waarin u uw staat voorstelt en de aanbiddelike en heilige wegen van Christus met u gehouden.”⁶⁰⁴ In hom het sy ‘n geesgenoot gevind. Dit blyk ook uit die raad wat hy haar gee om beter tot ‘n vergelyk te kom met haar “eerste overgang in Christus.”⁶⁰⁵ Hy raai haar aan om neer te skryf “hoe u eerst bevindelijk door het overtuigend licht van de Heilige Geest in de zalige zelfverlorenheid voor God gekomen bent, en waar eigenlijk dood en leven bij u gescheiden zijn.”⁶⁰⁶ In die tipiese benadering van die Nadere Reformasie verseker hy haar dat “eer de Heere Jezus Zichzelf aan de ziel zaligmakend ontdekt, het dan eerst met haar heilig hopeloos en radeloos gemaakt wordt, en dat de zondaar dan nog eerst van zijn allerlaatste gronden en toevluchten moet afgedreven worden, waar hij het zolang nog op uitgehouden heeft tegen Christus en de vrije genade. En hierin ligt dat grote en almachtige van Gods eigen hand, om ons aan onszelf en aan de met waarlijk te doen sterven, opdat wij met Christus meer opgewekt zouden worden door het geloof.”⁶⁰⁷

Hierbenewens moet sy neerskryf “hoe u de Heere Jezus allereerst hebt mogen aannemen als uw Middelaar bij de Vader tot verzoening en rechtvaardigmakinge.”⁶⁰⁸ Sy moet “het verhaal van uw eerste opneming en verzoening door het kruisbloed van de Middelaar” in besonderhede gaan aanteken “met enige bijzondere aanwijzing van

⁵⁹⁹ Dies.,112-113.

⁶⁰⁰ Dies.,120.

⁶⁰¹ Dies.,130.

⁶⁰² Dies.

⁶⁰³ Dies.

⁶⁰⁴ Dies.

⁶⁰⁵ Dies.,143.

⁶⁰⁶ Dies.

⁶⁰⁷ Dies.

⁶⁰⁸ Dies.,144.

hetgeen de genade u daarvan op die tijd heeft doen ondervinden.”⁶⁰⁹ Vir Van der Groe is dit belangrik omdat hierdie “zaken van zoveel belang zijn in het genadewerk des Heeren aan de ziel, zo dient men in het verhaal daarvan dan ook wel een bijzondere achtung op dezelve te nemen, tot stichting en onderwijzing van andere, die dat zouden mogen lezen.”⁶¹⁰

Maar genoeg. Bogemelde aanhalings en standpunte huisves ‘n theologiese oriëntering wat afwesig was in die preke van ds Van Gendt en ds Van der Spuy. By Bosman kom oortuigings aan die woord wat ook nie in die katkisasieboekie van ds Le Sueur aangetref word nie. Dit is ook nie die taal van die Heidelbergse Kategismus nie. Wat wel daarin opklink is die naklanke van Hellenbroek se handboekie vir die kategese. Bosman is dus deeglik aan die woord gestel met die doel om hár oortuigings te kontrasteer met die gangbare teologie van die Kaapse predikante en meerderheid lidmate. Dit bevestig ‘n theologiese uiteenloping in hierdie amptelik-erkende gereformeerde kerk en sy gemeentes. Haar briewe bevestig ook dat teen ongeveer 1750, die subjektief-beklemtoonde teologie van die Nadere Reformatie inslag aan die Kaap gevind het. Daarom word in die volgende paragraaf by hierdie besondere kerkhistoriese en theologiese ontwikkeling stilgestaan.

5.2 Die teologie van die Nadere Reformatie

In hierdie paragraaf word ‘n breë omlyning van die Nadere Reformatie as ‘n kerkhistoriese fenomeen gegee. Die bedoeling is om die aksente van die Nadere Reformatie wat rondom 1750 (en daarna) in die Kaapse gemeentes benadruk is, in ‘n kerkhistoriese raamwerk te plaas. Tweedens word die innerlike oortuigings van Susanna Bosman hiermee van ‘n breëre basis voorsien, sodat die betekenis daarvan vir die saak rondom die toeëiening van die heil, helder afgeteken kan word.

Die wortel van die Nadere Reformatie moet gesien word “against the dark background of the deformation of the church following the Synod of Dordt.”⁶¹¹ Hierdie reformatie was egter geen doelbewuste “georganiseerde stroming of actiegroep” gewees nie, maar ‘n spontane “beweging.”⁶¹² Mense van dieselfde oortuigings, het eenvoudig na vore begin kom en begin saamwerk.⁶¹³ Hulle het een gevoel gehad, naamlik om vanuit die reformatoriese belydenis⁶¹⁴ hande te vat sodat die Reformatie ook in Nederland kan deurwerk totdat die hele samelewing beïnvloed is.⁶¹⁵ Hulle het die hele volkslewe in die oog gehad. Hulle het dus geen kritiek op die gereformeerde belydenis gehad nie. Hulle wou dit juis handhaaf.⁶¹⁶ Hulle wou egter sien dat die Reformatie ook

⁶⁰⁹ Dies.

⁶¹⁰ Dies.

⁶¹¹ Malan, CJ. 1984. *The Old Authors.*, 443.

⁶¹² Graafland, C. 1986. *Kernen en contouren van de Nadere Reformatie*. 349.

⁶¹³ Dies.

⁶¹⁴ Sien: Trimp, C. 1986. *De Nadere Reformatie*. In: De Reformatie. 12 Julie 1986. 828. “De Nadere Reformatie was een beweging binnek die Gereformeerde Kerk geweest, die zich tegen algemeen verbreide wantoestanden en misvattingen keerde en die verdieping en verbreding van die doorwerking van die zestiende-eeuwse Hervorming beoogde... de mannen van die Nadere Reformatie hadden veel zicht op het gemoed van die mens en zij wilde voorkomen dat het geloof zou ontaarden in een oppervlakkige, verstandelijke kennis”.

⁶¹⁵ Malan, CJ. 1981. *Die Nadere Reformatie*. 3.

⁶¹⁶ Dies.

die *praktiese lewens* van die gelowiges raak, benewens die suiwerheid van die gereformeerde belydenis.⁶¹⁷ Die “*praxis pietatis*” was die wagwoord.⁶¹⁸ Dit het vir hulle geaan om ‘n vroom Christenlewe wat ook deur ‘n “*praktiese teologie*” gestimuleer moes word.⁶¹⁹

Die grondslag van die Nadere Reformasie is reeds gelê *tydens die Dordtse Sinode*, toe daar by monde van die “Broederen uyt Zeeland” ‘n versoek gekom het dat toekomstige gereformeerde predikante beter in “de practycke der godsalicheyt” opgelei moet word.⁶²⁰ Die “juiste leer” moes dus nie alleen net bely en gehandhaaf word nie, “maar vooral beleefd worden. Reformatie van de leer alleen is niet genoeg. Daar moet bijkomen reformatie van het leven. Men noemde dit een ‘nadere’ reformatie. Zo ging de beweging speciaal accent leggen op de praktijk der godzaligheid, op de heililing des levens en op het persoonlijk verkeer met God. De klemtoon kwam te liggen op het ontstaan, de groei, de vrucht en de verzekering van het geestelijc leven.”⁶²¹

Die belangrikste eksponente van die Nadere Reformasie is die volgende:

“Jean Taffin (1529-1602)
Willem Teellinck (1579-1629)
Guilelmus Amesius (1578-1633)
Gisbertius Voetius (1589-1676)
Johannes Teellinck (1614-1674)
Jacobus Koelman (1632-1695)
Theodorus à Brakel (1608-1669)
J van Lodenstein (1620-1677)
Alexander Comrie (1706-1784)
T van der Groe (1705-1784)”⁶²²

Jean Taffin (1529-1602)⁶²³ kan aangemerkt word as een van die eerste verteenwoordigers van die Nadere Reformasie.⁶²⁴ Hy het geen uitgewerkte dogmatiek geskryf nie. Daar is egter by Taffin ‘n duidelike belangstelling “voor de ervaringen die nauw verweven zijn met het heilsgebeuren, dat zich in de ziel afspeelt.”⁶²⁵ Die kentekens en ervaringe van die gelowige speel dus in sy denke ‘n belangrike rol.

⁶¹⁷ Velema, WH. 1974. *Ethic en Pilgrimage*. 12. Velema reken dat die Nadere Reformasie “de konkreetheid van heililing hier en nu” probeer handhaaf het te same met die feit van die gelowige se vreemdelingskap op aarde.

⁶¹⁸ Malan, CJ. 1981. a.w. 3.

⁶¹⁹ Dies.

⁶²⁰ Dies.

⁶²¹ Brienen, T. 1974. *Prediking en vroomheid bij Reformatie en Nadere Reformatie*. 28.

⁶²² Malan, CJ. 1984. a.w. 452.

⁶²³ By hierdie datering kan reeds gesien word dat die gedagtes wat eie was aan die Nadere Reformasie reeds van voor die Dordtse Sinode kom.

⁶²⁴ Van’t Spijker, W. 1992. *Het eigene van de Nederlandse Nadere Reformatie*. 59.

⁶²⁵ Dies.

By al hierdie teoloë was daar 'n duidelike verwantskap met die Engelse puritanisme en die Duitse piëtisme.⁶²⁶ Op geen manier kan die drie bewegings egter met mekaar vereenselwig word nie. Elk het sy "eiegensoortige" karakter gehad.⁶²⁷ Die Nadere Reformasie is ook nie deur die puritanisme verwek nie. Daar moet veel eerder net van "wederkerige beïnvloeding" gepraat word.⁶²⁸ Hierdie invloed kan gesien word wanneer daar met groter noukeurigheid na die inhoudelike van die Nadere Reformasie gekyk word.

Hoewel diewoordvoerders van die Nadere Reformasie 'n passie gehad het om die gereformeerde belydenis te handhaaf en uit te dra, was die beweging tog weer tot 'n groot mate 'n afwyking van die wesenlike bedoeling van die Reformasie van die 16de eeu en die gereformeerde leer.⁶²⁹ Die oorweldigende klem van die Nadere Reformasie het geval op *die gelowige mens* en sy *ervaring* van die heil. Dit was sekerlik as gevolg van die belang om die "praxis pietas" te beklemtoon. Hiermee kom egter 'n onmiddellike breuk met die kerninhoud van die Reformasie van die sestiente eeu.

By die Nadere Reformasie verskuif die aandag weg van die wedergeboorte (wat deur die Heilige Gees bewerk word) na die wedergebore mens en van die wedergebore mens verskuif dit weer na die gevoel van die vernuwing van die gemoed.⁶³⁰ "De aandacht verschouf van de rechtvaardiging en de heiligung naar een verfijndere opvatting van de laaste, waarbij het begrip van de wedergeboorte in zekere zin een verenging onderging."⁶³¹ Hierdie mate van subjektivisme kan reeds by Voetius gesien word wanneer hy "de eerste roerselen" wat in die wedergebore siel plaasvind probeer analyseer en dan die "gevoel" en die "ervaring" daarvan beskryf.⁶³² Hier skyn inderdaad 'n "diepere mystieke gloed."⁶³³ Die fokus verskuif weg van God en Sy heilsbeloftes na die gelowige individu se hartsbelewenisse. Die leer van die uitverkiesing is steeds belangrik, maar van groter belang is die analise van die manier hoe die uitverkiesing "in de ziel en leven" van die gelowige uitwerk.⁶³⁴

Dit is dus vanselfsprekend dat daar by die Nadere Reformasie geweldig klem gelê is op die noodsaak van die persoonlike toeëiening van die heil. "God beveelt aan een ieder om zich te bekeren."⁶³⁵ Die "vertroue-komponent" van die geloof bestaan daarin "dat wij de beloften van God toeëigenen voor onze eigen ziel."⁶³⁶ In hierdie toeëiening speel die gevoel egter 'n belangrike rol.⁶³⁷ Dit is immers deurslaggewend dat die *ware en egte* toeëiening bepaal moet word. "Het onderscheid tussen het echte vertrouwen en de ijdele vermetelheid treedt aan

⁶²⁶ Van't Spijker, W. 1986. *Plaatsbepaling van het Nadere Reformatie binnen het piëtisme*. 8.

⁶²⁷ Dies.

⁶²⁸ Malan, CJ. 1981. a.w. 3.

⁶²⁹ Trimp, C. 1986. a.w. 829. "Wat in het begin een accentverschil was, ten opzichte van Calvijn of de Dordtse Leerregels, groeide later tot een ander gedachtenklimaat, waarin diverse zaken dreigden te worden kromgebogen."

⁶³⁰ Van't Spijker, W. 1986. a.w. 12.

⁶³¹ Dies.,13.

⁶³² Dies.

⁶³³ Dies.

⁶³⁴ Brienen, T. 1974. a.w. 28.

⁶³⁵ Van't Spijker, W. 1992. a.w. 61.

⁶³⁶ Dies.

⁶³⁷ Dies.

het licht in het gevoel, namelijk dat wij Christus in ons gevoelen als de levende Christus.”⁶³⁸ Daar moet dus ‘n selfondersoek plaasvind om te bepaal of die geloof eg is al dan nie. Hiervoor word die mens egter nie gewys op Christus nie, maar op sy innerlike *ervaring* van Christus! So doen Van der Groe dit ook wanneer hy Susanna Bosman van pastorale raad voorsien.

Dikwels is die heilstoeëiening ook verstaan as ‘n bepaalde proses wat deurloop word. “Het waarachtig geloof is een daad van de wil, die zich aan Christus toevertrouw op grond van het aanbod van Zijn beloften, die gedaan zijn aan degenen die op Hem hun vertrouwen stellen. Zo verenigt het geloof ons met Christus, doordat wij ons op Hem verlaten, op Hem steunen. Christus wordt ons in het evangelie aangeboden. Een zondaar die door de Geest geleid wordt, ontvangt begeerte om Hem en al Zijn verdiensten aan te nemen. Hij neemt de toevlucht tot Hem. En al worstelend neemt hij vrijmoedigheid om Hem aan te nemen. Uit dit vertrouwen op Christus volgt de verzekering, namelijk het vertrouwen dat Christus zijn Zaligmaker is.”⁶³⁹ By à Brakel vind ‘n mens dan ook ‘n bepaalde “orde van heil: roeping, wedergeboorte, geloof, rechvaardigmaking, aanneming tot kinderen, geestelijke vrede, geestelijke blijdschap, verzageling door de Heilige Geest.”⁶⁴⁰ Hierdie heilsorde was trouens kenmerkend van die Nadere Reformasie as sodanig.⁶⁴¹ Die wedergeboorte word beskryf as ‘n proses waardeur die sondaar allereers onder die oordeel van die wet moet kom en sy doemwaardigheid moet insien en dan gelowig na Christus kom.⁶⁴² Op hierdie einste patroon het ook Van der Groe sy raad aan die Kaapse weduwee geknip.

Uit alles wat tot hiertoe oor die Nadere Reformasie gesê is, is dit duidelik waarom die klem geplaas is op die “bevindelikheid.” Die gelowige moet deur diepe selfondersoek in homself die egte en korrekte kenmerke en vrug kan “bevind” (proefondervindelik ervaar) ten einde tot sekerheid van eie uitverkiesing en verlossing te kom. Die bevindelike predikers van die Nadere Reformasie was in hul element wanneer hulle die verskillende “gestaltes” en “kenmerke” waarin die sieletoestand van die mens kan kom, kon uitlê.⁶⁴³ Vanuit die aanwesigheid van die korrekte kenmerke wat by ‘n gelowige pas, kan die aanwesigheid van die persoonlike geloof dan afgelei word. Die óngelowige kan ook sodoende tot die ontdekking kom van die valse gronde waarop sy geestelike lewe rus.⁶⁴⁴ Daarom het die bevindelike predikers moeite gedoen om die “schuilhoeken” en “diepste overleggingen” van die mens se hart bloot te lê.⁶⁴⁵

Dit is by die bevindelike predikers van die Nadere Reformasie wat ‘n mens die tipiese “warm evangeliese atmosfeer” kon aanvoel. “Zij leggen alle nadruk op de wedergeboorte, de bekeringsweg en de gevoelige geloofsbeleving van de Christen.”⁶⁴⁶ Vir hulle is die gereformeerde prediking te veel intellektualisties en gerig op

⁶³⁸ Dies.

⁶³⁹ Dies.,71.

⁶⁴⁰ Dies.,70.

⁶⁴¹ Graafland, C. 1986. a.w. 355.

⁶⁴² Dies.,354.

⁶⁴³ Brienen, T. 1974. a.w. 46.

⁶⁴⁴ Dies.,47.

⁶⁴⁵ Dies.

⁶⁴⁶ Te Velde, M. 1991. *Gereformeerd en bevindelijk*. In: De Reformatie. 9 Februarie 1991. 415.

die mens se verstand. Dit laat die mens se hart onaangeraak.⁶⁴⁷ Na hulle mening praat gereformeerdes te veel oor die objektiwiteit van die heil en te “weinig over wat Hij in ons wil doen.”⁶⁴⁸ Vir hulle is gereformeerde prediking veels te dood en die gloed en vuur en warmte van die Gees ontbreek.⁶⁴⁹ Hieroor, so is in die eerste paragraaf aangedui, was Susanna Bosman natuurlik ook uitgesproke. Vir die bevindelikes moet die bekering “een diep insnijdende, duidelijk aanwijsbare krachtdadige bekering” wees.⁶⁵⁰ Hulle vermoed dat gereformeerdes te “automatisch” oor die verbond dink. Hulle vrees dit dat die prediker moontlik die oorsaak kan wees dat lidmate “met een ingebeelde hemel na de hel gaan.”⁶⁵¹

Op hierdie punt het ‘n mens eintlik te make met die wesenlike aard van die Nadere Reformasie. Die bevindelikes se *klem op die mens* veroorsaak dat hulle die spoor van die Skrif en die Reformasie byster raak. Die feit dat die heilstoeëiening beklemtoon word is Skriftuurlik te verantwoord, maar nie die *manier* waarop dit deur die bevindelikes aan die orde gestel word nie. In die heilstoeëiening word die fokus op die noodsaaklikheid van die mens se selfondersoek geplaas en nie op Gód se heilsdade en beloftes nie. Dit is die mens wat eers die kenmerke van die wedergeboorte by homself moet herken alvorens hy die heil mag toeëien.⁶⁵² Hiervan was Bosman uitermate bewus. Dit wat in die mens self omgaan gee die deurslag en nie die vastheid van God se beloftes nie. Te Velde noem dit die “extra sacrament” van die Nadere Reformasie. Hy verwys hiermee na die gelowige se belewing wat naas God se beloftes die mens moet help aan geloofsekerheid.⁶⁵³

Eintlik word die evangelieboodskap van sy krag beroof deur hierdie voorstelling van die heilstoeëiening. Ditwerp immers die mens terug op homself en sy eie belewenisse. Dit bring dus geen ware geloofsekerheid nie, maar eerder meer twyfel en onsekerheid. So ‘n “twijfel-systeem” maak eintlik God se beloftes kragteloos. Die uitverkiesing en wedergeboorte word as iets onsekers aan die gemeente verkondig in plaas daarvan dat die “heerlijkheid en zekerheid” van God se beloftes verkondig word.⁶⁵⁴ Hieruit kan die theologiese ligging van die brieve van die weduwee Bosman geplaas word. Afgestem op die sentrale vraagstelling in verband met die toeëiening van die heil moet hier aangeteken word dat in die lig van die Nadere Reformasie in die algemeen en die Bosman-sitate in die besonder, daar in hierdie geval nie werklik van ‘n bepalende teonome uitgangspunt sprake is nie. As ‘n reaksie teen die aksente van die ortodoksie én die rasionalisme, is die teonome denke van die Reformasie nie herstel nie. Die Kaaps-Hollandse Kerk het verskillende denklyne gehuisves en dié het al duideliker aan die lig getree.

In die volgende paragraaf verskuif die fokus weer na dokumente wat in die geïnstitueerde kerk groot waarde gehad het – juis om bogenoemde punt te illustreer.

⁶⁴⁷ Dies.,417.

⁶⁴⁸ Dies.

⁶⁴⁹ Dies.

⁶⁵⁰ Dies.

⁶⁵¹ Dies.

⁶⁵² Dies.,435.

⁶⁵³ Dies.,436.

⁶⁵⁴ Dies.,437.

5.3 ‘n Gekombineerde kerkvergadering en sy Reglement vir Kerkvisitasie: 1754

Gedurende die eerste helfte van die 18de eeu het trekboere verder en verder die binneland ingetrek. Ver van Kaapstad af het gemeenskappe ontstaan en ontwikkel. Daar was die wydverstrooide lidmate van die Kaaps-Hollandse Kerk op hulself aangewese. In hierdie buitedistrikte het die bediening van lidmate skipbreuk gelei. Hierdie situasie is deur baron Gustav Willem van Imhoff (1705-1750) raakgesien en aangespreek.⁶⁵⁵ Hy het, soos in die vorige hoofstuk aangetoon is, toegesien dat nog twee gemeentes in die buitedistrikte gestig word, naamlik Roodezand (later Tulbagh) in 1743 en Zwartland (Malmesbury) in 1745. Daarmee het die kerklike situasie verander.⁶⁵⁶

Die Klassis van Amsterdam het hom verbind aan die gemeente van Kaapstad, wat gelas is om ‘n wakende oog oor die belang van die buitegemeentes te hou.⁶⁵⁷ Dit sou beswaarlik in die gereformeerde sin van die woord as vergestalting van die kerkverband tussen die kerke kon deurgaan.⁶⁵⁸ Teen hierdie agtergrond is die totstandkoming van ‘n Gekombineerde Kerkvergadering tussen die vyf Kaapse gemeentes van besondere belang.⁶⁵⁹ Die Politieke Raad het die nut van so ‘n vergadering ingesien en daaraan beslag gegee. Gevolglik het ‘n meerdere vergadering byeengekom in 1745. Vir die predikante en gemeentes was dit buitegewoon betekenisvol.⁶⁶⁰ Hiermee het die Kaapse gemeentes vir hulself verantwoordelikheid aanvaar.

In die eiesoortige samelewing van die Kaap kon nou inheemse kerklike bepalings opgestel word. Die Instructie voor het collegie van Diakenen wat plaaslik in 1753 opgestel is, is ‘n voorbeeld hiervan.⁶⁶¹ Vir die onderhawige studie is Het vistatie Reglement wat op 6 Februarie 1754 by die Gekombineerde Kerkvergadering vasgestel is, van belang omdat daarin wel verwysing na die heil en toeëiening van die heil voorkom. Daarom word daar hieroor enkele aantekeninge gemaak.

‘n Blik op Het visitatie Reglement⁶⁶² van 1754, wys hoedat die lys “visitasievrae” die uiterlike godsdienstigheid van die gemeente evalueer en nie die innerlike geestelike lewe nie. Die indruk wat geskep word is dat hierdie visitasie eerder geïnteresseerd was in die uiterlike struktuur van die godsdiens en dat dit die vraag na die werklike heilstoeëiening uit die oog verloor.

So byvoorbeeld hoor ‘n mens visitasievrae soos die volgende: Word “de Godsdienst” op die dag van die Here “behoorlik waargenomen”?⁶⁶³ Word “de Heilige Sacramenten na de instellinge onses Heeren gebruyk onser

⁶⁵⁵ Sien: SABW II, 804-806.

⁶⁵⁶ Vgl. Moorrees, A. 1937. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk...* 184 e.v.

⁶⁵⁷ Odendaal, BJ. 1957. *Die kerklike betrekkinge...* 25.

⁶⁵⁸ Vgl. Pont, AD. 1981. *Die kerkhistoriese gronde...* 154 e.v.

⁶⁵⁹ Sien: Vorster, JD. 1956. *Die kerkregtelike ontwikkeling...* 111 e.v.

⁶⁶⁰ Vir hierdie vergadering sien: Hurter, PW. 1975. *Die eerste meerdere vergadering aan die Kaap...*, Kleynhans, EPJ. 1973. *Die kerkregtelike ontwikkeling van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.* 286 en ook Moorrees, A, a.w. 194 e.v.

⁶⁶¹ Spoelstra, C. 1907. Deel II. a.w. 282-284.

⁶⁶² Soos afgedruk in: Van Broekhuizen, HD. 1922. *Die wordingsgeskiedenis van die Hollandse kerke.* 153.

⁶⁶³ Dies.

kerken”?⁶⁶⁴ Dieselfde word ook van die Nagmaal gevra. Dit is ook belangrik dat die formulier van die doop “onder verandering”⁶⁶⁵ gelees moes word. Die taak van die ouderlinge was om “naaukeurig toesiende”⁶⁶⁶ dat die lidmate hul “behoorlyk gedraagt in belydenisse en wandel.” Die tug moes funksioneer om toe te sien dat “de Sacrament” nie ontheilig word nie.⁶⁶⁷ Wat die gemeentelike lewe aanbetref moes ook toegesien word dat “vrede en liefde onder de Broederen” heers en dat daar nêrens “onmin of onlust” ontstaan.⁶⁶⁸

Gedurende 1759 is die gekombineerde kerkvergadering getermineer, omdat die indruk geskep is dat dit té selfstandig opgetree het. Die Kaapse gemeentes moes ervaar dat hulle steeds aan die leiband van die Klassis van Amsterdam en die V.O.C./ Politieke Raad gehou is. Tot in daardie jaar het die Gekombineerde Kerkvergadering getrou aan die Klassis verslag gestuur én notule van sy vergaderings gehou.⁶⁶⁹ “Wat ons tot nu toe betreft” skryf die vergadering op 14 April 1751, “wij genieten in alle gemeintens een diepe rust, leevede in goede eendracht, zoodat er in onze laetste vergadering van geen twist gehoord wierd, betuygende aan ieder sich te bevlijtigen, omdat geene toe te brengen, dat tot stichting en vrede dienen kan.”⁶⁷⁰ Later gedurende die vyftiger jare kom ‘n minder formele styl in die briewe na vore. So vertolk ds Kroonenburg⁶⁷¹ dat “den staat onser gemeyntens ten aanzien van het uytwendige heel gewenscht is; wenschende, dat Godt het werk zijner knegten wil agtervolgen met sijn Geest ende hartveranderende genade tot gelooff ende bekeeringe.”⁶⁷² Ds Johannes Appeldoorn⁶⁷³ vertel ook dat die gemeentes hulle “in een gewenste vrede, liefde en eendracht (bevonden). En “ofschoon helaas,” skryf hy, “de predikinge van’t saligh Euangelium, vele wel is een reuke des doots ten doeden, soo is’t nogtans anderen, tot stoffe van ons gejuygh, een reuke des levens ten eeuwigen leven.”⁶⁷⁴ Vind in hierdie opmerkings ‘n verlegging van die aksent na die meer bevindelike eksistensiële belewing van die heil plaas? Sou ‘n mens hiermee dus te make kry met aksente by die Kaapse predikante wat in die rigting van die oortuigings van Susanna Bosman duï? Hierdie vermoede word ondersteun deur ‘n betrragting van die theologiese en pastorale benadering van ds JF Bode wat êrens opgemerk het dat hy “niets gepredikt hebbe als Kristus en dien gekruyst en geloov en de bekeering, en mij nooit, volgens myn gelofte, het Evangelium van Kristus geschaamt” het.⁶⁷⁵

5.4 Ds JF Bode as Kaapse leraar beïnvloed deur die Nadere Reformasie

Johannes Fredericus Bode is op 6 Oktober 1729 te Leer gebore. Tussen 1749 en 1754 het hy teologie in Groningen studeer. Uiteindelik het hy aan die einde van 1758 in Kaapstad aangeland om saam met ds H Kroonenberg plaaslike leraar te word.⁶⁷⁶ Op 3 Desember 1758 het hy sy intreepreek na aanleiding van Romeine

⁶⁶⁴ Dies.

⁶⁶⁵ Dies.

⁶⁶⁶ Dies.

⁶⁶⁷ Dies. 154.

⁶⁶⁸ Dies.

⁶⁶⁹ Sien Spoelstra, C. Deel I. a.w. 212 e.v.

⁶⁷⁰ Dies., 240, 263.

⁶⁷¹ Engelbrecht, SP. 1952. *Die Kaapse predikante..71.*

⁶⁷² Spoelstra, C. 1906. Deel 1. a.w. 272. (18 April 1757).

⁶⁷³ Engelbrecht, SP. 1952. a.w. 72.

⁶⁷⁴ Spoelstra, C. Deel 1. a.w. 277.

⁶⁷⁵ Dies.,283, na aanleiding van sy onverwagse verplasing na ‘n binnelandse gemeente.

⁶⁷⁶ Engelbrecht, SP. 1952. a.w. 75.

1:16 gelewer. Hierdie preek het in druk verskyn drie jaar na sy bevestiging. Dit was vir hom ‘n geleenthed om De heerlykheid en kragt van’t Evangelium van Jezus Christus, voorgesteld en aangedrongen uit Paulus woorden Rom. 1 vs 16 uit een te sit. Hy laat dit by “Dirk Schuuring, Boekverkooper agter de Beurs op de hoek van de Heremite-steeg over het Zeelands Comptoir, 1761” in Amsterdam uitgee. In die uitgawes van Junie en Julie 1844 van sy Maandschrift voor Godsdienstminnende Lezers, De Honigbij, het Abraham Faure hierdie intreerede aan die verlede ontruk en dit weer bekend gestel.⁶⁷⁷

Die intreepreek is ‘n verklaring van en uiteensetting van Paulus se bedoeling in Romeine 1:16. Hoofsaaklik handel dit oor die redes waarom die evangelie ‘n “krag tot saligheid” is. Die “leer des Evangelies”⁶⁷⁸ het homself reeds teen alle religieuse oortuigings van en in die Romeinse Ryk gehandhaaf. Die feit dat Jood en heiden daardeur aangespreek is, is deur “de ouden” as “bewys van de wonderwerking des Evangelies, tegen hunne vyanden”gebruik.⁶⁷⁹ Die evangelie verander “roekeloze en ondeugende menschen... wonderlijk... in eenen staat van wysheid, verstand, heiligeid en deftigheid, daarom vraegende leeraren van dien tijd aan hunne vyanden, wie magtig was, zoodanigen uit hunne vernaamste wysgeeren en wetgevers, of het regt bepleitenden in de vierscharen, te voorschyn te brengen?”⁶⁸⁰ Hy meld dat die evangelie sonder aansien van persoon⁶⁸¹ aan beide Jode en nie-Jode verkondig word.⁶⁸² Dit is vir beide groepe “noodzakelyk en genoegzaam” om die geloof te “omhelst en aannomen.”⁶⁸³ Met die begrip “Joden” bedoel hy eksplisiet diegene wat in die kerk bevoordeel is⁶⁸⁴ en deel het aan die verbond.⁶⁸⁵ Hulle moet ook, soos die heidene, “Jezus hebben aangrypen, tot Hem den toevlugt nemen.”⁶⁸⁶ Alleen so ‘n persoon is ‘n “ware gelooivigen.”⁶⁸⁷

Hierdie oorwegings stempel die hoofaksent van Bode se preek. Die fokus word naamlik geplaas op die effek en resultaat van die prediking naamlik die saligheid van die hoorders: “het woord der zaligheid en des eeuwigen levens wordt te kennen gegeven...de verlossing door den Middelaar Gods en der menschen, aan den zondaar heeft bekend gemaakt.”⁶⁸⁸

Wat die hoorders voor hom betref, werk Bode met ‘n onderskeid. Daar is aan die een kant die “heilbegerige zondaren,”⁶⁸⁹ en aan die ander kant die “goddeloozen” aan wie die Evangelie “den dood aankondigt.”⁶⁹⁰ Die

⁶⁷⁷ Sien: De Honigbij. 6 Junie 1844. 161-170, 7 Julie 1844. 193-203. Vir die doeleindes van hierdie studie word die Faure weergawe gebruik.

⁶⁷⁸ De Honigbij. 6 Junie 1844. 165.

⁶⁷⁹ Dies., 169.

⁶⁸⁰ Dies., 170.

⁶⁸¹ Dies., 195.

⁶⁸² Dies., 162.

⁶⁸³ Dies.

⁶⁸⁴ Dies., 169.

⁶⁸⁵ Dies., 166.

⁶⁸⁶ Dies., 168.

⁶⁸⁷ Dies.

⁶⁸⁸ Bode, JF. 1844. *De Kracht en heerlykheid van het Evangelie.*..163.

⁶⁸⁹ Dies., 164.

⁶⁹⁰ Dies.

Evangelie is dus nie vir alle mense ‘n krag tot saligheid nie, maar vir sommige is dit “eene reuk des levens” en vir andere “eene reuk des dood.”⁶⁹¹

Waar die evangelie spreek, kom óf die lewe óf die dood tot stand. Wat hom betref, beklemtoon hy, sal hy hom “bezigt houden met de allereerste waarheden van het Evangelie, die eigenlyk het zaad van de wedergeboorte zyn, aan u te prediken, die waarheden... in welker geestelyke bespiegelinge, reine omhelsing en levendigen bevinding, het eenig genoegen, leven en geluk van eenen redelyken geest is.”⁶⁹² Daarom wil hy hom daarop toelê “om tot den verborgen wortel aller zonden, tot het verfoeyelyk grondbeginsel aller onreinheid, in te dringen; dan zullen wij u het middel der verzoening voorhouden, den Heiland Jezus levendig trachten voor oogen te halen, in zyne verscheidene ambten, staten, betrekkingen, dierbaarheden, schoonheden en verlokkende bekoorlykheden.”⁶⁹³ Sy groot erns is om “in al onze leerreden op geloof en bekeering” aan te dring, “opdat men op Jezus... mogten verlieven.”⁶⁹⁴ Die implikasie is dus duidelik. Met die blootlegging van hulle “traanwaardige staat”⁶⁹⁵ moet lidmate die heil toeëien en tot bekering kom. Immers, so het hy al aan die begin van sy preek gesê. Die bekering lei daartoe dat die sondaar “uit den staat der duisternis overgaat in den staat des lichts.”⁶⁹⁶ Die toeëiening van die heil kry dus hier ‘n uitgesproke subjektiewe waarde. Dát hy hier ‘n menslik-subjektiewe belang veronderstel, word bevestig deur die wyse waarop hy die gemeente in vyf verdere groepe verdeel:

- a) “U, dewelke in de uiterlyke skoot der kerk begrepen zyt, maar deze heilige leer met een zondig en schandelyk leven bezoedelt.”⁶⁹⁷
- b) “De burgerlyke naamchristenen die zich door geene grove en in het ooglopende zonden bezoedelen, maar echter in den grond nog ongereinigd zyn.”⁶⁹⁸
- c) Diegene wat “overtuiging van hunnen ellendigen zondenstaat” beleef en echter nimmer ontwaar werden, dat Jehovah God het werk zyner goedheid in hen begonnen heeft.⁶⁹⁹
- d) Diegene wat “wel eens gemeend hebben gronden te bezitten om van zich zelven te denken, dat een vrymagtig God zich hunner ontfermd heeft, dat Hy heerlyk en wonderbaar aan hunne ziel is geworden, maar die gedurig door angstige gedachten geslingerd worden, of zy wel goed en naar waarheid van zich zelven geoordeeld hebben.”⁷⁰⁰
- e) Diegene wat die “gezegend en gelukkig erfdeel van den Heer Jezus Christus” die de kracht des Evangelies by bevinding kent, en die in nederigheid durft roemen, dat gy uit duisternis licht zyt geworden in den Heer.⁷⁰¹

⁶⁹¹ Dies., 167.

⁶⁹² Dies., 195.

⁶⁹³ Dies.

⁶⁹⁴ Dies., 196.

⁶⁹⁵ Dies., 195.

⁶⁹⁶ Dies., 166.

⁶⁹⁷ Dies., 196.

⁶⁹⁸ Dies., 197.

⁶⁹⁹ Dies.

⁷⁰⁰ Dies.

⁷⁰¹ Dies., 198.

Die oorgaan van groepe “a-d” tot groep “e,” word vir ‘n mens alleen moontlik gemaak deur die bekering. Die bekering of toeëiening van die heil is absoluut “noodzakelyk.”⁷⁰² Nie enige soort bekering gee egter die deurslag nie, maar slegs die “ware bekeering.”⁷⁰³ Dit gebeur wanneer “een zondaar veranderd wordt.”⁷⁰⁴ Hierdie verandering is ‘n eksistensiële belewenis: “de zaligheid in dit leven middelyk doet ondervinden.”⁷⁰⁵ Dit behels ‘n “aangrepens” van Christus en ‘n “toevlug nomen” tot Hom.⁷⁰⁶

Dit is baie interessant om daarop te let dat Bode op noukeurige wyse hierdie bekering en voorwaarde om die heil te ontvang, fundeer in God se uitverkiesende werking in die gelowige se lewe. Die subjektiewe word netjies gebou op die fondament van die objektiewe. So sê hy dat nie alle mense hierdie krag van die evangelie deelagtig word nie, maar slegs diegene vir wie Hy van alle ewigheid af liefgehad het. Dit is dus die uitverkorenes.⁷⁰⁷ Daarmee saam verklaar hy duidelik dat die gelowige slegs “onder de bewerking des Geestes zalig” word.⁷⁰⁸

Indien die preek in sy geheel beskou word, is dit tog waar dat die geestelike toestand van die mens, of die mens ‘n bekeerde is of nie, ‘n groot mate van sentraliteit het. In sy passie om die noodsaak van bekering te beklemtoon, ag hy dit noodsaaklik om die verskillende gestaltes van geestelike lewe in die gemeente te analyseer. Brienens is van oordeel dat hierdie metode eie was aan die predikers van die Nadere Reformasie en dat die voorwaardelike aksent wat op die ontvangs van die heil geplaas is, die fokus op die mens se geestelike potensiaal plaas.⁷⁰⁹ Daarmee word die dampkring van die teonoom-eksistensiële oortuiging van die Reformasie verlaat.

Dit is dus ongetwyfeld so dat ds Bode hom in die taal en benadering van die Nadere Reformasie uitgedruk het. Die wyse waarop hy die gemeente indeel is ‘n duidelike bewys hiervan. In sterk aansluiting by die bevindelike denke, was die predikers van die Nadere Reformasie juis geneig om gebruik te maak van die sogenaamde “klassifikasie-metode” in die prediking. Dit is eintlik ‘n logiese gevolg van die bevindelikheid dat predikers die gemeente analyseer en opdeel in verskillende geestelike “klassen en soorten.”⁷¹⁰ Predikers het die lidmate ingedeel in verskillende godsdienstige vlakke om prakties-teologiese redes. Die prediking word dan sodanig ingerig dat elk van hierdie “vlakke” aangespreek word. “Op bevindelijke wijze, met religieus-psychologisch inzicht en vanuit een dogmatische schematiek van het geestelijk leven worden al de hoorders nauwgezet ingedeeld, gerubriceerd, in klassen ondergebracht en benaderd. Een uitgebreid skala van kenmerken wordt aangewend om bekeerden en onbekeerden en binnen deze twee hoofdkategorieën weer allerlei soorten van mensen te markeren.”⁷¹¹ In die prediking word daar dus sekuur rekening gehou met “de geestelijke differentiaties onder de hoorders.”⁷¹²

⁷⁰² Dies., 162.

⁷⁰³ Dies., 167.

⁷⁰⁴ Dies., 166.

⁷⁰⁵ Dies., 167.

⁷⁰⁶ Dies., 168.

⁷⁰⁷ Dies., 166.

⁷⁰⁸ Dies., 168.

⁷⁰⁹ Sien: Brienens, T. 1974. *De Prediking van de Nadere Reformasie*. 299

⁷¹⁰ Brienens, T. 1974. a.w. 47.

⁷¹¹ Dies., 75.

Ook in die “klassifikasie-metode” sien ‘n mens die duidelike afwyking van die reformatoriële begrip. Weer eens neem die méns die plek van God en Sy beloftes in. “De leden van de gemeente werden niet aangesproken met Gods beloften en geboden, maar de diverse gemoedstoestanden van de mens werden beschreven en aan de diverse groeperingen voorgehouden.”⁷¹³ Die heil word hiermee “verinnerlijkt en geïndividualiseerd.”⁷¹⁴ “In plaats van het afzien van jezelf en het letten op Christus, die in de belofte wordt voorgesteld, kwam er ene verwijzing van de mens naar zichzelf. De mens moet voor zijn heilzekerheid op zoek naar de klopsignalen van de mogelijke wedergeboorte op de wand van zijn geweten.”⁷¹⁵ “De christen in zijn heilsordelijke beleving staat meer op de voorgrond dan Christus in zijn heilshistorisch verlossingswerk.”⁷¹⁶

Hierdie verskuiwing kom ‘n mens ook teë in ‘n aantal opmerkings wat ds Bode gemaak het in sy kerklike verslae aan die Klassis van Amsterdam. Op 18 Februarie 1763 teken hy aan dat “er egter nog dezulke onder ons gevonden worden, die de kragt des Evangeliums van Kristus kennen, en als heylige van hooge plaatsen, in opregtigheid bidden, begeeren en wenschen voor den Heere te leven, tot roem zijner vrije genade.”⁷¹⁷ Saam met sy kollegas JP Serrurier en H Kroonenburg deel hy die Klassis in 1766 mee dat “hoewel onder het grote gros de zorgeloosheid omtreden het waare zielsbelang, en de lievde tot de wereld en derzelven begeerlijkheden, nog maar al te veel heerschen, moeten wij egter tot roem van Gods vrije genade erkennen, dat er ook nog nu en dan heilbegeerde zielen vragen: wat moeten wij doen om zalig te worden en dat dus het Woord der predikinge, schoon aan veelen vrugtelos, egter aan anderen versterkt tot een zaat der wedergeboorte, waaruit vruchten des geloofs en der beekeringe waardig voorkomen, en denzelven dus bevonden wordt te zijn tot eenen reuk des levens ten eeuwigen leven.”⁷¹⁸

Op 30 Januarie 1773 slaak ds Bode ‘n versugting na die uitstorting van die Heilige Gees oor die gemeente. Dit kom teen die agtergrond van wat hy as ‘n “blijvende laauwheit en onverschilligheid”⁷¹⁹ waarneem. Hierteenoor is “er nog een klein aantal in’t midden van ons gevonden word, die waarlijk prijs op’s Heilands verdiensten stellen, en van welke men denken mag, dat de Heere een goed werk in hen (heeft) begonnen. O! dat de grote Christus eens een ruime mate van zijnen Geest mogte uitstorten, opdat er veele door gebragt mogten worden onder den band des verbonds, en als nieuw-geboorene kinderkens, begeerig gemaakt worden na de onveralste melk zijnes Woordes!”⁷²⁰ Hierdie opmerking het duidelike implikasies met betrekking tot die toeënieing van die heil as vrug

⁷¹² Dies.

⁷¹³ Trimp, C. 1989. *Wat is “nadere reformatie” van de prediking?* 610.

⁷¹⁴ Dies., 611.

⁷¹⁵ Dies.

⁷¹⁶ Brienen, T. 1974. a.w. 52.

⁷¹⁷ Spoelstra, C. 1906. Deel 1. a.w. 301.

⁷¹⁸ Dies.,307. Vergelyk ook die volgende opmerkings van ds JP Serrurier op 4 Februarie 1771: “de lievde tot de wereld neemt meer en meer de overhand, en de voortreffelikheden van des Heeren wet worden bij den meesten geacht als iest vreemds. Egter schijnt de Heere nog niet geheel van ons geweken te zijn, nadien er zig nu en dan nog eenigen ontdekken, die velegen zijn om het enige dat nodig is, en langs den naauwen weg wenschen in te gaan in het koninkrijk der Hemelen. Och, of de grote Koning der kerke ook onder ons, eens voorspoedig mogten rijden op het woord der waarhedi en het E.v.angelium van eenen gekruisten Christus aan veelen mogten bevonden worden te zijn eene kracht Gods ende ene wysheid Gods!” Dies., 325.

⁷¹⁹ Dies.,330.

⁷²⁰ Dies., 330.

van die evangelieverkondiging. In aansluiting hierby geld ook die stelling van ds Bode waar hy sê: “wij hebben reden te hopen, dat de verkondiging van het Evangelium der genade, niet bij allen even vrugteloos is, overmits er gevonden worden, die daarop waarlijk prijs stellen, en aan wier harten het een kragt Gods tot zaligkeit is. Wij wenschen, dat God eens den Geest der genade, tot bekeering van sorgeloose menschen wil uitstorten.”⁷²¹

Hieruit kan redelik duidelik gesien word op watter wyse daar teen die laat 18de eeu in die Kaaps-Hollandse Kerk oor die heilstoeëiening gedink is. Uiteenlopende denklyne kan waargeneem word en dit terwyl die drie **Formuliere van Enigheid** steeds deur almal onderskryf is.

5.5 Samevatting

Teen hierdie tyd behoort dit duidelik te wees dat die klem op die subjektiewe belewing en toeëiening van die heil ná 1750 aan die Kaap in momentum toegeneem het. Susanna Bosman sit duidelik nie by dieselfde vuur as ds Van Gendt of di. Le Sueur en Van der Spuy nie. Sy vind haar tuis in die geselskap van Van der Groe, Erskine en Van Lodenstein.⁷²² Anders as die predikante⁷²³ is sy nie negatief teenoor die Lutherane nie, maar het ‘n belang by hulle. Is dit ‘n refleksie van ‘n ekumeniese en gemeenskaplike belewing van die heil wat hoër gaan as kerklik-gereformeerde lojaliteit? Dit is sekerlik ook ‘n vraag of sy ‘n geesgenoot in ds Bode gevind het. Hy (en in ‘n mindere mate sy kollegas Kroonenburg en Serrurier) het immers ook ‘n bevindelike en subjektiewe klem op die toeëiening van die heil gelê. Net soos Bosman het die gelatenheid en onbesorgdheid van lidmate ten opsigte van hulle geestelike lewe hom dwars in die krop gesteek en het hy bekering en die uitstorting van die Heilige Gees aangewys as die wyse waarop hierdie situasie reggestel moet word. Hierin het die Gekombineerde Kerkvergadering klaarblyklik ook nie gehelp nie. Dié het nog bly steek in ‘n benadering wat formeel en struktureel is. ‘n Benadering waarop die humanisties-ortodoks georiënteerde teologie en Skrifuitleg van Van Gendt, Le Sueur en Van der Spuy kon korreeler. Hieraan moet ook die gegewe toegeskryf word dat die verslae van gemeentes aan die Klassis van Amsterdam vóór 1760 formeel en amptelik is, met byna geen taksering van die geestelike stand daarvan nie.

Ná 1760 verander dit. Dan word die klem minder amptelik, maar meer bevindelik. Immers, ds Bode kom in hierdie verband aan die woord. Met hierdie inset, wat sy theologiese agtergrond in die Nadere Reformasie het, het die subjektief-outonome oortuiging met betrekking tot die toeëiening van die heil duideliker in die Kaap aan die lig getree. Dit moet dus naas dié lyn wat hom in die rasioneel-outonome oortuigings van die ortodokse teologie vergestalt het, onderskei word. Nie een van die twee het meer gerus op die teonoom-eksistensiële belydenis van die gereformeerde reformasie nie.

⁷²¹ Dies.,322.

⁷²² Briefen van Th van der Groe. a.w., 114, 123, 128, 133, 140.

⁷²³ Spoelstra, C. 1906. Deel 1. a.w. 308, 312, 271.

In hoofstuk 6 word hierdie pakkende aspek van die teologie geskiedenis van die Kaaps-Hollandse Kerk verder blootgelê wanneer die aandag toespits op die laaste kwart van die 18de eeu.

HOOFSTUK 6

'N PURITEINSE AANPASSING IN DIE DENKLYN OOR DIE TOEËIENING VAN DIE HEIL – EN 'N SUPRANATURALISTIESE BEMIDDELING: 1775-1800

Hierdie hoofstuk behandel hoofsaaklik standpunte van Kaapse predikante met betrekking tot die toeëiening van die heil waarin die uiteenloping in hierdie verband verder gevoer is. Aan die een kant is die denklyn van Bosman-Bode voortgesit én aangepas deur ds HR van Lier in Kaapstad.⁷²⁴ Dan het die ander lyn, eweneens outonom (in 'n rasionele sin) hom óók gehandhaaf – in die bemiddelende posisie van die sogenaamde supranaturalisme. Hier, ongeveer aan die einde van die 18de eeu, blyk dit dat hierdie denktradiese hulle in die Kaaps-Hollandse Kerk gevestig het. Dit het aan die kerk se karakter beslag gegee. Die hoofstuk begin met die inset van die supranaturaliste. Vir die res van die studie is dit van deurslaggewende belang, omdat hierdie teologiese skool hom tot diep in die 19de eeu in die Kaaps-Hollandse Kerk gehandhaaf het. Daarna kom die evangelies-puriteinse bediening van ds Van Lier aan die beurt. Beide word hier gefykam met die oog op die toeëiening van die heil en hoe dit in die denkstrome verreken is.

6.1 Die inset van die supranaturalisme

In die vorige hoofstuk is breedvoerig ingegaan op die inset van die teologie van die Nadere Reformasie aan die Kaap. Die bedoeling was om aan te dui dat die begrip van die toeëiening van die heil soos dit in hierdie praktiese teologie verstaan is, onder lidmate van die Kaapse gemeentes aanklank gevind het. Daar is tewens genoeg dokumentêre getuienis dat ds JF Bode hom ook vir hierdie benadering en oortuigings laat vind het. Daarmee is aangedui dat die subjektief-outonome konsep van die heilstoeëiening onder 'n deel van die Kaapse lidmate aangetref is. 'n Ander groep - veral predikante - het 'n meer ortodoks-rasionele siening in hierdie verband gehuldig. Dan – so moet aanvaar word – was daar diegene wat aan die hand van die Heidelbergse Kategismus teonoom-eksistensieel oor die heilstoeëiening gedink het. Hoe het hierdie saak nou ná 1775 verder ontplooï?

Dit is opvallend dat die soort "taal" van die Nadere Reformasie wat di. Bode, Kroonenburg en Surrurier gebruik het om die gemeentelike situasie te omskryf in terme van die vrug van die evangeliebediening, ná 1775 grootliks uit die verslae oor die gemeentes verdwyn. In die verslae het 'n bewussyn van geestelike vervlakking, onverskilligheid, belangeloosheid en agteruitgang in die gemeentes by die predikante tot uitdrukking gekom. So – tiperend! – wys ds Serrurier aan die begin van 1774 daarop "dat het Woord der predikinge onder ons zoo veel nut niet doet, als men anders redelijkerwye zoude mogen verwagten. Dank zij egter" vervolg hy dan, "den Geest der genade, die in het midden der toenemende laauwheid, nog niet in het geheel met zijnen zaligmakenden werkingen uit het midden van ons geweken is, maar nu en dan nog, dan eens deezen en dan eens eenen anderen, zoo kragtig overreedt, dat zij overreedt worden, zoodat zij de slegtheden verlaten ende treden op den weg des verstands, en uit de duisternisse worden overgebragt tot Gods wonderbaar licht."⁷²⁵

⁷²⁴ Sien SABW 2, 810 e.v.

⁷²⁵ Spoelstra, C. 1906. a.w. Deel 1. 404. Sien ook 445.

Aan die begin van 1783 vind ds Christiaan Fleck⁷²⁶ dit nodig om aan die kerkraad van Batavia te berig dat “schoon wij in veele opsigten billijke stoffen hebben, om te kunnen klagen over onbeschrijvlijke traagheid en onverschilligheid in het stuk van den godsdiens; over vergaende onopmerksaemheid op de daaden des Heeren, vooral in deese kommerlike tijden; zo kunnen wij evenwel in nedrigheid roemen, dat de predikinge des Euangeliums hier niet geheel ongesegend is, maar dat er nu en dan zulke gevonden worden, wien Godt door zijne genadekragt te sterk word, sodat se sig in gehoorzaamheid des geloofs aan de leidingen van zijnen Geest met volveerdigheid overgeven.”⁷²⁷ Agter hierdie opmerkings lê nie net die taksering van ‘n kerklike toestand of gesteldheid nie, maar – en dit behoort duidelik te wees – ‘n subjektief-outonome klem ten opsigte van die toeënieing van die heil.⁷²⁸

Waarop duï hierdie takserings van die Kaapse gemeentes? Dit beteken sekerlik dat die praktiese teologie wat vergestalt is in die benadering en uitsprake van die groep lidmate van wie Susanna Bosman ‘n mondstuk was en wat na vore gekom het by ds JF Bode, nie algemeen aanvaar is nie. Die meeste lidmate – en predikante – het hulle nie hiervoor laat vind nie. In hierdie verband is ‘n opmerking van ds Petrus van der Spuy insiggewend. Aan die einde van sy lewe erken hy dat hy ‘n evangelie verkondig het wat hy self nooit persoonlik ervaar en beleef het nie. Hy het eers sy Saligmaker leer ken nadat hy emeritaat aanvaar het en nadat hy deur ‘n tyd van veelvuldige beproewinge gegaan het.⁷²⁹ Ewe sprekend is die getuenis van ‘n lidmaat dat haar leraar nie instaat was om haar tot bekering te help nie. ‘n Sekere Magdalena Jonker van die land van Waveren-gemeente getuig dat sy na haar leraar, ds JA Kuys,⁷³⁰ gegaan het met ‘n groot sondebесef en ‘n gevoel van doemwaardigheid. Die leraar het erken dat hy self geen kennis en ondervinding het van dit waarvan sy praat nie.⁷³¹

Moorrees skryf die toestand in die Kaapse kerk aan die geestelike verval toe. Hoogmoed, ongebondenheid en sug na weelde en wêrelsgesindheid het hoogty gevier. Agter al hierdie dinge staan die sonde van ongeloof.⁷³² Baie lidmate het nie meer die godsdiensoefeninge bygewoon nie en vele van diegene wat wel in die kerk te siene was, was ver verwyder van die ware geloof. Du Toit meen weer dat dit hoofsaaklik te wyte is aan die ortodoksimse en intellektualisme van die tyd. Hierdie toedrag van sake bring ‘n onvermydelike gevolg: die evangelie word nie meer kragtig en suiwer verkondig nie.⁷³³

Tog moet ‘n mens nie verlei word om hierdie situasie aan verval vanweë die uiterlike welvaart wat die Kaap ná 1775 beleef het, toe te skryf nie. In Kaapstad en die omstreke was die gemeentes gevestig. In werklikheid was dit

⁷²⁶ Engelbrecht, SP. 1952. *Die Kaapse predikante....* 82 e.v. Ds Fleck was ‘n gebore Kapenaar en teologies in Leiden geskool.

⁷²⁷ Spoelstra, C. 1906. a.w. 505.

⁷²⁸ Sien verder: Dies., 312. “En zijn er, gelijk er vele zijn die weinig prijs stellen op de dierbare verkondiging van Christus’ Evangelium, en aan welken het een reuk des doodts is; wij kunnen egter ook roemen dat er nog gevonden worden, die prijs daarop stellen en aan welken het een reuk des levens is.” (ds Bode: 11 Maart 1784).

⁷²⁹ Hopkins, HC. 1965. *Die moeder van ons almal.* 247.

⁷³⁰ Engelbrecht, SP. 1952. a.w. 80 e.v.

⁷³¹ Ackerman, JD. 1853. *De ondervindelike bekeringsweg van de zalige vrouw..* 62.

⁷³² Moorrees, A. 1937. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk.* 284.

⁷³³ Du Toit, HDA. 1947. *Predikers en hul prediking.* 127 e.v.

‘n geïnstitueerde kerk, bewus van sy regte en belang in die gemeenskap, wat die lidmate begelei het. Baie van hulle was hiermee ingenome. Baie van hulle het hulle nie deur die Christologiese en soteriologiese aanwysing van die gereformeerde belydenisskrifte, met name die Heidelbergse Kategismus, laat leer nie. Was dit omdat die geloof en teologie steeds rasioneel aangepas is? Immers, in Europa is die rasionalisme van die Verligting gedurende die 18de eeu as ‘n regstelling en volhoubare aanpassing beleef.⁷³⁴ Die skolastiek van die Ortodoksie is afgewys. ‘n Redelike godsdiens is voorgestaan waarin die geloof én die Skrif rasioneel en krities uitgeklaar is. Hanekom was seker dat wat hy noem “die liberalisme” gedurende die 18de eeu as ‘n geestesstroming sy invloed aan die Kaap laat geld het.⁷³⁵ HDA du Toit toon ook aan hoedat die nuwe “redelike godsdiens” in die Kaap navolging gevind het.⁷³⁶

Teologies hang hierdie benadering saam met die supranaturalisme waarin probeer is om tot ‘n vergelyk te kom met die Verligting sonder om die “bonatuurlike” van die Christelike geloof los te laat.⁷³⁷ In hierdie kringe is die klem daarop gelê dat God hom buitendien in die natuur, die geskiedenis en die rede openbaar en laat ken. Daarmee is die Skriftuurlike voorbehoude en konfessionele begrip van die geloof aangepas of bygehaal. Die supranaturalistiese vertolking en aannames het dus aan die Kaap ook ingang gevind. HDA du Toit vind dat ds Serrurier (1735-1819)⁷³⁸ hom theologies vir hierdie rigting laat vind het.

Ds Serrurier was 44 jaar lank predikant van Kaapstad se gemeente.⁷³⁹ Met sy toetrede tot die gemeente was dit die eerste keer dat die gemeente drie leraars gehad het.⁷⁴⁰ Dit is duidelik dat Serrurier ‘n baie gewilde prediker was en dat die gemeenskap hom aanvaar het.⁷⁴¹ Sy intreepreek was op 27 April 1760 oor Efesiërs 6:19.⁷⁴²

Ds Serrurier het as predikantseun grootgeword te Hanau, ‘n Hollandse dorpie in Duitsland. Daarom het hy te Leiden sy teologiese opleiding voltooi.⁷⁴³ Hy is in 1759 as proponent toegelaat en met handoplegging as predikant georden met die oog op ‘n Kaapse gemeente.⁷⁴⁴ Die Klassis Amsterdam het van hom vermeld dat hy “een jongeling die door den Heere met veel gaven zijn toegedeeld” is.⁷⁴⁵ Daarmee saam was hy ook “ernstig en waardig.”⁷⁴⁶ Klaarblyklik was die krag van sy prediking egter nie geleë in die inhoud van die preke nie, maar in die dinamiek van sy persoonlikheid en “in die vermoë om met die gesproke woord die gehoor weg te voer.”⁷⁴⁷ Du

⁷³⁴ Sien: Cragg, GR. 1972. *The church in the age of reason 1648-1789*. London. Penguin Books.

⁷³⁵ Hanekom, TN. 1951. *Die liberale rigting..1X*

⁷³⁶ Du Toit, HDA. 1947. a.w. 354.

⁷³⁷ Vir ‘n uiteensetting van hierdie teologie, sien Christelike Encyclopedie II, 293.

⁷³⁸ Engelbrecht, SP. 1952. a.w. 77 e.v.

⁷³⁹ Vgl. Van der Watt, PB. 1976. *Karakters.. 4*

⁷⁴⁰ Dies.

⁷⁴¹ Sien byvoorbeeld: Du Toit, HDA. 1947. a.w. 240: “ telkens vind ons dat hy by ‘n groot gebeurtenis die woord voer.” Hiermee word skynbaar bedoel dat ds Serrurier ‘n gewilde geleenheidsprediker was.

⁷⁴² Engelbrecht, SP. 1952. a.w. 77

⁷⁴³ Dies.

⁷⁴⁴ Dies.

⁷⁴⁵ Dies.

⁷⁴⁶ Dies.

⁷⁴⁷ Van der Watt, PB. 1975. a.w. 5

Toit is oortuig dat Serrurier nie ‘n “piëtis” was nie. In die twee geleenheidspreke “word die Naam van Christus nie eens genoem nie. Daar is eerder sprake van ‘n redelike godsdiens.”⁷⁴⁸

Die teologiese benadering van ds Serrurier kom die beste aan die orde in die bekende twee “Lykreden” wat hy waargeneem het. Dit was naamlik die gebruik om, ná ‘n begrafnis, ‘n “lykrede” te hou waartydens die Woord bedien is met verwysing na die lewe en kwaliteite van die oorledene. Die **Lykreden over den Wel Edelen Groot Achtbare Heer Ryk Tulbach** het hoofsaaklik gehandel oor die onvermydelikheid van die dood. Dit wat kenmerkend van sy prediking was, naamlik die weinige verwysings na Christus en die spore van die rasionalisme,⁷⁴⁹ skemer ook hier deur. Veel eerder staan die deugde van die oorledene in die sentrum as Christus en Sy versoening.⁷⁵⁰ Die lewe word dus beklemt, maar die Een uit wie die oorwinning kom, staan in die skadu!⁷⁵¹ ‘n Mens is versigtig om dit te sê, maar dit lyk asof die ware verkondiging van die evangelie vervang word deur ‘n humanistiese teologie in Serrurier se prediking. Sodoende kom ‘n saak soos die heilstoeëiening nie eens regtig ter sprake nie. Maar, in terme van die rationele en supranaturalistiese aanpak van Serrurier, moet aanvaar word dat hierdie kwessie nie as belangrik beskou is nie. Om in die regte verhouding met God te lewe, lê immers in beslissings wat deur die mens gemaak word ter wille van ‘n goeie lewe én samelewing. Dit verteenwoordig ‘n rationeel-outonome denklyn en in terme van hierdie rasionalistiese en humanistiese benadering moet aanvaar word dat die toeëiening van die heil in outonome kategorieë verreken is.

Uit bogenoemde opmerkings is dit duidelik dat die supranaturalisme wat ‘n vergelyk is met die 18de eeuse verligtingsdenke - ook die kerklike lewe aan die Kaap gestempel het. In die nuwe Psalmberyming wat op 21 Mei 1775 in die Kaapse kerk in gebruik geneem is, is die spore van die supranaturalisme byvoorbeeld ook sigbaar. Daarmee is die Psalmboek van Dathenus opsygesit.⁷⁵²

Binne die breë historiese konteks, waar die Christelike bedeling in Europa rasioneel en rewolusionêr omvergewerp is en “Patriotte” en burgers in die Kaap al meer polities bewus geword het,⁷⁵³ het die supranaturalistiese benadering tot die geloof dus nie daarin geslaag om ‘n vormgodsdienst te voorkom nie. As hy sy kinderjare herroep, onthou MC Vos nog dat hy “wel tweemaal iederen rustdag, naar de kerk” moes gaan. Maar, teken hy aan, “kwam er (gelijk het doorgaans met het grootste getal der toehoorders gaat) zoo wijs uit, als ik er ingegaan was. Dit is zekerlijk meestal de schuld der toehoorders zelve; maar ook menigmaal van de Predikers, die niet genoeg studeeren, om naar de vatbaarheid hunner toehoorders te prediken, en derzelver aandacht gaande te houden. Ook was er, in mijn geval, tegen mij, dat er in ons huis, ofschoon mijne ouders dikwijls ter kerk gingen, nooit een woord over de gehouden predikatie gesproken noch aan de kinderen gevraagd werd, wat zij in de kerk

⁷⁴⁸ Du Toit, HDA. 1947. a.w. 246.

⁷⁴⁹ Dies.

⁷⁵⁰ Serrurier, JP. 1772. *Lykreden..* 21-33.

⁷⁵¹ Dies.,50.

⁷⁵² Spoelstra, C. 1906. a.w. 311.

⁷⁵³ Sien: Beyers, C. 1967. Die Kaapse Patriotte gedurende die laaste kwart van die 18e eeu en die voortlewing van hul denkbeelde. 1779-1791. Pretoria. Van Schaik.; Schutte, GJ. 1974. De Nederlandse Patriotten en de Kolonien: Een onderzoek naar hun denkbeelden en optreden. 1770-1842. Utrecht. De Schrijver.

gehoord hadden.”⁷⁵⁴ Sonder om verder op die historiese konteks van die Kaapse gemeentes tussen 1775 en 1790 in te gaan, kan volstaan word met die opmerking dat die finansiële welvaart wat na die Kaapkolonie se kant toe gekom het vanweë die see-oorlog tussen Nederland en Engeland (1780-1784), die Kaapse kerk geestelik nie goed gedoen het nie.⁷⁵⁵ Die tydsgees wat vir ‘n redelike godsdiens gevra het, het hierdie kerklike situasie verder gestimuleer.

Vir die sentrale vraagstelling waarmee hierdie studie hom besig hou, is bogenoemde opmerkings van groot belang. Juis omdat die teologiese uitgangspunte en die oortuigings in verband met die soteriologie en die gepaardgaande siening rondom die toëëiening van die heil (in hierdie geval outonom-humanisties-eties) hierdeur beïnvloed is én – dit is belangrik – diepgaand verskil het van die denklyn van ds Bode en die briewe van Susanna Bosman. Met die supranaturalistiese vergelyk met die Verligting het ‘n outonome visie op die toëëiening van die heil gepaardgegaan waarin die mens se etiese beslissings van deurslaggewende belang geword het. In die bediening van di. Fleck en Von Manger is dit verder gevoer.

6.2 Di. Fleck en Von Manger voer die supranaturalistiese vergelyk in ‘n eie verwerking verder

Hierdie selfde denklyn kom óók in die bediening van ds JH von Manger aan die orde. Ds Johan Heinrich von Manger was van Duitse afkoms uit die Opper-Rynse Land.⁷⁵⁶ Hy wou in Nederland predikant word en het gevolglik in Utrecht in die teologie studeer.⁷⁵⁷ Hy is in 1790 georden en het Holland in 1792 verlaat om in Oktober van dieselfde jaar in Graaff-Reinet se gemeente bevestig te word.⁷⁵⁸ Reeds aan die begin van 1779 was ds Bode in Kaapstad terdeë bewus van lidmate wat diep in die binneland hulle in voorpos omstandighede bevind het. “Waarlijk,” so skryf hy aan die Classis van Amsterdam, “d’oogst is groot in dit land, maar d’ arbeiders zijn weinig; honderden van huysgezinnen, die landwaard in woonen, zugten en reikhalsen na de verkondiging van den gekruysten Christus.”⁷⁵⁹ Nagenoeg 20 jaar later rapporteer ds Fleck aan die Klassis “dat ons uit de Nieuwe Colonie Graaff Raynet, door de Landdrost een brief is toegesonden, met versoek, dat wij’t onse wilden contribueeren, dat deselve een vast predicator mogt worden geaccoordeert, als sijnde dat district so uitgestrekt dat men daar meer dan 600 huisgezinnen konde berekenen, die door de verre afgelegenheid van andere kerken, genoegsaam geene gelegenheid hadden, om van de Bondzegelen en verdere verordene middelen van genade gebruik te maaken.”⁷⁶⁰ Daarom versoek hulle die uitstuur van ‘n leraar daarheen met die oog op die stigting van nog ‘n gemeente aan die Kaap – natuurlik van owerheidsweë.

⁷⁵⁴ Vos, MC. 1911. *Merkwaardige verhaal*. 4-5.

⁷⁵⁵ Vir hierdie agtergrond sien: Müller, CFJ. 1987. *500 Jaar SA geskiedenis*. Pretoria. Academica. Gedurende 1780-1784 is die Kaap onder Franse en daarna Duitse garnisoen. Nederland het in 1780 die kant gekies van die Amerikaanse koloniste teen Engeland.

⁷⁵⁶ Engelbrecht, SP. 1952. *Die Kaapse predikante van die sewentiende en agtiende eeu*. 90.

⁷⁵⁷ Dies.

⁷⁵⁸ Dies.,91.

⁷⁵⁹ Spoelstra, C. 1906. a.w. 455.

⁷⁶⁰ Dies.,569.

Reeds teen 1700 was daar al voorposte waar trek- en veeboere ‘n afgesonderde bestaan gaan voer het. Afstand het ampsbediening en kerklike meelewings in die wiele gery.⁷⁶¹ Teen die einde van die 18de eeu was die boere so ver noord as die latere Colesberg en die Visrivier. Hier het hulle plase aangelê en hulself onderskei⁷⁶² in die konkrete belewing van die natuur, die klimaat en veral die ander mense wat hulle teëgekom het. Na hierdie lidmate, wat in 1892 ‘n gemeente in Graaff-Reinet gekry het, het ds Von Manger gekom. Hulle voorkeure, kontekstuele verwerking van die lewenssituasie en oortuigings het hom soms dwars in die krop gesteek.

Ongelukkig was sy bedieningstyd in hierdie gemeente minder aangenaam. Skynbaar wou die mense hom nie aanvaar nie. Soveel so dat hy die gemeente op ‘n “subtle manner” verlaat het.⁷⁶³ Daar was onder andere geen kerkgebou nie en hy moes in ‘n privaat woning eredienste hou.⁷⁶⁴ In 1798 is hy na Swellendam verplaas en in 1802 het hy ds Serrurier in Kaapstad se gemeente opgevolg.⁷⁶⁵ Hier het hy gearbei tot 21 April 1839, toe hy die tuig neergelê het met ‘n preek uit 1 Thess. 4:1 en 2.⁷⁶⁶ Op 2 Mei 1842 is hy oorlede.⁷⁶⁷

Daar is twee gepubliseerde preke van Von Manger in ons besit.⁷⁶⁸ Hierdie twee preke bevat waardevolle inligting omtrent sy siening van die heilstoeëiening. Daaruit blyk dit dat hy tóg tekens van ‘n moralistiese en supranaturalistiese opvatting van die evangelie daarop nahou.

Sy preek oor Spreuke 22:6 is van groot waarde. Dit handel oor die godsdienstige opvoeding van die kinders, veral klein kinders. ‘n Mens kan dus hier goed sien hoe hy die verbond, die heilstoeëiening en godsdienstige opvoeding van die verbondskind gesien het. Oorsigtelik beskou, kan gesê word dat hy in die hele preek *nêrens* melding maak van die noodsaak van persoonlike heilstoeëiening by die verbondskind nie. Hy sinspeel wel daarop, maar gee geen eksplisiete verwysing in daardie verband of enige praktiese aanduiding hoe verbondsouers hul kinders moet begelei nie. Trouens, in ‘n enkele verwysing maak hy wel melding van die noodsaaklikheid van “bekering,” maar dan is dit slegs in verband met die heidene.⁷⁶⁹ Hy stel dit aldus: “Van hier, dat alom, waar men de bekeering der Heidenen wenscht te bevorderen, men het gewigt en de noodzakelykheid beseft dat derzelver jonge kinderen moeten worden onderwezen.”⁷⁷⁰

Van die “heidenen” word “bekeering” verlang, maar van die kinders van die gemeente is slegs *onderrig* belangrik. Dit is dus opvallend dat hy nie van die bekering praat in terme van beide heidene en gemeentekinders nie. Die hele preek staan in die teken hiervan. Die heidene moet tot bekering kom ten einde in die heil te deel en die

⁷⁶¹ Vgl. Van der Merwe, PJ. 1938. *Die trekboer in die geskiedenis van die Kaapkolonie 1657-1842*. 60, 61, 241.

⁷⁶² Van der Merwe, PJ. 1937. *Die Noordwaartse beweging van die Boere vóór die Groot Trek 1770-1842*. Pretoria. Staatsbibliotheek.

⁷⁶³ Von Manger, JH. *Biografiese besonderhede*. Kerkargief. BB6.

⁷⁶⁴ Du Toit, HDA. 1947. *Predikers en hul prediking*. 336.

⁷⁶⁵ Engelbrecht, SP. 1952. a.w. 91.

⁷⁶⁶ Dies.

⁷⁶⁷ Dies.

⁷⁶⁸ Sien: *Leerrede ter aanpryzing van kleine kinderscholen. Spreuke 22:6*. In NZAT. Mei-Junie 1832. 163-179. Ook: *Afscheidsrede over 1 Thess 4:1 en 2*. In: NZAT. Maart-April 1840. 83-95.

⁷⁶⁹ *Leerrede over Spreuke 22:6*. a.w. 164.

⁷⁷⁰ Dies.

gemeentekinders moet slegs onderwys word in die evangelie. Sou dit beteken dat die gemeentekinders alreeds op ‘n manier in die heil deel het en slegs verder daarin onderrig moet word?

Die res van die preek word gewy aan ‘n uiteensetting van die manier waarop hierdie “onderrig” aan die kinders moet plaasvind. Ongelukkig is dit ‘n opeenstapeling van moralistiese deugde waaraan voldoen moet word. Van die toeëiening van die heil in Christus kom daar weinig tereg. By die jong kind is die godsdiensonderrig die belangrikste, want die jong kind is meer vatbaar vir die Woord. Die kind is wel in sonde gebore, maar die kind is nog nie so verhard deur die sonde nie. “Wy zyn verpligt om de kleine kinderen te leeren omdat hun gemoed in dien eersten leeftyd voor alle indrukselen het vatbaarsten hun hart in goddeloosheid nog niet verhard is..”⁷⁷¹

Von Manger gee dan ‘n uiteensetting van wat hierdie onderrig moet behels. Hy sê dat dit die “grondbeginselen van godsvrucht en deugd” is wat in die “gemoed der jonge kinderen” inge“prenten” moet word.⁷⁷² Dit is die “heilzame lessen” en “vermaningen” wat aan hulle oorgedra moet word.⁷⁷³ “Zaligmakende kennis is het voornaamste.”⁷⁷⁴ Dit beteken dat die kind “God leeren kennen als hun Schepper, onderhouder, weldoener en verlosser.”⁷⁷⁵ Die kind moet leer om aan Hom “te denken als den Almagtige en Alleenwyzen.”⁷⁷⁶ Die kind moet ook “opmerkzaam” gemaak word op “des Heeren goedheid.”⁷⁷⁷ “Hoe Hy hen bewaart en de bron is van alle zegeningen die zy naar ziel en lichaam genieten” is belangrik om aan hulle te leer.⁷⁷⁸ Daarby moet kinders ook weet dat God “vlekkeloos heilig” is en “alle zonde haat.”⁷⁷⁹ Hulle moet ook weet wat “God gebiedt” en wat Hy “verbiedt.”⁷⁸⁰ Dit is immers die kind se “pligt” om God “te beminnen” en “te gehoorzaam.”⁷⁸¹

Behalwe vir hierdie stuk moralisme, kwalifiseer Von Manger wel die heilswerk van God in Christus. Volgens hom is dit belangrik dat die kind moet weet wat “God gedaan heeft om hen van het reddeloos verderf te behouden en zalig te maken. Hoe Jezus Christus de Heere uit den hemel is nedergedaald om voor hen te lyden en te sterven.”⁷⁸² Die “geschiedenis van zyn leven en sterven” moet deur die kind geken word.⁷⁸³ Die kern van alles word dan beskryf as: “de kleinen kinderen te leeren om Jezus te beminnen, Hem om vergeving en genade, om dien gunst te bidden, die hunne harten veranderen, heiligen, voorbereiden en bekwaam maken kan voor het leven der heerlykheid.”⁷⁸⁴

⁷⁷¹ Dies.

⁷⁷² Dies.,165.

⁷⁷³ Dies.

⁷⁷⁴ Dies.

⁷⁷⁵ Dies.

⁷⁷⁶ Dies.

⁷⁷⁷ Dies.

⁷⁷⁸ Dies.

⁷⁷⁹ Dies.

⁷⁸⁰ Dies.

⁷⁸¹ Dies.

⁷⁸² Dies.,168.

⁷⁸³ Dies.

⁷⁸⁴ Dies.

Hierdie sinnetjie is die samevatting van die preek. Hier word die essensie gegee van wat godsdiensorde is. Nêrens word egter iets gesuggereer dat die kind tot daadwerklike geloof en bekering moet kom nie. Die suggestie word eintlik gemaak dat die kind deel het in die heil en slegs daarin *opgevoed* moet word. “Deze moet zyn eenvoudig, trapswyze, by opklimming, verandering en voortzetting” wees.⁷⁸⁵ Sou dit beteken dat hy die heilstoeëiening gesien het as ‘n langdurige proses? In elk geval reflekter dit ‘n supranaturalistiese posisie ten opsigte van die waarde van die Christelike geloof. Hierdie waarde word outonoem deur die mens self bepaal. Hierdie oortuiging staan uiteraard ver verwyder van die subjektiewe en daadwerklike toeëiening van die heil soos dit by ds Bode beklemtoon is. Dit kom ook na vore in ‘n tweede Von Manger preek.

Hierdie preek, uit 1 Thes. 4:1-2, bied ‘n meer oorsigtelike beeld van Von Manger se heilsbeskouing. “Steeds was het hoofdoogmerk myner prediking,” so laat hy hoor, “om u overtuigend te doen beseffen, dat er voor den zondaar, buiten de geloofsgemeenschap en vereeniging met Christus den Borg, geen heil, geene ware rust in tyd noch eeuwigheid kan worden gevonden. Ik heb gebruik gemaakt van den spiegel der wet, om de Goddelijke heiligeit en gerechtigheid in uw geweten te doen schitteren, en daardoor alle waan op verdiensten, krachten en gerechtigheid te ontnemen.”⁷⁸⁶ “Ik heb aangedrongen,” sê hy, “op een dadelyk en beoefenend Christendom.”⁷⁸⁷ Die menslike beslissing word beskryf met terme soos “Christus naar waarde te erkennen en te omhelzen”,⁷⁸⁸ en “geloovig aangenomen”⁷⁸⁹ en “aan dien Zoon overgeven.”⁷⁹⁰

Aan hierdie geloofshandeling word ook allerlei beskrywende byvoeglike naamwoorde gegee, waarskynlik om die erns van die geloof te beklemtoon. Woorde soos “een oprecht geloof”⁷⁹¹ en “een volkommen hart”⁷⁹² word gehoor. Die Here wil ook nie slegs “een gedeelte” nie, maar “het geheele hart” van die mens besit.⁷⁹³ Die geestelike lewenswandel van die gelowige word ook beskryf as “een naauwkeurig wandelen” met God.⁷⁹⁴ Hierdeur word die fokus onvermydelik verskuif vanaf God se belofte in Christus na die mens en sy daadwerklike toewyding en verbintenis aan die saak van die Christelike geloof. HDA du Toit hou ‘n besondere beoordeling van Von Manger daarop na. Hy meen dat Von Manger ‘n ernstige en toegewyde verkondiger van die evangelie was. In sy jeugjare het die Klassis van Amsterdam hom reeds “deze wakkere Evangeliedienaar” genoem.⁷⁹⁵ Hy was nie voluit die supranaturalisme toegedaan nie.⁷⁹⁶ Hy was, volgens Du Toit, gekant teen die “godsdienst van die rede.”⁷⁹⁷

⁷⁸⁵ Dies., 172.

⁷⁸⁶ *Afscheidsrede over 1 Thess 4:1-2*. 92.

⁷⁸⁷ Dies.

⁷⁸⁸ Dies.

⁷⁸⁹ Dies., 88.

⁷⁹⁰ Dies., 87.

⁷⁹¹ Dies., 86.

⁷⁹² Dies., 87.

⁷⁹³ Dies.

⁷⁹⁴ Dies.

⁷⁹⁵ Du Toit, HDA. 1947. a.w. 335.

⁷⁹⁶ Dies.

⁷⁹⁷ Dies.

Klaarblyklik wou hy getrou bly aan die gereformeerde belydenisskrifte.⁷⁹⁸ Hierbenewens wil Du Toit dat hierdie predikant ook evangelies was in sy oortuiging.⁷⁹⁹

Om Von Manger op hierdie manier te ontsluit, is om oorhaastig gevolgtrekkings te maak. Wie Von Manger goed lees, sien in die etiese waarde wat hy aan die Christelike geloof toeken en aan die klem op die verbintenis daarvan, die denklyn van ‘n supranaturalistiese outonomiteit. Daarom is die teonoom-eksistensiële belydenis van die toeëiening van die heil, soos die gereformeerde konfessies daaroor praat, afwesig in sy prediking. Aan die ander kant is hy nie deur en deur ‘n supranaturalis wat slegs in rasionele kategorieë oor die evangelie gedink het nie. Dit was ook waar van sy kollega ds Christiaan Fleck, op wie die soeklig vervolgens val.

Ds Christiaan Fleck was vir die volle duur van sy bediening van bykans 42 jaar predikant in Kaapstad se gemeente.⁸⁰⁰ Hy is in die Kaap gebore in 1756, maar het sy opvoeding en theologiese onderrig in Nederland ontvang.⁸⁰¹ Hy het aan die universiteit van Leiden studeer.⁸⁰² Daar is dit van hom getuig dat “alles goeds voorspelde” kan word van sy toekoms as evangeliedienaar.⁸⁰³ Hy wou graag Kaap toe gaan en is toe uiteindelik op 11 Februarie 1781 deur ds JP Serrurier in Kaapstad as derde leraar bevestig⁸⁰⁴ om “het evangelium in zijn geboorteplaats”⁸⁰⁵ te verkondig. Daar was veel verwagtings aangaande ds Fleck gekoester en hy het nie teleurgestel nie. Hy was ‘n harde werker.⁸⁰⁶ Tot vyftien minute voor sy dood op 25 Oktober 1820, het hy nog besluite van die Bybelvereeniging onderteken en hul werkzaamhede bespreek.⁸⁰⁷

Vanuit ds Fleck se prediking straal daar ‘n bepaalde gerigtheid op God se heil in Christus. Dit is die deurlopende oogmerk van sy prediking om die mens te konfronter met die heil in Christus. Dit is asof sy prediking altyd die toeëiening van die heil in die oog het. Hy noem homself ook: “Uw heilzoekende Dienaar.”⁸⁰⁸ Hy beskou homself as ‘n sendeling: “als Christen behooren wy de kennis van den weg der Zaligheid, zoo veel in ons is, te verspreiden.”⁸⁰⁹

Hy het nie gehuiwer om sy toehoorders tot die toeëiening van die heil op te roep nie. ‘n Paar sake is duidelik: Eerstens het hy geglo dat nie alle gemeentelede noodwendig ook werklik reeds geregverdig is nie. Sy prediking is

⁷⁹⁸ Dies.

⁷⁹⁹ Sien Du Toit, HDA. 1947. a.w. 343. Du Toit wys daarop dat Von Manger ook ‘n “bekeringsprediker” was. “Kragtig dring hy by sy hoorders aan op ‘n dadelike bekering en maan hulle om nie uit te stel nie.” (dies.). Du Toit wys ook daarop dat Von Manger heftig geprotesteer het teen die “valse fondamente” waarop soveel kerklidmate hul heil bou. Hy verwys na ‘n preek waarin Von Manger gepraat het teen diegene wat rustigheid het oor hul saligheid bloot op grond van die feit dat hulle binne die radius van die Christelike godsdiens gebore is en gedoop is. (dies.).

⁸⁰⁰ Van der Merwe, W. (datum onbekend). ‘n Kort biografiese skets oor die lewe van ds Christiaan Fleck. Kerkargief.

⁸⁰¹ Engelbrecht, SP. 1952. *Die Kaapse predikante van die sewentiende en agtiende eeu.* 82.

⁸⁰² Dies.

⁸⁰³ Dies.,83.

⁸⁰⁴ Dies.

⁸⁰⁵ Spoelstra, C. 1906. a.w. 476.

⁸⁰⁶ Engelbrecht, SP. 1952. a.w. 83.

⁸⁰⁷ Van der Merwe,W. a.w. 2.

⁸⁰⁸ Dies.,8.

⁸⁰⁹ Herderlyke brief, soos afgedruk in Oberholzer, JAS. 1958. a.w. 79.

deurspek hiervan. Een slotgebed lui aldus: “O God, geef dat vele zielen in dezen dag des heils nog voor Christus onzen Heer gewonnen worden.”⁸¹⁰ Hy verwag dus dat daar gemeentelede sal wees wat op momentele wyse die heil deelagtig sal word. Nie almal is dus reeds gered nie, maar die lidmate *kan* tydens dieselfde erediens die heil ontvang. Hy het ‘n verwagting gehad dat die gepredikte Woord deur die Gees hiertoe gebruik word.

So stel hy dit: “Glylieden geniet het onschatbaar voorregt, om te leven onder het ontdekkend licht van het zielzaligend Evangelie - het dierbaar Woord van God wordt onder U gepredikt; Gy hebt het in Uwe handen, om het te kunnen lezen, en daar door onderrigt te bekomen, welke de eenige ware levensweg is, en hoedanig gy uwen wandel hebt in te rigten, zal er eens over U komen Vrede en Barmhartigheid. Welk een onwaardeerbaar geschenk des hemels! Welk een zegen! Wat zou ons de wereld en hare genoegens aanbrengen, indien wy de vertroostingen, die de Schrift ons aanbiedt, moesten missen?”⁸¹¹

Vir hom was dit noodsaaklik dat elke lidmaat by ‘n beslissing moes kom om die “verdiensten van Christus deur geloof toe te eien.”⁸¹² Dit was egter ook noodsaaklik dat die “ontdekking van eie zonden” hiermee gepaard moet gaan.⁸¹³ Die geloof dra egter geen verdienstelike karakter nie. Dit is wel die kanaal waardeur die heil in die lewe van die gelowige deurbreek. Die geloof is die “omhelsd” van die “aangebragte heilsverdiensten” van Christus.⁸¹⁴ Die weg tot saligheid lê dus ingebed in “de betrachting van geloof en bekering” vir die verbondsmens.⁸¹⁵

‘n Mens kom agter dat Fleck werk met die skema van “toesegging – eis” of “aanbod – aanneem.” Hy sê baie duidelik dat die saligheid “aan den zondaar aangeboden wordt.”⁸¹⁶ God gee aanvanklik sy belofte of aanbod dat Hy rus sal gee.⁸¹⁷ Hy gee selfs vooraf onderrig aan diegene vir wie Hy nooi.⁸¹⁸ Hy gee ook die duidelike voorwaarde dat diegene vir wie Hy nooi eers “zich zelve verloochene.”⁸¹⁹ Die aanbod is egter aangelê op die eis: “neem mijn jok op U.”⁸²⁰ Dit is aangenaam vir Jesus as “zondaars op zijne gedane uitnoodiging zich aan Hem vergeven.”⁸²¹

Hy beklemtoon egter die mens se gevalle toestand en totale geestelike onmag om uit eie oorwaging tot God te kom of die aanbod te aanvaar. Hy wys sonder meer op die “menschen onmacht tot het geestelijk goed waartoe geloof en bekeering behooren.”⁸²² Die mens is nie daartoe instaat om hom toe te lê op die verbetering van sy eie

⁸¹⁰ Fleck, C. 1818. *Christus de geliefde des Vaders, genegen om zondaars te ontvangen.* 353.

⁸¹¹ Herderlyke brief, 77.

⁸¹² Fleck, C. 1818. a.w. 325.

⁸¹³ Dies.,321.

⁸¹⁴ Dies.,333.

⁸¹⁵ Dies.,164.

⁸¹⁶ Dies.

⁸¹⁷ Dies.,162.

⁸¹⁸ Dies.

⁸¹⁹ Dies.,159.

⁸²⁰ Dies.,162.

⁸²¹ Dies.,159.

⁸²² Dies.,201.

lewe nie.⁸²³ Die mens se natuur is nie maar slegs net “verzwakt” met die sondeval nie, maar die mens is totaal verlore.⁸²⁴ Hier verwys hy ook na Efes. 2:1.⁸²⁵ Daarom “hangt de mensch in alles volkomen van God en zijne invloeden af.”⁸²⁶ Die mens kan geen geloof hê uit homself nie. Hy kan nie gered word omdat “daar iets in de mensch is” nie.⁸²⁷ “Indien wij Gods liefde moesten opwekken door eene goede gestalte des harten, hoe ledig zouden wij dan niet blijven van zijne goedgunstigheid?”⁸²⁸ Daarom kom ons bekwaamheid uit God (2 Kor. 3:5).⁸²⁹ Om die verdienste van Christus deur die geloof te omhels “is uit vrije genade.”⁸³⁰

Die vraag is dus: indien die mens geestelik so verlore en dood is en God kom met ‘n aanbod en eis, hoe is dit moontlik dat die mens ‘n antwoord kan gee? Hoe kan ‘n mens wat in so ‘n hopeloze geestelike toestand is “beveel wordt” om na God te gaan en Sy geregtigheid aan te gryp?⁸³¹ Het die mens dan nog “krachten genoeg?”⁸³² Fleck antwoord hierop duidelik negatief. Daar is eerder ‘n “krachtdadige trekking” nodig.⁸³³ Hy waarsku huis dat ‘n mens geen verkeerde begrip moet hê van die “gaan tot Jezus” nie.⁸³⁴ “Genade van boven moet den zondaar daartoe bekwaam maakt.”⁸³⁵ Dit gebeur wanneer die Woord verkondig word en die mens daarna luister. “Onder het horen, ondervinden wij iets van deze trekking.”⁸³⁶

Hoor ‘n mens hierin die stem van die teonoom-eksistensiële weerklank van die gereformeerde belydenis met betrekking tot die heilstoeëiening? Dit is bepaald so. Máár, dan is daar ook spore van die subjektiewe outonome oortuiging wat reeds by ds Bode aan die orde was. Dit is egter duidelik dat hier nie ‘n direkte en eenduidige lyn tussen Fleck en Bode getrek kan word nie. By die gebore Kapenaars lê die klem anders. Sou dit die rede wees waarom Du Toit hom eerder met die gereformeerde metodis Helperus Ritzema van Lier – by wie daar in die volgende paragraaf stilgestaan word – verbind? Hy skryf dat ds Fleck ‘n goeie vriend van Van Lier was.⁸³⁷ Hy het ds Van Lier se bevestigingsrede gehou en daarna vir sewe jaar intiem met hom saamgewerk. Hy was ook by Van Lier se sterfbed teenwoordig en het sy begrafnis waargeneem.⁸³⁸ “‘n Mens kan verwag dat iemand wat in die kring van Van Lier se geestelike gloed beweeg het, daardeur aangesteek sou word.”⁸³⁹ ‘n Mens vind dit ook inderdaad by Fleck. Hy beweeg beslis binne die piëtisties-evangeliese kring. Die inhoud van sy “herderlike

⁸²³ Dies.,204.

⁸²⁴ Dies.

⁸²⁵ Dies.

⁸²⁶ Dies.,201.

⁸²⁷ Dies.,319.

⁸²⁸ Dies.

⁸²⁹ Dies.,320.

⁸³⁰ Dies.,325.

⁸³¹ Dies.,205.

⁸³² Dies.

⁸³³ Dies.,207.

⁸³⁴ Dies.

⁸³⁵ Dies.

⁸³⁶ Dies.,208.

⁸³⁷ Du Toit, HDA. 1947. *Predikers en hul prediking*. 323.

⁸³⁸ Dies.

⁸³⁹ Dies.

brief⁸⁴⁰ en die opskrif van sy preekbundel⁸⁴¹ toon ‘n onteenseglike evangeliese sentiment. Verder bestempel hy die klem wat die supranaturaliste op die mens se rede plaas, as ‘n gebroke bak wat geen water kan hou nie.⁸⁴²

Ook Hanekom sluit hierby aan. Volgens hom getuig Fleck se preekbundels van ‘n diepsinnige, ernstige en Christosentriese prediking, toegespits op die behoeftes van die geloofslewe met nadruk op die leer van die verlossing “voorstel van den dierbaren en veiligen verzoeningsweg.”⁸⁴³

In hierdie trant word daar gewoonlik ook op die feit gewys dat hy die “Zuid Afrikaansche Bybelvereeniging” tot stand laat kom het.⁸⁴⁴ Hierdie instansie het hom daarvoor beywer om geestelike lektuur goedkoper onder mense te versprei.⁸⁴⁵ Hierdie vereniging staan in die teken van ‘n genootskaplike aktivering van gelowiges en die doelbewuste verbintenis aan die gemeenskaplike saak.

Derdens word ds Fleck ook onthou vir die feit dat hy die man was wat die Evangeliese Gesange vir die eerste keer, naas die Psalms, laat sing het in 1814.⁸⁴⁶ Hy het groot waardering vir die Gesange gehad en het self die erediens gelei waar die eerste gesang gesing was.⁸⁴⁷ Hierdie gesange het ‘n onmiskenbare supranaturalistiese inslag gehad. So wou ds Fleck die Kaapse kerk aan die Nederlandse kerkverband hou.

Uit alles wat oor Fleck gesê is, moet dit nou duidelik wees dat hy nie sonder meer teologies getypeer kan word nie. Loop daar by hom drie teologiese lyne ineen? Is hy ‘n moderne akkommoderende teoloog? Die feit is dat hy hom nie uitgesproke en konsekwent gehou het aan die teonome benadering van byvoorbeeld die **Heidelbergse Kategismus** tot die heilstoeëiening nie. Nog iemand wat dit nie sou doen nie, was ds Van Lier, na wie hierbo reeds verwys is.

Ten slotte moet daar nog een of twee opmerkings gemaak word. In die handhawing van die Kaaps-Hollandse Kerk as amptelik erkende kerk teenoor die aandrang van die Kaapse Lutherane, het di. Serrurier, Fleck en Bode sterk uitgesproke en konsekwent standpunt téén die instituering van die Lutherse gemeente ingeneem. Daarmee het hulle hul vereenselwig met ‘n geïnstitueerde landskerk waarmee die “ongestoord genot der onbetwistbare praerogativen van onzen heerschenden godsdiens” behoue kon bly.⁸⁴⁸

⁸⁴⁰ Sien Oberholzer, JAS. 1958. *Nie van brood alleen nie.* 76-81.

⁸⁴¹ Sien: Fleck, C. 1818. *Christus de geliefde des Vaders, genegen om zondaars te ontvangen.* Amsterdam.

⁸⁴² Dies., 191.

⁸⁴³ Hanekom, TN. 1959. *Helperus Ritzema van Lier.* 135-136.

⁸⁴⁴ Engelbrecht, SP. 1952. a.w. 84.

⁸⁴⁵ Dies.

⁸⁴⁶ Dies., 83.

⁸⁴⁷ Dies.

⁸⁴⁸ Vir standpunte teen die Lutherse Kerk, sien: Spoelstra, C. 1906. a.w. 453, 464 e.v. “Dan, overmits het onzen broederen de Lutheranen aan deezen uithoek gelukt is, een vasten leeraar te verkrijgen, en wij hooren, dat het alles op dien voet bepaald worden als op Batavia, zoo hebben wij in overweging genomen en besloten, U Wel Eerw. op het ootmoedigste te verzoeken, ons copyen te willen zenden van alle sulke papieren, welke, zint d’ opregting der Lutherse Kerk, tusschen den beyden kerkenraden, op Batavia, gewisselt zijn en buyten twijfel bij U Wel Eerw. zullen berusten; hetzij dat dezelve betrekking hebben tot de sacramenten, trouwen, begraven de doden, onderlinge overeenkomsten, of ontstaane verschillen en hoe dezelve beslist zijn, of, met een woord, tot wat zaken het ook zijn mag. Dit verzoeken wij alleen, om daardoor in staat

Hierdie aandrang het kerklike spanning geskep. Die grond daarvoor was egter nie teologies of konfessioneel van aard nie. Die benadering van die Kaaps-Hollandse predikante was ekklesiologies vanuit ‘n amptelike en geïnstitueerde kerkbegrip bepaal. Hiermee is die Skriftuurlike begrip en singewing van die kerk op die agtergrond gedwing. Dié fenomenologiese opvatting van die kerk as ‘n gevestigde samelewingsverband, wat as sodanig ‘n bepaalde rol speel en ‘n belangsgroep verteenwoordig, kan hom natuurlik maklik met die supranaturalistiese teologie vereenselwig.

Hierdie ekklesiologiese aanname én die teologiese denklyn van die behandelde predikante, staan vér verwyder van die oortuigings van Susanna Bosman en haar geesgenote. Sy het nie ‘n probleem met die Lutherane gehad nie, maar eerder aansluiting gesoek. In haar brief van 30 Maart 1751 aan ds Van der Groe skryf sy “Zo u enige godvruchttige boeken aan mij te sturen, geschreven door die van de Lutherse confessie, hier zijn er die lust tonen tot de weg des Heeren, of dit dan nog een middel voor hen mocht zijn.”⁸⁴⁹ Theodorus van der Groe laat ook vir haar boeke uit die puriteinse kringe van Engeland toekom: John Flavel (ongeveer 1691), John Brown (1722-1787), John Bunyan (1628-1688), Ralph Erskine (1680-1754) en Hugo Binning (ongeveer 1654).⁸⁵⁰ As vertalings het hierdie skrywers in Nederland, veral in die invloedsfeer van die Nadere Reformasie, die rondte gedoen. Sodoende het hulle ook in die Kaap gekom. By hierdie praktiese evangelies-puriteinse teologie sou ‘n jong predikant uit Nederland, Helperus Ritzema van Lier aansluiting vind. In 1786 sou hy leraar van die Kaapse gemeente word. Sy teologiese aksentuering het verskil van dié van di. Fleck, Serrurier en Von Manger. Daarom word in die volgende paragraaf op Van Lier ingegaan.

6.3 Die bediening van ds HR van Lier: Evangelies-puriteins

Toe ds Van Lier predikant in Kaapstad word, het daar iets in en met die gemeente gebeur. Hy was beïnvloed deur evangeliesgesindes en puriteine (net soos Bosman dus) van Engeland en hy sou by die soteriologiese oortuigings van mense soos Bosman en Bode aansluit en die voortgang daarvan bestendig. Naas die monumentale werk oor Van Lier se lewe wat TN Hanekom⁸⁵¹ geskryf het, kan niemand dit seker waag om iets meer te sê nie. Die bedoeling van hierdie paragraaf is egter om op toegespitse wyse spesifiek te kyk na Van Lier se soteriologiese beskouing.

gesteld te mogen worden, om in voorkomende gelegentheden ons daarnaa te kunnen schikken want wij vreezen, dat d' opregting van een Lutherse Kerk alhier onaangenaamheden en veel twist in de huisgezinnen zal baren, daar de meeste vrouwen tot onze godsdiest behooren, en haare mans tot den Luthersen. Wij hebben dit zooveel als onze Regeering in' t vaderland genoeg gewaarschuwt, dog tevergeefs, en dus zijn wij voor de gevolgen onverantwoordelijk.” Dies., 468. Die spanning het inderdaad in die jare 80 opgelai. Dit was egter nie-konfessioneel van aard. Sien: dies., 472, 477, 484, 485-504, 513-521, 535 e.v., 538, 541 e.v., 545, 547-554, 555 e.v., 559 e.v. Sien verder: Hoge, J. 1939. *Die geschichte der älteste evangelisch-Lutherische Gemeinde in Kapstaat ein Beitrag zur Geschichte des Deutschtums in Südafrika* Verlag Ernst Reinhardt München. 35 e.v., 68 e.v.

⁸⁴⁹ Briefe van Theodorus van der Groe in leven dienaar in die gemeente van Jezus Christus te Kralingen en vijf brieven van Susanna Bosman, weduwe van Isaak de Vries te Cabo (Kaap de Goede Hoop). Den Hertog. 133.

⁸⁵⁰ Van der Groe, T. a.w. 141.

⁸⁵¹ 1959. *Helperus Ritzema van Lier: Lewensbeeld van 'n Kaapse predikant uit die agtiede eeu.*

Ds Van Lier moes die bediening waarnem in ‘n gevestigde kerk binne ‘n stad wat deel was van ‘n welvarende samelewing. Hierbo is reeds enkele aantekeninge gemaak oor hoe leraars wat die geloof redelik gaan aanpas het, hulself in hierdie geïnstitueerde kerk gehandhaaf het en hoe hulle hul daaroor uitgelaat het. Van Lier sou nie redelik oor die geloof dink nie. “Wanneer wij onze gemeente beoordeelen naar dien regel, welke de Heiland ons heeft voorgescrewen,” skryf hy in 1791, “zo kunnen wij geen ogenblik twijfelen, of verre het grootste gedeelte van dezelve is vervreemd van dat geloof, dat het harte reinigt en door de liefde werkzaam is. Wij hebben billijke redenen om te vreezen, dat de meeste op zijn hoogst eene gedaante van godzaligheid vertoon, zonder de kracht daarvan in hunne harten te ondervinden en uit te oeffenen in hunnen wandel.” Desnieteenstaande, vervolg hy, het die Here “aan zommigen onder ons de groothed van zijn vermogen, en van zijne ontverming in Christus Jezus openbaar; dat nu en dan de een of ander onze hoope aanmoedigt, door te vraagen naar den Heere en zijne sterkte, en dat de grote Herder ook hier eenige zijner schaapen heeft, die zijne stemme kennen en Hem volgen.” Daarom is sy bede dat die Here van die kerk “ons meer moge bekwaam maaken, om getrouw te zijn en onse harte te zetten op de kudde, en dat Hij ons tot blijde getuigen en gezegende werktuigen stelle, van eenen overvloedige uitstorting van den Geest des levens aan deze plaats.”⁸⁵²

Kerkhistoriografies het Van Lier ‘n positiewe evaluering gekry. Hy het soos “‘n meteor aan die homiletiese hemel van Suid-Afrika” verskyn.⁸⁵³ In 1785 het hy ingeskryf vir ‘n studie in die teologie aan die Universiteit van Utrecht, hoewel sy “innerlike lewe nog alles donker” was.⁸⁵⁴ Hy wou tot die evangeliebediening toetree, maar was self nog nie seker oor sy verhouding met die Here nie. Deur ‘n ernstige siekbed en ‘n paar noue ontkomings, het hy tot ware inkeer gekom.⁸⁵⁵ Hierdie bekering het gepaard gegaan met “‘n eensame sieleworsteling” met God.⁸⁵⁶

Opvallend is die feit dat sy lewe uit twee duidelike “kompartemente” bestaan het te wete ‘n lewenstyl voor sy bekering en ‘n lewenstyl na sy bekering. So skryf hy “ik wensch u eene korte schets te geven van mijnen toestand zoo als het was voor den tijd in welken het den Heere behaagde mij te roepen uit de duisternis tot Zijn wonderbaar licht.”⁸⁵⁷ Sy prediking sou later ook in hierdie lig staan.

Dit beteken nie dat Van Lier uit ‘n nie-kerklike familie gekom het nie. Hy het gekom vanuit ‘n verbondsagtergrond en het grootgeword onder geklank van die Woord. Die Van Lier-huisgesin het “gesonde kerklike verhoudinge” gehandhaaf.⁸⁵⁸ Sy pa was ook ouderling. Sy moeder was “eene Godvruchtige vrouw” en het hom “zorgvuldig onderwees in de gronden van de ware Godsdiens.”⁸⁵⁹ Sy persoonlike ervaring was egter dat hy die bekering nodig gehad het ten spyte van sy goeie godsdiestige agtergrond. Sy bekering het “die groot

⁸⁵² Spoelstra, C. 1906. a.w. 573.

⁸⁵³ Du Toit, HDA.1947. a.w. 155

⁸⁵⁴ Gerdener, GBA. 1951. *Bouers van weleer*. 2

⁸⁵⁵ Dies.

⁸⁵⁶ Dies.

⁸⁵⁷ Van Lier, HR. 1854. *De Kracht der..* 2

⁸⁵⁸ Hanekom, TN. 1959. a.w. 73.

⁸⁵⁹ Dies, 75

werklikheid in sy lewe geword.” Sy besluit was “eene geheele hervorming in gedrag en eene onbepaalde gehoorzaamheid aan Zijne geboden.”⁸⁶⁰

Dit is belangrik om te let op Van Lier se geestelike geskiedenis. Hierdie besliste bekeringservaring sou immers sy eie teologiese aksent beïnvloed. Dit was juis in hierdie fase van sy lewe wat die geskrifte van die “Evangelical Party” in Engeland en die werke van John Newton ‘n groot indruk op hom gemaak het. Newton was weer gekoppel aan volgelinge van George Whitefield.⁸⁶¹ John Newton (1725-1807) was leier van die “Evangelical Party” van die Anglikaanse Kerk en het uitgesproke standpunt ingeneem teen die Britse deïste en die Socinianisme.⁸⁶² Hy, en ander Engelse skrywers en predikers (soos Wesley en Whitefield) het in ‘n evangeliese “revival” die regstelling van die sukkelende en kragtelose kerklike lewe gesoek. Hier vind ons dus gereformeerde invloede wat ook sterk evangelies gekleur was. Van Lier kon dus sy eie ervaring van God se genade terugvind in hierdie teologiese aksente. Met sy aankoms as leraar in Kaapstad sou dit inderdaad blyk dat “door het invoeren van die leer die gewoonlik ‘evangelisch’ genoemd wordt,” hy “bijna een revolutie” sou veroorsaak.⁸⁶³

Van Lier het in 1786 in Kaapstad aangekom. Hy is op 15 Oktober 1786 as derde leraar van Kaapstad bevestig deur ds Fleck.⁸⁶⁴ Sy medeleraars was di. Fleck en Serrurier. Sy prediking was van die staanspoor af “anders” as waaraan die kerklike gemeenskap gewoond was. Dit was geen “dorre leerredes” nie, maar was besielend en het “getuig van ‘n tintelende geloof wat hy deur genade in sy eie siel ervaar het.”⁸⁶⁵ Hy laat die klem val op “proefondervindelike godsdienst” en dring aan op “bekering en ‘n lewendige vereniging met Christus.”⁸⁶⁶ Sy prediking was “geweldig op die man af” en soos “ontdekkende hamerslae.”⁸⁶⁷ Hy skrywe later aan die Classis van Amsterdam dat hy “daarin slaag om siele te wen.”⁸⁶⁸ Voeg hierby die aksent wat hy geplaas het op sendingwerk,⁸⁶⁹ en ‘n mens kan sien watter klem hy op die noodsaak van die bekering gelê het. Sy evangeliese ywer kon daarin gesien word dat “hy behartigde de bekeering der heidensche Hottentotte in het omliggende land.”⁸⁷⁰ Onder sy invloed word ook “een bid-en-werkers vereeniging”⁸⁷¹ gestig in 1778. Hierdeur moes die evangelie aan die heidene bekend gemaak word.

Geen wonder dat sy bediening “‘n omwenteling”⁸⁷² in die Kaap gebring het nie! Onder sy bediening het daar ook inderdaad mense tot bekering gekom, waaronder Mathilda Smith (gebore Combrinck) wat ‘n ywerige

⁸⁶⁰ Dies, 90

⁸⁶¹ Gerdener, 1951. a.w. 2.

⁸⁶² Sien: Moorman, JRH. 1986. *A History of the church in England*. 302 e.v, 306.

⁸⁶³ Dreyer, A. 1907. *Het Historisch album*. 17.

⁸⁶⁴ Gerdener, 1951. a.w. 2

⁸⁶⁵ Oberholster, JAS. 1952. *Kerk en Binnekamer*. 211

⁸⁶⁶ Dies.

⁸⁶⁷ Gerdener, GBA. 1951. a.w. 7

⁸⁶⁸ Spoelstra, C. 1906. *Bouwstoffen*. 565

⁸⁶⁹ Conradie, E. 1934. *Hollandse Skrywers*. 124

⁸⁷⁰ Dreyer, A. 1907. a.w. 17.

⁸⁷¹ Dies.

⁸⁷² Conradie E. 1934. a.w. 126

sendingwerkster geword het⁸⁷³ asook JJ van Zulch wat eweneens ‘n sendeling geword het.⁸⁷⁴ In hierdie verband het hy erns gemaak met die sending en begin om lidmate te aktiveer.⁸⁷⁵ In 1788 het hy ‘n bid-en werkvereniging vir hierdie doel gevorm. Hierdie vereniging en sy lede sou nagenoeg ‘n dekade later instrumente wees om die Londonse Sending Genootskap by die Kaapkolonie te betrek.⁸⁷⁶

Van Lier het dus ‘n nuwe aksent gelê en hy het ‘n nuwe werkswyse van stapel gestuur. Daar moes erns gemaak word met huisbesoek en die kategese. Mense uit ‘n slawe agtergrond moes “op het **Kort Begrip** der Christelijke Religie” tot lidmate “der kerke aangenomen worden.”⁸⁷⁷ Ten opsigte van die toeëiening van die heil staan die teonoom-eksistensiële segswyse en seggingskrag hier in die skadu van die saaklike en bondige weergawe van die **Kort Begrip**. Dit is gesny uit die hout van die **Heidelbergse Kategismus**, maar die snywerk is so grof en bondig dat veel van die oorspronklike verlore gegaan het. Is ‘n meer ongenuanseerde en outonome benadering nie hiermee in die hand gewerk nie?⁸⁷⁸

‘n Tweede katkisasieboek wat gebruik is, is die **Enkele Hellenbroek**.⁸⁷⁹ Oor Hellenbroek is reeds in ‘n vorige hoofstuk breedvoerig geskryf. Hier is dit slegs nodig om daarop te wys dat Hellenbroek en die **Kort Begrip** as katkisasieboeke die benadering van ds Van Lier én die denklyn waarin hy gestaan het, aan die Kaap versterk het.

Hoe het Van Lier die verbondsgemeente wat elke Sondag voor hom gesit het, gesien? Dit is opvallend dat hy (op voetspoor van die Nadere Reformasie) die gemeente in twee groepe verdeel het: gelowiges en ongelowiges.⁸⁸⁰ Hy trek soms die onderskeid baie skerp wanneer hy die twee groepe binne een preek aanspreek as enersyds “vreemdelinge van die ondervinding van die krag van die genade” en andersyds “broeders en susters in die Here.”⁸⁸¹ Hy het ook sommige preke eksklusief gerig tot die “ongelowiges” en ander preke weer slegs tot die “gelowiges.”⁸⁸² Aan die nagmaalstafel maak hy ‘n definitiewe onderskeid binne die verbondsgemeente wanneer hy beklemtoon dat nie almal wat “uitwendig die godsdiens bely” die saligheid besit nie.⁸⁸³ “Nie almal wat sê: ‘Here, Here’” besit die saligheid nie.⁸⁸⁴ Hy praat pertinent van die moontlikheid dat daar “naamchristene”⁸⁸⁵ in die

⁸⁷³ Gerdener, 1951. a.w. 5

⁸⁷⁴ Du Toit, HDA. 1947. *Predikers en hul prediking*. 165

⁸⁷⁵ Sien: Hanekom, TN. 1959. a.w. 189.

⁸⁷⁶ Sien: Du Plessis, J. 1911. *A History of Christian Missions*. 61 e.v, 91 e.v.

⁸⁷⁷ Spoelstra, C. 1907. Deel 2. a.w. 331, 328, 332 en 336. Spoelstra haal hier aan uit die besluiteboek van die Kaapse Kerkraad. Soos sy naam aandui is die Korte Begrip ‘n korter (74 vrae) en eenvoudiger en populêre uitgawe en bewerking van die Heidelbergse Kategismus. Waarskynlik is hierdie boekie in 1608 deur die predikant Hermanus Faukelius opgestel toe die kerkraad van Middelburg in 1608 sodanige versoek gerig het. “Het bedoelt een kort, eenvoudige overzicht te geven van de chr. leer ten dienste van hen, die belijdenis van hun geloof willen afleggen.”(Sien: ADR Polman in Christelike Encyclopedie Deel 4: 313).

⁸⁷⁸ Vgl. in hierdie verband: *Kort Begrip van die Christelike Geloof*. Vertaal uit die oorspronklike teks deur prof. dr. H vd M Scholtz. Sondagskoolboekhandel. Bloemfontein. 5 e.v.

⁸⁷⁹ Spoelstra, C. 1907. a.w. 332.

⁸⁸⁰ Hanekom, TN. 1959. a.w. 141.

⁸⁸¹ Dies.

⁸⁸² Dies.

⁸⁸³ Dies.,51

⁸⁸⁴ Dies.

⁸⁸⁵ Dies.,56

gemeente teenwoordig is. Diegene wie salig is, is wie “aan Christus behoort deur die Gees”⁸⁸⁶ en wie die “wil van God doen.”⁸⁸⁷ Dit is diegene wat die “geloof in Christus”⁸⁸⁸ besit. Hy brei egter nie uit op wat met “geloof” bedoel word nie. In ‘n preek oor “Martha en Maria” tref Van Lier die onderskeid tussen gemeentelede wat staatmaak op “goeie werke” en diegene wat staatmaak op Christus alleen. Martha het veel “diens”⁸⁸⁹ aan God gelewer, maar Maria het die “saligmakende kennis”⁸⁹⁰ besit. “Een ding”⁸⁹¹ is in die gemeente nodig: die “gemeenskap met Jesus Christus.”⁸⁹²

Hanekom vind dit in die inleiding van ds Van Lier se eerste preekbundel eksplisiet verwoord: “Wij prediken u Christus Jezus den gekruisten, wiens bloed van alle zonden reinigt – Hy is oneindig in magt – oneindig in ontferming – vlugt tot Hem, als tot den eenige Naam, die onder den hemel gegeven is, waardoor wij kunnen zalig worden.”⁸⁹³ Hy was dus ‘n prediker met ‘n uitnodiging. “Aan allen onder alle volkeren aan wien het Evangelium verkondigt wordt – bied de Vader der vrede en vergiffenis, leven en zaligheid aan zijnen Zoon... en allen zullen gelooven die verordineerd zijn tot het eeuwig leeven.”⁸⁹⁴

Hy beklemtoon egter óók die volstrekte vrymag van God se genade. In ‘n preek oor Jesus se verwerping, hanteer hy die reformatoriese begrippe “verkiesing” en “verwerping” en beklemtoon die feit dat die gelowiges hul saligheid slegs aan God se verkiesende besluit te danke het.⁸⁹⁵

In ‘n ander preek oor “Maria se keuse” val die klem (snaaks genoeg) nie op die keuse van die gelowige nie, maar op Christus self! Dit is tewens ‘n sterk Christosentriese preek. Hy beklemtoon dit dat dit slegs in Christus is waar die ewige lewe te vinde is. Die “siel vind slegs voldoening in gemeenskap met Christus.”⁸⁹⁶ Die mens se “bekering” maak die mens “dadelik bekwaam” en so ‘n mens “geniet dadelik God se guns.”⁸⁹⁷ Die bekering voltooï dus die heil. Die geloofsbeslissing is nodig: die wat “glo word salig” en die wat “nie glo nie” bly ongered.⁸⁹⁸

In ‘n verdere preek oor “Nikodemus” val daar ook sterk klem op die beslissing van die mens. Hy beklemtoon die absolute noodsaak van die wedergeboorte.⁸⁹⁹ Die gemeentelid moenie net “weet” nie, maar hy moet inderdaad “kom” na Jesus.⁹⁰⁰ In so ‘n geval sal “Hy jou vriendelik ontvang.”⁹⁰¹ Tydig en ontydig het Van Lier gepreek dat

⁸⁸⁶ Dies.,54

⁸⁸⁷ Dies.,68

⁸⁸⁸ Dies.,69

⁸⁸⁹ Dies.,104

⁸⁹⁰ Dies.,94

⁸⁹¹ Dies.,109

⁸⁹² Dies.

⁸⁹³ Hanekom, TN. 1959. a.w. 140.

⁸⁹⁴ Van der Leeuw, C. 1796. *Verzameling van eenvoudige Leerreden*. 186.

⁸⁹⁵ Van Lier, HR. 1806. *Leerreden*. 15

⁸⁹⁶ Dies.,149

⁸⁹⁷ Dies.,142

⁸⁹⁸ Dies.,141

⁸⁹⁹ Dies.,185

⁹⁰⁰ Dies.,187, 203

die wedergeboorte ‘n “conditio sine qua non” vir die verkryging van die ewige lewe is.⁹⁰² Dit het ook vir verbondsmense so gegeld: “Het is waar, gy zijt gedoopt, gy draagt den naam van Christenen, gy zijt misschien ledematen van de kerk, maar met dit alles kunt gij grootere vijanden van Jezus zijn als velen.. gij zijt misschien zeer godsdienstig, maar nog is de liefde vir Christus niet aanwezig.”⁹⁰³ So kry die wedergeboorte en die werking van die Heilige Gees besondere nadruk. Maar, ook die bekering⁹⁰⁴ en die godsvreugd of “heiligkeit in Jezus” of “geestelike en bevindelike godsdienst” word beklemtoon.

Van Lier se “tweede leerrede” wat handel oor Jesus se gesprek met Nikodemus, is ‘n goeie voorbeeld van hoe hy sy oortuiging inklee.

“ Teksvers: Johannes 3:4-8

INLEIDING:

- a) Nikodemus se denke
 - 1) Hy beskou die tweede geboorte onmoontlik.
 - 2) Hy is oop vir oortuiging.
- b) Noodsaaklikheid van die tweede geboorte
 - 1) Die geestelike aard daarvan
 - 2) Onmag van die mens om homself te wederbaar
 - 3) God gebruik Sy Woord daartoe
 - 4) Die ongehoorsames beërf nie die koninkryk nie
 - 5) Die noodsaaklikheid om ‘n geestelike natuur te bekom
 - 6) Die wyse waarop die Gees werk. Nikodemus moes sy vooroordele aflê. Die wind waai waar hy wil. So is iemand wat uit die Gees gebore is. Die Gees laat Hom nie deur wette bepaal nie. Daar is verskillende maniere waarop die Gees werk deur verskillende omstandighede en verskillende maniere van bekering.

TOEPASSING

- a) 1) U sê hierdie waarheid is onbegryplik?
 - 2) U sal dit glo as u dit ondervind.
 - 3) Hoekom weet sommige nie dat hulle wedergebore is nie?
 - 4) Gaan die vryheid van die mens verlore?
- b) 1) Vele van u is onwedergebore.
 - 2) Moenie uself bedrieg nie: ‘n ganse verandering is nodig.
 - 3) Moenie u hieroor verwonder nie.

⁹⁰¹ Dies.,222

⁹⁰² Du Toit, HDA. 1947. a.w. 174

⁹⁰³ Hierdie is ‘n aanhaling deur HDA du Toit, 1947. a.w. 174

4) Godvrugtiges, u geluk is groot!,”⁹⁰⁵

Hoewel Van Lier die noodsaak van die bekering beklemtoon het, is dit duidelik dat hy nie altyd die klem laat val het op die mens se verantwoordelikheid ten koste van God se soewereiniteit nie. Die wedergeboorte is nie die gevolg van die mens se keuse en bekering nie. Die wedergeboorte is uit en uit ‘n inisiatief wat God neem: “de werkende oorzaak der wedergeboorte is God zelve en in’t byzonder de Heilige Geest, die door middel van de leere der waarheid, deze groote verandering te weeg bringt. De mensch kan zich selven niet wederbaaren. De staat, waar in de mensch zich natuurlik bevindt, leert zyn onmacht om zich zelve deze verandering te geven.”⁹⁰⁶

Dit is egter duidelik dat God se inisiatief die mens se verantwoordelikheid in beweging bring: “Door Gods Geest herschapen moeten wy zelve werkzaam zyn, onder veelvuldigen stryd ingaan in het Koningryk Gods..”⁹⁰⁷ Hier kom die bekering dus ter sprake. Dit impliseer dat die mens “heilbegeerig” tot Jesus moet “uitgaan” en “tot Hem de toevlугt nomen.”⁹⁰⁸ Dit geld ook vir die verbondsmens. Die verbondsmens deel in al die uiterlike voorregte, maar die wedergeboorte is steeds noodsaaklik: “het zou hun niets baaten kinderen van Abraham, opvolgers van enige plegtigheden van Moses wet te zyn. Zy zouden met alle hunne uiterlyke voorrechten, met al hun verkeerde waan, eeuwig verlooren gaan, zo zy niet wederom gebooren wierden.”⁹⁰⁹

Dit is opvallend dat Van Lier nie die bekering lokaliseer tot ‘n sekere metode nie, maar steeds die vrymagtige werking van die Gees bely. Die bekering vind dus op verskillende maniere plaas by verskillende mense. “Vooreerst merken wy eene merkwaardige verscheidenheid en vrymacht op in de Personen, die wederom gebooren word. Zommige worden door de Geest opgewekt uit den geetelyken dood, in hun kindsheid, het geen vooral by zodanigen plaats heeft, die eene godvruchtige opvoeding genieten. Andere en wel mischien de meeste worden wederom gebooren in hunne jeugd.”⁹¹⁰ Hy vervolg ook: “In de wyze waarop dit alles wordt gewerkt, is een groot verschil. Zo dat er mischien geen twee wedergeboorenen zyn, die in alles, op volmaakt wyze, de waarheid hebben leeren kennen. Zommige worden tot God gebracht onder geweldige verschrikkingen. In anderen eene diepe droefheid en neerslagtigheid.”⁹¹¹

Hoewel die bekering nie volgens ‘n sekere metode plaasvind nie, was Van Lier wel van mening dat die geloof by alle wedergeborenes dieselfde karakter moet hê. “Op eene tijd dacht ik, dat het geloof in Christus alleenlik in eene toestemming aan de geopenbaarde waarheid berust. Ik konde echter in geen van die begrippen berusten.”⁹¹² Om slegs ‘n objektiewe waarheid as waar te aanvaar, is dus nie ware geloof nie! ‘n Mens kan ten volle die

⁹⁰⁴ Sien: Van der Leeuw, C. 1796. a.w. 9, 23, 74, 100, 173, 246, 339, 378 en 384.

⁹⁰⁵ Van Lier, HR. 1806. a.w. 230-273. Sien ook du Toit, HDA, 1947. a.w. 182-183.

⁹⁰⁶ Van Lier, HR. 1806. a.w. 235.

⁹⁰⁷ Dies.,242.

⁹⁰⁸ Dies.,125

⁹⁰⁹ Dies.,246.

⁹¹⁰ Dies.,251.

⁹¹¹ Dies.,257.

⁹¹² Van Lier. 1854. a.w. 5

objektiewe heil in Christus as waarheid aanvaar, “maar hij bleef steeds op een grooten afstand van hem.”⁹¹³ Hy erken dus die realiteit van die objektiewe verbondsheil,⁹¹⁴ maar voeg daaraan toe dat die verbondsmens self ook sy toevlug tot Christus moet neem.

Opsommend kan gesê word dat Van Lier die noodsaak van die persoonlike bekering beklemtoon het binne die kontoere van die soewereiniteit van God en Sy objektiewe heilstoeëiening in Christus. Hy was teen alle uitinge van vormgodsdienst gekant. Kerkgang was uiteraard ook nie genoeg nie. Hy het ‘n appèl op die lidmate gemaak en hy het die subjektiewe toeëiening van die heil beklemtoon. Gerdener oordryf dalk as hy sê: “Sy leer was so suwer as dit kan wees en as daar by hom iets was wat aan ‘n metodis of piëtis herinner, dan was dit geen slaafse navolging van enige stelsel of rigting nie, maar die algemene verskynsel van die gloedvolle en vurige werkinge van die Heilige Gees.”⁹¹⁵ Die opmerking van HDA du Toit is meer in die kol: “Deur ‘n oordrewe klemtoon op die bevindelike godsdiens, het die subjektiewe element al te sterk na vore gekom en wou ds Van Lier byvoorbeeld elke leerrede ‘n evangelisasiepreek maak. Daardeur is aan die verkondiging ‘n geforseerdheid gegee.”⁹¹⁶

Du Toit is wel van mening dat Van Lier “geen Remonstrant of Metodis” was nie.⁹¹⁷ Hierdie opmerking verdien om gekwalifiseer te word. So iets val egter buite die bestek van hierdie studie. Wat wél ter sake is, is dat Van Lier aansluiting gevind het by lidmate wat uitgesproke in die denklyn van die gedagtegoed van Bosman en Bode gestaan het. Met betrekking tot die toeëiening van die heil moet Van Lier se prediking en appèl op die geloof dus getypeer word as hoofsaaklik subjektief-outonom.

6.4 Samevatting

Dit is interessant om te sien watter ontwikkeling van 1785-1800 in die Kaapse Kerk plaasgevind het in verband met standpunte oor die heilstoeëiening. Dit was veral in hiérdis tydperk waar daar besliste ontwikkeling sigbaar was. Dit is deurgaans duidelik dat die Kerk steeds ‘n gereformeerde kerk wou wees en dat die teonome klanke van die gereformeerde belydenis oor die heilstoeëiening deurentyd gehoor kon word. Die Heidelbergse Kategismus was steeds as een van die katkisasieboeke gebruik. ‘n Mens hoor ook duidelike teonome klanke by di. Von Manger en Fleck sowel as by ds Van Lier. Die heil word gekwalifiseer in Christus. Die soewereine verkiesing en volstrekte vrymag van God ontvang ook klem. Dit is slegs by ds Serrurier waar hierdie aksent afwesig is.

Dit is egter nie die volledige prentjie nie. Skynbaar was die leraars wat die Skriftuurlik-teonome sig op die heilstoeëiening enduit gehandhaaf het, baie min. Oor die algemeen word die gereformeerde-teonome standpunt vermeng met allerlei ander afwykende outonome standpunte. Hier gebeur dit egter anders as wat die geval was met diegene wat deur die Nadere Reformatie beïnvloed was soos byvoorbeeld ds Bode. Onder die druk van die

⁹¹³ Dies.

⁹¹⁴ So neem hy byvoorbeeld homself tot voorbeeld en sê: “Schoon ik onkundig was van Hem, Hij kende mij” (Dies.,14).

⁹¹⁵ Die woorde van GBA Gerdener soos verwoord deur Oberholster, JAS. 1952. a.w. 211.

⁹¹⁶ Du Toit, HDA. 1947. a.w. 5-6

⁹¹⁷ Dies.,184.

tydsgees het ds Serrurier byvoorbeeld die geloof outonoom-rasioneel verdiskonter volgens die paradigma van die supranaturalisme. Ds Von Manger het die geloof laat opgaan in moralistiese keuses en deugde terwyl ds Fleck ‘n akkommoderende teoloog was in wie drie teologiese lyne saam gevloei het te wete die gereformeerde, die supranaturalistiese en die evangeliese lyn. Ds Van Lier het homself egter onderskei van die ander. By hom vind ‘n vermenging plaas van die gereformeerde-teonome standpunt en die subjektiewe bevindelekheid van die Nadere Reformasie. Daar vind egter by hom ‘n ontwikkeling plaas. Die bevindelekheid word uitgebou met die appèl op die toeëiening van die heil soos dit by evangelies- en herlewingsgesindes funksioneer. Hierdie outonome klem veroorsaak dat Van Lier se globale bediening op geforseerde wyse afgestem word op evangelisasiewerk.

Wat baie goed raakgesien moet word, is die feit dat hierdie diverse teologiese lyne hulself in die Kaaps-Hollandse Kerk gevestig het. Sou hierdie geneigdheid om te akkommodeer en te verdra ‘n tipiese tendens word in die toekoms van die Nederduitse Gereformeerde Kerk? In die tydperk ná 1800 word hierdie gegewe teologiese situasie geïnstitutionaliseer. Daarop sal daar in hoofstuk 7 ingegaan word.

HOOFSTUK 7

DIE INSTITUSIONALISERING VAN DIE SUPRANATURALISTIESE BEMIDDELING EN DENKLYN: 1800-1824

Hierdie hoofstuk laat die soeklig met betrekking tot die heilstoeëiening val op kerklike dokumente uit die eerste kwart van die 19de eeu. In meer as een opsig het die tradisionele denkraamwerk, waarna in die vorige hoofstukke verwys is, nou vir 'n nuwe paradigma plek gemaak. Nie net is die bestel van die V.O.C. beëindig nie, maar ook ander kerke en sendinggenootskappe het vir 'n kerklike pluriformiteit gesorg.⁹¹⁸ Nou is die nuwe oortuiging byvoorbeeld statutêr vasgelê "dat het de pligt is van een Gouvernement op alle wyze te zorgen, dat de openbaare Godsdienstoeffeningen van zodanige kerkgenoodschappen, die, ter bevordering van Deugd en Zeden, een Hoogst Wezen eerbiedigen, aangemoedigd en beschermd worden."⁹¹⁹ Dié moet op "vaste en rechtvaardige beginselen" berus en "gewyszigd worden door regelmaatige wetten en ordres, zonder welke ook de beste en nuttigste Instellingen op den duur onbestaanbaar zyn en in het einde uitloopen op verwarring, scheuringen en verdeeldheden tot verderf van den staat."⁹²⁰

Hierdie veelseggende opmerkings onderstreep die feit dat die konteks waarin die Kaaps-Hollandse gemeentes hulle ná 1800 bevind het, dramaties verander het. Hoe sou dit die teologie en met name die standpunte oor die toeëiening van die heil beïnvloed? Sou die denklyne wat in die 18de eeu gevorm is onveranderd gehandhaaf word of is daar nuwe aksente vanuit die konteks gelê?

7.1 'n Nuwe bedeling van kerklike en missionêre pluralisme

Die nuwe bedeling het eintlik reeds in 1795 vir die Kaap aangebreek met die beëindiging van die monopolistiese bestuur van die V.O.C. en die eerste oorname deur die Britse besettingsmag.⁹²¹ Tussen 1803 en 1806 is die Kaap weer deur 'n Bataafse owerheid vanuit 'n Nederlandse oriëntering regeer. Daarna het die Kaap permanent 'n Britse kolonie geword.⁹²² Die nuwe tydvak, wat só in die Kaap posgevat het en dus nie uit eie bodem opgekom het nie, het uitgeloop op 'n koloniale ontwikkeling en assosiasie met Brittannie. 'n Bykomende kulturele verband, wat eweneens in 'n Christelike oriëntering gestaan het, het homself nou laat geld. 'n Nuwe sosiale orde het ook vir die Kaaps-Hollandse Kerk en gemeentes 'n oorgangstyd beteken.⁹²³ Die Kaaps-Hollandse Kerk is by die nuwe bedeling betrek en ook 'n rol toegeken. Op die voorposte het swart en wit mekaar 'n stryd aangesê. Dit sou nie so maklik wees om die kolonie te regeer en in terme van Britse imperiale aannames en aspirasies te herstruktureer nie.

⁹¹⁸ Vgl. Britz, RM. Ongepubliseerde klasaantekeninge. Suid-Afrikaanse kerkgeschiedenis van die 19e eeu. 3 e.v.

⁹¹⁹ Provisionele Kercken-Ordre voor de Bataafsche Volkplanting aan de Kaap de Goede Hoop 1804. Sien: Dreyer, A. 1936. *Boustowwe vir die geskiedenis van die Nederduits-Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika*. Deel 3. 1804-1836. 8.

⁹²⁰ Dies.,9.

⁹²¹ Müller, CFJ. 1987. *500 Jaar SA geskiedenis*. 82 e.v, 115 e.v.

⁹²² Pont, AD. 1981. *Die historiese agtergronde van ons kerklike reg*. 6 e.v.

⁹²³ Sien: Claasen, JP. 1968. *Die Kaapse Kerk in oorgangstyd 1780-1824*.

Die brug waaroor die Kaaps-Hollandse Kerk by die Britse bedeling betrek is, is in vele opsigte reeds gedurende die Bataafse tyd (1803-1806) opgerig. Vir dié kerk het die kerkorde van De Mist (1804) immers steeds bepalend gegeld. Daarin is die verhouding tussen die kerk en die staat juridies en kontraktueel gereël. Daarin is aan hierdie kerk ‘n bestaansreg gegee. Ekklesiologies en teologies is pragmatis tot ‘n vergelyk gekom met die radikale Europese rasionalisme en verligtingsdenke. Soos uit die aanhaling in die inleiding hierbo blyk, is daar natuurregtelik oor God en die kerk gedink. Daarom moes laasgenoemde versorg en beskerm word. Godsdiensvryheid en godsdiensgelykheid is gesien as ‘n reg waaroor die staat moes waak. Die nuwe bedeling het vir die Kaapse Kerk dus praktiese voordele ingehou. Die ordening van De Mist het in die Britse koloniale tyd eweneens gehandhaaf gebly. Die Engelse owerheid het hierin voordele gesien en die patronaatsreg bly toepas.⁹²⁴ So bepaal Artikel 30 van De Mist se Kerkorde byvoorbeeld dat predikante die uitgestrekte binneland en voorposte gereeld moet besoek en “telkens... den openbaaren godsdienst houden, de Sacramenten bedienen, de Huisgezinnen hunner kerkleden bezoeken, dezelve vermaanen, leeren en troosten, en zich, zo doende, met den zedelyken toestand en het gedrag der leden van hunne gemeenten bekendmaaken, en by alle gelegenheden dezelve voorhouden hunne verpligtingen tot nakooming der wetten – eerbied jegens hunne overheid – her verkeerde en verwoestende van eigenrichting – en het misdadige dat gelegen is in het mishandelen der Vrye Hottentotten in hunne dienst - zo wel als van hunne lyfeigenen, enz.”⁹²⁵ Hierdie artikel spreek vir homself! In die Kaapkolonie het ‘n kerklike pluralisme vorm aangeneem. Inderdaad het ‘n nuwe bedeling aangebreek.

In die filosofie van die supranaturalisme het die Kaapse predikante ‘n weg gevind om hulle in hierdie bedeling te handhaaf en ‘n bydrae te maak. Tewens, dit was reeds deel van die tradisies van hierdie kerk. Die supranaturalisme was ‘n “uitweg” uit die wurggreep van die 18de eeuse rasionalisme.⁹²⁶ Dit is ‘n vorm van rasionalisme wat nie sonder meer die geloof in die bonatuurlike openbaring wil prysgee nie.⁹²⁷ Die supranaturalis wil die mag van die menslike rede rym met die feit van bonatuurlike openbaring.⁹²⁸ Die rede moet as “tweede bron onzer kennis” ingeroep word en nie as primêre bron nie.⁹²⁹ Hierdeur is die geloofslewe egter vervlak.⁹³⁰ “De godsdienst werd aangeprezen als waarborg van deugd.”⁹³¹ Maar, uiteindelik bly die menslike rede hierin outonom.⁹³² Hierdie supranaturalisme sou die geskiedenis en teologie van die Kaaps-Hollandse Kerk diepgaande beïnvloed. In die gees van hierdie supranaturalistiese en natuurregtelike denke het JA Truter, invloedryke Kaapse lidmaat, iewers opgemerk: “De kerk daarentegen is niets anders dan een ondergeschikte Corporatie in den Staat, onderworpen aan alle wetten en bepalingen welke de oppermacht goedvind ten algemeene wetten omtrent den godsdienst voor te schrijven en in deeze wetten en bepalingen behoort elke kerkgenootschap ook te vindende

⁹²⁴ Sien: Kleynhans, EPJ. 1974. *Die kerkregtelike ontwikkeling...* 18 e.v.

⁹²⁵ Dreyer, A. 1936. a.w. 15-16.

⁹²⁶ Kurtz, JH. 1920. *Leerboek der kerkgeschiedenis.* 344.

⁹²⁷ Dies.

⁹²⁸ Kamphuis, J. 1985. *Eb en Vloed.* 14. Volgens Kamphuis wou die supranaturalisme ‘n sintese bewerk tussen die gereformeerde belydenis en die rasionalistiese tydsgees. Hulle wou ortodoks bly, maar Bybelse waarhede kon slegs aanvaar word solank dit nie strydig is met die mens se rede nie!

⁹²⁹ Joubert, WA. 1910. *De verhouding van gelooven en weten...* 44.

⁹³⁰ De Jong, OJ. 1986. *Nederlandse Kerkgeschiedenis.* 307.

⁹³¹ Dies.

⁹³² Joubert, WA. 1910. a.w. 45.

eindpalen binnen welken hare vryheid en gezacht beslooten zyn.”⁹³³ Hierdie soort denke en benadering sou sy merk op die theologiese ontwikkeling van die kerk maak. In enkele paragrawe hieronder word daarop ingegaan.

‘n Tweede onontwykbare – vir die teologie en geskiedenis van die Kaaps-Hollandse Kerk – ontwikkeling ná 1800, staan in verband met die moderne evangeliese sendingonderneming, wat ook aan die suidpunt van Afrika momentum gekry het.⁹³⁴ Aan die sending in Suidelike Afrika is genootskaplike beslag gegee. Hierin is ‘n theologiese motivering en verwagting geoperasionaliseer. Hierin het die Anglo-Saksiese metodisme en Duitse piëtisme ‘n belangrike rol gespeel. In hierdie konsep én praktyk van sending is die kerk van Christus genootskaplik verstaan, soos die staatsreg dit ook kontemporêr gedoen het. Die bediening van die evangelie is eweneens genootskaplik ingedink. Die eise van die Skrif en die weg van die Formuliere van Enigheid het op die agtergrond geraak. Dit het die kerk as konfessionele gemeenskap nie ten goede gekom nie.⁹³⁵

Die genootskaplike sending én sendelinge het op die samelewingsorde ingekom en bygekom. Hulle is nie altyd positief beleef nie.⁹³⁶ Soms het hulle omstrede filantropiese eise en inkleding spanning geskep en uitgemond in ‘n aanklag teen lidmate van die Kaaps-Hollandse Kerk. Desnieteenstaande het geesgenote van ds Van Lier en ds MC Vos hulle vir die genootskaplike sending laat vind en dit in gemeentes toegepas.⁹³⁷

Hiermee is kursories op enkele belangrike ontwikkelinge gewys wat ná 1800 ‘n invloed op die Kaaps-Hollandse Kerk uitgeoefen het. In die denke oor die toeëiening van die heil het dit eweneens ‘n merk gelaat. Dit sou die uiteenlopende denklyne in hierdie verband net verder bevestig. So sal dit blyk uit die volgende paragrawe.

7.2 ‘n “Evangeliese” Gesangeboek vir die Kaapse gemeentes

In die vorige hoofstuk is verwys na die rol wat ds Fleck gespeel het om aan die Kaapse gemeentes, naas die Psalms, ‘n evangeliese liedboek te besorg. Dit het in 1814 gebeur, sewe jaar nadat ‘n bundel Evangelische Gezangen in Nederland in gebruik geneem is.⁹³⁸ Ds JC Berrangé sou hierin ook ‘n aandeel neem. Berrangé sou ‘n leidende predikant in die Kaaps-Hollandse Kerk word. Naas hom, het ds Meent Borcherds, leraar van Stellenbosch, sorg gedra dat op liturgiese en theologiese vlak, die band met die Nederlandse kerk behou is deur die Evangeliese Gesange in te voer.⁹³⁹ Teologies en konfessioneel is hierdie liedboek nie in die Kaap verantwoord nie. Die gesangebundel het aanklank gevind, veral by die predikante wat leiding geneem het. “Het algemeen genoegen” so word kerklik vanuit Kaapstad berig, “waarmede deze nieuwe Gezangen by de gemeente ontvangen zyn, levert een nieuwe bewijs uit van het belang, hetwelk men hier stelt in het stuk van den Godsdienst, om hetwelk zooveel mogelyk aan te moedigen onze waardige Opperbevelhebber aan dezen uithoek dan ook den

⁹³³ Dreyer, A. 1936. a.w. 359.

⁹³⁴ Vgl hiervoor: Niell, S. 1964. *A History of Christian Missions*. 227 e.v; Du Plessis, J. 1911. *A History of Christian Missions in South Africa*. In sy geheel; Gensichen, HW. 1961. *Missionsgeschichte der neueren Zeit*. 30 e.v.

⁹³⁵ Sien: De Klerk, PJS. 1923. *Kerk en Sending in Suid-Afrika*.

⁹³⁶ Sien: Moorrees, A. 1937. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika*. 379 e.v.

⁹³⁷ Sien: Du Plessis, J. 1911. a.w. 91 e.v.

⁹³⁸ Sien: Du Toit, JHH. 1971. *Die Gesangkwestie rondom die bundel Evangelische Gezangen met besondere verwysing na Suid-Afrika*. 20 e.v.

invoer dezer Gezangen wel zeer goedgunstig heeft gelieven te ontheffen van alle Inkomend Recht.”⁹⁴⁰ Hiermee het die Kaapse gemeentes nou de Evangelische Gezangen om nevens het boek der Psalmen by den openbaren godsdiens in de Nederduitsche Hervormden gemeenten gebruikt te worden: op uitdrukkelijken last van alle de synoden der voornemende gemeenten byeen verzameld en in order gebracht in de jaren 1803, 1804 en 1805 (onder opzicht van J Woerninnck, predikant by die Nederlands Hervormde gemeente te London).⁹⁴¹ Die bundel is in Londen gedruk.

Volgens die voorwoord van hierdie bundel beantwoord die liedere aan die kerk se belydenisskrifte. Daar word verklaar dat “wij geene andere gezangen hebben geplaatst, dan die met de belijdenis der Nederlandsche Hervormde Kerk, uitgedrukt in hare formulieren, overeenkomen. Trouwens, gelijk wij voor ons in deze belijdenis van harten instemmen.”⁹⁴² Die kerk verklaar voorts dat dit sy hoop is dat die gesange “de zuiverheid der leer in onze gemeenten te bewaren midden in den stroom van velerlei gevaelijke nieuwigheden.”⁹⁴³ Naas hierdie voorrede verskyn daar nog ‘n addisionele “verklaring gevoegd achter het authentique afschrift der evangelische gezangen.”⁹⁴⁴ Dit is ‘n kort verklaring waarin beklemtoon word dat die gesange getrou is aan die gereformeerde belydenis. Asof die voorafgaande voorrede dit nie genoeg beklemtoon het nie. Hier word bevestig dat “wij met alle naauwkeurigheid hebben toegezien, dat daarin niets mogte voorkomen, eenigzins strijdig met de aangenomene leer der Nederlandsche Hervormde Kerk, zoo als die naar Gods Woord, in den Heidelbergse Catechismus, de Belijdenis des geloofs, en de Canones van het Synode Nationaal, te Dordrecht in de jaren 1618 en 1619 gehouden, vervat is; gelijk wij ook in gemoede verklaren, dat in dezelve niets gevonden wordt, in het allerminste afwijkende van de bovengemelde Formulieren van eenigheid.”⁹⁴⁵

Tog is dit ‘n vraag of hierdie konfessionele vertrekpunte wel in die liedere aan die orde gekom het. ‘n Analise wys op die teendeel, ten minste in sommige van die liedere. Hulle het nie die invloed van die Verligting vrygespring nie en staan in die teken van die uitgangspunte van die supranaturalisme.⁹⁴⁶ Daarin kom ‘n tweeslagtigheid aan die woord. Die supranaturalistiese kompromis wat óf na die rasionalisme óf na die ortodoxie kon uitgaan, word hierin geakkommodeer. Talryke voorbeeld hiervan is aan te toon in hierdie gesange. Eintlik bemerk ‘n mens in die gesange ‘n theologiese dualisme. Aan die een kant val die klem op God se genadewerk. Hiervan sal voorbeeld gegee word. Aan die ander kant is dit asof sommige van die liedere “blijven hangen in het menslike vlak.”⁹⁴⁷

Daar bestaan geen twyfel dat sommige van die gesange werklik poog om aan die gereformeerde belydenis getrou te bly nie. Veral ten opsigte van die heilstoeëining. As voorbeeld kan Gesang 38 genoem word. In hierdie gesang word die vrye genade van God besing: “alle roem is uitgesloten! Onverdiende zaligheen heb ik van mijn God genoten, ‘k roem in vrije gunst alleen; Ja, eer ik nog was geboren, eer Gods hand , die alles schiep, iets uit niet tot

⁹³⁹ Moorrees, A, 1937. a.w. 525.

⁹⁴⁰ Dreyer, A. 1936. a.w. 141.

⁹⁴¹ Sien: Titelblad van Gesange-afdeling van die bundel (1918).

⁹⁴² Voorrede. Geen bladsynommers.

⁹⁴³ Dies.

⁹⁴⁴ Dies. Geen bladsynommers.

⁹⁴⁵ Dies.

⁹⁴⁶ Sien: Rasker, AJ. 1974. *De Nederlandse Hervormde Kerk.* 32-35.

aanzijn riep, heeft zijn liefde mijn verkoren: God is liefd', o engelenstem, menschentong, verheerlijkt Hem!"⁹⁴⁸ Hier word God se vrye genade aan die mens se saligheid duidelik en skriftuurlik aan die orde gestel. Die lied bely verder dat die mens van nature "vleeschlijk" is en "onder't kwaad verkocht."⁹⁴⁹ Duidelik word bely dat die mens van sy kant af "nimmer Hem gezocht."⁹⁵⁰ In teenstelling hiermee word van God bely dat "Hij m'eerst zijn liefde schenken."⁹⁵¹ Die "Ontfermer" het Sy "gena" geskenk "toen wij nog zondaars waren."⁹⁵² Die geloof word in hierdie gesang ook gesien as God se gawe: "Schonk Hij mij geloof ten leven."⁹⁵³ Van hierdie verlossing word met reg bely dat dit "genade, rijk en vrij" is.⁹⁵⁴

Dieselde geld vir gesang 39, waar die fokus geplaas word op Christus wat die sondaar aanneem en nie die mens wat in die eerste plek vir Christus aanneem nie. Die noodsaak dat die mens van sy kant ook "geloovig tot Hem gaan"⁹⁵⁵ word duidelik gestel, maar dan binne die konteks van Christus se heilshandeling wat die geloof voorafgaan. So word dit verwoord: "Jezus neemt de zondaars aan! Geen genade zijn wij waard' maar in d'Evangeliebladen heeft ons God zijn gunst verklaard: dat wij, hoe met schuld beladen, dan geloovig tot Hem gaan!"⁹⁵⁶

Die teologiese tweeslagtigheid kom egter na vore in die feit dat nie ál die gesange hierdie belydenis uitspreek nie. Dit mag nie vergeet word dat sekere "schoone gezangen" van eksponente vanuit die Nadere Reformasie soos Lodensteijn, Vollenhoven en Sluiter, ook in die bundel ingesluit is nie.⁹⁵⁷ Te same met die gees van die tyd naamlik die rasionalisme, kan 'n mens verwag dat die fokus op die mens se vroomheid in die liedere sal deurskemer. Een voorbeeld hiervan is te vinde in Gesang 53: "Mijn God! Wat ooit in mij verdoov", dat ik altijd aan U geloov', aan deugd en eeuwig leven; dan zal't gevoel van mijn waardij, hoe hobb'lig hier mijn pad ook zij, mijn boezem nooit begeven."⁹⁵⁸ Die klank van die rasionalistiese religieusiteit klink hier deur.

'n Ander voorbeeld is Gesang 66 waar daar staan: " O God! die, eind'loos goed en groot, voor ons Uw Zoon gaaft in den dood, Gij eischt, dat deugd en heiligkeit ons hier ten hemel voorbereid."⁹⁵⁹ 'n Goeie Christen word selfs voorgestel as tegelyk 'n goeie landsburger in Gesang 78: " Kom't Christ'nen! Toont met woord en daad dat, wie de ware godsvrucht smaad', een Christen zonder huich'larij altijd de beste burger zij."⁹⁶⁰ Dit is opvallend hoe "deug en moraal" beklemtoon word. In Gesang 31 word die totale verdorwenheid van die natuurlike mens byna ontken en word die mens in 'n positiewe lig geplaas: "O Sterveling gevoel uw waard; wat u in't stof nog vleit, Uw

⁹⁴⁷ Dies.,177.

⁹⁴⁸ Psalmen en Gezangen. 1918. 49.

⁹⁴⁹ Dies.

⁹⁵⁰ Dies.

⁹⁵¹ Dies.

⁹⁵² Dies.

⁹⁵³ Dies.

⁹⁵⁴ Dies.,50.

⁹⁵⁵ Dies.,51.

⁹⁵⁶ Dies.

⁹⁵⁷ Sien Voorrede.

⁹⁵⁸ Dies.,74.

⁹⁵⁹ Dies.,95.

hart is veel te groot voor d'aarde. Gij leeft voor d' eeuwigheid: de tijd, die alles weg doet zinken, bepaalt uw grootheid niet; Gij ziet voor uw volmaking blinken een eindeloos verschiet.”⁹⁶¹

Ook in ‘n gesang wat handel oor die komende oordeel, Gesang 158, skemer hierdie klem op die menslike deug en moraliteit deur. In hierdie lied word geïnsinueer dat die mens met blydschap en sonder vrees mag uitsien na die oordeelsdag op grond van die werke wat hy verrig het. So lui die woorde van vers 1: “Jezus, dat ik nooit vergeet, dat g’over alles, wat ik deed, hier na de Regter eens zult wezen; opdat ik hier, bij elken pligt, bij ieder werk, door mij verrigt, Uw uitspraak afwacht’ zonder vrezen..”⁹⁶² Hierdie klem op die mens se deugde kom ook na vore in Gesang 53 wat handel oor geloof “aan” God:

“Mijn God wat ooit in mij verdoov’, dat ik altijd aan U geloov, aan deugd en eeuwig leven.”⁹⁶³ Gesang 54 kan as laaste voorbeeld dien. Hier hoor ‘n mens die klem val op die gelowige se ervaring van die geloof wat inskuif as basis vir die heil: “waartoe toch al dat angstig schroomen? Komt twijfelzucht ons ooit te sta? Wie moet niet als een zondaar komen, niet enkel leven door gena”? O zalig hij, die, uit zijn nooden tot Jezus en zijn heil gevloeden, daar dankbre liefdetranen schreit! En door’t geloof den Zoon t’aanschouwen is hier de weg tot heiligheid.”⁹⁶⁴ Verdere sinsnedes lui: “t’geloof alleen vertroost het hart” en “t’ geloof leert ons heilig leven.”⁹⁶⁵ Weer eens is die dualisme duidelik en dit in een en dieselfde lied. Aan die een kant is daar ‘n poging om die vrye genade te handhaaf. Aan die ander kant word die mens se geloof tot saligmaker verhef.

Uit hierdie opmerkings blyk dit dat die nuwe evangeliese liedboek homself nie uit en uit op die gereformeerde belydenis geskoei het nie. In werklikheid is die supranaturalisme, met sy gematigde bemiddeling en theologiese vergelyk met die rasionalisme van die Europese Verligting, nou by die gemeentes ingesing. Hierin is die toeëiening van die heil eweneens uit die teonome denkraam van die gereformeerde belydenis gehaal en verskuif na die outonome omgewing waarin die menslike beslissing en deugsaamheidsgeloof van deurslaggewende belang word. Hiermee is die idealistiese staats- en werklikheidsopvatting soos De Mist dit juridies geformuleer het, religieus en liturgies verder gevoer. Die nuwe bedeling het hom behoorlik laat geld in ‘n kerkgenootskap wat kontekstueel en pragmatics gedink het. Hiermee is die benadering wat theologies vorm aangeneem het in die denke van ds Fleck en Von Manger, verder in die Kaaps-Hollandse Kerk ingevoer. Nog ‘n woordvoerder in hierdie verband was ds Meent Borcherds van Stellenbosch. Hy het hom kerklik en kultureel in meer as een oopsig onderskei.

Voordat daar enkele aantekeninge oor Borcherds gemaak word, is dit hier die gepaste geleenthed om ook iets te sê oor die beswaar wat hierdie evangeliese gesange, wat aanvaar was deur supranaturaliste sowel as

⁹⁶⁰ Dies.,109.

⁹⁶¹ Dies.,39-40.

⁹⁶² Dies.,198.

⁹⁶³ Dies.,74.

⁹⁶⁴ Dies.,75.

⁹⁶⁵ Dies.,76.

evangeliesgesindes,⁹⁶⁶ baie jare later diep in die binneland van Suid-Afrika uitgelok het. Hierin kan die teologies-outonome aard van sommige van die gesange goed raaksien word.

In hierdie verband is dit nodig om ‘n paragraaf te wy aan die groot stryd wat rondom die kerklied gewoed het teen die helfte van die negentiende eeu omdat dit die verhouding tussen die gereformeerde belydenis en die kwessie van die heilstoeëiening⁹⁶⁷ direk raak. Dit gaan naamlik oor die stryd om die sing van Psalms en evangeliese Gesange.⁹⁶⁸ Dit was ‘n stryd wat die stigting van nog ‘n gereformeerde kerk tot gevolg gehad het. Dit is nodig om die historiese kontoere aangaande hierdie stryd te trek, want binne dit alles word iets anders sigbaar. Dit word naamlik duidelik dat daar werklik ‘n dualistiese standpunt rondom die heil en heilstoeëiening binne die Nederduitse Gereformeerde Kerk bestaan het. Die stryd om die sing van die Gesange is hiervan ‘n bewys!

Prinsipiël beskou, kan die Gereformeerde Kerk se ontstaan teruggevoer word na die ingebruikneming van die **evangeliese gesange** in die Kaaps-Hollandse Kerk in 1814.⁹⁶⁹ Hierteen sou daar weerstand opbou vanuit die geledere van hulle wat in wese gereformeerd wou bly.⁹⁷⁰ Daar het naamlik groot ontevredenheid ontstaan vanuit die geledere van ‘n groep lidmate wat hoofsaaklik in die Oos-Kaapse Middellande woonagtig was⁹⁷¹ en die bynaam “Doppers”⁹⁷² gehad het. Dit is belangrik om daarop te let dat die hoofbeswaar teen die sing van evangeliese gesange oor die interpretasie van die “voorstelling van die leer des heils” gegaan het.⁹⁷³ Dit het dus fundamenteel te make gehad met die heilsbegrip. Daar was ‘n gevoel gewees dat daar ‘n verskil was tussen die gereformeerde belydenis van die heil en ‘n remonstrantse siening van die heil wat in die Nederduitse Gereformeerde Kerk aan die orde was.⁹⁷⁴ Natuurlik moet hier baie versigtig geoordeel word.⁹⁷⁵ Bloot menslike

⁹⁶⁶ Byvoorbeeld ds MC Vos. Sien: Dreyer, A. 1936. a.w. 139-140.

⁹⁶⁷ Tot ‘n groot mate het die saak van die heilstoeëiening in die sentrum gestaan van die totstandkoming van die Gereformeerde Kerke in 1859. Dit het immers gegaan oor ‘n konflik tussen diegene wat gereformeerd wou bly en die “evangeliesgesindes” binne die Ned Geref Kerk. Vanuit hierdie konflik kan ons egter heelwat insig verkry ten opsigte die denke binne die Ned Geref Kerk (in sake die beskouing van die toeëiening van die heil) gedurende die negentiende eeu.

⁹⁶⁸ AD Pont gee ‘n goeie beskrywing van dieselfde stryd wat ook in Nederland gewoed het teen die einde van die agtiede eeu en begin negentiende eeu. Die stryd het ook gegaan oor die sing van Gesange binne gereformeerde konteks. Vir hierdie insiggewende artikel, sien: Pont, AD. 1991. *Die historiese agtergronde van ons kerklike reg.* 14-16.

⁹⁶⁹ Sien Moorrees, A. 1937. a.w. 812. Hier kan ook verwys word na die lang reeks artikels van prof. J du Plessis in De Kerkbode oor die aanloop tot die ontstaan van die Gereformeerde Kerk. Dit dateer 1924. (sien bibliografie vir volledige besonderhede.) Du Plessis staan krities en afwysend teenoor diegene wat die Nederduitse Gereformeerde Kerk beskuldig het van metodisme. Sy artikels help om die aard van die stryd wat geheers het beter te begryp.

⁹⁷⁰ Moorrees (1937. a.w. 812) is van mening dat hierdie mense “ultrakonserwatief” was, maar uit ander literatuur blyk dit dat hierdie mense tog die weselike gevær van die metodisme raakgesien het en daarteen wal gegooi het. Vgl die uiteensetting by Hexham, I. 1975. *Totalitarian Calvinism.* 37-50. Ook Jooste, JP. 1958. *Die geskiedenis van die Gereformeerde kerk.* 20. Jooste noem dat tekens van die remonstrantisme in die evangeliese gesange herken kon word. Dit het dus om veel meer gegaan as blote “ultra konservatismus.”

⁹⁷¹ Moorrees, A. 1937. a.w. 812.

⁹⁷² Spoelstra, B. 1963. *Die Doppers in Suid-Afrika.* 6, 16. Hieruit blyk dit dat die term “dopper” ‘n soort skeldnaam was vir hulle gereformeerde standvastigheid en onbuigsame trou aan die Skrif en die belydenisskrifte.

⁹⁷³ Moorrees, A. 1937. a.w. 813.

⁹⁷⁴ Vgl. *Die Gereformeerde kerk in Suid-Afrika 1859-1959.* (Uitgegee deur die Algemene Sinode van die Gereformeerde kerk). 18.

⁹⁷⁵ Dit is logies dat die bronre versigtig beoordeel moet word. Persone (soos Moorrees) vanuit die Nederduitse Gereformeerde Kerk sal uiteraard meer negatief oordeel oor die gebeure wat die stigting van die Gereformeerde Kerk voorafgegaan het. Bronne wat vanuit die Gereformeerde Kerk opkom, sal weer baie meer positief oordeel en die Nederduitse Gereformeerde Kerk in ‘n negatiewe lig probeer stel.

interpretasies kan geen volstrekte norm wees van wat die werklike situasie was nie.⁹⁷⁶ Een ding is egter van belang vir hierdie studie en dit is *dat* daar wel verskillende sieninge rondom die heilsbegrip in die Kaaps-Hollandse Kerk aan die orde was en dat die akkommodering hiervan rondom 1860 in duie gestort het toe die Gereformeerde Kerk na vore gekom het. Op stuk van sake moet dus erken word dat die kern van die woelinge binne die kerk veel dieper was as blote verskille oor die sing van gesange. In die paragrawe hierbo is dikwels verwys na die supranaturalistiese inslag van sommige gesange in die bundel van 1807. Daarmee is gevvolg gegee aan ‘n teologiese aksentverlegging.⁹⁷⁷ Die klem is verskuif vanaf God se werksaamheid na die mens se werksaamheid in die toeëiening van die heil.⁹⁷⁸ Daarmee is die prediking van die uitverkiesing op die agtergrond gedruk.⁹⁷⁹ Op hierdie wyse is die gereformeerde geloofslewe wesenlik bedreig.

Teen hierdie agtergrond moet die totstandkomming van die Gereformeerde Kerk begryp word. Die gesangebundel het inderdaad ‘n kwessie geword. Onder die “Doppers” was daar diegene wat oortuig was dat die kerk “in gevaar stond om de oude waarheid te verliezen.”⁹⁸⁰ Naas die Psalms⁹⁸¹ is die Gesange gesien as ‘n “menslike geskrif.”⁹⁸² “Een andere leer” is met die Gesange die kerk ingedra.⁹⁸³ In hierdie oopsig is die Gesange gesien as in stryd met die Woord van God. Dit is selfs gesien as deurtrek van “remonstrantisme” en “supranaturalisme.”⁹⁸⁴

Dit is dus duidelik dat die kern van die kwessie waarom dit hier gaan “het verklaren van het Evangelie in de kerk alhier” was.⁹⁸⁵ Die sing van die Psalms was immers, volgens die beswaardes se siening, baie intiem verbonde met Calvyn self en dus met die gereformeerde identiteit as sulks.⁹⁸⁶ Immers, “die Gereformeerde Kerk⁹⁸⁷ is onder Psalmsang gestig.”⁹⁸⁸ Die Gereformeerde Kerk in Nederland het vir Calvyn op hierdie weg gevvolg sodat ook die sinode van Dordrecht (1618-1619) die sing van Psalms gehandhaaf het.⁹⁸⁹

SJ du Toit sou baie jare later ‘n pamflet skryf waarin hy die teologiese gehalte van die Gesange toets.⁹⁹⁰ In kort kom sy kritiek daarop neer dat die Gesange nie werklik gegrond is op die Woord van God nie en dus nie werklik “gereformeer” is nie.⁹⁹¹ Opsommend kan dan gesê word dat die stryd teen die Gesange gegaan het oor die

⁹⁷⁶ Dit is nie die bedoeling om ‘n waardeoordeel oor die Nederduitse Gereformeerde Kerk óf oor die Gereformeerde Kerk te fel nie. Dit is ook nie die bedoeling om die bronne te beoordeel nie.

⁹⁷⁷ Vgl. hier die twee artikels van “Anoniem” in Elpis. 1860. *Een woord van ds Postma* asook *Ds Postma over de gezangen*. Hierdie is twee goeie artikels wat beide daarop wys dat die besware teen die gesange soteriologies van aard was.

⁹⁷⁸ Dies.,70.

⁹⁷⁹ Dies.

⁹⁸⁰ Cachet, JL. 1909. *Gedenkboek der Gereformeerde kerk*. 10.

⁹⁸¹ Calvyn het inderdaad voorkeur gegee aan die sing van Psalms. Sien: Cillié, GG. 1982. *Waar kom ons Afrikaanse Gesange vandaan?* 23.

⁹⁸² Algemene Sinode van die Gereformeerde Kerk. 1959. *Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1859-1959*. 18.

⁹⁸³ Dies.

⁹⁸⁴ Dies.

⁹⁸⁵ Dies.,23.

⁹⁸⁶ Jooste, JP. 1958. a.w. 19.

⁹⁸⁷ Verwysende hier na die Reformasie van die sesde eeu.

⁹⁸⁸ Jooste, JP. 1958. a.w. 19.

⁹⁸⁹ Dies.

⁹⁹⁰ Sien Du Toit, SJ. 1896. *De Evangelische Gezangen aan Gods Woord getoets*.

⁹⁹¹ Dies.,11.

“bewaring van die suiwere (gereformeerde) leer.”⁹⁹² Dit bewys een saak: daar was ‘n dualistiese heilsbegrip in die Nederduitse Gereformeerde Kerk aanwesig. Dit kon deur sommige lidmate en leraars aangedui word.

Nou kan teruggekeer word na die vroeëre tyd, ná 1800, toe ds Borcherds ‘n bepaalde bemiddeling voorgestaan het.

7.3 Ds M Borcherds verwoord ‘n bemiddeling

Meent Borcherds is in Nederland gebore op 3 September 1762 en het te Groningen in die teologie studeer.⁹⁹³ Hy was maar 23 jaar oud toe hy in Kaapstad se gemeente van die Nederduitse Gereformeerde Kerk as predikant bevestig is.⁹⁹⁴ Dit was in 1785. Hy het egter gesondheidsprobleme gehad en ‘n swak stem. Daarom kon sy stem nie goed dra in die groot kerkgebou nie. Daarom het hy gevra om verplaas te word en het uiteindelik na Stellenbosch se gemeente⁹⁹⁵ verhuis. Sy intreeerde op Stellenbosch was op 22 Oktober 1886.⁹⁹⁶ Hier sou hy diep spore trap. Op 22 Oktober 1826 vier hy sy veertigjarige ampsbediening in Stellenbosch met ‘n leerrede oor Deuteronomium 8: 1-2.⁹⁹⁷ Op 28 Februarie 1832 is hy in sy huis, La Gratitude, op Stellenbosch oorlede.⁹⁹⁸

Vanuit die getuienis van die geraadpleegde literatuur is dit opvallend dat ds Borcherds weinig klem gelê het op die toeëiening van die heil. Sy theologiese uitgangspunte het immers verskil van sy tydgenote te wete Van Lier en Vos. Hy het die heil op ‘n ander wyse ter sprake gebring as wat die evangeliesgesindes dit gedoen het. Du Toit gaan sover om te sê dat sy preke “baie afsteek” teen dié van Van Gendt, Bode, Van der Spuy, Van Lier en Vos.⁹⁹⁹ Terwyl hulle meer klem gelê het op die mens se sonde en verlorenheid en die noodsaaklikheid van verlossing en die toeëiening van die heil, het Borcherds eerder oor die “skoonhede van die godsdiens” gespreek.¹⁰⁰⁰ Hy het radikaal van Van Lier en Vos verskil en hulle styl as “uiterlikhede” en “dweepsug” beskou.¹⁰⁰¹ Hy sou meer klem lê op die eienskappe van God en die mens se deugde. Daarom het sy prediking soms in godsdienstige “algemeenhede” verval.¹⁰⁰² Dit is dus duidelik dat ‘n mens hier met ‘n totaal ander theologiese klimaat te make het.

Om dit te kan verstaan moet daar vir ‘n oomblik na ds Borcherds se agtergrond gekyk word.

Toe hy in Groningen in die teologie studeer het, het hy aan die voete gesit van ‘n bekende hoogleraar wat besonder geëerd was in sy tyd. Dit was prof. P. Chevallier.¹⁰⁰³ Hierdie professor het ‘n “liberale aanslag”

⁹⁹² Du Toit, JHH. 1971. *Die gesangekwessie*. 313.

⁹⁹³ Conradie, E. 1934. *Hollandse skrywers uit Suid-Afrika*. 135.

⁹⁹⁴ Fensham, FC. 1986. *Drie eeuve van genade*. 30.

⁹⁹⁵ Hy sou aanvanklik ook die gemeentes van Drakenstein en Hottentots-Holland bearbei. Sien : Conradie, E. 1934. a.w. 135.

⁹⁹⁶ Engelbrecht, SP. 1952. a.w. 86.

⁹⁹⁷ Sien: Borcherds, M. 1826. *Leerrede over Deut VIII: 1&2*. In: NZAT. November-Desember 1826. 395-404.

⁹⁹⁸ Engelbrecht, SP. 1952. a.w. 87.

⁹⁹⁹ Du Toit, HDA. 1947. a.w. 301.

¹⁰⁰⁰ Dies.,299.

¹⁰⁰¹ Dies.

¹⁰⁰² Dies.,301.

¹⁰⁰³ Fensham, FC. 1986. a.w. 30.

gehad.¹⁰⁰⁴ Hy was ‘n voorbeeld van “‘n tipiese verligte van die agtiende eeu.’’¹⁰⁰⁵ Pleks van te konsentreer op die Woord en die teologie, het hy ‘n “breë benadering” gehad.¹⁰⁰⁶ Hy het die studente ingelei in die “taalkunde, oudheidkunde, geskiedenis en natuurkunde.”¹⁰⁰⁷ Hierby was prof. Chevallier “een van die bekendste supranaturaliste van Nederland.”¹⁰⁰⁸ Borcherts is dus opgelei in die supranaturalistiese denke.¹⁰⁰⁹

Volgens Conradie het ds Borcherts ook nie ontkom aan die filosofiese invloede van die agtiende eeu nie. Die rasionalisme met sy klem op die mens se rede het by hom inslag gevind. Daarom dat hy “met sy verstand probeer deurdring in die geheimenisse van die geesteswêreld.”¹⁰¹⁰ Hiermee saam het ook die filosofie van Rousseau homself laat geld. Dit kan die “sentimentele rigting” genoem word as reaksie op die rasionalisme.¹⁰¹¹ Die fokus bly egter steeds op *die mens* gerig. “Die individu gaan homself belangrik beskou, sy eie gevoelslewe en gedagtegang haarfyn ontleed. Dit is begryplik dat hierdie drang na selfontleding in die loop van die eeu sou uitloop op sieklike oordrewe leed en vreugde, op ‘n uitrafeling van eie sielstoestande en op ‘n blindstaar op die probleme van die dood.”¹⁰¹²

Hoe teenstrydig hierdie filosofiese invloede met die gereformeerde en skriftuurlike opvatting van die heil is, spreek vanself.¹⁰¹³ Dit gee ‘n aanduiding waarom ds Borcherts swarde gekruis het met sy kollegas Van Lier en Vos. Dit verklaar waarom hy in sy persoonlike lewe so metodies en verstandelik gehandel het. Hy kon byvoorbeeld tot kort voor sy dood nog rekenskap gee van die aantal preke wat hy gelewer het gedurende sy hele bediening.¹⁰¹⁴ Dit verklaar waarom die evangelie vir hom kon opgaan in ‘n “uitwei oor die wondere van die skepping en die almag van die Skepper.”¹⁰¹⁵ Daarom dat *die mens* vir hom belangrik was in die godsdiens en die “pligte” en “deugde” van die godsdiestige mens beklemtoon is.¹⁰¹⁶

¹⁰⁰⁴ Dies.

¹⁰⁰⁵ Dies.

¹⁰⁰⁶ Dies.

¹⁰⁰⁷ Dies.

¹⁰⁰⁸ Du Toit, HDA. 1947. a.w. 299.

¹⁰⁰⁹ Vir ‘n begripsomskrywing, sien Grosheide, FW en Van Itterzon, GP. 1956. *Christelijke Encyclopedie*. Deel 6. 293. “met deze naam werden in de 19e eeuw die christenen aangeduid, die tegenover het rationalisme en de verlichting nog een plaatsje voor God en zijn werk boven de natuur, waar alles naar vaste, gedetermineerde wetten verloopt, wilden openhouden. Zij vochten echter met een gebroken zwaard. Zij gaven de vooronderstellingen van het rationalisme en de Aufklarung als juist en onweerlegbaar toe, stonden zelf meestal op deïstisch standpunt en plaatsen de wonderen bijna als een memoriepost op hun balans.”

¹⁰¹⁰ Conradie.E. 1934. a.w. 138.

¹⁰¹¹ Dies.

¹⁰¹² Dies.

¹⁰¹³ Veltkamp, SBI. 1977. a.w. 99. Veltkamp gee ‘n opsomming van die basiese “elementen” van Borcherts se teologie: Hy het “een middenweg trachtte te vinden tussen de oude orthodoxie en de nieuwe ideeën van de Verlichting.” Hy gee dus aan die “natuurlike religie” ‘n belangrike plek, naamlik die gedagte dat die mens God kan ken deur die natuur en die menslike rede. Daarom was sy teologie “rasionaliserend” en “moraliserend” van aard.

¹⁰¹⁴ Van der Watt, PB. 1976. a.w. 6.

¹⁰¹⁵ Du Toit, HDA.1947. a.w. 292.

¹⁰¹⁶ Dies.,294.

In die gemeente van Stellenbosch was daar skynbaar ontevredenheid onder sommige lidmate met hulle leraar se “opvatting van die redelike godsdiens.”¹⁰¹⁷ Daarom het daar binne die gemeente “aparte godsdiestige samekomste” ontstaan.¹⁰¹⁸ Klaarblyklik was dit mense wat die godsdiens meer *evangelies* wou beleef.

Hierdie toedrag van sake het by ds Borcherds ‘n vrees ingeboesem¹⁰¹⁹ dat daar “’n kerk binne die kerk” kan ontstaan. Daarom was hy gekant teen die konsep van “genootskaplike sending.”¹⁰²⁰ Hy was nie gekant teen sendingwerk as sodanig nie,¹⁰²¹ maar wel teen die gedagte dat genootskappe die werk moes doen wat die kerk se verantwoordelikheid is. Hier openbaar hy ‘n gereformeerde begrip van wat kerkwees beteken. Tog kon die vrees vir genootskaplike sendingwerk verband hou met sy vrees vir groepvorming binne die kerk soos dit in sy gemeente plaasgevind het.

Die manier waarop al bogenoemde ingewerk het in sy heilseskouing, blyk uit sy bekende “leerdigt” met die titel *De Maan* wat in 1802 gepubliseer is.¹⁰²² Dit blyk ook uit sy “jubileumpreek” uit Deuteronomium 8:1-2 wat in Het Nederduitsch Zuid-Afrikaansch Tydschrift verskyn het.¹⁰²³ Die invloed van die supranaturalisme is goed sigbaar en die klank van die gereformeerde belydenis is baie dof.

In die leerdigt word die veredeling van die natuur en die godsdiens met mekaar vermeng. Dit blyk reeds uit die feit dat die maan persoonlik aangeroep word in die inleidende gedeelte.¹⁰²⁴ Hier is sprake van godsdiens, maar nie die evangelie van die Bybel nie. Die heilswerk van God in Christus kom nie aan die orde nie. Teen die einde word wel melding gemaak van “Jesus” en daar word ‘n loflied gesing aan Hom. Daar word ook gesê dat Hy die oordeel oorwin het.¹⁰²⁵ Die werklike Bybelse betekenis van die heil word egter nie aan die orde gestel nie.

Die Jubileumpreek adem dieselfde gees. Ds Borcherds vind in Moses se lewe sekere ooreenkoms met sy eie loopbaan.¹⁰²⁶ Die preek bestaan wel uit ‘n duidelike oproep, ‘n “nadrukkelyk bevel,”¹⁰²⁷ wat tot die gemeente gerig word, maar dit is geen oproep om die heil in Christus gelowig te omhels nie. Trouens, die heilswerk van Christus kom nie ter sprake nie. Die oproep het te make met ‘n bevel om te dien soos ou Israel gedoen het in die tyd van Moses. Hulle moes die gebooie wat Moses gegee het, gehoorsaam en navolg.¹⁰²⁸ Daarby moes hulle ook

¹⁰¹⁷ Dies.,297.

¹⁰¹⁸ Dies.

¹⁰¹⁹ Sien: Bornman, CJP. 1961. *Ds Meent Borcherds*. 40. Hierdie bedrywighede was een van die “kruise” in sy lewe en bediening.

¹⁰²⁰ Fensham, FC. 1986. a.w. 31.

¹⁰²¹ Vir ‘n redelik volledige beskrywing van ds Borcherds se siening oor die sending, sien: Bornman, CJP. 1961. a.w. 42-59.

¹⁰²² Conradie, E. 1934. a.w. 137.

¹⁰²³ Sien bibliografie vir besonderhede.

¹⁰²⁴ Borcherds, M. 1802. *De Maan. Een leerdigt*. 1.

¹⁰²⁵ Dies.,8.

¹⁰²⁶ *Leerde over Deut VIII: 1-2.* a.w. 395-396. Hy vergelyk nie homself met Moses nie, maar wel sy posisie naamlik “myner betrekking als leeraar van den Christelyken Godsdienst.”

¹⁰²⁷ Dies.,396.

¹⁰²⁸ Dies.

nadink oor die weg waarlangs Moses (en God) hulle gelei het.¹⁰²⁹ Op hierdie wyse lê ds Borcherts sy gekose teksgedeelte uit en maak hy dit van toepassing op die gemeente se situasie en sy eie bediening in die gemeente.

Die oproep tot onderhouding van God se gebooie geskied egter nie teen die agtergrond van God se heilshandelinge nie. Dit is asof die mens aan homself oorgelaat word om dit vanuit eie potensiaal te vermag. Alhoewel die gemeente opgeroep word om na te dink oor die pad waarlangs die Here hulle gelei het,¹⁰³⁰ hou daardie handelinge van God nie verband met die heil in Christus nie. Dit het veel meer te make met goeie algemene handelinge van God soos byvoorbeeld die feit dat Hy “menigmaal hun licht was geweest in duisternissen, hunne troost in droefheid en hunne kracht in zwakheid.”¹⁰³¹ Van die werklike saligheid in Christus is hier geen sprake nie.

Borcherts was dus ‘n teoloog wat die supranaturalistiese kompromis tussen rede en geloof gehandhaaf het. Daarom het hy nie die weg van konventikels of evangeliegesinde aktivering opgegaan nie. Sy denke en preke was egter ook nie gestempel deur die tipiese teonoom-eksistensiële denke van die gereformeerde belydenisskrifte nie. Sy bemiddeling gee gevvolg aan ‘n pragmatiese praktyk, waarin die deugde van die mens sentraal staan. Hierin word die kritiese gees van die ekstreme rasionalisme egter uitgedoof. Die uitlewing van die godsdiens is belangrik, maar dit word nie verreken in terme van die gereformeerde belydenis nie. Die historiese geloof, soos dit in die tradisie aangelê is, word wel gehandhaaf. ‘n Mens sou selfs iets van die hoofsaak van die Christelike geloof kon aandui, maar dit mis die presiesheid waarmee die gereformeerde belydenisskrifte die Woord napraat. Terselfertyd vermy Borcherts ook die aksentuering op die belewing van die geloof – ten minste soos die Nadere Reformasie dit gelê het. Hy vermy ook die metodisme en piëtisme van sy tyd. Daarom staan hy kenteoreties en teologies op ‘n ander basis as Van Lier en MC Vos. Aan laasgenoemde sal in die volgende paragraaf aandag gegee word. Vos was immers nie uit supranaturalistiese hout gesny nie. Aan die Kaap het hy egter ‘n groot aanhang verwerf.

7.4 ‘n Ander aksent: Piëtistiese bevindelikheid by ds MC Vos en sy meelopers

Ds MC Vos (1759-1825) kom kort na die dood van ds HR van Lier in die Kaap aan. In 1794 word hy predikant van Tulbagh. In baie opsigte sou hy ‘n geesgenoot van Van Lier wees. Hy neem, soos Van Lier, self verantwoordelikheid vir die katkisasie en maak erns met huisbesoek. Hy wou gelowiges ook individueel aktiveer en organiseer konventikels in die gemeente. In hierdie kringe is saamgebid. Hy skakel ook in by die sending. Hy het egter ‘n eie agtergrond en soos die Kaapstadse leraar Christiaan Fleck, is hy ‘n landseun. Hy was lank in Nederland predikant, ook in Asië. Terug in die Kaap sou hy “dadelik ‘n opskudding verwek.”¹⁰³² Teologies en ekklesiologies sou hy ook ‘n ander weg aandui as di. Fleck en Meent Borcherts. Vir die supranaturalistiese bemiddeling het hy nie kans gesien nie. Vir hom sou die beslissing van die bekering en daadwerklike toëëiening van die heil, én die belewing daarvan, in die sentrum staan.

¹⁰²⁹ Dit alles moet geskied uit “den pligt der dankbaarheid.” Dies.,398.

¹⁰³⁰ Dies.,399.

¹⁰³¹ Dies.

Aan die einde van sy lewe, kort voor sy dood, het hy sy eie **Merkwaardige verhaal aangaande het leven en de lotgevallen van Michiel Christiaan Vos, als predikant der Hervormde Christelike Gemeente op onderscheidene plaatsen in Nederland, Afrika en Azië**¹⁰³³ op skrif gestel. Hierin vertel hy sy verhaal briefsgewys (19 brieue in totaal) aan ‘n vriend, nadat hy in 1819 geëmeriteer het te Roodezand (Tulbagh) in Suid-Afrika. Eintlik sit hy sy bediening in hierdie brieue voort – ter wille van die belang van “onsterlike siele.”¹⁰³⁴ Daarom stuur hy die versameling kronologiese brieue die wêreld in met ‘n gebed: “God zegene dit verhaal en geve, dat Zijne vaderlijke liefde en trouw, waarvan ik zoo vele proeven in mijne levensloop heeft ondervonden, velen mijner christen-vrienden en vriendinnen opwekke tot geloof aan en vertrouwen op Hem, die tot elken zijner vereerders zegt: Ik zal u niet begeven; Ik zal u niet verlaten.”¹⁰³⁵

Hieruit is dit reeds duidelik waarom hierdie studie nie aan die **Merkwaardige verhaal** van ds MC Vos verby kan gaan nie. Reeds in die **Voorbericht** klop ‘n theologiese aksent wat ‘n oortuiging resoneer. ‘n Oortuiging wat nie deur almal in die Kaaps-Hollandse Kerk gedeel is nie en wat rondom die toeëiening van die heil ‘n besondere toespitsing kry.

Tewens, dit is die rede waarom daar kerkhistoriografies uiteenlopend oor Vos geoordeel word. Elizabeth Conradie sien byvoorbeeld in Vos se deurslaggewende bekeringservaring nijs meer as ‘n “dwepende houding” wat uit sy swak gesondheidstoestand verklaar moet word nie.¹⁰³⁶ SP Engelbrecht reken ook dat Vos se algemene swak gesondheidsituasie ‘n gemoedstoestand van dweperigheid en sentimentele neerslagtigheid tot gevolg gehad het.¹⁰³⁷ Verder meen Engelbrecht dat Vos die resultate in sy bediening bewerk het deur middel van “sy gevoelsprediking” waarmee hy “‘n opwekking” verkry het.¹⁰³⁸ Vir Engelbrecht is Vos uiteindelik ‘n “rasegte piëtis wat bekeerde mense wou sien.”¹⁰³⁹

Aan die ander kant word ds Vos in hoë aansien gehou. Vir Johannes du Plessis is hy “Vader Vos”¹⁰⁴⁰ wat een van die eerstes was wat “in dit land op hartelijke gemoedelike wijze predikte”¹⁰⁴¹ en die sendingsaak in Suid-Afrika bevorder het. In dieselfde trant ag Gerdener hom as een van sy evangeliegesinde “Bouers van weleer.”¹⁰⁴² MW Retief bring hom weer ter sprake as hy na “die wonder van herlewning” verwys in verband met die geskiedenis van

¹⁰³² Du Toit, HDA. 1947. a.w. 253 e.v.

¹⁰³³ Vgl. Vos, MC. 1867. *Merkwaardige verhaal aangaande het leven en de lotgevallen van Michiel Christiaan Vos, als predikant der Hervormde Christelike Gemeente op onderscheidene plaatsen in Nederland, Afrika en Azië*. Amsterdam. H Hoveker. In 1911 het J du Plessis ‘n “nieuw uitgawe van breedvoerige aantekeningen” voorsien in verband met, let wel, die “Bijbel en Bid-Vereniging.” Du Plessis se boek het ‘n paar herdrukke beleef. In 1829 is die boek ook in Duits vertaal te Basel.

¹⁰³⁴ Vgl. Voorbericht : Du Plessis, J. 1911. a.w. viii.

¹⁰³⁵ Vgl. Voorbericht. 1911. X.

¹⁰³⁶ Conradie, E. 1934. *Hollandse Skrywers uit Suid-Afrika*. 170.

¹⁰³⁷ Engelbrecht, SP. 1952. *Die Kaapse predikante*. 92.

¹⁰³⁸ Dies.,94.

¹⁰³⁹ Dies.

¹⁰⁴⁰ Du Plessis, J. 1911. a.w. 5.

¹⁰⁴¹ Dies.

¹⁰⁴² Gerdener, GBA. 1951. *Bouers van Weleer*. 18.

die Nederduitse Gereformeerde Kerk.¹⁰⁴³ So vertolk hy Vos se bekeringservaring: “Enkele vriende het met hom oor sy toestand gepraat, dog in die klipkuile aan die voet van Leeukop, waar klippe vir die fondamente van huise uitgebreek is, het hy alleen geworstel in die gebed totdat die lig vir hom opgegaan het. Na twee jaar van gedurige twyfeling, tussen hoop en vrees, het die lig op sy siel gebreek deur die woorde van Matt 16:24.”¹⁰⁴⁴ In sy studie oor die **Predikers en hul prediking** tipeer HDA du Toit hom as “deurtrek met ‘n sterk evangeliese- en sendinggees.”¹⁰⁴⁵ Du Toit beskryf hom as ‘n man wat “‘n sterk geestesverwantskap” met die Duitse piëtisme vertoon.¹⁰⁴⁶ Oor dit allesoordeel Du Toit oënskynlik positief.¹⁰⁴⁷

As ‘n outobiografie is **Merkwaardige verhaal** gevolglik nie sonder subjektiewe oriëntering en theologiese motivering opgestel nie. Die lewensverhaal staan in werklikheid in diens hiervan. Vos se theologiese oortuigings met betrekking tot die soteriologie, korrelleer met sy persoonlike geestelike ervaring. Nog as kind het hy reeds, skryf hy, “zeer onverwacht... een schrik over mijne zonden..” beleef.¹⁰⁴⁸ Terugskouend op hierdie belewing is dit vir hom ‘n vraag “of ik dat niet wel zou mogen aanmerken als het eerste begin dier genadige werking en zalige verandering, mij, onwaardige, vervolgens geschonken.”¹⁰⁴⁹ Hierdie bewuswording, vertel hy, het hom die Bybel laat lees – veral “Jezus’ lijdensgeschiedenis” en “het geschiedverhaal aangaande den oordeelsdag,”¹⁰⁵⁰ hoewel hy nie begryp het wat hy lees nie, “omdat ik niemand had die het mij uitlegde.”¹⁰⁵¹

Verder het Vos hom as kind nie bemoei met “ijdelheid en darelheid” nie.¹⁰⁵² Maar, hy kon hom ook “niet herinneren, nog enige wezenlijke indrukken of besef van de noodzakelijkheid der wedergeboorte of waarachtige bekeering gehad te hebben, ofschoon ik ondeugd afkeurde en hoogachting voor de deugd gevoelde.”¹⁰⁵³ Hierna het hy die boekie van C van Niel **De donderslach der godloosen wegens het schrikkelijk oordeel en de pyne der hellen, met de hemelsche vreugde van geloolige zielen** in die hande gekry.¹⁰⁵⁴ Dit het in ronde woorde gehandel oor “de rampzaligheid der goddeloozen na dit leven” en “de gelukzaligheid der geloovigen na dit leven.”¹⁰⁵⁵ Die gevolg hiervan was dat hy in homself ‘n onsekerheid ontdek het: “of ik tot de goddelozen, dan wel tot de geloovigen behoorde.”¹⁰⁵⁶ Kort hierna het hy “een godvruchtige man” hoor praat “wat er in het verborgen tusschen God en zijne ziel was omgegaan”¹⁰⁵⁷ en toe besef dat “ik geen de minste kennis had aan zulke

¹⁰⁴³ Retief, MW. 1976. *Die wonder van herlewning*. 14 e.v.

¹⁰⁴⁴ Dies.

¹⁰⁴⁵ Du Toit, HDA. 1947. *Predikers en hul prediking*. 196.

¹⁰⁴⁶ Dies.,197.

¹⁰⁴⁷ Sien ook die artikel van du Toit, HDA : Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek. De Kock, WJ en Kruger, DW. 1972. Deel 2. 844 e.v. In hierdie biografiese artikel bring Du Toit ook vir Vos in verband met die Duitse piëtisme en die Nederlandse Nadere Reformasie.

¹⁰⁴⁸ Du Plessis, J. 1911. a.w. 4.

¹⁰⁴⁹ Dies.

¹⁰⁵⁰ Dies.

¹⁰⁵¹ Dies.

¹⁰⁵² Dies.,6.

¹⁰⁵³ Dies.

¹⁰⁵⁴ Engelbrecht, SP. 1952. a.w. 92.

¹⁰⁵⁵ Du Plessis, 1911. a.w. 9.

¹⁰⁵⁶ Dies.

¹⁰⁵⁷ Dies.

ondervindingen.”¹⁰⁵⁸ Daarmee is alle twyfel uit sy gemoed verwijder: “ik (hield) mij verzekerd, dat ik tot de goddelozen behoorde.”¹⁰⁵⁹ Dit het hy as ‘n diepgrypende krisis beleef.

Voorts vertel hy dat hy ook gereeld “gezelschappen” besoek wat in Kaapstad gehou is. Hierdie was godsdienstige samekomste waartydens gelowiges met mekaar hul geestelike ervarings gedeel het. Die “gezelschappen” het meesal losstaande van die kerk gefunksioneer. Dit was by hierdie byeenkomste waar hy “langzamerhand mij zelven meer en meer in die diepte van myne ellende leerde kennen.”¹⁰⁶⁰ ‘n Sielestryd het gevolg waarin hy in gebed sy “bangen boezem” dikwels voor God op eensame plekke uitgestort het. Maar, omdat “ik niet wist wat gelooven was, van mynen zondenlast niet ontslagen werd.”¹⁰⁶¹

Twee jaar lank sou hierdie vertwyfeling voortduur “tot het den Heere uit genade behaagde, mij, tezijner eigen tijd, een geloovig inzien in Jezus’ lijdende liefde tot zondaren te schenken en mij te doen gelooven dat deze overdierbare Zaligmaker niet alleen aan anderen, maar ook aan mij, tot wijsheid, rechtvaardigheid, heiligmaking en volkome verlossing geschenken was.”¹⁰⁶² Die vreugde was egter van korte duur. Enkele dae later, bewus van die verdorwenheid van sy hart, “begon ik...al myne ondervinding in twijfel te trekken en geraakte, door een toegeving in het ongeloof, geheel in het duister; niet wetende wat ik van mij zelven denken moest.”¹⁰⁶³ In hierdie situasie het die woorde van Jesus in Matteus 16:24 die deurslag gegee: “As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, sy kruis dra en my volg.” So, teken Vos aan, “werd ik op dien tijd verwaardigd, mij, onder inroeping van genade, geheel aan Jezus’ wil over te geven, ja was gewillig, om, zoo het Jezus behaagde, om zynentwille den zwaarsten marteldood te ondergaan.”¹⁰⁶⁴ Met hierdie oorgawe het die verlange om predikant te word, gekom.¹⁰⁶⁵

Die klem op Vos se geestelike ondervinding en subjektiewe toeëiening van die heil, of “gelooven” soos hy dit noem, lê hy nie om dowe neute nie. Dit is juis daardeur, skryf hy in ‘n volgende brief, dat ‘n mens “opgewekt” word om “God ootmoedig te bidden voor u zelven, dat gij van alle twijfelingen genezen en in den geloove magt bevestigd worden.”¹⁰⁶⁶ Hy kwalificeer dit egter onmiddellik. “De ondervindingen toch der Godsvrienden verschillen in de omstandigheden altoos en menigmaal zeer veel; dus moeten wij nooit die ondervindingen, maar altoos en alleenlik het Woord van den levenden God, of (tot ons meerder gemak) de tweede vraag en antwoord van onzen dierbaren Heidelbergse Catechismus... tot onzen toetssteen stellen.”¹⁰⁶⁷

¹⁰⁵⁸ Dies.,10.

¹⁰⁵⁹ Dies.

¹⁰⁶⁰ Dies.,11.

¹⁰⁶¹ Dies.,12.

¹⁰⁶² Dies.,13.

¹⁰⁶³ Dies.

¹⁰⁶⁴ Dies.,15.

¹⁰⁶⁵ Dies.,16.

¹⁰⁶⁶ Dies.,18.

¹⁰⁶⁷ Dies.,18-19.

Hiermee ontken hy nie die belangrike rol wat ervaring in die toeëiening van die heil speel nie. Hy verhef dit net nie tot die hoogste norm waaraan die gelowige sy eie ervaring of ondervindinge moet meet nie. Die hoogste norm of toetssteen is die Bybel soos dit in die bekende vraag en antwoord 2 van die **Heidelbergse Kategismus** tot uitdrukking kom: kennis van persoonlike ellende, verlossing en dankbaarheid. Is dit ‘n vereenselwiging met die teonoom-eksistensiële belydenis van die gereformeerde oortuiging van die 16de eeu? Om sonder meer bevestigend te antwoord, gaan ‘n stappie te ver. Neem ‘n mens alles in ag wat Vos in hierdie verband opteken, moet opgemerk word dat hy die gereformeerde oortuiging afrond in ‘n outonome aksentuering soos Van der Groe, Bosman en Bode dit in aansluiting by die Nadere Reformasie gedoen het en soos Van Lier dit in ‘n oriëntering aan die metodisme vertolk het. Ervarings en ondervindinge, laat hy immers elders blyk, is “bewijzen”,¹⁰⁶⁸ vir die ware kennis van God in Christus. In die lig van hierdie opmerkings is dit duidelik dat, net soos in die geval van Van Lier, persoonlike ondervinding Vos se denke rondom die soteriologie help bepaal het. Hy bring dit op so ‘n wyse in verband met die genade van God dat die toeëiening van die heil by “zelfkennis” begin.¹⁰⁶⁹

Op hierdie punt verskuif hy dus die aksent van die **Heidelbergse Kategismus**. Die Kategismus grond die kennis van ellende op die wet van God en nie in eie doemwaardige gewaarwordinge nie. Hierdie klemverskuwing verklaar die theologiese denkkraam van Vos. Geen wonder dus dat hy aansluiting kon vind by Hermen,¹⁰⁷⁰ G Bonnet¹⁰⁷¹ en Newton¹⁰⁷² nie. Hy het ook graag gesing uit Groenewegen¹⁰⁷³ se liedere en die Mennoniete het onder sy vriende getel.¹⁰⁷⁴ Hierdie bevindelikheid kaats ook terug in sy voorkeur vir “Godvruchtige gezelschappen,”¹⁰⁷⁵ wat hy nie net opsoek nie, maar as ‘n “zielvoedende genademiddel”¹⁰⁷⁶ beskou en dit ook self organiseer. Hierbenewens het hy in sy gemeente Swartberg (Caledon) bidure ingestel.¹⁰⁷⁷ Ook het hy die sending, veral onder slawe, met durf en daad en ten spyte van teenstand en agterdog, aangepak.¹⁰⁷⁸

In die praktyk van sy prediking het hierdie oortuigings ook deurgekom.¹⁰⁷⁹ ‘n Mens se waarneming is dus dat Vos se prediking geskoei was op die lees van sy eie ondervinding van bekering. Dieselfde het hy ook van sy hoorders verwag. Dit het dus ook telkens gebeur dat daar kragdadige bekerings onder sy bediening plaasgevind het. Van hulle praat Vos as “mijne geestelijke kinderen door het Evangelie voor den Heere geteeld.”¹⁰⁸⁰ Dit verwys dus na die vele mense wat onder sy bediening tot saligheid gekom het. So byvoorbeeld het ‘n vrou “met tranen van blydskap” hom bedank dat sy “na veertien jaar van twyfel en wanhoop onder sy preek tot geloofsverzekering

¹⁰⁶⁸ Dies., 70.

¹⁰⁶⁹ Vgl. dies., 18 e.v. die aanhaling hierbo.

¹⁰⁷⁰ Dies., 38.

¹⁰⁷¹ Dies., 39, 41 e.v.

¹⁰⁷² Dies., 71.

¹⁰⁷³ Dies., 111.

¹⁰⁷⁴ Dies., 46.

¹⁰⁷⁵ Dies., 24, 38, 44, 63.

¹⁰⁷⁶ Dies., 45.

¹⁰⁷⁷ Dies., 209, 214.

¹⁰⁷⁸ Dies., 117 e.v., 124, 214, 217 e.v.

¹⁰⁷⁹ Vgl. Dies., 58 en ook Gerdener, GBA. 1951. a.w. 14.

¹⁰⁸⁰ Vos, MC. 1876. a.w. 102.

geraak het.”¹⁰⁸¹ So ook het “‘n dogter van godvrugtige ouers” by geleentheid, onderwyl Vos nog aan die preek was, met “wringende hande” hardop uitgeroep: ““O God, ik ga eeuwig verloren, eeuwig verloren.””¹⁰⁸²

Dit is ook opvallend dat mense wat dieselfde bekeringsondervinding as Vos gehad het en stigting uit sy bediening geput het, hul saam met hom geskaar het. Een so ‘n persoon was Mathilda Smith van Kaapstad. Sy het van Kaapstad na Tulbagh verhuis ten einde onder ds Vos se prediking te verkeer.¹⁰⁸³

Uit Mathilda Smith se lewensbeskrywing is dit duidelik dat sy self ook ‘n persoonlike bekering beleef het op ‘n laat ouderdom.¹⁰⁸⁴ Hoewel sy as gedoopte kind grootgeword het, het sy geen persoonlike sekerheid van saligheid gehad nie. Sy beskou haarself as iemand “in whom the Holy Spirit has recently awakened a sense of guilt and danger which invariably result from our fallen state.”¹⁰⁸⁵ Op ‘n vroeë ouerdom reeds was die Gees se werking in haar iets van “illustrating the nature and necessity of conversion.”¹⁰⁸⁶ Alhoewel sy nog nie die heil besit het nie, was sy tog bewus dat alle omstandighede in haar lewe “in the course of Providence” plaasgevind het.¹⁰⁸⁷ Op ouerdom nege het sy steeds op ‘n “careless manner” gelewe en “commiting sin as opportunity offered.” Tog het sy baie Bybel gelees.¹⁰⁸⁸ Haar belewenis was egter dat “reading, prayer and fasting were then my righteousness.”¹⁰⁸⁹ Op ouerdom 22 het haar vrome oom haar gereeld in die Skrif onderrig, maar “as yet, I know not thy glorious way of salvation.”¹⁰⁹⁰ Op ouerdom 37 beleef sy haarself steeds as “I had no thorough knowledge of my situation as a sinner, alienated from God.”¹⁰⁹¹ Dit was eers deur bemiddeling van ds H van Lier wat sy tot volle sekerheid van die heil gekom het. Sy noem Van Lier “a father in Christ.”¹⁰⁹²

Uit hierdie beskrywing blyk dieselfde geloofservaring as wat Vos gehad het. Dit stem ooreen met ervarings wat mense gehad het onder Vos se bediening in Nederland sowel as Suid-Afrika. Ook maak Mathilda Smith melding van insidente waar Vos gepreek het (en sy teenwoordig was), waar toehoorders in uitroep van sondebeseft tot bekering gekom het.¹⁰⁹³ In die Nederlandse gemeente van Woudenberg, so vertel ds Vos, is die Gees “in eene overvloedige mate...uitgestort. Jongen en oudens, mannen en vrouwens, werden tot God bekeerd en ofschoon het bij allen wel geen goed goud was dat er blonk, evenwel bleek het bij een aanmerkelijke aantal, velen jaren daarna, uit de vruchten, dat die boomen waren goed geweest. O, welk een hemelsche tijd was het toen onder ons!”¹⁰⁹⁴ Te midde van talle ander het hy by ‘n ander geleentheid aan ‘n jongman “reeds enige weken in een staat van overtuiging geweest zijnde” wat “klaagde geen inzien in het Evangelie te hebben”... “raad en bestier” in ‘n

¹⁰⁸¹ Du Toit, HDA. 1947. a.w. 191-192.

¹⁰⁸² Dies., 192.

¹⁰⁸³ Vgl. Retief, MW. 1976. a.w. 16.

¹⁰⁸⁴ Vgl. die manuskrip van J Philip. 1824. *Memoirs of Mrs Matilda Smith*.

¹⁰⁸⁵ Dies., 3

¹⁰⁸⁶ Dies.

¹⁰⁸⁷ Dies., 7

¹⁰⁸⁸ Dies., 9

¹⁰⁸⁹ Dies., 10

¹⁰⁹⁰ Dies., 11

¹⁰⁹¹ Dies., 22

¹⁰⁹² Dies., 35

¹⁰⁹³ Dies., vgl. 50 en 55.

godvrugtige geselskap gegee.¹⁰⁹⁵ “Hy het inzien in het Evangelie gekregen, daarop Jezus met al Zijne volheid voor zich aangenomen en was nu vol van liefde, blijdschap en dankbaarheid.”¹⁰⁹⁶ Ook in Woerden was soortgelyke voorvalle aan die orde van die dag. ‘n Jong meisie wat kerk toe gekom het “om een Afrikaan te zien, werd krachtdadig aan haar self ontdekt en zoo ernstig met die belangen haren onsterfelijke ziel werkzaam, dat zij zeer spoedig, slechts in weinige weken, niet alleen tot de beoefening des geloofs kwam, maar ook tot dat geloof waardoor zij gelooven kon, dat zij geloofde.”¹⁰⁹⁷

Hierdie soort taal, sowel as die vertolking van die heil en die toeëiening daarvan, bevestig die theologies-soteriologiese klemverskuiwing waarna in die vorige paragraaf verwys is. Op die keper beskou lyk dit of hy nader aan die Europese piëtisme staan as aan die Engelse metodisme. In sy praktiese teologie, wat eietyds was, lê die aksent wat veral in Duitsland momentum in ‘n uitwaartse sendingbeweging gekry het. Daarom word ten slotte vlugtig na die betrokkenheid van Vos by die genootskaplike sending in Suid-Afrika verwys.

Die laaste voorbeeld uit die lewe en werk van ds MC Vos om sy begrip van die toeëiening van die heil te illustreer word met ander woorde geneem uit sy ervaring met die heidene aan wie hy in die buite-gemeentes in die Kaap die evangelie verkondig het. Hy onthou hoedat God sy pogings geseen het en “ook uit de slaven, tot leesbare brieven der genade gemaakt werden.”¹⁰⁹⁸

Vanweë die situasie in die Kaap rondom die doop van slawe kon hy hulle egter “niet door den Heiligen Doop ook uitwendig tot christenen maken mocht.”¹⁰⁹⁹ Hulle was wel “zeer geschikte voorwerpen voor den Doop en het Avondmaal.” Vos verbly hom desnieteenstaande daarin – en dit het met ‘n bepaalde verbondsbeskouing te make! – “dat God toonde, dat Hij zijne genade aan geen Sacrament verbonden had zoodat deze schepselen... niet uitgesloten zullen worden, om eenmaal met Abraham Isaak en Jacob aan te zitten in het koninkrijk der hemelen.”¹¹⁰⁰

Alles in ag genome, gee Vos nie ‘n sistematiiese uiteensetting van die heilsorde soos hy dit begryp en verkondig het nie. In sy **Merkwaardige verhaal** is sy oortuigings in hierdie verband tog wel implisiet aan die woord. Hier is ‘n bevindeelikheid wat na vore kom, net soos by Van Lier, in die volgorde van “verlorenheid,” “sonde besef,” “n bekeringservaring” en dan volle besit van die saligheid. Daarin vergestalt ‘n verskuiwing hom wat nie meer vashou aan die gereformeerde belydenisskrifte se klem op die Christus van die geloof nie.

¹⁰⁹⁴ Du Plessis, J. 1911. a.w. 77.

¹⁰⁹⁵ Dies., 78.

¹⁰⁹⁶ Dies.

¹⁰⁹⁷ Dies., 98.

¹⁰⁹⁸ Dies., 137.

¹⁰⁹⁹ Dies.

¹¹⁰⁰ Dies., 138.

7.5 Samevatting

Teen hierdie tyd moet dit duidelik te wees dat, toe ‘n supranaturalistiese filosofie die kerklike lewe geïnstitutionaliseer het, die Kaaps-Hollandse Kerk steeds groepsgewyse en uit oortuiging oor die toeëiening van die heil verskil het. Die supranaturalistiese bemiddeling het nie daarin geslaag om ‘n brug daartussen op te rig nie. Daarvoor het sy aanhangers theologies en kerklik te sterk in die eie tyd en konteks opgegaan en outonom oor die toeëiening van die heil gedink.

Aan die ander kant het MC Vos en sy geesgenote die aansluiting by die Nadere Reformasie behou en beïnvloed deur die piëtisme, ‘n kontekstuele en praktiese teologie beoefen. Daarmee is die teonoom-eksistensiële oortuiging in verband met die toeëiening van die heil tog ook weer subjektief omgebuig.

Dit bring ons by ‘n volgende tydperk in die geskiedenis van die Kaapse gereformeerde kerk. In 1824 sou hy ‘n algemene kerkvergadering of sinode kry. Dit sou die kerk se selfbegrip histories én ekklesiologies verbreed en in ‘n Suid-Afrikaanse vereenselwiging verdiep. Sy Hollandse verbintenis was in die Britse kolonie steeds belangrik. Van nou af sou sy teologie in tydskrifte tot uitdrukking kom. In die volgende hoofstuk word huis op twee hiervan ingegaan.

HOOFSTUK 8

DIE SUPRANATURALISTIESE OUTONOMITEIT MET BETREKKING TOT DIE HEILSTOEËIENING IN HET NEDERDUITSCH ZUID-AFRIKAANSCH TYDSCHRIFT NÁ 1824

Vir die Kaaps-Hollandse Kerk en samelewing in ‘n Britse kolonie, is die geskrewe woord ná 1824 aangewend ter wille van beskawing, opvoeding en die godsdiens. Daarvoor is die bekende Nederduitsch Zuid-Afrikaansch Tydschrift¹¹⁰¹ in die lewe geroep. Invloedryke predikante van die Kaapse Kerk het hierin meegewerk en aan ‘n tiperende teologiese inslag gevvolg gegee. Hierdie hoofstuk neem hoofsaaklik die NZAT in behandeling om vas te stel hoe daar in die godsdiestige artikels oor die toeëiening van die heil gedink is. Die eerste paragraaf bevat egter (kerk)historiese aantekeninge te einde hier die noodsaklike historiese verband te behou.

8.1 Die kerkhistoriese konteks ná 1824

Teen 1824 was dit duidelik: die Kaap was uit en uit ‘n Engelse kolonie. Vir die Kaaps-Hollandse Kerk was die band met Nederland en die Nederlandse kultuur egter steeds van groot belang. ‘n Tydskrif soos die NZAT het hierin meegewerk.¹¹⁰² In Nederland is die Huis van Oranje herstel en ‘n Christelike en Nederlandse nasionalisme het die toon aangegee. Vir die Nederlandse Hervormde Kerk is in hierdie gees ‘n Algemeen Reglement in 1816 opgestel, waarin die regopstelling en bestaan van hierdie kerk gewaarborg is.¹¹⁰³ Hierin word die skriftuurlike kerkbegrip op die agtergrond gedruk ter wille van ‘n supranaturalistiese en genootskaplike opvatting van die kerk. Daarmee het die kerk en die Sinode of Algemene Vergadering, ‘n instelling van die Staatsbestel geword.

Die rede waarom hierop gewys word, het te maken met die feit dat die Kaaps-Hollandse Kerk in 1824 vir die eerste keer in ‘n Sinode vergader het.¹¹⁰⁴ By hierdie vergadering is ‘n Algemeen Reglement voor het bestuur der Nederduitsch Hervormde Kerk in Zuid-Afrika¹¹⁰⁵ aanvaar. Hierdie Reglement is gestempel deur die Nederlandse genootskaplike kerkbegrip en opgestel vanuit die algemene kerk, soos wat die supranaturaliste oor die kerk gedink het. So het hulle aan die kerk sy regering en werksaamhede toegeken.¹¹⁰⁶ Britz het ook daarop gewys dat die Skotse presbiteriaanse inslag en denkwyse óók hiermee in die reglementering van die lewe van die Kaapse kerk deurgewerk het.¹¹⁰⁷

Laasgenoemde hang daarmee saam dat ná 1820, ‘n aantal Skotse leraars vir die Kaaps-Hollandse Kerk in die Kaap aangekom het.¹¹⁰⁸ Hulle sou aansluiting by die Engelse samelewing en kultuur vind en waardering hê vir die Christelike regopstelling en ordening van die Britse koloniale owerheid. Teologies kom hulle uit die tradisie van die Westminster Confession en die presbiteriaanse visie op die kerk. Daarby is hulle beïnvloed deur puriteinse oortuigings en die Anglo-Saksiese opwekkingsbeweging. Vanselfsprekend sou hulle teologie, en die rol wat dit in die Kaaps-Hollandse Kerk gespeel het, weer op die toeëiening van die heil ‘n eiesortige klem plaas. Daarmee is

¹¹⁰¹ Vervolgens afgekort as NZAT.

die differensiëring in hierdie kerk ‘n stappie verder gevoer. Vir die doeleindes van hierdie hoofstuk kan dit egter daar gelaat word. In hoofstuk 9 word daar op die Skotse inset teruggekom.

Dit is genoeg om hier aan te teken dat die Kaapse kerk met die instelling van ‘n Sinode voortgaande kon ontwikkel. Van nou af aan, sê Moorrees, “kon die kerk as eenheid optree in belang van die sending, die opvoeding of van ander sake, wat die algemene welsyn van die kerk en van die Godsryk raak. Van nou af aan kon hulle ook verenigd die hoof bied aan die aanmatiginge van die Regering, en is also die weg gebaan tot bevryding van owerheidsgesag, sodat die kerk hom onder die seënende hand van die Heer vry en onbelemmerd kon ontwikkel, om die genadegawes aan hom geskenk te gebruik tot opbou van die gemeentes en toebrenging van die heidene binne en buite sy grense.”¹¹⁰⁹ Terwyl die een gemeente na die ander bygekom het, het die sendingwerk van die kerk nou ook op ‘n genootskaplike manier sy gang gegaan. Daarin is voorsiening gemaak vir afsonderlike gemeentes vir Christene wat uit die heidendom gekom het.¹¹¹⁰ Daarmee is die tradisie beëindig en ‘n nuwe rigting opgegaan.

Al bogenoemde opmerkings vorm die kerkhistoriese dekor waarteen die NZAT vervolgens geanaliseer word met die oog op die kwessie van die toeëiening van die heil.

8.2 Die NZAT oor die toeëiening van die heil

In Maart 1824 kondig die eerste “Tijdschrift in Zuid-Afrika afzonderlijk in het Nederduitsch en Engelsch” hom aan. Hierdeur “hoopt men ... in de behoeften van deze beide volkeren meer volkommen te voorzien en aan hunne wenschen te voldoen.” Daarvoor was die tyd ryp. Die kolonie het nou oor ‘n “wezenlijke inwendige waarde” en ‘n “groot belang als een voorpost van verdediging voor het vaste land” beskik.¹¹¹¹ Hierdie uitwendige erkenning, word verduidelik, moet gekomplimenteer word met “het totstand brenging van inwendige belangen.”¹¹¹² Die Kaap het “als eene gemeente, met veel snelheid, zelf-achting en binnenlandsch gewigt, waarin de welvaart van ieder land deszelfs grondslagen heeft” verwerf.¹¹¹³ Tewens, so merk die redakteurs op, daar is ‘n “verbazende verbetering in den ommegang, ook in de manieren en het algemeen toezicht der zamenleving; terwijl de toenemende begeerte naar eene goede en ruime opvoeding, ons aanmoedigen tot het vertrouwen op eene gelyke vordering in den godsdiest en opregtheid. Deze, benewens de letterkunde en wetenschappen, zyn de wortels van

¹¹⁰² Sien: Bosman, FCL en Dreyer, A. 1930. *Hollandse Joernalistiek in Suid-Afrika*. 8 e.v.

¹¹⁰³ Sien: Van Loon, J. 1942. *Het Algemeen Reglement van 1816*; Pont, AD. 1991. *Die historiese agtergronde van ons kerklike reg*. Deel 2. 1 e.v.

¹¹⁰⁴ Sien: Moorrees, A. 1937. *Die Nederduits Gereformeerde Kerk*. 538 e.v; Kleynhans, EPJ. 1973. *Die kerkregtelike ontwikkeling van die Nederduitse Gereformeerde Kerk*. 50-55, 119-130.

¹¹⁰⁵ Vir die teks hiervan, sien: Pont, AD. 1991. a.w. 216-237.

¹¹⁰⁶ Sien: Brown, E. 1992. *Die hervertolking van die paradigma in verband met die kollegialisme om die Afrikaanse kerke kerkregtelik te verstaan*. Sien Biblografie.

¹¹⁰⁷ Britz, RM. 1985. *Oor die kerkbegrip en die ordening van die kerklike lewe by die NG Kerk*. NGTT. 432 e.v.

¹¹⁰⁸ Sien: Sass, FW. 1956. *The influence of the church of Scotland* .. 21 e.v.

¹¹⁰⁹ Moorrees, A. 1937. 572.

¹¹¹⁰ Sien: Smith, NJ. 1973. *Die planting van afsonderlike kerke*.. 31 e.v.

¹¹¹¹ Programma van het Nederduitsch Zuid-Afrikaansch Tijdschrift. Maart-April 1824. 1.

¹¹¹² Dies.

¹¹¹³ Dies.

des volks sterkte.”¹¹¹⁴ Dit is die sake wat die mens verenig. Dit skep ‘n “heilzame en zuivere nastreving” van voortreflike en nuttige gemeenskaplike ideale.¹¹¹⁵

Die nuwe “Zuid-Afrikaansche Tijdschrift” is met die oog op hierdie situasie en ideale in die lewe geroep. Daarom word onderwerpe “meer onmiddellyk met deze kolonie verbonden als haren handel, hare staatkunde, voortplanting van den Godsdienst enz.” in behandeling geneem.¹¹¹⁶ Ook nuwe ontdekkinge en nuwe toepassings van wetenskaplike aard, sal aan die orde kom. “Deze en gelyksoortige onderwerpen,” sê die redakteurs, “met mengelschriften over letterkundige, wetenschappelyke en vooral Godsdienstige onderwerpen, zullen de voornaamste plaats in elk nommer beslaan.”¹¹¹⁷

Dit spreek dus vanself dat hierdie tydskrif, vir die doeleindes van die onderhawige studie, nie oorgeslaan kon word nie. Vir die byna 20 jaar van sy bestaan is hy in die huise van lidmate van die Kaaps-Hollandse Kerk verwelkom. In sy bladsye het predikante van hierdie kerk aan die woord gekom. Die toegespitste vraag in hierdie verband fokus dus steeds op die soteriologie, met name op die heilstoeëiening en hoe dit in die NZAT vertolk is.

8.2.1 Redelike supranaturalisme

Die oorsigtelike indruk wat ‘n mens kry by die deurlees van die NZAT, is dat die “godsdiestig onderwerpen” wat aan die orde kom, deur die redelikheid van die eietydse supranaturalisme gestempel is. Hiermee is dit inlyn gebring met die oorhoofse doel van die NZAT. Godsdiens en die prediking staan dus nie teenoor die redelike insig nie. Tewens, dit kom in mekaar se diens – rede en die bonatuurlike word so met mekaar versoen. In die talle godsdienstige “leerredes” is dit duidelik dat die lesers rasioneel “oortuig” moet word van die waarheid van die evangelie! Die klem val dus op die “rede” van die mens. Dit is asof die menslike rede eers aan elke waarheid “toestemming” moet verleen alvorens die waarheid werklik “waarheid” kan wees. In talle leerredes word Christene (en daarvan die lesers) immers “in alle opzigten als redelyke wezens”¹¹¹⁸ beskou.

Om enkele voorbeelde in hierdie verband te noem: In ‘n preek (of “leerde”!) oor Johannes 3:14 en 15, probeer die skrywer die leser op dievlak van die rede oortuig van die werklikheid van die Bybelse leer aangaande die wedergeboorte. “Wy zullen u daarvan trachten te overtuigen, door u de woorden, welke de Heiland bezigt, in betekenis en nadruk voor te stellen.”¹¹¹⁹ Die hele preek word dan ook ‘n rasionele argument. Dieselfde benadering word aangetref in ‘n preek vir jongmense.¹¹²⁰ Die oproep wat vanuit die evangelie gemaak word, word gemaak op grond van die veronderstelling van “hoe redelyk en betamelyk het zy.”¹¹²¹ Daarom beteken die heil in

¹¹¹⁴ Dies.

¹¹¹⁵ Dies.

¹¹¹⁶ Dies.

¹¹¹⁷ Dies.

¹¹¹⁸ Dies., 93.

¹¹¹⁹ Anoniem. Maart-April 1833. *Leerde over Joh 3:14-15.* 78.

¹¹²⁰ Sien: Anoniem. November-Desember 1832. *Leerde voor jonge lieden.* 405.

¹¹²¹ Dies., 408.

Christus vir die jongmense “uw redelyk en wezenlyk geluk.”¹¹²² Die geloof en vertroue word dus beheers deur ‘n belangrike voorwaarde waaraan voldoen moet word: “Voorerst, indien gy toestemt, dat het redelyk en betamelyk is, God als den Vaderlyken Leidsman van uwe jeugd erkennen..”¹¹²³

Net in die titel van ‘n derde preek, kom die supranaturalistiese uitgangspunt na vore: “De kennis van Jezus Christus de beste wetenschap.”¹¹²⁴ Die hele beredenering bestaan uit bewysvoeringe om die leser te oortuig “wat tot die beste wetenschap noodzakelyk wordt vereischt.”¹¹²⁵ Daarna word “de menschelyke wetenschappen aan dezen regel” getoets.¹¹²⁶ Die eintlike boodskap van die preek is egter om te “betoogen,” dat “de kennis van Jezus Christus, de beste van alle wetenschappen is.”¹¹²⁷ “Met volle overreding des gemoeds,” word Paulus as ‘n voorbeeld gebruik van iemand wat hierdie bewysvoeringe sou aanvaar het. Hy was immers “een man, die, by uitmuntende zielsvermogens, eene uitgebreide kunde en geleerdheid bezat.”¹¹²⁸ Wanneer die kerninhoud van die evangelieboodskap aan die orde kom, naamlik die Middelaarskap en versoeningswerk van Christus, is dit die menslike rede wat “goedkeuring” aan hierdie waarhede moet gee ten einde dit betroubaar te maak! So word dit gestel: “dat is de beste wetenschap, die den zoo noodzakelyken, als reikhalzend begeerden Middelaar, Zoenborg en Verlosser bekend maakt, my den weg en het middel aantoon, om met God weder verzoend en vereenigd te worden. *De rede erkent de noodzakelykheid van deze verzoening* met God, en elk een is overreed van zyne diepe bedorvenheid naar ziel en ligchaam. Niet zonder grond gist *de rede*, dat er een groot verval by het menschdom moet hebben plaats gevonden. Zy erkent, dat het hoogste geluk van een redelyk wezen is gelegen in de kennis en vereeniging met God, maar even overtuigend ook, en met droefheid beseft zy, dat de zonde eene scheiding maakt tusschen God en ons.”¹¹²⁹ In geen onduidelike taal, word hier die bonatuurlike met die menslike rede versoen. Die mens se rede gee dus “goedkeuring” aan die waarheid van die evangelie.

In ‘n preek oor die hel, word hierdie soort redelikheid egter in sy uiterste konsekvensie blootgelê.¹¹³⁰ Hier word die werklikheid van die hel, soos Christus dit beskryf, ontken. Dit word as “simbolies” afgemaak. Vir die menslike rede is die letterlike beskrywinge, soos Christus dit gee, immers onaanvaarbaar. “Ik behoef naauwelyks te herinneren, dat, wanneer de Heiland de rampzaligheid na dit leven met zulke spreekwyzen voorstelt, wy dit dan geenszins letterlyk moeten opvatten. De hel is geen vurige oven, waarin het eigenlyk gezegde weenen en knarsen op de tanden plaats heeft. Het bygeloof, en de grove zinnelyke denkwys der menschen, heeft vooral in de yzeren middeleeuwen,” laat hoor die prediker, “zulke letterlyke opvattingen begunstigd. Het is echter voelbaar en tastbaar voor een ieder, die eenigzins nadenkt, dat wy dergelyke gezegden, niet eigenlyk, maar oneigenlyk moeten opvatten.”¹¹³¹ Dieselfde word ook gesê van die feit dat Christus aan die regterhand van God sit: “Wanneer Jezus

¹¹²² Dies.,409.

¹¹²³ Dies.,415.

¹¹²⁴ Sien uitgawe Julie-Augustus 1828. 241.

¹¹²⁵ Dies.

¹¹²⁶ Dies.

¹¹²⁷ Dies.

¹¹²⁸ Dies.,243.

¹¹²⁹ Dies.,244. My beklemtoning – CS.

¹¹³⁰ Sien: Anoniem. September-Oktober 1832. *Leerde over de rampzaligheid der hel.* 325.

¹¹³¹ Dies.,327-328.

zegt, dat Hy zitten zal aan de regterhand van God, wie zal dan zoo dwaas zyn, om dit eigenlyk optevatten?¹¹³² Volgens die redenaar, moet hierdie “ongemaklike” gegewens in die Bybel as “oneintlik” verstaan word en nie as “eintlik” nie. ‘n Filosofiese skuif word dus gemaak om die Skrif vir die menselike rede aanvaarbaar te maak of om dit te hervertolk in terme van rasionele kategorieë. Op hierdie punt word die tiperende bemiddeling van die supranaturalisme natuurlik deurbreek en kom die volle konsekvensie van die historiese kritiek van die Europese Verligtingsdenke na vore. In die geledere van die Kaaps-Hollandse Kerk sou dit ongeveer 40 jaar later op ‘n kerklike stryd tussen die moderne- of liberale- teologie enersyds en die ortodoksie andersyds uitloop.¹¹³³ Hoe die toeëiening van die heil by die “liberale” teoloë verreken is, val egter buite bestek van hierdie studie. Dit is egter nodig om in hierdie uiteensetting op die theologiese konsekvensies van die inhoud van NZAT die klem te lê. Dit is uiteindelik die konsekvensie van die redelikheid waarmee die evangelie in die NZAT verpak word. Daarmee is die ontwikkeling van nóg ‘n denkriktig in die Kaaps-Hollandse Kerk aangeraak.

Wat in die vorige paragraaf oor die supranaturalistiese standpunte in die godsdienstige artikels van die NZAT aangeteken is, berus wesenlik op ‘n religieuse (redelike) definisie van die Christendom. Die praktyk van hierdie opvatting lê in die moraliteit van die godsdienst. Ook die moraliteit moet redelik getoets kan word. Dit is gevvolglik geen verrassing dat in die bladsye van NZAT ‘n tipiese moraliteit na vore tree nie. So byvoorbeeld word die “deugd” hoog aangeslaan. Die Christelike lewe is ‘n lewe van ‘n verskeidenheid deugde. Die klem val dus veel meer op die deugde waaraan ‘n Christen moet voldoen, as op die beloftes van God wat in Christus ‘n realiteit is! Sodoende verval die evangeliieverkondiging in ‘n moralistiese vervlakking van die boodskap van die Skrif.

In ‘n leerrede over de godzialigheid¹¹³⁴ word die Christelike lewe byvoorbeeld as volg beskryf: “Daar is een wonderlijk verschynsel onder de menschen, het ongelyk oordeel namelyk, hetwelk men over deugd en godsvrucht velt – De deugd, in den flauweren zin, waarin velen ten onrecht dezelve opvatten, en waarin zy alleen de pligten omtrent ons zelven, en omtrent anderen, in zich sluit, deze deugd wordt algemeen geroemd, de godsvrucht daarentegen door zeer velen veracht en misprezen.”¹¹³⁵ Die skrywer tref dus ‘n onderskeid tussen algemeen-menslike deugde, en die deugde wat ‘n gelowige besit. “Een man, die door en door eerlyk, die regtvaardig, die edelmoedig, die menschlievend is, wordt door de geheele wereld geacht en toegejuicht. Maar een man, die by deze deugden ook vroomheid bezit, die zich niet slechts aan zyne pligten omtrent menschen, maar ook aan zyne pligten omtrent God laat gelegen liggen, kan de ongunstige oordeelvelling en berisping der menigte zelden ontgaan.”¹¹³⁶

Die bedoeling spreek vanself: “deugde” soos eerlikheid, regverdigheid, edelmoedigheid en mensliwendheid, is vanselfsprekend die kenmerke van ‘n Christen. Dit wat egter van die mens ‘n “ware” Christen maak, is wanneer daar ook “vroomheid” bykom. Dit is hierdie “vroomheid” wat die mens instaat stel om waarlik sy “pligte” teenoor

¹¹³² Dies.,328.

¹¹³³ Sien: Hanekom, TN. 1951. *Die liberale Rigting..* hiervoor. Ook: Moorrees, A. 1937. a.w. Sien toepaslike gedeeltes.

¹¹³⁴ Sien: Anoniem. Mei-Junie 1828. *En by de lydzaamheid Godzialigheid.* 141.

¹¹³⁵ Dies.

¹¹³⁶ Dies.

die Here na te kom. Dit word in soveel woorde gesê: “dat zy geene vroomheid bezitten, dat zy hunne pligten omtrent God vertreden.”¹¹³⁷ Ten einde sodanig “godvruchtig te worden” is ook “een stap” wat die mens moet gee.¹¹³⁸ Hierdie “stap” word geneem wanneer die mens “de overtuiging” deelagtig word dat “om God te vreezen ten hoogsten redelyk en betamelyk is.”¹¹³⁹ Die brug word – heel tiperend - geslaan tussen moraliteit en redelikheid. So word dit gestel: “Wy moeten God ontzien, vereeren en beminnen, om dat hy wegens de grootheid en beminnelykheid van zyne natuur dit in de daad waardig is, dit is het, waarvan zy geene beseffens hebben; en het gebrek aan deze beseffens, is de groote oorzaak van het weinig ontzag voor God, dat by vele menschen gevonden wordt, en van het vooroordeel, waarmede men tegen ware godsvrucht is ingenomen.”¹¹⁴⁰

Die bedoeling hiervan is vir geen misverstand vatbaar nie. Die skrywer gaan immers daartoe oor om die presiese “regte denkbeelden” van “de ware godsvrucht of godzaligheid” uit te spel, soos hy dit verstaan.¹¹⁴¹ Hiermee beoog die skrywer om sy leser “van het redelyke en betamelyke derzelve te overtuigen.”¹¹⁴² “Waarin is dan voor eerst die godzaligheid gelegen?” vra hy.¹¹⁴³ Met ander woorde, wat is dit wat die subjektiewe deelagtigwording van die heil konstitueer? Is dit Christus? Is dit die verdienste van Christus? Is dit die beloftes van God? Is dit die Woord alleen? Is dit die werking van Sy Gees in die mens se lewe? “Zy bestaat in de betrachting van onze pligten jegens God, of in het bezit van die betamelyke gevoelens en gezindheden, die wy omtrent God behooren te koesteren, en in een gedrag overeenkomstig dezelve.”¹¹⁴⁴ Die mens word dus aangesê om homself te red! Hy moet die heil self realiseer deur innerlike gemoedstoestande te bekom en sy “pligte” jeans God uit te voer! Die mens moet dan “onder diep besef van God” begin om “zyne deugden te leven, hem te eerbiedig, te beminnen, te vreezen, hem dankbaar te zyn, zich aan hem te onderwerpen, en op hem te vertrouwen.”¹¹⁴⁵

Dat die skrywer werklik al hierdie dinge beskou as menslike vermoëns wat tot aksie moet kom, blyk uit die woorde: “Tot de godzaligheid behoort de beoefening van zekere pligten omtrent God, die wy inwendige noemen, om dat zy inwendig *door de vermogens onzer ziel*, door het verstand en door het hart beoefend worden.”¹¹⁴⁶ Deur die klem wat geplaas word op die werksaamheid van die menslike verstand (rede), kan weer eens gesien word hoedat die redelikheid en moralisme intiem met mekaar verwant is. Die mens besit dus ‘n innerlike, vrome vermoë en potensiaal om sy “pligte” teenoor die Here na te kom.

Dit is ook interessant om te let op die skrywer se uiteensetting van wat “de ware godsvrucht” is. Dit is immers sy bedoeling met die preek om sy lesers “te overtuigen” van “de regte denkbeelden” van “de ware godsvrucht.”¹¹⁴⁷ Hy onderskei in hierdie verband ‘n aantal sake. Eerstens “levendige indrukken dat God er is, en by hem

¹¹³⁷ Dies.,142.

¹¹³⁸ Dies.

¹¹³⁹ Dies.

¹¹⁴⁰ Dies.

¹¹⁴¹ Dies.

¹¹⁴² Dies.,143.

¹¹⁴³ Dies.

¹¹⁴⁴ Dies.

¹¹⁴⁵ Dies.

¹¹⁴⁶ Dies. My beklemtoning – CS.

tegenwoordig is.”¹¹⁴⁸ Hierby ook “een levendig inzien in Gods grootheid en Majesteit.”¹¹⁴⁹ Tweedens “de liefde.”¹¹⁵⁰ “De godzalige vindt in hem zoo veel beminneswaardigs, dat zyn hart ten stersten met hem is ingenomen. Zyne gedachten zyn gedurig by God.”¹¹⁵¹ Derdens “vrees.”¹¹⁵² Daarmee word bedoel “de kinderlyke vrees eens teederminnenden zoons voor het billyk misnoegen zyns vaders.”¹¹⁵³ Vierdens is “dankbaarheid aan God een der voorname gevoelens en gezindheden, die de godzaligheid in zich sluit.”¹¹⁵⁴ Vyfdens “onderworpen aan alle schikkingen.”¹¹⁵⁵ Daarmee word bedoel berusting in die Here se wil, ook in slegte omstandighede. Sesdens moet die godvrugtige die Here “tot het voorwerp van zyn vertrouwen stelt.”¹¹⁵⁶ Hy moet “onder het gebruik van de door God verordende middelen, zyne belangen in zyne hand stelt.”¹¹⁵⁷

Die “middelen” wat gebruik moet word, word ook uitgespel as “de eenzame afzondering, het lezen van het Woord van God, het aanhooren van de prediking des Evangeliums, de viering van het Avondmaal, het ontvlieden van nadeelige gelegenheden en verkeeringen, de omgang met verstandige en godvruchtige menschen.”¹¹⁵⁸ Dit is natuurlik nie die bedoeling dat dit alles losstaande van Christus moet geskied nie. Sy genade speel wel ‘n rol. Maar, die genadewerk van die Gees word verstaan as iets wat slegs die mens *tot ‘n hulp strek*. So word die lesers aangemoedig om “door het geloof in Jezus Christus” te handel.¹¹⁵⁹ Hierdie “geloof” word egter anders verstaan as hoe die Skrif daaroor praat en dit in die gereformeerde belydenisskrifte oopgebreek word. Die opdrag kom dus: “Strekt zich uwe begeerte uit, om de godzaligheid, die wy ontvouwd hebben, ook zelve te beoefenen.”¹¹⁶⁰ En ook: “bidt om een levendig opgehelderd geloof in zyne verklaringen en beloften, dan zult gy God uit een beminneleyk oogpunt leeren beschouwen.”¹¹⁶¹ Die geloof beteken dus ‘n smeking dat God die latente menslike vermoëns moet aanraak sodat die mens uiteindelik self sy pligte teenoor God kan nakom.

Opsommenderwys weerspieël die godsdiestige leerredes wat hierbo geselekteer is op ‘n uitgesproke wyse die uitgangspunte van die supranaturalistiese teologie wat teen 1830 aan die Kaap wye navolging gevind het. Die denktradisie wat in di. Fleck, Von Manger en Borcherds verteenwoordigers gevind het, het hom nou in ‘n Kaapse tydskrif voortgesit. In die aanwending van hierdie supranaturalistiese uitgangspunte, soos dit in ‘n praktiese teologie verwoord is – dit het in bestaande analise duidelik geword – kon dit na twee kante toe vertolk word: rasioneel-liberaal óf innig emosioneel-vroom en bevindelik na binne gerig. Wat die toeëiening van die heil betref gaan dit hier, soos reeds beklemtoon is in die vorige twee hoofstukke, om ‘n subjektiewe outonome benadering.

¹¹⁴⁷ Dies., 142.

¹¹⁴⁸ Dies., 143.

¹¹⁴⁹ Dies., 144.

¹¹⁵⁰ Dies.

¹¹⁵¹ Dies.

¹¹⁵² Dies.

¹¹⁵³ Dies.

¹¹⁵⁴ Dies.

¹¹⁵⁵ Dies., 145.

¹¹⁵⁶ Dies.

¹¹⁵⁷ Dies.

¹¹⁵⁸ Dies., 147.

¹¹⁵⁹ Dies., 152.

¹¹⁶⁰ Dies.

¹¹⁶¹ Dies., 153.

Daar lê ‘n duidelike klem op die menslike verantwoordelikheid. Van hieruit moet die sig wat die **NZAT** op die toeëiening van die heil daarop nahou, beoordeel word.

8.2.2 Klem op die mens se verantwoordelikheid

Die **NZAT** praat direk van die bekering en toeëiening van die heil. Die oorwegende aksent val op *die mens* se verantwoordelikheid in die toeëiening van die heil. In min artikels of preke word die fokus geplaas op God se werksaamheid, soos dit teenoom in die gereformeerde belydenisskrifte uiteengesit word. Die manier waarop **NZAT** die menslike verantwoordelikheid belig, moet nou behoorlik aan die orde kom. Dit gaan immers hier om ‘n breër en populêre oortuiging in die Kaaps-Hollandse Kerk.

In ‘n preek oor Matteus 12:46-50¹¹⁶² word “de hoofvereischte van den Christen” beskryf as “het volbrengen van Gods wil.”¹¹⁶³ Die “geloovige betrachting en onderhouding van Gods geboden” is die kern van Christenwees.¹¹⁶⁴ Hierdie gehoorsaamheid moet met “naauwgezetheid” volbring word.¹¹⁶⁵ Hiervan is al Jesus se “gesprekken, predikingen en gelykenissen” die “overtuigendste bewyzen.”¹¹⁶⁶ Die skrywer voer voorts aan dat die “betrachting Zyner geboden” die “grond van de uitnemende liefde” is “welke God Hem toedroeg.”¹¹⁶⁷ Vele bewyse uit die Skrif word dan in verband met hierdie menslike beslissing toegevoeg. Onder andere waar Jesus sê “niet een eigelyk die daar zegt, Heere, Heere zal ingaan in het koningryk der Hemelen, maar die doet den wil van mynen Vader die in de Hemelen is.”¹¹⁶⁸ Om “te gelooven in Hem” is dus sinoniem met “het volbrengen van Gods wil.”¹¹⁶⁹ Jesus is immers deur die Vader as “een voorbeeld” gegee “ter navolging” deur die gelowige.¹¹⁷⁰ Jesus het ook self op hierdie manier geleef. “Met hoeveel yver, met hoeveel naauwgezetheid zien wy onzen Heiland dezen wil des Vaders volbrengen.”¹¹⁷¹

Hierna volg ‘n uiteensetting van die middele wat God aan ons voorsien het wat ons help om hierdie gehoorsaamheid te volbring. Eerstens word genoem die “kennis aan God.” Dit is die “kennis aan het plan Gods ter Zaligheid der menschen.”¹¹⁷² Hierdie kennis behels “de kennis onzer pligten.”¹¹⁷³ Dit is soos wat dit in “het Evangelie geopenbaard” is.¹¹⁷⁴ Die inhoud van die evangelie het dus min te make met Christus se verdienste. Dit het veel meer te make met “ons pligte.” Die begrip “evangelie” is dus sinoniem met “‘n hulpmiddel tot

¹¹⁶² Anoniem. September-Oktobre 1827. *Leerde over Matth 12:46-50.* 321.

¹¹⁶³ Dies.

¹¹⁶⁴ Dies.

¹¹⁶⁵ Dies.,322.

¹¹⁶⁶ Dies.

¹¹⁶⁷ Dies.

¹¹⁶⁸ Dies.

¹¹⁶⁹ Dies.,323.

¹¹⁷⁰ Dies.

¹¹⁷¹ Dies.,325.

¹¹⁷² Dies.,327.

¹¹⁷³ Dies.

¹¹⁷⁴ Dies.

gehoorsaamheid.” Die tweede hulpmiddel is “liefde voor God en den Zaligmaker.”¹¹⁷⁵ Hierdie liefde is die “grond” en “de bron” van alle ware “Christelyke deugd.”¹¹⁷⁶ Die derde middel is “het gevoel van het belang en gewigt der geloovige volbrenging van den wil van Jezus en van God.”¹¹⁷⁷ Jesus het immers “groote beloften aan deze geloofs-gehoorzaamheid verbonden.”¹¹⁷⁸ Die beloftes van die evangelie *volg* dus op die gehoorsaamheid en gaan dit nie vooraf nie. In hierdie hele preek kom die heilswerk van Christus nie een maal ter sprake nie! Die hele preek bestaan slegs uit ‘n bewysvoering waarom die mens se gehoorsaamheid die grootste “deug” van die Christen is.

‘n Verdere voorbeeld van die manier waarop NZAT die heilstoeëiening verstaan, word aangetref in ‘n preek wat oor die gelykenis van die “verlore seun” handel.¹¹⁷⁹ Dit is ‘n preek wat om meer as een rede vir hierdie studie belangrik is. Die redaksie van NZAT slaan dit hoog aan.¹¹⁸⁰ Dit is ‘n “uitmuntende Leerrede.”¹¹⁸¹ Dit is ‘n preek wat in Nederland gepreek is deur ‘n leraar van “de Remonstrantsche Gemeente Rotterdam.”¹¹⁸² Die preek word tipeer as “regt Evangeliesch.”¹¹⁸³ Dit is hierbenewens ‘n bewys hoe “jammerlyk” dit is dat die remonstrantse kerkgenootskappe van die gereformeerdes “afgescheurd” is.¹¹⁸⁴ Die remonstrante word (in Nederduitse Gereformeerde kringe) “uit onkunde vaak miskend.”¹¹⁸⁵ Om hierdie rede voel die NZAT se redaksie dat hulle “geen oogenblik” kan “aarzelen” om die preek te publiseer nie!¹¹⁸⁶

Hoe praat die preek oor die heil in Christus? Dit lyk asof die heil ten volle belig word vanuit die menslike keuse en aksie. “Een afgedwaalde kind van Adam” moet “zyne oogen open voor de ellende” en hy moet “de paden des verderfs verlaat” ten einde “naar de woningen van rust en vrede terug te keeren.”¹¹⁸⁷ Die toeëiening van die heil word saamgevat in die begrip “besluit.”¹¹⁸⁸ Vir die prediker, word hierdie besluit die beste versinnebeeld in die gelykenis van die Verlore Seun. Hierdie gelykenis is ‘n “beeld der opregte bekeering van den zondaar.”¹¹⁸⁹ Die belangrike is egter dat die “zondaar” ‘n “besluit” moet neem. Die inhoud van hierdie besluit word dan in die res van die preek uiteengesit.

In hierdie verband gee die prediker eintlik sy eie definisie van wat “bekering” is. “Ik zal opstaan en tot mynen vader gaan, en ik zal tot hem zeggen: Vader, ik heb gezondigd tegen God en tegen u.” Dit voornemen hield eene volstrekte verlating der zonde en wederkeering tot zynen vader in, met ootmoedig berouw en opregte belydenis

¹¹⁷⁵ Dies.,328.

¹¹⁷⁶ Dies.

¹¹⁷⁷ Dies.

¹¹⁷⁸ Dies.,329.

¹¹⁷⁹ Anoniem. September-Oktober 1826. *De wederkeering van den verloren zoon.* 317.

¹¹⁸⁰ Dies. Sien voetnota onderaan die bladsy.

¹¹⁸¹ Dies.

¹¹⁸² Dies.

¹¹⁸³ Dies.

¹¹⁸⁴ Dies.

¹¹⁸⁵ Dies.

¹¹⁸⁶ Dies.

¹¹⁸⁷ Dies.

¹¹⁸⁸ Dies.,318.

¹¹⁸⁹ Dies.

zyner overtredingen. Hy zou opstaan, hy zou dat onzalig land verlaten, hetwelk getuige was geweest van zyne snoode losbandigheid en diepe vernedering.”¹¹⁹⁰ Die inhoud van hierdie besluit word dan nog verder uitgebou met die woorde: “hy zou opstaan tot de volvoering der heerlykste voornemens, vruchten der bekeering en der oregte boetvaardigheid. Tot zynen vader zou hy wederkeeren, tot hem, tot hem alleen zyne toevlucht nemen. By hem weder dat geluk, dien vrede zoeken, dien hy roekeloos versmaad en elders te vergeefs gezocht had. De schuld die hy voor zich zelven beleed, wil hy ook zynen vader belyden. Allen ontydigen hoogmoed, alle valsche schaamte wil hy afwerpen. Geene ydele verontschuldigingen wil hy te baat nemen.”¹¹⁹¹

Die toepassing wat die prediker gee van die bekering van die “verlore seun” is, volgens hom, “de geschiedenis van elk afgedwaald kind van God, dat met waarachtige boetvaardigheid tot zynen Hemelschen Vader wederkeert, om zyne plaats in het vaderlyk huis en hart te hernemen.”¹¹⁹² Daar is slegs een manier waarop die sondaar deur God in guns aangeneem kan word: “Ja, zoo, zoo moet *ieder* zondaar handelen, die in de verbeurde gunst van God verlangt hersteld te worden. Het gevoel zyner ellende moet hem doen ontwaken. Dat moet hem tot zichzelven doen komen en tot nadenken brengen over den jammerlyken staat, waarin hy zich bevindt, door eigene schuld en eigene dwaasheid bevindt. ‘Ik heb gezondigd’! dat moet de erkentenis zyn van zyn verbryzeld gemoed.”¹¹⁹³

Hieruit is dit duidelik aan hoeveel vereistes die mens moet voldoen, alvorens ‘n bekering as “eg” beskou kan word. Daar is soveel “opregtheid” en “berou” en gemoedsaandoeninge waaraan voldoen moet word. Die mens word gedwing om die heil en heilsekerheid in *homself* te soek. In hierdie preek beklee Christus slegs die rol van ‘n toeskouer. Een wat aanmoedig vanaf die pawiljoen. Daarom word daar wel melding gemaak van Sy beloftes, maar dit is beloftes wat die mens toekom *nadat* die bekering suksesvol voltooi is! Hy is maar te verheug dat “zyn afgedwaalde kind tot Hem is wedergekeerd.”¹¹⁹⁴

Op een plek maak die prediker wel daarvan melding dat dit God is wat die lewe in die mens werk, maar hy stel dit op so ‘n manier dat dit uiteindelik tog weer *die mens* is wat die eerste tree moet gee: “God moet in my de bekeering ten leven werken, uit my zelven ben ik daartoe onbekwaam. Maar heeft dan God niet den bystand van zynen Geest beloofd aan elk, die ze van Hem bidt?”¹¹⁹⁵ Die manier waarop God dus die “leven” werk, is deurdat Hy Sy “bystand” verleen en dit gebeur net wanneer dit van Hom aangebid word! Die klem word gevolglik geplaas op *die mens* se eie wilskeuse waartoe hyself eintlik heel goed instaat is! “Zoo wy maar *willen* opstaan en tot onzen Vader gaan, wy *kunnen* het zeker.”¹¹⁹⁶

¹¹⁹⁰ Dies.,321.

¹¹⁹¹ Dies.

¹¹⁹² Dies.,323.

¹¹⁹³ Dies.

¹¹⁹⁴ Dies.,324.

¹¹⁹⁵ Dies.,329.

¹¹⁹⁶ Dies.

So word die menslik-outonome beklemtoning in die toeëiening van die heil, prakties toegepas. Die mens se “eewig wel of wee zal daarvan afhangen of *wy* tot God onzen Vader al dan niet zyn wederkeerd.”¹¹⁹⁷ Die ewige bestemming van die mens is afhanklik van sy eie keuse! ‘n Mens hoor hier die klanke van die bevindelike prediking, waar die mens eers sekere gemoedstoestande by homself moet identifiseer alvorens heilsverzekering enigsins moontlik is! Daarom die oproep: “Komt! Onderzoeken *wy* dan met ootmoed en opregtheid de gesteldheid van ons hart, en toetsen *wy* onze gezindheden aan die van den wedergekeerden jongeling. Daartoe wilde ik u in het tweede deel myner leerrede aanleiding geven, en u in de eerste plaats opmerkzaam maken op het verschillend gemoeds bestaan der menschen ten aanzien van het werk hunner bekeering; om u vervolgens op te wekken ter navolging van het voorbeeld.”¹¹⁹⁸

Die oorweldigende klem op die menslike verantwoordelikheid kom in talle ander preke ook na vore. In sommige ander preke is daar ‘n ondubbelzinnige neiging om allerlei beskrywende terminologie te voeg by die begrip “geloof.” Vir die hoorder moet dit dan lei tot introspeksie en selfondersoek. Dit kan weer lei tot twyfel en onsekerheid. Hoe sal die mens immers ooit met sekerheid *weet* dat hy die geloof beleef soos wat die prediker dit voorhou?

Een voorbeeld van sulke beskrywings wat aan “die geloof” toegevoeg word, vind ‘n mens in ‘n preek oor “veinsery” in die godsdiens.¹¹⁹⁹ Hier word die godsdiens beskryf as iets wat “nergens ware nut” sal hê as wanneer mense “godsdiestig is *uit overtuiging*.”¹²⁰⁰ Volgens die skrywer moet die waarheid van die evangelie “uit overtuiging aangenomen worden.”¹²⁰¹ Dit kan tog gebeur dat iemand die waarheid van die Woord bely, maar dat daar “veinzery” is, omdat die persoon die Woord slegs in “schijnt” beleef en “in zyn gemoed niet gelooft.”¹²⁰² Al het die persoon sy lewe “waarlyk verbeter,” kan dit gebeur dat hy steeds “naauwlyks geloof.”¹²⁰³ In hierdie preek word die hoorder die heeltyd gedwing om die heil in die opregtheid van sy eie belewenis te soek en nie *buite homself* in Christus nie.

In nog ‘n preek word weer soveel gewig gegee aan die menslike beslissing, dat dit klink asof dit die geloofsbeslissing van die mens is wat die krag en waarde aan die verdienste van Christus gee.¹²⁰⁴ So word dit bewoerd: “De verdiensten van Christus zyn krachtdadig ter zaliging van allen, die zich dezelve door het geloof toeëigenen, en aan zyn volkomen volbragt verlossingswerk, de toestemming van verstand en hart geven.”¹²⁰⁵ Hierdie sin is duidelik: *wanneer* die menselike rede toestemming verleen aan die versoeningswerk van Christus, dan word dit ‘n krag tot saligheid.

¹¹⁹⁷ Dies.,324. My beklemtoning – CS.

¹¹⁹⁸ Dies.

¹¹⁹⁹ Anoniem. Desember 1824. *De veinzery in den godsdiest, een allerschadelykst bestaan...* 407.

¹²⁰⁰ Dies.,408. My beklemtoning - CS.

¹²⁰¹ Dies.

¹²⁰² Dies.

¹²⁰³ Dies., 410.

¹²⁰⁴ Vergelyk : Anoniem. November- Desember 1824. *Leerde over Joh 1:29.* 327.

In ‘n ander preek, wat handel oor die “beste sieraad” van die mens, word die heil op ‘n soortgelyke manier verstaan.¹²⁰⁶ Ook in hierdie preek word die heil gedefinieer vanuit *die mens* en nie vanuit God nie. Die begronding van die saligheid word gevind in die wyse waarop die mens presteer en nie in Christus se verdienste nie. Daar is “slechts een waar geluk,” en dit is om “God te dienen.”¹²⁰⁷ Die “verplichting” wat op elke mens rus, is om “Hem te vreezen.”¹²⁰⁸ Die kenteken van die ongeloof is dat daar ‘n “gebrek aan een verstandig gebruik zyner zielsvermogens” is.¹²⁰⁹ By die ware geloof is daar egter ‘n ander ingesteldheid: Daar moet “eene opregte ziel” wees.¹²¹⁰ Die mens se hart moet “in al deze opzigten opregt gesteld zyn.”¹²¹¹ Die menslike verstand speel hierin die kardinale rol wanneer die rede “voorgelicht door eene Goddelyke openbaring” is.¹²¹² Hierdie openbaring word aangetref in die verhale in die Skrif van waaruit die rede oortuig word van “de Eeuwigheid van het Opperwezen.”¹²¹³ Dit is opvallend op watter manier die menslike rede hier ‘n posisie van verhewenheid ontvang. Eintlik neem *die mens* die plek van Christus totaal oor en word die heil dus onvermydelik vanuit *die mens* gedefinieer.

In dieselfde preek as wat hierbo bespreek is, wat handel oor Johannes 1:29,¹²¹⁴ word daar ook melding gemaak van die werking van die Gees van God in die mens. So word dit verwoord: “Hare kracht (dit is die krag van die sondige natuur) wordt door den Heiligen Geest vernietigd.”¹²¹⁵ En ook: “Hy werkt het geloof in ons binneste,”¹²¹⁶ en verlicht ons verstand. Hy zuivert het hart, en regelt de hartstogten; Hy reinigt het geweten om den levendigen God te dienen, en overtuig de wereld van zonde en geregtigheid; ja, Hy doet het gemoed de wezenlykhedi en heerlykheid van het hemelsch leven gevoelen. Dit doet Hy door het vlytig gebruik der middelen door God verordend.”¹²¹⁷

Dit is interessant hoe die menslike verantwoordelikheid vir geen oomblik eenkant gelaat word nie. Dit is vir die skrywer deurslaggewend. Maar, in hierdie paragraaf word die menslike werksaamheid begrond in God se werksaamheid. Die mens moet steeds sekere “middelen” gebruik, maar op grond van die feit dat God die middele gee en dat Hy die geloof in die hart werk.

En wat is die middele wat God gee?

¹²⁰⁵ Dies.

¹²⁰⁶ Sien: Anoniem. Maart-April 1824. *Eene verstandige en opregte godsdienstoefening het beste sieraad van den mensch*. 8.

¹²⁰⁷ Dies.

¹²⁰⁸ Dies.,9.

¹²⁰⁹ Dies.

¹²¹⁰ Dies.,16.

¹²¹¹ Dies.

¹²¹² Dies.,10.

¹²¹³ Dies.,11.

¹²¹⁴ Sien: Anoniem. November-Desember 1824. a.w. 327. Sien ook die opvolgpreek in NZAT September –Oktober 1824. *Christus, het Lam Gods. Leerrede over Joh 1:29*. 247.

¹²¹⁵ Dies.,330.

¹²¹⁶ Sien ook: Anoniem. Julie-Augustus 1824. *Eene eenvoudige en uit onkunde dwalende godsvrucht, ontvouwd in het karakter van simplicia*.167. “Hy, die in ons werken moet beide het willen en het werken naar zyn welbehagen, had al vroeg hare ziel geneigd tot de vrees zyns Heiligen Naams.” 169.

¹²¹⁷ Anoniem. November-Desember 1824. a.w. 330.

- a. “Gods Woord. Het onderzoeken der heilige bladeren.
- b. Het bywonen der openbare instellingen.
- c. Yverige waken en bidden.
- d. De invloeden van ‘s Heeren Geest wat de ziel tot een beter leven opleidt.”¹²¹⁸

‘n Besonderse klem word ook op Christus geplaas. So staan daar: “Christus Jezus is het, die my de overwinning zal schenken. Jezus leeft; de Christen, door Hem verzegeld, zal ook eeuwig leven.”¹²¹⁹ En ook: “Ziet op Hem en wordt behouden.”¹²²⁰ “Hy schenkt u zyn woord.”¹²²¹ “Zoo werken wy onze zaligheid uit, met vrees en beven, dewyl het nogtans God is, die in ons werkt, beide het willen en werken, naar zyn Goddelyke welbehagen.”¹²²²

Ten spyte van hierdie gereformeerde aksente, word die hoofklem steeds geplaas word op die effek van die mens se besluitnemingsfunksie. Christus word in hoofsaak voorgestel as iemand wat *slegs ‘n aanbieding* van die zaligheid aan die mens maak. Hy word voorgestel as die magtelose, wat afhanglik is van die mens se rede en keuse. So word daar gesê: “Hy wil u van eeuwige rampen verlossen, en zult gy het oog des geloofs op Hem niet vestigen?”¹²²³ En ook: “Dan zult gy het aanbod der genade willen omhelzen, doch genade zal niet worden verleend, dewyl gy weigerd hebt op het Lam Gods te zien.”¹²²⁴

Word die analise wat in beide die voorafgaande paragrawe gemaak is in sy geheel beskou, behoort dit duidelik te wees dat die supranaturalistiese teologie ‘n praktiese kant het waarin die beslissing van die mens bepalend is. Dit geld ook vir die toeëiening van die heil. Op hierdie punt het die bemiddelende karakter van hierdie teologie ook duidelik geword – dit gaan nie net om etiese en morele beslissings nie, maar ook beslissings van die geloof. Laasgenoemde sou in die Kaaps-Hollandse Kerk ‘n al hoe belangricker rol speel.

In die NZAT kom daar ten slotte ook, in ‘n heel geringe mate egter, ‘n beklemtoning in verband met die toeëiening van die heil, wat in lyn staan met dié van die **Heidelbergse Kategismus** en gereformeerde formuliere. Ook hieraan moet aandag gegee word. Dit is immers ‘n denklyn wat óók steeds aanwesig was in die Kaaps-Hollandse Kerk.

8.2.3 Die teonome begronding van die heil in Christus

In hierdie paragraaf word die enkele verwysings na die standpunte oor die toeëiening van die heil, wat dit in teonome kategorieë bely, in die NZAT nagegaan.

¹²¹⁸ Dies.

¹²¹⁹ Dies.,331.

¹²²⁰ Dies.

¹²²¹ Dies.,332.

¹²²² Dies.,330.

¹²²³ Dies.,332.

¹²²⁴ Dies.,336.

In ‘n preek oor Openbaring 22:17 word die Heilige Gees gesien as die Persoon wat die heil in die mens bewerk.¹²²⁵ Daar word byvoorbeeld gesê: “De Geest van God door wien de schryvers van het Evangelium gedreven werden, en wiens byzonder werk het is, op de zielen der gelooviggen, de verdiensten van ‘s Heilands dood toe te passen, zegt, ‘komt.’”¹²²⁶ Weer eens word die oproep tot bekering (“komt!”) begrond in die feit dat dit die Gees is wat die heil toepas. Ook word die werksaamheid van God as volg beklemtoon: “Niemand, wel is waar, kan tot den Verlosser komen, tenzy de Vader hem trekke, maar de Geest, wiens byzonder ambt het is, het hart des zondaars tot den Zaligmaker te trekken, noodigt allen tot hem te komen.”¹²²⁷ Hieruit kan die hoorder bemoedig word en sekerheid bekom, deur weg te kyk van homself na Christus: “Weest niet ontmoedigd door de flauwheid uwer begeerten, of door de zwakheid van uw geloof, maar gedenkt steeds dat onze aanneming by den Vader om de verdiensten van zynen Zoon geschiedt: en dat, hoewel wy onwaardig zyn, hy waardig is; - hoewel wy zwak zyn, hy almagtig is; - hoewel onze geregtigheid als een wegwerpelyk kleed is, de zyne volmaakt, vlekkeloos en onbesmet is.”¹²²⁸

Die begronding van hierdie woorde word gevind in die werklikheid van die verbond van genade. In hierdie preek vind ‘n mens een van die baie min verwysings na die verbond.¹²²⁹ Die skrywer verstaan die heil (die lewende water) as ‘n uitvloeisel van die verbond. “Het is ieder genoegzaam bekend, dat al de zegeningen van het verbond der genade ons dikwyls voorgesteld worden onder het zinnebeeld van water.”¹²³⁰

In ‘n ander preek word daar selfs gesê dat die mens *nie* ‘n vrye wil het om sonder meer die saligheid aan te neem nie!¹²³¹ Dit word so verwoord: “Onder de heerschappy der hartstogten, staat het hem niet meer vry, te kiezen, wat hy wil: in plaats van terug te keeren, gaan hy, al verder en verder, voort op den weg der ondeugd; vindt hy zich

¹²²⁵ Anoniem. Januarie-Februarie 1832. *Leerrede over Openbaring 22:17.* 4.

¹²²⁶ Dies.

¹²²⁷ Dies.,15.

¹²²⁸ Dies.,20.

¹²²⁹ Daar is geleenthede waar verwysings na die verbond pragtig kon inpas, maar dit ontbreek. Vergelyk die preek : Anoniem. November-Desember 1832. *Leerrede voor jonge lieden.* 405. Soos daar van die titel afgelui kan word, is hierdie preek in hoofsaak afgestem op die jongmense. Vanuit ‘n gereformeerde-teologiese oogpunt, kom die verbondsgedagte onmiddellik ter sprake. Dit is wat ‘n mens sou kon verwag. Tog gebeur dit nie. Die preek het as doelwit om “opwekkinge en aanmoediginge voor jonge lieden” te wees. (406). Die rede daarvoor is die feit dat die “godsdiens onder vele jonge menschen treurig gesteld” is. (Dies.). Hulle moet dus “in waarheid tot Hem terug keerd.” (Dies.). Ten einde die jongmense aan te moedig, wys die prediker hulle op ‘n hele paar redes waarom hulle veronderstel is om die Here te dien. Hy noem onder andere:

- a. “Hoe God de Vaderlyke Leidsman van uwe jeugd is.” (Dies.,408).
- b. “Gy hebt geen beter vriend dan God.” (Dies.).
- c. “Hy is de vaderlyke leidsman van uwe jeugd.” (Dies.).
- d. “Toen gy geboren werdt, hoe was God toen niet de Vaderlyke leidsman..” (Dies.).
- e. “Gy werdt geboren-waar? uit wie? in een heidensch land?”(Dies.,409).
- f. “Gy werdt geboren uit Christen ouders.” (Dies.,410).

Hierdie konsepte is alles verbondsterminologie. Tog funksioneer die verbond nie in die denke van die prediker nie! Waar die doop ter sprake kom, funksioneer dit nie werklik in sy teologie nie. Al wat gesê word is: “Niet lang na uwe komst op deze aarde werd u het plegtig teeken van den doop gegeven.Toen was het als of God dus tot u sprak: ‘Gy komt ellendig op de wereld; gy zult myne wet verlaten; maar ik wil uw ontfermer wezen.” (Dies.).

¹²³⁰ Anoniem. Januarie-Februarie 1832. *Leerrede over Openbaring 22:17.* 5.

¹²³¹ Anoniem. Maart-April 1833. *Leerrede over Joh 3:14-15.* 77.

menigmaal genoodzaakt, zonde tot zonde te voegen; en even daardoor zyne ellende te vergrooten.”¹²³² En ook: “Wie is in staat, naar eisch te beschryven, den jammerlyken toestandvan hem, wiers geweten het hem zegt, en die het levendig gevoelt dat hy zelve de oorzaak is van zyne schande en ellende.”¹²³³ Dit is suiwere gereformeerde taal.

Op ‘n ander plek weer, word die hemelvaart van Christus beskryf as die absolute en enigste waarborg vir die mens se saligheid.¹²³⁴ Hier word ‘n beskywing gegee hoedat Christus “in zyne hemelvaart, de zekerheid onzes herlevens waarborgen.”¹²³⁵ So word die begronding van die heil in Christus, weergegee:

“Door Zyne leer de onverderfelykheid heeft aan het licht gebring;
Door Zynen dood het verontrustend uitzigt in de eeuwigheid weggenomen;
Door Zyne opstanding de mogelykheid des herlevens aanschouwelyk in het oog heeft doen vallen; en
Door Zyne hemelvaart de zekerheid daarvan gewaarborgd.”¹²³⁶

In hierdie voorbeeld resoneer die teonoom-eksistensiële taal van die gereformeerde belydenisskrifte wanneer dit kom by die toeëiening van die heil. Die heilstoeëiening word geplaas binne die kontoere van die handelende God. Dit moet egter nie oorskot word nie. Die algemene oortuiging van die NZAT lê immers ‘n ander klem. ‘n Klem wat in lyn was met kontemporêre theologiese opvatting, uitgangspunte en praktiese vergestalting. Hiervoor is die geskrewe woord in die Kaaps-Britse samelewing aangewend. Die theologiese aansluiting van die NZAT lê dus ook by Nederland en die Nederlandse teologie. Ter wille van duidelikheid en volledigheid word daar in die volgende paragrawe op hierdie historiese verband ingegaan.

8.3 Nederlandse teologie in ‘n Kaapse baadjie

Uit die godsdienstige artikels van die NZAT kan afgelei word watter soort invloed op die theologiese denke en prediking van die Nederduitse Gereformeerde Kerk uitgegaan het in die eerste helfte van die negentiende eeu. Hierdie teologie moet verstaan word teen die breëre agtergrond van die begin van die negentiende eeu. Veral wanneer in gedagte gehou word dat die Kaaps-Hollandse Kerk geen eie theologiese opleiding gehad het nie en predikante in Nederland moes studeer.

In hierdie verband is dit van veel belang om te let op die manier waarop daar in Nederland self *wegbeweeg is* van die oorspronklike bedoeling van die Reformatie van die sesstiende eeu. Met die “bestraffing van remonstantse predikanten”¹²³⁷ by die Sinode van Dordrecht in 1618-1619, het die gereformeerde teologie in Nederland ‘n

¹²³² Dies.,91.

¹²³³ Dies.

¹²³⁴ Sonstral, JH. November-Desember 1840. *Jezus verdienste in het verligten van de vreeze des doods.* 403.

¹²³⁵ Dies.,414.

¹²³⁶ Dies.,404.

¹²³⁷ De Jong, OJ. 1986. *Nederlandse Kerkgeschiedenis.*202.

hoogbloei beleef. Die gereformeerde belydenis bevat, in lyn met die Skrif, “een teonome gerichtheid” teenoor die “outonome gerichtheid” van menslike wysgerige godsdiens- en denksisteme.¹²³⁸ Alleenlik vanuit ‘n *teonomiese* gesigspunt kan “*soli Deo gloria*” met reg bely word. Maar, vanuit *outonomiese* gesigspunt word die eer tussen God en die mens gedeel en kan slegs ‘n “*semi Deo gloria*”¹²³⁹ gehoor word. Dit is die wesenlike betekenis van die gereformeerde Reformasie. Hier word teruggekeer na die hartklop van die evangelieboodskap teenoor alle mensverheerlikende filosofië en godsdienssisteme.

Die heilstoeëiening word hiervolgens verstaan as ‘n werk van die Heilige Gees wat op die uitverkorene toegepas word. Hy pas dit egter op so ‘n manier toe dat die mens ook self tot geloof kom. “Het heil wordt ons deelachtig gemaakt doordat wij in de gemeenschap met Christus worden gebracht door Zijn Heilige Geest.”¹²⁴⁰ Die Reformasie het dit ook so verstaan dat die fokus en grond van die heil van begin tot end gerig bly op die beloftes van God en nie in enige mate op die gelowige self nie.¹²⁴¹ Die neerslag van hierdie teologie kan gevind word in die werke van Calvyn¹²⁴² in besonder sy bekende “Institusies.” Dan natuurlik ook die gereformeerde belydenisskrifte, met name die **Nederlandse Geloofsbelijdenis**, die **Heidelbergse Kategismus**, asook die **Leerreëls van Dordt**.¹²⁴³ Hierby kan gevoeg word al die klassieke gereformeerde formuliere soos byvoorbeeld die formuliere vir die bediening van die doop, die nagmaal, die “ban”, die “wederopneming” ensovoorts.¹²⁴⁴ Aan die Kaap, en dit het reeds vroeg in hierdie studie duidelik geword, is die klassiek-gereformeerde formuliere gebruik. Daaraan is nooit ‘n verandering gemaak nie. Die **Formuliere van Enigheid** het eweneens formeel gegeld. In die kategese is by die **Heidelbergse Kategismus of Kort Begrip** aansluiting gevind. Trouens, vir hierdie twee leerboeke het De Mist se **Reglement** vir die skoolonderwys ook voorsiening gemaak.¹²⁴⁵ Maar, hierdie belydenisskrifte en hul konfessionele teologie het nie omvattend en bepalend gefunksioneer nie. Dit het immers duidelik geword uit die onderhawige studie en in sekere opsigte is dit een van die belangrikste punte wat in hierdie studie gemaak word naamlik dat daar, in die Kaapse kerk, *nie deur en deur ‘n konfessionele omgang met die Skrif plaasgevind het nie*. Dit word ook aangedui deur die gegewe dat die Sinode van 1837 met ‘n geringe meerderheid die **quia**¹²⁴⁶ ondertekening van die belydenisskrifte vasgestel het.¹²⁴⁷

Aan die Kaap was daar dus ‘n duidelike skuif weg van die dampkring van die oorspronklike gereformeerde teologie gemaak. Hierdie skuif het reeds vanaf 1652 plaasgevind. Dit was natuurlik nie uniek nie, maar het op voetspoor van ‘n Nederlandse ontwikkeling gekom. In Nederland het gaandeweg velerlei invloede die kerk binne gesluip. “Een langzaam, haast onmerkbaar - en na 1700 werd het een snelle afloop als der wateren in de

¹²³⁸ Graafland, C. 1973. *Waarom nog gereformeerd?* 50.

¹²³⁹ Vgl. Theron, PF. 2000. *Dit gaan oor “soli” teenoor “semi.”* In: Die Kerkbode. 3 November 2000. 13

¹²⁴⁰ Van’t Spijker, W. 1992. *Het eigene van de Nederlandse Nadere Reformatie.* 58.

¹²⁴¹ Dies.

¹²⁴² In die volgende hoofstuk sal aandag gegee word aan Calvyn se opvatting van die heilstoeëiening soos dit vervat is in die Institusies.

¹²⁴³ Vergelyk Van der Linde, S. 1976. a.w. 77-138.

¹²⁴⁴ Janse, A. 1984. a.w. 17.

¹²⁴⁵ Sien: Moorrees, A. 1937. a.w. 558.

¹²⁴⁶ Dit beteken dat die belydenis onderteken word omdat dit volledig ooreenstem met die Skrif.

¹²⁴⁷ Sien: Hanekom, TN. 1951. a.w. 312; Ook: Acta Synodi 1837, 141. Die uitslag was 21 teenoor 19.

Gereformeerde kerken.”¹²⁴⁸ Hierdie “droeve afwijking der Gereformeerden,”¹²⁴⁹ moet toegeskryf word aan die opkoms van die rasionalisme. “De verlichting in de 18de eeuw dweepte met het redelijke, het in de natuur des menschen en in den aard der dingen gegevene.”¹²⁵⁰ Die “godsdiens” van die rasionalisme het sentreer rondom die bekende triologie : “God, deugd en onsterfelijkheid.”¹²⁵¹ Van die allergrootste belang, is die invloed van R Descartes.¹²⁵² Hy het hom in 1629 in Nederland gevestig.¹²⁵³ Hy het sy filosofie ontwikkel vanuit ‘n nuwe stelling: “het feit van het bewustzijn.”¹²⁵⁴ De Jong maak ‘n duidelike analise: “Descartes onderzocht het wezen van de menslike kennis; de mens kan twijfelen aan wat de zintuigen hem meedelen, maar die twijfel is en blijft een daad van het eigen bewustzijn. Dat is klaar en duidelijk, en daarom waar. Met wiskundige zekerheid leidde Descartes nu andere ideeën, die even klaar en duidelijk gedacht kunnen worden, hieruit af. Hij wilde geen enkele overlevering aanvaarden die niet aan de menselike rede was getoetst. Met deze methode leek het mogelijk om langs redelijke weg Gods bestaan te bewijzen als de idee van het allervolmaaktse wezen.”¹²⁵⁵ Cartesius se insigte het ‘n slagspreuk geword: “ Ik denk, dus ben ik.”¹²⁵⁶ “Zoo meende hij in zichzelf het *vaste punt gevonden* te hebben.”¹²⁵⁷ ‘n Tweede slagspreuk het hieruit voortgevloeи: “Wij denken God, dus is God.”¹²⁵⁸ Die inslag van die rasionalisme, het die menslike rede *bo* die Woord van God geplaas. “De strooming, die vroeg: Wat zegt de Schrift? werd al kleiner. De humanistische vraag: Wat zegt de Rede? werd al meer en al driester gehoord.”¹²⁵⁹ Op hierdie manier neem die “vrije souvereine denkende mensch” die Woord van God as iets “waarmee hij wel kon instemmen.”¹²⁶⁰ Dis dus geen wonder dat die kerk in Nederland gaandeweg ‘n al meer kritiese benadering begin volg het nie. Al hoe meer “onredelijke dingen”¹²⁶¹ kon nou in die Skrif en in die belydenisskrifte gevind word. Spoedig “kwam de critiek op de overlevering, op de belydenis, op de leer der getrouwe Gereformeerden, en te slotte de critiek op de Schrift zelve.”¹²⁶² Die geneigdheid binne die teologie tot Skrifkritiek en kritiek op die gereformeerde belydenis, kom dus op vanuit onskriftuurlike en ongerefommeerde filosofiese voorveronderstellings wat ten diepste afgodies van oorsprong is. Die *mens* en sy redelike vermoëns word tot god verhef.

Reeds in die vorige hoofstuk is daarop gewys dat die supranaturaliste nie in die ekstreme standpunt van die rasionalisme wou opgaan nie. Hulle het probeer om hiermee tot ‘n vergelyk te kom deur ‘n bemiddelingsteologie daar te stel. Hierdie teologie het aan die Kaap ‘n aanhang verwerf en is in die NZAT beoefen. Teen hierdie agtergrond is dit begryplik waarom die NZAT soveel klem plaas op die menslike verantwoordelikheid. Ds GWA van der Lingen, op wie later teruggekom word, het in 1853 gewaarsku teen die invloed van die rasionalisme in die

¹²⁴⁸ Janse, A. 1984. *Van “Dordt” tot “34.”* 20.

¹²⁴⁹ Dies.

¹²⁵⁰ De Graaf, SG. 1940. *Supplement bij hoofdlijnen in de kerkgeschiedenis.* 55.

¹²⁵¹ Dies.

¹²⁵² Dies.,216.

¹²⁵³ Dies.

¹²⁵⁴ Dies.

¹²⁵⁵ De Jong, OJ. 1986. a.w. 217.

¹²⁵⁶ Dies.

¹²⁵⁷ Dies. My beklemtoning – CS.

¹²⁵⁸ Dies.

¹²⁵⁹ Janse, A. 1984. a.w. 22.

¹²⁶⁰ Dies.

¹²⁶¹ Janse, A. 1984. a.w. 22.

¹²⁶² Dies.,23.

Nederduitse Gereformeerde Kerk.¹²⁶³ Hy wys hoe die rasionalisme die leer van die regverdiging verdraai. Hy wys daarop dat die rasionalisme leer dat die mens “van nature ‘n vrije wil heeft om te doen wat God geboden heeft.”¹²⁶⁴ Daarom geskied die bekering “niet door de scheppende kracht van de Heilige Geest.”¹²⁶⁵ Dit lê dus in die mens se eie mag om hom te bekeer.¹²⁶⁶ Van der Lingen noem hierdie leer ‘n “Basiliskeieren” en ‘n “valse, vergiftige, zielenmoordende leer.”¹²⁶⁷

Die vraag mag ontstaan: indien *dit* die bron is van waaruit die heilseskouing van NZAT beïnvloed is, waarom kon NZAT ook die objektiwiteit van die heil behou?¹²⁶⁸ Hoe is dit dan moontlik dat NZAT ook steeds aspekte van die gereformeerde belydenis kon vashou? Die antwoord op hierdie vraag kan ook afgelei word vanuit die situasie in Nederland. Dit blyk naamlik dat die vroomheid van die “Nadere Reformasie” en die rasionalisme mekaar kon ontmoet en ‘n pad saamloop. Die brug tussen die rasionalisme en die vroomheid van die Nadere Reformasie kan in iemand soos G Voetius (1634) gevind word.¹²⁶⁹ Hy was “in de praktijk een vroom man,”¹²⁷⁰ maar “heeft de scholastieke methode doorgevoerd en de godgeleerdheid werd zoodoende min of meer een gebouw van doode begrippen.”¹²⁷¹ Hy kon die rasionalisme en die vroomheid van “de Nederlandsche puriteinschspiëtistischme” meesterlik meng.¹²⁷² Die rationele tipe prediking of “leerdees,” was ook uitvloeisels van die invloed van Voetius en sy navolgers.¹²⁷³

Maar genoeg. Die aansluiting by en supranaturalistiese vertolking van die NZAT as Kaaps-Hollandse blad is hierbo goed geanalyseer. Daarin het dié kerk teologies aan die woord gekom. Daar is ‘n laaste vraag wat in die hierdie hoofstuk nie oor die hoof gesien kan word nie. Dit staan in verband met die agenda’s en handelinge van die eerste aantal sinodes.

8.4 Sinodes en die toeëiening van die heil

Tot watter mate het die Kaaps-Hollandse Kerk oor die toeëiening van die heil gepraat in sy sinodale vergaderings? Gedurende die tydperk waarop daar in hierdie studie gefokus word, het daar sinodale vergaderings plaasgevind in die volgende jare: 1824, 1826, 1829, 1834, 1837, 1842, 1847, 1852 en 1857.¹²⁷⁴ DA Kuyler het reeds ‘n proefskrif voltooi waarin hy die inhoud van hierdie vergaderings ontleed het en die ontwikkeling van die

¹²⁶³ Van der Lingen, GWA. 1931. *Invoering van het rasionalisme*. Die Kerkbode. 113.

¹²⁶⁴ Dies.

¹²⁶⁵ Dies.

¹²⁶⁶ Vergl. dies.

¹²⁶⁷ Dies.

¹²⁶⁸ Soos dit in vorige paragrawe beskryf is.

¹²⁶⁹ Vergelyk Janse, A. 1984. a.w. 28.

¹²⁷⁰ Dies.

¹²⁷¹ Dies.

¹²⁷² Dies.

¹²⁷³ Runia, K. 1985. a.w. 29.

¹²⁷⁴ Sien bibliografie vir die volledige besonderhede rakende die notules (Handelinge) van elkeen van hierdie sinodes. Elkeen van hierdie vergaderings se Handelinge is ten volle gepubliseer.

sinodale werksaamhede nagevors het.¹²⁷⁵ Die navorser het die notules van elkeen van die genoemde sinodale vergaderings noukeurig deurgewerk om te kyk hoe daar oor die toeëiening van die heil gedink is. Die teleurstelling was groot om te ontdek daar daar *weinig* hieroor gepraat is. Dit was klaarblyklik nie ‘n brandpunt in sinodale vergaderings nie.

Die vergaderings se werksaamhede was hoofsaaklik in beslag geneem deur kerkregtelike sake. Sake soos finansies, die sending, theologiese opleiding, sinodale werksaamhede, onderwys, kategese, en die hantering van konflik binne gemeentes was deurentyd op die agenda. Dit alles het gestaan binne die raamwerk van ‘n bepaalde soort kerkbegrip, waarna reeds verwys is. Kuyler wys ook hoedat die Nederduitse Gereformeerde Kerk deur ‘n *genootskaplike kerkbegrip* oorheers was.¹²⁷⁶ Hiervolgens is die kerk as ‘n *vereniging* gesien en bestuur.¹²⁷⁷ Dit is waarskynlik die rede waarom die agendas van sinodale vergaderings oorheers is deur die problematiek wat verbonde is aan die inrigting van die kerk as ‘n *genootskap*.

Dit alles beteken *nie* dat die heilstoeëiening nooit ter sprake was in sinodale vergaderings nie. ‘n Noukeurige ondersoek kan wel ‘n bepaalde implisiete veronderstelling in hierdie verband aandui.

Tydens die sinode van 1824 is daar nie direk oor die toeëiening van die heil gepraat nie. Daar kan egter ‘n paar interessante afleidings gemaak word uit sekere dinge wat tydens die sinode gesê is. Daar is nogal veel oor die sending gepraat. Dit lyk asof dit ‘n saak van groot belang vir die sinode was. Blykbaar was daar nie eenstemmigheid binne die kerk oor die vraag *hoe* plaaslike sendingwerk aangepak moes word nie.¹²⁷⁸ “Gedoopte slaven” is as christene beskou.¹²⁷⁹ Wanneer die gedoopte slawe ongetroud saamlewe, kom die kerklike tug ter sprake. Hulle word dus as christene gereken. Slawe wat nie gedoop is nie, is as “on-christenen” gesien.¹²⁸⁰ Die sinode sien ook die manier waarop “de heidenen verzameld” moet word as deur die “bedienen” van die “Heilige Sacramenten.”¹²⁸¹ Dit is dus opvallend dat *die doop* gesien word as die waterskeiding tussen heiden en christen. Daar word geen melding gemaak van die persoonlike geloof nie. Daar word ook geen melding gemaak van die noodsaak van bekering nie.

By die volgende Sinode, in 1826, kom die heilstoeëiening ook nie ter sprake nie. Tydens hierdie vergadering word daar weer veel gemaak van die sending en die ordening van sendelinge.¹²⁸² Die bekering van die heidene word beskryf as “tot het Christendom toegebragt wordende.”¹²⁸³ Daar word dus *nie vanuit die geloof* gepraat oor die bekering van die heidene nie. Die indruk word gelaat dat die “oorbring” na die Christelike geloof veel meer ‘n

¹²⁷⁵ Kuyler, DA. 1998. *Die ontwikkeling van die sinode en sinodale dienswerk van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika gedurende die 19 de eeu. ‘n Ekklesiologiese studie*. Stellenbosch. Ongepubliseerde DTh proefskrif.

¹²⁷⁶ Kuyler, DA. 1998. a.w. 351.

¹²⁷⁷ Dies.

¹²⁷⁸ Acta Synodi. 1824. 7.

¹²⁷⁹ Dies.

¹²⁸⁰ Dies.,16.

¹²⁸¹ Dies.,14.

¹²⁸² Byvoorbeeld: Acta Synodi. 1826. 32.

¹²⁸³ Dies.

formeel kerklike handeling geleë is (soos byvoorbeeld godsdiensstige onderrig en die bediening van die sakramente) as wat dit ‘n geloofsaak is.

Tog is dit ook tydens hierdie sinode dat die katkisasieleerstof van die Nadere Reformasie aanbeveel word.¹²⁸⁴ ‘n **Verkort Hellenbroek** is “aan te bevelen” vir gebruik in gemeentes.¹²⁸⁵ Oor die heilsbegrip van Hellenbroek is reeds in ‘n vorige hoofstuk breedvoerig geskryf. Hierbenewens keur die sinode dit goed dat predikante die “vrijheid” het om “ook andere kerkelijk goedgekeurde boeken of enige opstellen in de Catechisatie te gebruiken.” Op grond van die onderrig wat deur hierdie vrye leerstof gegee is, mag predikante dan “ledematen aannemen.”¹²⁸⁶

Tydens die sinode van **1829** was daar geluide gemaak wat nog nie voorheen gehoor is nie. Hier word naamlik na die kinders van die gemeente (verbondskinders) verwys as “geboren Christenen.”¹²⁸⁷ Hulle word sodanig aangedui in onderskeiding van die heidene se kinders. Die begrip word gebruik om aan te dui dat kinders wat binne die gemeente gebore is, niks anders geken het as die Christendom nie, terwyl die heidene in ‘n totaal ander konteks gebore is en oorgebring moet word na die Christendom. Die bedoeling is duidelik om die skerp onderskeid tussen verbondskinders en heidenkinders aan te dui. Sou dit beteken dat die toeëiening van die heil nie van toepassing is op kinders wat uit Christene gebore is nie en dat die heilstoeëiening dus net in die sendingsituasie geld?

Vyf jaar later, by die volgende sinode, kry die saak van die sending weer deeglik aandag. ‘n Mens kan agterkom dat daar in die kerk ‘n passie was vir die uitbreiding van die koninkryk. Die bekering van die heidene was beslis binne die visier van die kerk. Hierdie sinode se worsteling rakende die sending sentreer egter meer rondom kerkregtelike aspekte. Dit was tydens hierdie vergadering dat ds Van der Lingen se “genootskaplike sendingplan” aanvaar is.¹²⁸⁸

Tydens die spesiale sinodesitting van **1837** was daar niks konkreets rakende die heilstoeëiening gesê nie. By ‘n vorige sinode was die kategesemateriaal van die Nadere Reformasie naas die **Heidelbergse Kategismus** aanvaar. Tydens hierdie sinode word die Skotse kategesemateriaal *afgewys*. Ds W Robertson wou gehad het dat die Skotse **Shorter Catechism** ook in die kategese gebruik word. Sy motivering was dat talle kinders nie Hollands goed verstaan nie. Die sinode het nie die voorstel aanvaar nie, maar besluit dat die **Heidelbergse Kategismus en Kort Begrip** in Engels vertaal moes word.¹²⁸⁹ Was hierdie handeling van die sinode ‘n daad van eksklusiewe voorkeur aan die gereformeerde belydenis? Waarskynlik nie. Kuyler se opinie is dat die kerk bloot die Hollandse karakter

¹²⁸⁴ Die manier waarop die daar by die Nadere Reformasie oor die heilstoeëiening gedink was, en soos dit in die voorafgaande gedeeltes van hierdie proefskrif beskryf is, moet hier veronderstel word.

¹²⁸⁵ Acta Synodi. 1826. 36.

¹²⁸⁶ Dies.

¹²⁸⁷ Acta Synodi. 1829. 72.

¹²⁸⁸ Kuyler, DA. 1998. a.w. 91.

¹²⁸⁹ Acta Synodi. 1837. 143.

van die kerk wou handhaaf.¹²⁹⁰ Gesien in die lig van die feit dat die kerk voorheen sonder moeite die leerstof uit die Nadere Reformasie aanvaar het, is Kuyler heel waarskynlik korrek in sy afleiding.

By die volgende sinode van 1842 word besluit dat daar weer teruggekeer moet word na die **Heidelbergse Katechismus** as enigste bron van kategetiese leerstof. Die presiese bewoording was as volg: “.. dat voortaan door alle Leeraars en Onderwiziers der Hervormde Kerk, in deze Volkplanting, geene handleidingen bij het geven van Godsdiestig Onderwijs gebruikt zullen worden, dan de Heidelbergse Katechismus en het Korte Begrip, of zoo men ook daarbij verkiest te gebruiken, de Belijdenis des Geloofs en de Formulieren der Eenigheid.”¹²⁹¹ Hierdie besluit was geneem op grond van ‘n voorstel van Tulbagh se kerkraad.¹²⁹² Wat belangrik is, is die feit dat die kerk op ‘n ferme wyse teruggekeer het na die klassiek-gereformeerde kategetiese leerstof.

Hierdie sinode het ook ‘n pastorale herderlike brief na die gemeentes uitgestuur. Uit hierdie brief kan enkele afleidings gemaak word rakende die kerk se heilseskouing. Daarin word die heil ten volle begrond in God se inisiatief. Die eer word aan God gegee as die Een wat “in u een goed werk begonnen heeft.”¹²⁹³ Die wedergeboorte word ook begrond in die opstanding van Christus.¹²⁹⁴ Die regverdiging geskied dus “uit loutere genade.”¹²⁹⁵ Wanneer die gelowiges opgeroep word tot hul verantwoordelikheid in die heiligmaking, word dit gedoen op grond van die feit dat dit God is “die in ons hart werkt beide het willen en het werken naar zijn welbehagen.”¹²⁹⁶ Die geloof word op geen manier gesien as iets wat uit menslike potensiaal voortkom nie. God werk die geloof en Hy doen dit deur die instrument van Sy Gees en Woord.¹²⁹⁷ Die heilstoeëiening op sigself word beskryf as “zich onder het Kruis geschaard” en “Christus belijden als den Heer.”¹²⁹⁸ Nadruklik word die mens se verantwoordelikheid erken, maar dit alles geskied binne die raamwerk van God se handelinge. Selfs hierdie beskrywing van die geloof word gedoen met die fokus op Christus en nie die mens nie.

Terugskouend oor die sinodes vanaf 1824 tot 1842, moet opgemerk word dat die heilstoeëiening nie werklik ‘n kwessie was nie. Ook is nie eksplisiet en genuanseerd daaroor gedink toe met die sendingbeweging wat in die land aan die gang gekom het, tot ‘n vergelyk gekom is nie. ‘n Gereformeerde lyn in hierdie verband is wel in die kategetiese leerstof van die kerk gehandhaaf.

8.5 Samevatting

In hierdie hoofstuk het ‘n paar insiggewende aangeleenthede na vore gekom. Allereers die dominansie van die supranaturalistiese bemiddelingsteologie in die godsdiestige leesstof van die NZAT. Daarin is die

¹²⁹⁰ Kuyler, DA. 1998. a.w. 100.

¹²⁹¹ Acta Synodi. 1842. 213.

¹²⁹² Dies., 244.

¹²⁹³ Herderlike Brief. 1842. 1.

¹²⁹⁴ Dies., 2.

¹²⁹⁵ Dies., 3

¹²⁹⁶ Dies.

¹²⁹⁷ Dies., 5

¹²⁹⁸ Dies., 1

heilstoeëiening, wat uiteraard nie ‘n prominente tema in hiérdie teologie is nie, verreken in outonome kategorieë. Daarmee is die denklyn wat alreeds in die standpunte van di. Borcherts, Fleck en Von Manger aanwesig was, nou wyd en syd aan die Kaap gelees en ontvang. Uiteraard is dit gekomplementeer met ‘n supranaturalistiese genootskaplike kerkbegrip.

Tweedens was ‘n oortuiging wat rus op die teonoom-eksistensiële belydenis van die gereformeerde benadering hierby geakkommodeer of voortgesit. Dit blyk veral uit die keuse vir die **Heidelbergse Kategismus**. Maar, wat het van die denklyn van die Nadere Reformasie en die denklyne van Van Lier en Vos geword gedurende 1824-1843? In die volgende hoofstuk kom dit aan die orde, soos die nuwe geslag Skotse predikante dit verder gevoer het en in ‘n evangeliese omhulsel verpak het.

HOOFSTUK 9

DE HONIGBIJ EN ‘N SKOTS-EVANGELIESE INTERPRETASIE: 1843-1850

In die vorige twee hoofstukke is ingegaan op die wyse waarop die verskillende denklyne met betrekking tot die toeëiening van die heil by die Kaaps-Hollandse Kerk, gedifferensieerd in die 19de eeu voortgesit is. In hierdie hoofstuk kom die tydperk 1843 tot min of meer 1850 onder die soeklig. In die sentrum van die vraagstelling moet die Kaapse godsdiensstige blad De Honigbij, geredigeer deur Abraham Faure, staan. Wat het hierdie blad oor die toeëiening van die heil te sê gehad? Dit is duidelik dat hierin ‘n ander oortuiging as in die NZAT aan die woord gekom het. ‘n Oortuiging wat aansluiting gevind het by die evangeliese inslag van die Skotse predikante én landseuns wat as predikante leiding begin neem het. Predikante uit Nederland sou nou die hoogste uitsondering wees.¹²⁹⁹ Daarby is van die jonger geslag predikante ook nie aan die Nederlandse staatsfakulteite opgelei nie. Met hierdie ontwikkelinge in gedagte, moet teologies gedifferensieerd en genuanseerd met die Nederduitse Gereformeerde Kerk, soos hy sedert 1843 amptelik heet,¹³⁰⁰ omgegaan word. Hieronder word gevvolglik ook deeglik aandag gegee aan die inset van die Skotse predikante en hulle teologie.

9.1 Die Skotse puriteins-evangeliese inset ná 1820

‘n Hele aantal Skotse leraars het na Suid-Afrika gekom deur die toedoen van Lord Charles Somerset.¹³⁰¹ Hy wou die tekort aan predikante aanspreek en terselfertyd sy beleid van verengeling deurvoer.¹³⁰² In 1818 het hy die volgende predikante benoem: ds John Evans (Cradock), ds George Thom (Caledon), en ds John Taylor (Beaufort).¹³⁰³ In 1822 het ook die volgende leraars gearriveer: ds Andrew Murray (Graaff-Reinet), ds Alexander Smith (Uitenhage), ds H Sutherland (Worcester), ds C Fraser (Beaufort), ds G Morgan (Somerset-Oos), ds J Edgar (Somerset-Wes), ds J Cassie (Caledon), ds J Pears (Glen Lynden), ds WR Thompson (Stockenstroom), ds W Robertson (Swellendam), ds A Welsh (Glen Lynden), ds R Shand (Tulbagh) en ds T Reid (Colesberg).¹³⁰⁴ Ná 1860 het nog ‘n groep gekom, maar dit val buite die tydsafbakening van hierdie studie.

Ten onregte is die bediening en teologie van die Skotse leraars dikwels eensydiglik in ‘n negatiewe lig geplaas.¹³⁰⁵ Dit is heel algemeen dat hulle dikwels beskou was as metodiste. Daar word soms beweer dat hulle nie van swiwerre gereformeerde oortuiging was nie, maar die metodisme in die Nederduitse Gereformeerde Kerk ingedra het.¹³⁰⁶ Die blote feit dat ‘n “metodisme” aan hulle toegedig is, maak dit reeds belangrik om in hierdie studie deeglik kennis te neem van hul invloed en teologiese aksent. Die metodisme (en arminianisme) raak immers die heilsbeskouing direk.

¹²⁹⁹ Sien: Odendaal, BJ. 1957. *Die kerklike betrekkinge..* 92, 94 e.v.

¹³⁰⁰ Sien: Moorrees, A. 1937. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk..* 662 e.v.

¹³⁰¹ Hanekom, TN. 7 Junie 1972. Die Kerkbode. *Skotse leraars in Suid-Afrika.* 718.

¹³⁰² Dies.

¹³⁰³ Dies.

¹³⁰⁴ Dies.

¹³⁰⁵ Dies., 716.

Dit sou onmoontlik wees om die teologie van die Skotse leraars te verstaan sonder ‘n begrip vir die agtergrond van waaruit hulle gekom het. Dit is naamlik die Skotse kerkwêreld met sy unieke theologies-historiese karakteristiek. Gedurende die vroeëre sestiende eeu het Lutherse geskrifte Skotland bereik.¹³⁰⁷ Die Lutherse invloed kon egter nie die mas opkom teen die Calvinistiese invloede nie.¹³⁰⁸ Dit was veral John Knox wat die eintlike stukrag agter die “Skotse Reformasie” was.¹³⁰⁹ Hy was van Calvinistiese oortuiging.¹³¹⁰ Gedurende 1560 het die Skotse parlement ‘n gereformeerde geloofsbelidens aanvaar, die sogenaamde “Scots Confession.”¹³¹¹ Knox het hierdie geloofsbelidens opgestel. Uiteindelik sou die Calvinisme ‘n blywende stempel op die kerk in Skotland laat.¹³¹²

Wat belangrik is vir hierdie studie, is om noukeurig te let op veral twee “rigtings” binne die Skotse Calvinisme. ‘n Mens dink hier aan die verbondsbeskouing van Knox, maar ook die verbondsteologie in die algemeen binne die denkkraamwerk van die Skotse gereformeerdes. Dan is daar ook die puritanisme. Binne al twee hierdie rigtings kan ‘n duidelike afwyking van die oorspronklike Calvinisme waargeneem word.¹³¹³

Knox het klem gelê op die verbond, maar hy het nie gehou by die siening van Calvyn self nie. Knox het oor die verbond gedink as ‘n kontrak tussen God en mens met ‘n sterk voorwaardelike karakter.¹³¹⁴ Hy het naamlik gaandeweg die klem verskuif van “God se verbond met die mens” na “die mens se verbond met God.” Die klem het al meer op die mens gefokus. Dit het daar toe gelei dat Knox groot waarde geheg het aan die heiligeheid van die gelowige en selfondersoek. Die fokus verskuif dus van dit wat die gelowige in Christus reeds is, na dit wat die mens moet doen om die verbond met God te hou en die Here waardig te wees.¹³¹⁵

Die verbondsteologie het sterk inslag in die Skotse kerk gevind. Oor die algemeen is die verbond dus nie soseer verstaan as ‘n onvoorwaardelike verbond van God met die mens nie, maar as ‘n kontrak wat voorwaardelik gesluit word.¹³¹⁶ Die klem lê dus op die mens se verantwoordelikheid. Hierdie afwyking van die Calvinistiese verbondsbeskouing het gelei tot ‘n wettiese vorm van godsdiensbelewing.¹³¹⁷ Dit is waarom leraars in hul

¹³⁰⁶ Vergelyk hoedat E Conradie die skeldwoord “Skots-Engelse-Ortodoksie” aan die Skotse leraars toedig in *Hollandse skrywers in Suid-Afrika*. 293.

¹³⁰⁷ Claassen, JW. 1990. *Die kerklik-godsdiestige agtergrond en invloed van die eerste Skotse leraars*. 7.

¹³⁰⁸ Dies.,8.

¹³⁰⁹ Dies.

¹³¹⁰ Dies.

¹³¹¹ Dies.,9.

¹³¹² Dies.10. Sien ook die stelling van Jooste: “Die Skotse reformasie is deur John Knox van die begin af op die spoor van Calvyn gelei.” (Jooste JP. 1958. *Die geschiedenis van die Gereformeerde kerk in Suid-Afrika*. 21). Jooste is van mening dat “die kerk van Skotland tot die helfte van die 19de eeu in murg en been gereformeerd” was. (dies.,22).

¹³¹³ Dit is so ten spyte van die feit dat die Knoxiaanse reformasie “a forming again of the church founded by Christ and the apostles” wou wees. Sien Renwick, AM. 1960. *The story of the Scottish Reformation*. 95. Renwick is van oordeel dat die Skotse Reformasie baie suiwer was. “Basically it was simply a going back to the truths and ideals of the early church.”(Dies.). In beginsel was dit seker so. Daar is immers teruggekeer na die “Bible as the supreme rule of faith and morals” (dies), asook “the priesthood of all believers” (dies.,99), en “the apostolicity of the early church.” (dies.,103). Tog was daar aksente wat anders gelê is as deur byvoorbeeld Calvyn.

¹³¹⁴ Claassen, JW. 1990. a.w. 12.

¹³¹⁵ Sien dies.

¹³¹⁶ Dies.,36.

¹³¹⁷ Dies.

prediking soveel klem gelê het op sonde-oortuiging en die komende oordeel.¹³¹⁸ In ‘n sekere sin het die prediking dus verval in ‘n stuk gedwonge sistematisering van die heil. Die volgorde: oordeel, sonde, sonde-oortuiging, wroeging en verlossing, het ‘n vasstaande patroon binne die prediking geword.

Die derde rigting of invloed was die van die puritanisme. Die puritanisme kan verstaan word as ‘n “geestestroming” binne die gereformeerde kerk wat die suiwerheid van die kerk bepleit het.¹³¹⁹ Vandaar die begrip “puritan.” Hulle wou graag die kerklike lewe geskoei sien op die Bybelse model soos dit byvoorbeeld gegeld het in Genève in die tyd van Calvyn.¹³²⁰ Hieruit sien ‘n mens dat die puriteine werklik Calvinisties in hul oortuiging wou wees.¹³²¹ Daar kan selfs gesê word dat Calvyn en die puriteine “wesenlik ooreenstem” in die uiteensetting van tradisionele gereformeerde geloofswaarhede.¹³²² Die puritanisme was ‘n beweging wat reeds in die sesstiende eeu in Engeland ontstaan het as “een reform-beweging met Calvinistisch-gereformeerde opvattingen.”¹³²³ “Er moet een verdere zuivering komen, liturgisch en kerkrechtelijk allereerst, maar ook in moreel en ethisch opzicht, bijvoorbeeld op het punt van de sabbatsheilige.”¹³²⁴ Oor die algemeen was die puriteine calvinisties-georiënteerd. Hulle het ‘n “kerngezonde, schriftuurlijke, reformatrice heilsleer” verkondig.¹³²⁵ Hulle het daarvan vasgehou dat “de grondslag der zaligheid gevormd wordt door de verkiezing.”¹³²⁶ Die mens kan “van nature weinig tot zijn zaligheid bijdragen als de dode tot zijn opstanding.”¹³²⁷ Dit is waarom die “geloof een gave Gods” is en “een wonder van den Heilige Geest.”¹³²⁸ Hulle het verskil van die piëtisme daarin dat hulle nie die bekering gesien het as ‘n “plotselinge, gevoelige heilsverzekering” nie.¹³²⁹

Tog het dit by die puriteine gebeur dat die groot nadruk gelê het by die vroomheid van die gelowige.¹³³⁰ Die puriteine wou klaarblyklik ‘n soort “ewewig” bring tussen die Calvinistiese teologie en “intense persoonlike vroomheid.”¹³³¹ Daarom is soveel klem gelê op die gelowige se persoonlike godsdiensbelewenis. Dit het meegebring dat sake soos die oortuiging van sonde en die ervaring van vergifnis ‘n kernaspek van die puriteinse prediking was.¹³³² Daarom is daar ook soveel klem gelê op persoonlike selfondersoek.¹³³³ In die beklemtoning van

¹³¹⁸ Dies.,37.

¹³¹⁹ Dies.,17.

¹³²⁰ Dies.,18.

¹³²¹ Dies.

¹³²² Dies.,19. Sien ook die uiteensetting van Sutton, C. 1997. *Puriteins of Puritanisties?* 66 e.v. Hy wys daarop dat die Puriteine sterk verbonde was aan die sogenaamde “five points of Calvinism.”

¹³²³ Te Velde, M. 1996. *Puriteins, Pluraal en Opgeweekt.* 9.

¹³²⁴ Dies.

¹³²⁵ Kraan, ED. 1949. a.w. 232.

¹³²⁶ Dies.

¹³²⁷ Dies.

¹³²⁸ Dies.

¹³²⁹ Dies.,233.

¹³³⁰ Sutton, C. 1997. *Puriteins of Puritanisties?* 20.

¹³³¹ Dies.

¹³³² Dies.

die noodsak van die persoonlike bekering en toeëiening van die heil, het die element van die persoonlike beslissing ‘n swaar klem ontvang.¹³³⁴ Die aksent het verskuif van “die God van die geloof” na “die geloof in God.”¹³³⁵ Gaandeweg het die subjektiewe heiligeid van die gelowige en die aandrang daartoe om reg te leef voor God, die bo-toon begin voer.¹³³⁶

Hierdie verskuiwing word versterk deur sake soos *herlewings* en *evangelikalisme* wat binne puriteinse kontoere beklemtoon is en belangrike aspekte van die Skotse gereformeerde wêreld was. In beide het die soteriologie voorop gestaan.¹³³⁷ Die tema van “ware bekering” was gewoonlik die sentrale tema van hierdie tipe Woordverkondiging.¹³³⁸ Ook die *ervaring* van die bekering is beklemtoon.¹³³⁹ Predikers soos byvoorbeeld Robert Murray McCheyne en William Burns het klem gelê op ‘n “hartsgodsdiens.”¹³⁴⁰ In die strewe na ‘n “hartsgodsdiens,” was die gevaar altyd teenwoordig dat “die mens se antwoord en reaksie van deurslaggewende belang” geag is.¹³⁴¹ Ongelukkig is soms die indruk geskep dat verlossing en saligheid primêr van die mens se wilsbesluit afhang.¹³⁴²

‘n Mens sou dus met veiligheid kan sê dat die Skotse leraars wat na Suid-Afrika gekom het, op teologiesevlak, drieledig beïnvloed was: die Knoxiaanse Calvinisme, die Skotse verbondsteologie en die puritanisme. Dit beteken dat die Skotse leraars werklik gereformeerd wou wees.¹³⁴³ Die tipe gereformeerdeheid¹³⁴⁴ waarmee hulle na Suid-Afrika gekom het, het egter bepaalde afwykings van die reformatoriële soteriologie vertoon. Dit was ‘n tipe gereformeerdeheid wat veel eerder aansluiting sou kon vind by die Nederlandse Nadere Reformasie en die “oude schrijvers” wat so volop in die Nederduitse Gereformeerde Kerk gelees is.¹³⁴⁵

¹³³³ Dies.

¹³³⁴ Dies.,21.

¹³³⁵ Sutton, C. 1997. a.w. Die konklusie wat Sutton maak, is dat daar ‘n bepaalde afwyking van die ware Calvinisme gekom het. Daarom die woordspeling wat hy gebruik: “van puriteins tot puritanisme.” (98). Hoewel puritanisme “uit die agtergrond van die sestiente eeuse reformasie kom,” het daar ‘n teologiese “verskuiwing” gekom wat daarop dui dat die Puriteine se teologie “deur die konteks” beïnvloed is. (dies).

¹³³⁶ Claasen, JW. 1990. a.w., 21.

¹³³⁷ Dies.,74.

¹³³⁸ Dies.

¹³³⁹ Dies.

¹³⁴⁰ Dies.

¹³⁴¹ Dies.

¹³⁴² Dies.

¹³⁴³ Na afloop van sy navorsing konkludeer Claasen “dat daar geen getuienis gevind kon word dat die Skotse leraars arminiaanse metodisme in die NG kerk gebring het nie.”(dies.,samevatting, geen bladsynommer). Ook is iemand soos HDA du Toit van dieselfde opinie. (sien Du Toit, HDA. 1947. *Predikers en hul prediking*. 529). Hy meen dat daar ‘n baie noue aansluiting tussen die Skotse Presbyterianisme en die Sinode van Dordrecht was. “Na Dordt mag geen dominee in Skotland anders as ‘n goeie Calvinis wees nie.” (dies.,529). Hy meen dat “hulle veral gewaak het dat arminianisme die prediking insluip.” (Dies.).

¹³⁴⁴ Dat hulle werklik gereformeerd wou wees, ly geen twyfel nie. TN Hanekom wys byvoorbeeld hoedat dit huis die Skotse leraars was wat die Nederduitse Gereformeerde Kerk gesteun het in die handhawing van “sy gereformeerde karakter.” (Die Kerkbode 7 Junie 1972. *Skotse leraars in Suid-Afrika*. 718.). Dit was immers die Skotse leraars wat tydens die sinode van 1837 die stryd “aanbind om handhawing van die belydenisskrifte as ‘ooreenkomsstig Gods Heilige Woord te zijn.’” (Dies).

¹³⁴⁵ Sien Algra, H. 1966. *Het wonder van de 19e eeuw*. 23-27. Algra is oortuig dat daar direkte invloed van die puriteine uitgegaan het na Nederland en neerslag gevind het in die Nadere Reformasie.

Volledigheidshalwe moet ook gesê word dat die Skotse leraars vanuit ‘n bepaalde faksie binne die Skotse kerk gekom het. Gedurende die vroeg agtiende eeu was daar ‘n skeuring binne dié kerk. Dit is ‘n stuk geskiedenis wat reeds volledig beskryf is.¹³⁴⁶ Vir die doeleindes van hierdie studie is dit genoegsaam om slegs daarop te let dat die eindproduk van die kerkskeuring tot gevolg gehad het dat daar ‘n “evangelical-faksie”¹³⁴⁷ en ‘n meer liberaalgesinde faksie genaamd die “moderates”¹³⁴⁸ ontstaan het. Later was daar ‘n verdere (ingewikkeld) versplintering sodat die “Associate Presbytery” en “Relief Presbytery” ontstaan het.¹³⁴⁹ Eersgenoemde was nou die evangeliese rigting. Die “Associates” het later weer geskeur in die “Burghers” en “Anti-Burghers” partye.¹³⁵⁰ Eersgenoemde was nou die evangeliese stroom. Die “Burghers” het weer verdeel in die “Old Lights” en “New Lights.”¹³⁵¹ Met die komst van die Skotse leraars na Suid-Afrika, het die Skotse Presbyterianisme behoorlik soos ‘n “lappieskombers” gelyk.¹³⁵²

Dit is moeilik om presies vas te stel uit watter rigting die Skotse leraars gekom het. Dit wil egter voorkom asof Andrew Murray (snr) se voorsate meesal “Old Lights” was.¹³⁵³ Geoordeel aan die kenmerkende theologiese inslag van die Skotse leraars in Suid-Afrika, kan afgelei word dat hulle verwant was aan die “Associate Presbytery – Burghers – Old Lights” beweging. Die feit dat daar ‘n geen direkte koppeling gemaak kan word nie, toon aan hoe versigtig die teologie van die Skotse leraars beoordeel moet word. Daar mag op geen kategorieuse manier direkte lyne tussen hul veronderstelde agtergrond en hul eie teologie getrek word nie.

Oor die algemeen gesien, kan gesê word dat hulle heilseskouing in beginsel gereformeerd en Calvinisties was, maar met ‘n eie onderskeidende aksent. So het hulle byvoorbeeld die gereformeerde en Bybelse siening ten volle gehandhaaf naamlik dat God die genade-inisiatief neem in die mens se heil.¹³⁵⁴ Dit beteken dat hulle die leer van Goddelike voorsienigheid en die leer van die uitverkiesing ten volle wou handhaaf. Die vertrekpunt van die heil word in geen oopsig van die mens se doen en late afhanklik gestel nie. Hierin word die arminianisme ten volle ontwyk.

Die uitverkiesing word nie altyd ewe veel beklemtoon nie, maar die Skotse leraars het steeds daaraan vasgehou.¹³⁵⁵ Hiermee saam het hulle egter besliste nadruk op die bekering of die heilstoeëiening gelê. “Hulle het

¹³⁴⁶ Sien Claasen, JW. 1990. a.w, 45-60 vir ‘n volledige beskrywing hiervan.

¹³⁴⁷ Dies.,51. Die “evangelicals” as beweging, het ‘n sterk aansporing ontvang van ‘n invloedryke boek wat vroeër verskyn het “The marrow of modern divinity.” In hierdie boek is die persoonlike bekering sterk beklemtoon. Gemeentelede moes hulle vergewis of hulle uitverkies is. Die uitverkiesing is sodanig vertolk dat die mens ‘n duidelike verantwoordelikheid het. (sien Jooste JP. 1958. a.w. 22). Hulle was Calviniste, maar hulle Calvinisme was “breed, katoliek en liberaal.” (dies).

¹³⁴⁸ Dies.,50.

¹³⁴⁹ Dies.,53.

¹³⁵⁰ Dies.,54.

¹³⁵¹ Dies.

¹³⁵² Dies.,55.

¹³⁵³ Dies. J du Plessis meen dat hulle tot die “Old Lights” behoort het. (Du Plessis, J. 1920. *Het leven van Andrew Murray*. 17.) Ook neem HDA du Toit sy siening oor. (sien Du Toit HDA. 1947. a.w. 532). Dit is egter opmerklik dat Du Plessis geen bronneverwysing vir sy standpunt gee nie. Dit kan dus nie gekontroleer word nie.

¹³⁵⁴ Vergelyk Claasen, JW. 1990. a.w. 358 e.v.

¹³⁵⁵ Dies.,360. Sien ook Du Toit HDA. 1952. *Kerk en Kansel*. 243. In hul interpretasie van die uitverkiesing het hulle die weg van saligheid “wyd probeer oopmaak” en die sondaar probeer oorreed om dadelik “die uitgestrekte hand van Gods genade aan te neem.” Hulle het dus die uitverkiesing ruimer vertolk as wat Dordt dit gedoen het. Hulle het die genade aan alle mense

die uitverkiesing so vertolk dat die sondaar ‘n baie duidelike verantwoordelikheid besit.”¹³⁵⁶ Die aanmoediging tot die persoonlike beslissing het altyd prominent na vore gekom in die prediking.¹³⁵⁷ Daar is aangedring daarop dat die hoorder moes seker maak of hy “‘n gepredestineerde is.”¹³⁵⁸ Dit was asof die geweldige aandrang op die bekering op ‘n gespanne voet was met die uitverkiesing en verbond. Daarom dat ‘n mens soms vind dat die Skotte aan die genade-inisiatief van God wou vashou, maar soveel begeerte gehad het dat die hoorders tot ‘n beslissing moes kom, dat die heilswerk van die Gees afhanklik gemaak word van die mens se beslissing.¹³⁵⁹ Hierdie “botsing” tussen die uitverkiesing en die heilstoeëiening, kom waarskynlik op vanuit die feit dat die Skotte daartoe geneig was om op ‘n skolastiek-gesistematiseerde wyse met die Skrif om te gaan. Dan word daar gepoog om sake met mekaar op logiese wyse te rym. In die Skrif en in die gereformeerde belydenis staan verkiesing en bekering nie op ‘n gespanne voet nie, omdat dit as ‘n *belydenis* hanteer word en nie as ‘n gesistematiseerde theologiese konstruksie nie.

HDA du Toit wys byvoorbeeld daarop hoedat die Skotse leraars se prediking later tot ‘n mate in sekere vorme verval het.¹³⁶⁰ Hiervolgens word die mens eers in sy oorspronklike geestelike toestand geteken. Daarna word verduidelik wat die mens geword het na die sondeval. Dan word gesê wat die mens onder die genade is en laastens wat sy ewige staat sal wees.¹³⁶¹ Op hierdie manier word daar dan in elke Bybelgedeelte na hierdie skema gesoek.

Laastens kan gewys word op die groot klem wat die Skotte geplaas het op selfondersoek en sondebesef. Die prediking is dikwels gekenmerk deur sware boete-prediking.¹³⁶² Die motief hieragter was ongetwyfeld om die hoorder te dryf na Christus en na verlossing. Ongemerk het die aksent egter verskuif vanaf God se beloftes na die mens se belewenisse en bevindelikheid.¹³⁶³ Oor die algemeen beskou kan die evangeliese prediking getypeer word as ‘n teologie wat *die gelowige mens* in die fokus het. Alhoewel leerstellighede korrek verkondig is, was daar die passie om ‘n verandering by die mens te sien. Volgens Claasen was “die soteriologie en ware bekering gewoonlik die sentrale tema in hierdie tipe Woordverkondiging. Die belangrikheid van gebed in die lewe van die gelowige is benadruk. Die bekeringservaring is geaksentueer en ‘n godsdiens wat die hart van die mens aanraak, is as onontbeerlik beskou.”¹³⁶⁴ Van deurslaggewende belang vir die evangelikalisme was *die mens se antwoord* op God

aangebied en nie net aan die uitverkorenes nie. Die ongelowige is self verantwoordelik gehou vir sy verwerping van Christus.(dies.,243.).

¹³⁵⁶ Du Toit, HDA. 1947. a.w. 534.

¹³⁵⁷ Dies.

¹³⁵⁸ Dies.

¹³⁵⁹ Sien Claasen, JW. 1990. a.w. 361. Hy verwys na ‘n preek van W Robertson waar Robertson in een preek skoppelmaai ry tussen die “soli Deo gloria” en die mens se bekering wat aan God “toestemming” verleen om te werk.

¹³⁶⁰ Sien Du Toit HDA. 1947. a.w. 535.

¹³⁶¹ Dies.

¹³⁶² Claasen, JW. 1990. a.w. 373.

¹³⁶³ Oor die algemeen gesien is die navorsing oortuig dat Claasen té positiefoordeel oor die Skotse leraars se trou aan die gereformeerde belydenis. Dat hulle heilsbeskouing binne die kontore van die gereformeerde belydenis geloop het, ly geen twyfel nie. Claasen het egter te min sig op die duidelike afwykinge wat bespeur kan word. Binne die bolwerk van die Skotte se vroomheid en ywer skuil daar ‘n gewisse verskuiwing weg van die gereformeerde bedoeling. Hierdie verskuiwing bring *die mens* in ‘n fokus wat vreemd is aan die Skrif en vernietigend vir die trou aan die gereformeerde belydenis.

¹³⁶⁴ Claasen, JW. 1990. a.w. 71.

se heilstoeselegging.¹³⁶⁵ “Die indruk is geskep dat verlossing en saligheid primêr van die mens se wilsbesluit afhang. Die mens moet tot ‘n beslissing gebring word en daarom is gekonsentreer op onrustige temas soos die dood, die wederkoms, die oordeel en die ewige verdoemenis.”¹³⁶⁶ Die subjektiewe persoonlike ervaring en gevoel moes dus die geloofsekerheid rugsteun.¹³⁶⁷

Die Skotse leraars het beslis ‘n impak in die Kaap gehad. Daaroor bestaan daar geen twyfel nie. Hulle sou hulle byvoorbeeld beywer vir die instelling van bidure.¹³⁶⁸ So is daar gemeentelike bidure gehou en het dit instellings geword. Hiermee is aangesluit by ‘n praktyk wat Van Lier en Vos reeds beoefen het. Sass wys op ‘n belangrike aksentuering wat die Skotse leraars by die openbare gebed ingedra het. Hulle het naamlik die gebed en bidure met herlewings in verband gebring.¹³⁶⁹ So het hulle aan ‘n bepaalde bedieningswyse beslag gegee en die puriteinse beklemtoning is nie agterweë gelaat nie. In gebed en herlewing sou hulle die regstelling van die lewe in die kerk en maatskappy soek. Hierby sou die blad De Honigbij (soos in die volgende paragraaf aangetoon sal word) aansluiting vind. In ‘n insiggewende artikel oor die gemeentebiblioteek op Colesberg wat ds Reid in 1841 aanlê, wys Brown daarop dat “de oude schrijvers” uit die Nadere Reformasie met ‘n evangeliesgesinde piëtisme aangevul is.¹³⁷⁰ Met ‘n uitgesproke mistieke spiritualiteit is dit purteinse skrywers wat hier die bootoon voer. Onder andere was daar uitgawes van die Erskines, wat Bosman al nege dekades te vore gelees het. Hulle bediening het huis in die teken van herlewing gestaan. So is ‘n evangeliesgesinde bedieningstyl by ‘n voorpos gemeente ingedra.

Die Skotse leraars het dus teologies met mekaar geassosieer en hulle bediening evangelies ingeklee.

Natuurlik sou hierdie leraars nie ontken dat die uitverkiesing die bron van die geloof is nie, maar hul puriteins-evangeliese inslag het veroorsaak dat die hoofklem geplaas is op die noodsaaklikheid van die menslike beslissing. Die totale verdorwenheid van die mens is erken en so ook die feit dat geloof ‘n genadegawe is, maar die beperkte versoening is meerendeels ontken ter wille van ‘n algemene versoeningsleer. Die dryfveer hieragter was ongetwyfeld die passie vir die sending en om die wêreld vir Christus te bereik. Die uitverkiesing is geleer, maar die oproep tot bekering is voorop gestel.¹³⁷¹ Die gemeentelede is opgeroep om seker te maak dat elkeen wel “n gepredestineerde” is.¹³⁷² HDA du Toit gee ‘n treffende opsomming van hoe die Suid-Afrikaanse Skotse leraars die heilstoeëiening gesien het: “die weg van saligheid is wyd probeer oopmaak en die sondaar is probeer oorreed om dadelik die uitgestrekte hand van Gods genade aan te neem.”¹³⁷³

¹³⁶⁵ Dies.

¹³⁶⁶ Dies.

¹³⁶⁷ Dies., 75.

¹³⁶⁸ Handelinge: Sinode 1834: 88; Handelinge: Sinode 1837: 116, 119, 123. Sien ook: Oberholster, JAS. 1956. *Die Gereformeerde Kerke onder die kruis..* 156 e.v.

¹³⁶⁹ Sass, FW. 1956. *The influence of the Church of Scotland..* 102 e.v.

¹³⁷⁰ Brown, E. 1990. *Kantaantekeninge by ‘n 19de eeuse boekversameling..* 533-554.

¹³⁷¹ Landman, W. Onvoltooide proefschrift oor die Skotse leraars. Kerkargief. 529. “Hulle het gewaak teen die arminianisme.”

¹³⁷² Dies.

¹³⁷³ Du Toit, HDA. 1952. *Kerk en kansel.* 243.

Iemand wat dieselfde aksente gelê het, was dr William Robertson. Hy was sekerlik een van die bekendste Skotse leraars en het wye invloed in die Nederduitse Gereformeerde Kerk uitgeoefen. Hy het studeer onder die evangeliese dr Chalmers¹³⁷⁴ en is in 1831 tot die bediening in die Nederduitse Gereformeerde Kerk toegelaat.¹³⁷⁵ Sy eerste preek was uit Openbaring 22:17.¹³⁷⁶ Hierdie teksvers is ook sprekende van sy evangeliese ingesteldheid. So was dit omdat sy moeder hom reeds binne die evangeliese spiritualiteit grootgemaak het. Sy ouers was lidmate van die Skotse “evangelical” kerk en hierdie “fondament” sou sy hele lewe deur “onwrikbaar” bly.¹³⁷⁷ Sy evangeliese ywer het dikwels veroorsaak dat hy hom tot die uiterste vermoei het om die evangelië op verskillende plekke te kon verkondig.¹³⁷⁸

Robertson se prediking was in lyn met sy Skots-Suid-Afrikaanse kolleagues. Hy het swaar klem geplaas op die verantwoordelikheid van die mens om die heil toe te eien, met minder sig op die uitverkiesing en verbond. Hy het aangedring op “dadelike bekering.”¹³⁷⁹ Hy het ook die “verkiesing uit vrye onverdiende genade” gehandhaaf.¹³⁸⁰ Hy wou geen arminiaan wees nie! Tog is dit asof die mens se bekering die inisiatief van God oorskadu.¹³⁸¹ Die bekering was vir hom die “hoofonderwerp van de prediking.”¹³⁸²

By een redevoering lyk dit asof daar iets van die invloed van die rasionalisme deurskemer wanneer hy die deug van “kennis” en “opvoeding” ophemel.¹³⁸³ Dit is weliswaar nie ‘n preek nie, maar die redevoering word tog wel vanuit die Skrif aangebied. Aan die einde word die redevoering weer afgerond met die oproep tot bekering: “Geeft uzelven derhalve geheel en al aan Hem over..”¹³⁸⁴

Uit alles wat tot dusver gesê is, is dit glashelder dat in die Skotse predikante ‘n ander gees en benadering aan die woord gekom het as in die supranaturalisties-Nederlandse teologie. Ondertussen het, soos in die inleiding aangetoon, landseuns predikante geword en ‘n leidinggewende rol gespeel. Een van hulle was Abraham Faure.

9.2 Ds Abraham Faure kies vir ‘n middepositie

Abraham Faure het die lewenslig op 29 Augustus 1795 gesien.¹³⁸⁵ Hy is in Suid-Afrika gebore en sy moeder was ‘n dogter van ‘n Franse Hugenote-vlugteling.¹³⁸⁶ Hy is oorlede in 1875 in die ouderdom van byna tagtig jaar.¹³⁸⁷

¹³⁷⁴ Volgens sy eie verklaring was hy “nearer to Calvinism” as aan ander tradisies! Hy het onder andere die leer van die beperkte versoening verwerp. Klaarblyklik was dit maar die algemene neiging van die Skotse predikante. Sien: Claassen, JW. 1990. a.w. 137.

¹³⁷⁵ Baker, J. *A memoir of the rev. Wm Robertson*. 1.

¹³⁷⁶ Dies.

¹³⁷⁷ Robertson, W. Biografiese gegewens. Kerkargief. BB4.

¹³⁷⁸ Robertson, W. Biografiese gegewens. Kerkargief. P41.17.

¹³⁷⁹ Du Toit, HDA. 1947. a.w. 625.

¹³⁸⁰ Dies., 627.

¹³⁸¹ Robertson, W. 1847. *Christus, de gekruisigde..* 12. Hier is ‘n goeie voorbeeld: “wanneer zij zich tot Hem wenden, in zijne gunst en vriendschap wil aannemen.”

¹³⁸² Dies. 4.

¹³⁸³ Robertson, W. 1832. *Aanspraak gedaan by het openen van de derde sessie van het ZA Athenaeum*. NZAT. 84 e.v.

¹³⁸⁴ Dies., 92.

¹³⁸⁵ Faure, A. *Biografiese gegewens*. Kerkargief. P17.

Faure het grootgeword onder die prediking van ds Meent Borcherds op Stellenbosch.¹³⁸⁸ Laasgenoemde het hom sy “jonge Timotheus” genoem.¹³⁸⁹ Dit was waarskynlik omdat Faure op sestienjarige ouderdom onder sy prediking tot bekering gekom het.¹³⁹⁰ Na sy bekering het hy besluit om sy lewe aan die sending te wy.¹³⁹¹ Klaarblyklik het Faure nie die supranaturalistiese denke van Borcherds oorgeneem nie, maar verkies om die evangeliese rigting in te slaan.¹³⁹² Sy sendingywer bevestig dit. Gedurende sy theologiese opleiding het hy juis veel blootstelling gehad aan die puriteinse denke.¹³⁹³ Hy het immers die eerste twee jaar van sy opleiding in Engeland by die Londense Sendinggenootskap ontvang. Hier het dr D Bogue sterk puriteinse invloed op Faure uitgeoefen.¹³⁹⁴ Die gees van sy latere prediking het die “tipiese evangeliese gees van die man” (dit is Bogue) openbaar.¹³⁹⁵ Sy intreepreek in die gemeente van Graaff-Reinet was dan ook na aanleiding van Johannes 1:29: “Daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem.”¹³⁹⁶

Hy was daarop ingestel om die hoorders tot ‘n beslissing vir Christus te lei. Die feit van die verbond het hieraan geen verskil gemaak nie. Hy het deur “sy ernstige en vermanende prediking by sy toehoorders ‘n groot vrees en ontsag vir die regmatige oordeel oor die sonde ingeboesem. Dit was so tipies van die puriteinse skrywers en predikers onder wie se invloed hy in Engeland verkeer het. Hy was bekend vir die vuur waarmee hy die rampsalige lot van die goddelose in die hiernamaals afgeskilder het.”¹³⁹⁷ Sy teenstanders het gepraat van sy “blood and hell theology.”¹³⁹⁸ Hulle het ook spottenderwys verwys na die “terrible threats of hell and eternal damnation” wat kenmerkend van sy prediking was.¹³⁹⁹

Faure se siening van die heilstoeëiening was eg evangelies: die mens moet tot ‘n beslissing gebring word. Die mens moet sy “handen tot God uitstrekken.”¹⁴⁰⁰ Jesus Christus moet “erkennen wordt as Heer en Heiland.”¹⁴⁰¹ Die kerklidmaat moet daarop gewys word dat die mens alleen die Here kan ken indien hy “bij ondervinding” geken word.¹⁴⁰² Die mens se hande moet “tot Hem uitgebrei wordt,”¹⁴⁰³ want “men zoekt en bekomt alleen vergiffenis van zonden door het geloof in Hem.”¹⁴⁰⁴

¹³⁸⁶ Dies.

¹³⁸⁷ Dies.

¹³⁸⁸ Du Toit, HDA. 1952. *Vorige Eeu feespreke*. Die Kerkbode 12 Maart 1952. 499.

¹³⁸⁹ Dies.

¹³⁹⁰ Dies.

¹³⁹¹ Dies.

¹³⁹² Dies. Dat hy nie die weg van die supranaturalisme ingeslaan het nie, word bevestig deur TN Hanekom. Sien: 1949. *Theologiese opleiding in Suid-Afrika*. Die Kerkbode 26 Januarie 1949. 243.

¹³⁹³ Gerdener, GBA. 1945. a.w. 40.

¹³⁹⁴ Dies.

¹³⁹⁵ Dies.

¹³⁹⁶ Dreyer, A. 1935. a.w. 1072.

¹³⁹⁷ Heyns, HA. 1946. *Die kerklike werksaamhede van Abraham Faure*. 29.

¹³⁹⁸ Dies.

¹³⁹⁹ Dies.

¹⁴⁰⁰ Faure, A. 1852. *Redevoering bij het tweede eeuw-feest ter herinnering aan de vestiging der Christelijke kerk in ZA*. 3.

¹⁴⁰¹ Dies.,6

¹⁴⁰² Dies.

¹⁴⁰³ Dies.,7.

¹⁴⁰⁴ Dies.,6.

Faure se heilsbeskouing is dus die meeste deur die evangelikalisme beïnvloed. Dit blyk ook duidelik uit sy lojaliteit aan die *Zuid-Afrikaansch Evangelisch Verbond*.¹⁴⁰⁵ Hier blyk die sentimente wat hy gehad het vir ‘n hernude en “meer overvloedige uitstorting des Heiligen Geestes.”¹⁴⁰⁶ Hier blyk die onstuimige passie wat hy gehad het vir “de groote opwekking in die godsdiens.”¹⁴⁰⁷ Sy hart was beslis by die groot herlewings wat in die Boland plaasgevind het.¹⁴⁰⁸ Hand aan hand hiermee was hy ook nie eksklusief verbonde aan die gereformeerde belydenisskrifte nie. Hy pleit juis vir “verdraagsaamheid” teenoor alle kerke van evangeliese belydenis.¹⁴⁰⁹ Die eie geloofsbelofte word as ‘n “beperking” gesien.¹⁴¹⁰

Tog wou Faure ook gereformeer en calvinisties wees. Hy wou “getrou bly aan die calvinistiese beskouing.”¹⁴¹¹ Sy teologie is selfs as “regssinnig” beskryf.¹⁴¹² Die rede waarom hy hom so baie beywer het vir plaaslike theologiese opleiding was juis ook om die ware leer te beskerm.¹⁴¹³ Die worstelstryd om ‘n eie theologiese opleiding tot stand te bring was “‘n worstelstryd vir die voortsetting van die historiese lyn wat terugvoer oor die sinode van Dordt, Calvyn en Augustinus na die oorsprong van die evangelië by Jesus en die apostels.”¹⁴¹⁴

Die eienaardige by Faure is egter dat hy óók oopgestaan het vir die supranaturalisme. So byvoorbeeld het hy geen probleem daarmee gehad dat die Nederduitse Gereformeerde Kerk se kerkgebou aan die Vrymesselaars afgestaan word om hulle “diens” daar te hou nie.¹⁴¹⁵ Hy het ook die gebou oopgestel vir “die biskop van Calcutta” om sy lidmate en predikante daar te bevestig.¹⁴¹⁶ Hy het ook geen probleem daarmee gehad om Lutherane tot die gereformeerde nagmaal toe te laat nie, al het hulle ‘n ander leerbegrip van die nagmaal gehad.¹⁴¹⁷

Die preke en artikels in **Het Nederduitsch Zuid-Afrikaansch Tydschrift** gee oorvloedige getuienis van die manier waarop die rasionalisme hom beïnvloed het.¹⁴¹⁸ Die invloed van die humanisme blyk ook uit die simpatie wat Faure met die arminianisme gehad het. By geleentheid het hy ‘n preek gepubliseer oor die gelykenis van die Verlore Seun.¹⁴¹⁹ Dit is ‘n preek wat uit Nederland oorgeneem is en met genoeë in **Het Nederduitsch Zuid-Afrikaansch Tijdschrift** gepubliseer is. Dit blyk uit Faure se redaksionele opmerking onderaan die eerste bladsy.¹⁴²⁰ Hier maak hy daarvan melding dat die preek deur ‘n remonstrantse predikant gepreek is.¹⁴²¹ Hy noem

¹⁴⁰⁵ Hierdie aspek word ook meer volledig bespreek in ‘n latere hoofstuk. Faure se betrokkenheid en sy standpunte word daar aan die orde gestel.

¹⁴⁰⁶ De Gereformeerde Kerkbode. 13 Augustus 1959. 267.

¹⁴⁰⁷ Dies.

¹⁴⁰⁸ Sien: De Gereformeerde Kerkbode. 15 Desember 1860. 392.

¹⁴⁰⁹ De Gereformeerde Kerkbode. 27 Maart 1858. 109.

¹⁴¹⁰ Dies.

¹⁴¹¹ Dies.,30.

¹⁴¹² Gerdener, GBA. 1945. a.w. 40.

¹⁴¹³ Groenewald, EP. 1952. a.w. 508.

¹⁴¹⁴ Dies.

¹⁴¹⁵ Heyns, HA. 1946. a.w. 26.

¹⁴¹⁶ Dies.,27.

¹⁴¹⁷ Dies.

¹⁴¹⁸ Hierdie aspek word in ‘n latere hoofstuk van hierdie proefskrif volledig bespreek.

¹⁴¹⁹ Sien NZAT: September-Oktōber 1826. 317-331.

¹⁴²⁰ Dies.,317.

die preek “regt evangelisch” en betreur dit dat daar skeiding gekom het tussen die remonstrante en gereformeerdes.¹⁴²² Hiermee verloor hy sig op die diepliggende verskille tussen die twee rigtings en ignoreer die feit dat die arminianisme ‘n wesenlike verloëning van die waarheid van die evangelie is. Hierdie opmerking laat ‘n mens ook wonder oor die inhoud van Faure se “evangeliese” prediking. Was dit nie ‘n wesenlike stuk arminianisme nie? Het hy nie hiermee sy gereformeerde bedoelings verloën nie?

By Faure lê daar dus aksente wat van ‘n eie teologiese middepositie getuig. Daarin is die belynde oortuigings van die gereformeerde belydenis omgebuig. In ‘n vergelyk met die vorige hoofstuk behoort dit nou ook duidelik te wees dat die gegewens wat hier oor die Skotse leraars en Abraham Faure na vore gehaal is, van ‘n ander teologiese denklyn getuig. Om die saak nog verder te belig, word die aandag nou by die godsdienstige artikels van **De Honigbij** bepaal.

9.3 Die teologiese standpunt van De Honigbij

In die laat dertiger jare van die 19 de eeu het nog ‘n godsdienstige tydskrif, *De Honigbij*, sy verskyning in die Kaap gemaak. Weer is Abraham Faure, predikant van die Kaapse gemeente, die redakteur.¹⁴²³

Net soos in die geval van die NZAT, wou *De Honigbij* ook in ‘n behoefté van die samelewing voorsien. Dit wou die begeerte na “boeken en geschriften welke eene zuivere Godsdienstzin ademen”¹⁴²⁴ ondervang. Dit gaan gevvolglik om ‘n tydskrif wat uit en uit op godsdienstige artikels afgestem is. En, soos dit blyk uit die “Voorrede,” wil die redakteur ‘n bepaalde klem lê, wat opvallend genoeg, nie in die NZAT aangetref word nie. “Wij beleefen eene tijd,” skryf Faure, “waarin elke opregte Christenbelijder bijzonder geroepen en opgewekt word tot ernstig waken, vurig bidden, ijverig arbeiden, dat Gods zegenende gunst ook hun geschenken worde, die alsnog minder bevoorregt zijn dan hij is.”¹⁴²⁵

Hierdie appèl het sekerlik konsekwensies ingehou vir die siening van die heil in Christus en die toeëiening daarvan. Immers, so waarsku Faure, “de Christen dan zij op zijne hoede, opdat hij behoude hetgeen hij heeft, opdat zijn kroon hem niet worde ontnomen!”¹⁴²⁶ So sit *De Honigbij* sy teologiese bakens uit. Hierdie bakens word nou hieronder nageloop.¹⁴²⁷

9.3.1 Geloof as gawe uit vrye genade

¹⁴²¹ Dies.

¹⁴²² Dies.

¹⁴²³ Olivier, AR. 1998. *Bode op die spoor van die Woord*. 10. Dit was geen kerkblad nie. Klaarblyklik was dit bedoel om die Hollandse kultuur en godsdiens te bevorder.

¹⁴²⁴ Voorrede van *De Honigbij*.

¹⁴²⁵ Dies.

¹⁴²⁶ Dies.

¹⁴²⁷ Dies.

Toegespits op die vraag na die verlossing van die mens, is die eerste teologiese baken wat **De Honigbij** oprig, dat hierdie verlossing opkom uit die vrye genade van God. Met die eerste oogopslag lyk dit reeds asof hierdie godsdiestige tydskrif ‘n ander oortuiging as die NZAT daarop wil nahou. Dit loon dus die moeite om noukeurig in te gaan op artikels en preke uit **De Honigbij** in hierdie verband.

Versigtige onderskeiding is egter nodig. In ‘n **Leerde over Hebreën 12:28-29**, wat in die uitgawe van September 1839 opgeneem is, word aanvaar dat “de Christelyke godsdienst” uit “pligten bestaat.”¹⁴²⁸ Word hiermee ‘n sinergisme met betrekking tot die verlossing van die mens veronderstel? Wie hierdie **Leerde** goed lees, ontdek dat die “pligten” binne ‘n ander konteks geplaas word. Dit kom binne die kontoere van die “voorregten”¹⁴²⁹ wat God gee tereg. So word dit gestel: “De Christelyke Godsdienst bestaat, deels uit voorregten, en deels uit pligten. De eerste worden ons uit genade geschenken, om ons genegen en bekwaam te maken de laaste te beoefenen.”¹⁴³⁰ Hierdie vertrekpunt word dan verder gekwalifiseer. “Zy, daarentegen, die de pligten der wet willen behartigen, ten einde zich daardoor de genade des Evangelies waardig te maken, verraden hunne diepe onkunde omtrent God, de eischen der wet, hun’ eigenen ellendigen toestand, en het genaderyke plan der verlossing door Jezus Christus. Zy keeren de orde om, welke Gods oneindige wysheid heeft vasgesteld; zy doen de genade Gods niet, door hunne eigene geregtigheid te willen opbouwen, en zullen, hoe opregt en ernstig hunne voornemens ook zyn mogen, langs dien weg hun oogmerk nimmer bereiken.”¹⁴³¹ So word die band met die vrye genade van God gelê.

Dit kom nog duideliker uit in ‘n uiteensetting oor **Het geloof, eene gave Gods**.¹⁴³² Die vraag na die aard van die geloof, is tog van wesenlike belang. Dit is veral belangrik wanneer dit kom by die verstaan van die aard van die verlossing van die mens en die toeëiening van daardie verlossing. Geloof word dienooreenkomsdig gekwalifiseer deur begrippe soos “erkentenis,”¹⁴³³ “vertrouwen,”¹⁴³⁴ “omhelzing,”¹⁴³⁵ “aannemen”¹⁴³⁶ en “vertrouwelyke toeëigening.”¹⁴³⁷ God alleen kan die sondaarmens “daartoe bekwaam maakt door zynen Geest.”¹⁴³⁸ Dit is “een werk van Gods almagt.”¹⁴³⁹ Dit “wordt ons van God gegeven” en “wy worden er mede begenadigd.”¹⁴⁴⁰ Hierdie siening “lydt tegenspraak by allen, die de grondbeginsels van Pelagius aannemen.”¹⁴⁴¹

¹⁴²⁸ Anoniem. September 1839. *Leerde over Hebreën 12 : 28-29.* 353.

¹⁴²⁹ Dies.

¹⁴³⁰ Dies.

¹⁴³¹ Dies. My beklemtoning – CS.

¹⁴³² Sien: Anoniem. April (198), Mei (235) en Junie (278) se uitgawes. Eintlik is dit een preek, maar vanweë die lengte is dit opgedeel in drie dele.

¹⁴³³ Dies.,199.

¹⁴³⁴ Dies.

¹⁴³⁵ Dies.

¹⁴³⁶ Dies.,200.

¹⁴³⁷ Dies.

¹⁴³⁸ Dies.,199.

¹⁴³⁹ Dies.

¹⁴⁴⁰ Dies.

¹⁴⁴¹ Dies.

Dit is die manier waarop die vrye genade van God beskryf word. Die geloof en bekering is ‘n “genadige, onverdiende en vrywillige geschenk”¹⁴⁴² aan die sondaarmens. God skenk egter nie die geloof “uit aanmerking van eenigen prys of hoedanigheid in ons, waardoor men zich, zoo al niet door verdienste, ten minste by wyze van welvoegelykheid, het geloof waardig maakt,” nie.¹⁴⁴³ Hy skenk dit ook nie op grond van “zekere voorafgaande goede hoedanigheden” of op grond van “volgende goede werken” wat God moontlik “vooruit gezien” het en “te voren in aanmerking genomen” het nie.¹⁴⁴⁴

Hy skenk dit ook nie aan diegene wat net sou besluit om “hunnen vryen wil goed gebruiken” nie.¹⁴⁴⁵ Indien dit so sou wees, sou die mens vir homself meriete kon bekom en “aanspraak hebben op het geloof.”¹⁴⁴⁶ Dan sou die “goed gebruik van den eigen wil” en die “bekeering, vernedering, berouw en zelfverlooching” sake wees wat die mens “bevoegd maak” voor God.¹⁴⁴⁷ Dit sou meebring dat God aan die mens “eene soort van belooning” skuld!¹⁴⁴⁸ So ‘n siening sou die belydenis van Gods vrye genade ernstig in gedrang bring. Derhalwe word beklemtoon dat daar “geen grond vooraf in den mensch te vinden noch te bedenken” is waarop God die geloof skenk nie.¹⁴⁴⁹ Die “bekeering, liefde en alle verdere goede hoedanigheden en werkzaamheden” kom dus nie op uit die een of ander vermoë of “goede beginsel” wat in die mens skuil nie.¹⁴⁵⁰

Hieruit volg dit dat die Bybel van geen mens geloof “eischt als zoodanig een pligt” nie.¹⁴⁵¹ Geloof moet dus nie beskou word as iets “welken gy eerst volbrengen moet om daardoor Gods genade voor te komen of daarmede een werk te verrigten, waarop God zyne genade en het leven by wege van vergelding zou doen volgen.”¹⁴⁵² Alhoewel die oproep tot geloof “eene gebod” is, is dit ‘n gebod van “een gansch anderen aard.”¹⁴⁵³ Dit is wel so dat God daarmee “.. met een verplichting gezag aan zondaren voor..stelt”, maar dit is tog nie “gelyk een eisch der wet” nie.¹⁴⁵⁴ Dit is eerder “een voorregt, als eene genade, als een middel, en wel het eenig middel ter zaligheid, waartoe Hy ieder vryheid, waarop Hy allen aanspraak geeft.”¹⁴⁵⁵ Daarom gee Hy die geloof “niet *om*, maar *tot* het regt gebruik zyner genade.”¹⁴⁵⁶ Die “goede gebruik” van die geloof, is dus nie die oorsaak van “zyner gave” nie, maar wel die “uitwerksel.”¹⁴⁵⁷

¹⁴⁴² Dies.,235.

¹⁴⁴³ Dies.

¹⁴⁴⁴ Dies.

¹⁴⁴⁵ Dies.

¹⁴⁴⁶ Dies.

¹⁴⁴⁷ Dies.

¹⁴⁴⁸ Dies.,236.

¹⁴⁴⁹ Dies.,237.

¹⁴⁵⁰ Dies.

¹⁴⁵¹ Dies.,279.

¹⁴⁵² Dies.

¹⁴⁵³ Dies.

¹⁴⁵⁴ Dies.

¹⁴⁵⁵ Dies.

¹⁴⁵⁶ Dies.,239.

¹⁴⁵⁷ Dies.

Die oorsaak en rede waarom die mens nie instaat is om die vrye wil te gebruik nie, vind die prediker nie in “eene bloote zwakheid onzer natuur” nie!¹⁴⁵⁸ Dit is nie toe te skryf aan “een ongeluk” nie.¹⁴⁵⁹ Die rede daarvoor word voor die deur van die totale verlorenheid en verdorwenheid van die mens geleê. Die mens is “vervreemd... van het leven Gods.” Hy het verval in die “verblindend en verleidend vermogen der zinnelyke begeerlykheden.”¹⁴⁶⁰ Daar skuil in elke mens “eene moedswillige boosheid” wat God “smadelyk verwerpt.”¹⁴⁶¹

Dit is die rede waarom die blote prediking van die Woord en die hoor van die Woord, nie die geloof in die mens kan verwek nie! Die evangelie wat “duidelyk verklaard en overtuigend aangedrongen” gepredik word, is “niet genoeg” om die sondaarmens tot geloof te bring nie.¹⁴⁶² Ewe min sal dit genoegsaam wees om aan ‘n blinde mens allerlei sigbare voorwerpe “voor te stellen.”¹⁴⁶³ Net so min as wat ‘n blinde die son kan sien wat in sy felheid skyn, so min kan “een natuurlyk mensch geloovig inzien” in die “innerlyken aard en wezenlyke dierbaarheid en voortreffelykheid” van die evangelie.¹⁴⁶⁴ Daarom, so redeneer die skrywer, is dit God “de verduisterde oogen des verstands bekwaam maakt om de verlichtende stralen des Evangeliums te bemerken.”¹⁴⁶⁵ Dit is inderdaad “eene werking Gods genade in die ziel.”¹⁴⁶⁶

Van dieselfde strekking is nog ‘n preek, wat in November 1840 opgeneem word. In ‘n **leerrede over Johannes 3:5-7**,¹⁴⁶⁷ word die verlossing in verband met die werk van die Heilige Gees gebring. Die wedergeboorte word beskryf as “door den H. Geest Zy uitgewerk.”¹⁴⁶⁸ En ook as “de voornaamste werk des H Geests.”¹⁴⁶⁹ “Het grootst en heerlykst werk” van die Heilige Gees word beskryf as “de vernieuwing en bekeering des menschelyken geslachts.”¹⁴⁷⁰ Bekering word hier dus gesien as ‘n direkte werk van die Heilige Gees. Sonder die Heilige Gees se werking kan dit “niet plaats vind.”¹⁴⁷¹ Die wedergeboorte en bekering word ook nie net deur die Gees van God bewerk nie, maar “zy moet ook door den H Geest voleindigd worden.”¹⁴⁷² “De H Geest moet hier zyn werk nog in ons voleindigen, anders gaan wy verlore.”¹⁴⁷³

Dit is dus vanselfsprekend dat die prediker die wedergeboorte sien as iets wat plaasvind *voordat* die mens tot geloof en bekering in staat is. Daar is geen verdienstelike waarde in die keuse van die mens nie. Geen mens moet dink dat “ik zal my met myne gebeden en verzuchtingen in den hemel brengen.”¹⁴⁷⁴ Dit is maar eers die

¹⁴⁵⁸ Dies.,201.

¹⁴⁵⁹ Dies.

¹⁴⁶⁰ Dies.

¹⁴⁶¹ Dies.

¹⁴⁶² Dies.

¹⁴⁶³ Dies.

¹⁴⁶⁴ Dies.

¹⁴⁶⁵ Dies.

¹⁴⁶⁶ Dies.

¹⁴⁶⁷ Anoniem. November 1840. 417.

¹⁴⁶⁸ Dies.,419.

¹⁴⁶⁹ Dies.

¹⁴⁷⁰ Dies.

¹⁴⁷¹ Dies.

¹⁴⁷² Dies.

¹⁴⁷³ Dies.

¹⁴⁷⁴ Dies.,426.

wedergebore hart wat in staat is tot die Godsvrug: “een wedergeboren hart echter, kan door den H Geest bidden, liefhebben en gelooven.”¹⁴⁷⁵ Dit is slegs “uit naam en uit kracht van mynen Heere” dat die mens in staat is om “Hem te dienen,” my “naaste liefhebben,” “den verkeerde” met “geduld dragen.”¹⁴⁷⁶

Die grondslag hiervan word gevind in die leer van die algehele verlorenheid en verdorwenheid van die mens. Juis omdat die mens nie in staat is tot geloof en bekering nie, moet dit deur God bewerk word. Dit is nie moontlik om aan ‘n verlore sondaar die bevel tot wedergeboorte te rig nie, omdat so iemand gewoon nie in staat is daartoe nie. Immers, “om den zondaar, die in zonde geboren en daarin oud is geworden, te gebieden een kind van God te zyn, is even zoo als de dooden te gebieden, om uit het graf op te staan en te wandelen; want hy zal het niet kunnen doen.”¹⁴⁷⁷ Die mens is “onrein, arm, zwak, buiten staat om ons zelven te kunnen helpen.”¹⁴⁷⁸

Die preek verduidelik dat sy sondige aard en natuur iets is waarmee die mens nie raad het nie. In ronde woorde word dit gestel: die mens kan hierdie natuur van hom “niet herscheppen, noch vernieuwen.”¹⁴⁷⁹ Dit is “de erfzonde.”¹⁴⁸⁰ Daarom, so word die konsekwente gevolgtrekking gemaak, “onder magt en kracht van boven, welke aan den mensch door den H Geest wordt meegedeeld,”¹⁴⁸¹ is die saligheid en verlossing nie moontlik nie. Hieruit is dit duidelik dat die prediker hom aansluit by die gereformeerde oortuiging. Dit is ‘n teonome handeling van God.

Dieselfde lyn van denke kom aan die orde in ‘n ware verhaal oor **De kracht van Gods Woord geopenbaard in de bekeering van eene blinde**.¹⁴⁸² Hiervolgens was die blinde man ‘n godloënaar wat die Bybel verwerp het. Op ‘n stadium het ‘n Christenvriend egter begin om vir hom gedeeltes uit die Skrif voor te lees. Dit het tot gevolg gehad dat die man tot daadwerklike bekering gekom het. “Hy ontdekte Gods hand in zyne bezoeking.”¹⁴⁸³ Daar het by hom ‘n “begeerte” ontstaan om “de leer der genade Gods in Christus te leeren kennen.”¹⁴⁸⁴ “Hy had een diep en levendig berouw over zyne voormalige denkwyze en gedragingen.”¹⁴⁸⁵ So is die verhaal ‘n beskrywing van die soewereine manier waarop God oor die lewe van die mens beskik en die verlossing vrymagtiglik realiseer.

In ‘n preek oor Naäman se genesing, word op soortgelyke wyse aangetoon watter “bewys van Gods ontfermende genade”¹⁴⁸⁶ gesien kan word “in het behouden van zondaren.”¹⁴⁸⁷ Naäman is immers *eers* “gereinigd”,¹⁴⁸⁸ en

¹⁴⁷⁵ Dies.

¹⁴⁷⁶ Dies.,425.

¹⁴⁷⁷ Dies.,422.

¹⁴⁷⁸ Dies.

¹⁴⁷⁹ Dies.,420.

¹⁴⁸⁰ Dies.

¹⁴⁸¹ Dies.,421.

¹⁴⁸² Anoniem. Julie 1842. *De kracht van Gods Woord geopenbaard in de bekeering van ene blinde*. 217.

¹⁴⁸³ Dies.,218.

¹⁴⁸⁴ Dies.

¹⁴⁸⁵ Dies.,219.

¹⁴⁸⁶ Anoniem. Junie 1842. *Naäman genezen*. 169.

¹⁴⁸⁷ Dies.

daarna het hy gekom tot “belydenis van den eenen waren God.”¹⁴⁸⁹ God se werke is dus eerste ter sprake. Die “lust en bekwaamheid tot geloof en deugd”,¹⁴⁹⁰ is die gevolg van “een gewrocht van Gods alvermogen.”¹⁴⁹¹

In heldere taal word hierdie oortuiging geformuleer: “De Heere schept behagen, niet in onze pogingen, om ons eerst bekwaam te maken voor zyne genade, maar in een ootmoedig en door het gevoel van zonden vernederd en verslagen hart. Hy wil alleen de eer hebben, en sy komt Hem ook waarlyk toe, van het geheele werk onzer zaligheid. Nooit roept de Heere zondaren, of Hy is bereid, om hun niet alleen te geven de regtmatige begeerte van hun hart, maar hen ook op te hoop met den oorvloed zyner genadegiften.”¹⁴⁹² Hierdie “genadegiften” is aan die mens “alreeds in den Doop toegezegd.”¹⁴⁹³ Dit is ‘n “vry geschenk van Gods genade” wat die mens moet “aannemen.”¹⁴⁹⁴ Van die mens word dit verwag om ”slechts” sy “hand te openen en te ontvangen.”¹⁴⁹⁵ Hierdie “hand oopmaak” word gefundeer in Gods gawe soos dit in die doop verseël is.

Dit is dus duidelik dat **De Honigbij** ‘n eerlike poging aanwend om die saligheid *in sy totaliteit* te beskryf as ‘n werking van God. So word dit opgesom: “het geheele werk myner zaligheid is door Hem gesteld in de handen van Jezus Christus.”¹⁴⁹⁶ Die verlostes mens bly “alles aan Jezus Christus en aan zyn Evangelie verschuldigd.”¹⁴⁹⁷

In ‘n ander artikel, word die evangelieboodskap gelykgestel aan God se verbond.¹⁴⁹⁸ Deur dit te doen sê die skrywer, by implikasie, dat die inhoud en werking van die boodskap van die evangelie aan God te danke is. Hy beskryf dit dan ook op die volgende manier: “Het Evangelie is een verbond, maar niet tusschen menschen en menschen. Het is een verbond, waarby God vrede maakt met den mensch; een verdrag, behelzende, aan de zyde Gods, eene vergiffenis der zonden en de gift des eeuwigen levens, en, aan onzen kant, bekeering en geloof in den naam van onzen Heer Jezus Christus. Het Evangelie is een besluit van amnestie, maar genomen door Hem, die van eeuwigheid tot eeuwigheid de sterke God is, en behelzende de terugroeping van Adams kinderen uit hunne ballingschap, en hunne herstelling in oorspronkelyken luister. Het Evangelie is geen charter van vryheid; maar de groote, de ware vryheidsbrief voor Adams geslacht; een charter, dat de eenige eigenlyke dienstbaarheid doet ophouden, en den mensch, die daarop niet het minste regt heeft, uit genade wordt gegeven. Het Evangelie is de beweging van Gods barmhartigheid, welke zich zoo laag nederbuigt, om den mensch, in de zonde zoo diep gezonken, op te heffen, en in hare armen te ontvangen.”¹⁴⁹⁹

¹⁴⁸⁸ Dies., 170.

¹⁴⁸⁹ Dies.

¹⁴⁹⁰ Dies., 172.

¹⁴⁹¹ Dies.

¹⁴⁹² Dies., 170.

¹⁴⁹³ Dies., 172.

¹⁴⁹⁴ Dies.

¹⁴⁹⁵ Dies.

¹⁴⁹⁶ Sien: Anoniem. Julie 1844. *Ik schaam my het evangelie van Christus niet.* 217.

¹⁴⁹⁷ Dies., 218.

¹⁴⁹⁸ “Het Evangelie is een verbond.” Anoniem. September 1844. *De prediking van het evangelie.* 260.

¹⁴⁹⁹ Dies., 260.

By hierdie eerste teologiese baken van **De Honigbij** ontvang die gedagte van verlossing uit “vrye genade” dus die klem. Dit hou verband met die leer van die onvoorwaardelike uitverkiesing. “De gedachte aan Gods vrije verkiezing uit genade,”¹⁵⁰⁰ word in **De Honigbij** dus ook te berde gebring. “Het gaat met u even als met de onverstandige kinderen, die, uit onbedachtzaamheid of voorbarige drift, de sporten van eene hooge ladder beklimmen, en eindelijk zoo hoog stijgen, dat zij niet meer weten, hoe zij naar beneden zullen geraken. Ik weet een voorbeeld van ene kind, hetwelk een bloemenvaas aan de buitenzijde van een venster op de tweede verdieping van het huis wilde plaatsen. Het onbedachtzame kind klom hooger en hooger, en keek eindelijk, tot grooten schrik van den vader, in het venster van het studeervertrek, alwaar deze op eens het hoofdje van het kind voor zich zag. Met zidderende handen trok toen de vader hetzelve binnen en dankte God voor de redding. Niet anders handelt gijlieden, en begeeft u ook in gevaar, en klautert ook veel te hoog, en wilt God den Heer ook in zijne verhevene raadkamer zien. Eilieve! Wie heeft u dat dan gelast? Houdt het er gewisselijk voor: dergelijke onderzoeken zijn gelijk als dwaallichten des duivels, die u ten verderve zullen brengen – want, wat de Heilige Schrift van de vrije genade verkiezing zegt, dat zegt zij niet, om de arme en treurende zielen, welke hare zonden gevoelen, nog meer te bekommern en te verschrikken, maar veeleer om dezelve te troosten en op te beuren; - juist daarom is Gods Zoon in de wereld gekomen, opdat wij onze gevaelijke gedachten niet meer onbedachtzaam naar den hemel zouden behoeven te stijgen, maar opdat wij mogen weten, hoedanig de goede God voor allen, die gelooven en liefhebben, de zaligheid heeft voorbeschikt.”¹⁵⁰¹

Om saam te vat: In **De Honigbij** is ‘n opsigtelike passie om aan God die volle eer te gee vir die saligheid van die mens. Hierdie passie word goed verwoord deur die woorde: “De genadige belofte van God”.¹⁵⁰²

9.3.2 Die weg van selfbeproewing

De Honigbij het egter nog ‘n tweede teologiese baken opgerig. ‘n Baken met ander koördinate. Aan hierdie baken, met sy eie tipiese koördinate, kan die navorser nie verbygaan nie. Hiervan word vervolgens ‘n beskrywing gegee.

Die opskrif van hierdie paragraaf verraai reeds dit waarop **De Honigbij** in hierdie verband peiltrek. In ‘n groot aantal artikels en preke word die leser nadruklik aangemoedig om homself voortdurend te ondersoek ten einde (in homself) die “bewyse” van die ware geloof te vind. ‘n Mens sou dit dalk “bevindelike” prediking kon noem. Die leser word hiermee telkens gewys op wat die “egte” geloof sou wees. Dit wat die prediker sien as die “egte” geloof en “egte” ervaringe, word in beskrywende taal aan die leser voorgehou. Op grond hiervan moet die persoon dan homself ondersoek en beproef om vas te stel of hy waarlik glo.

¹⁵⁰⁰ Anoniem. 1845. Junie 1845. *De verkiezing uit genade*. 198.

¹⁵⁰¹ Dies., 198-199.

¹⁵⁰² Anoniem. Februarie 1844. *Het lyden van Jesus Christus over zyne discipelen*. 45. Hier word die heil gedefinieer in terme van God en nie eerstens in terme van voorwaardes waaraan die mens moet voldoen nie. Die heilsbeloftes van God vorm dus die grond van die heil.

Goeie illustrasiemateriaal van die konsekvensie van die uitgangspunt waarop die tweede teologiese basis hom skoei, word gevind in ‘n oordenking oor **De noodsaakelykheid van selfonderzoek**.¹⁵⁰³ In hierdie preek word Klaagliedere 3:40 uitgelê: “Laat ons ons weë ondersoek en deursoek en laat ons terugkeer tot die Here.” Na aanleiding van die teks, wys die skrywer op die “pligten” wat die gelowige ten laste gelê word.¹⁵⁰⁴ Die prediker gaan selfs sover as om te sê dat sekere “pligten” in die Skrif “aanbevolen” word. Omdat hierdie pligte nie korrek verstaan word nie, is mense “niet bekeerden.”¹⁵⁰⁵ Daarom het sommige in die gemeente nog “geen berouw gevoelden.”¹⁵⁰⁶ Die Here wil tog “dat men van zuchten en klagen zoude komen tot bidden.”¹⁵⁰⁷ ‘n Sekere “gesindheid des gemoeds wordt” immers van die mens “vereischt.”¹⁵⁰⁸

Die laaste sinnetjie is belangrik. Daarom is die selfondersoek so belangrik! Dit is belangrik omdat die lidmaat, ten spyte van “uiterlyke godsdiensstoefeningen” soos “het gebruik der heilige bondzegelen” en “het genot des avondmaals,” God steeds kan “mishagen.”¹⁵⁰⁹

Hierdie lyn van argumentasie bring die outeur by die oortuiging dat “de ware bekeering” voorafgegaan moet word deur “een regt inzigt” van eie gemoed en van “al zyne overtredingen.”¹⁵¹⁰ Daarom moet die mens al sy “wegen onderzoeken en doorzoeken.”¹⁵¹¹ Alle “werken, woorden en gedachten” moet deurtas word.¹⁵¹² Daar moet vasgestel word in watter mate dit alles ooreenkoms met die opdragte in die Bybel dat die mens die “wereld zouden verzaken” en sy “oude natuur dooden.”¹⁵¹³ Daar moet vasgestel word in watter mate die persoon “getrouw kwyten van de pligten” wat hy “verschuldig zyn aan God.”¹⁵¹⁴ Hierby is selfondersoek in verband met “gedrag jegens den naasten” net so belangrik.¹⁵¹⁵ Indien van toepassing behoort die mens, na selfondersoek, “eene heilige schaamte” te ervaar.¹⁵¹⁶ ‘n Gevoel van “diep bedroeven” moet hom oor die “afwykingen”¹⁵¹⁷ meester van die sondaar maak. Die “uitwerking” van hierdie ondersoek, moet dan daarop uitloop dat “wy ons tot den Heer bekeeren.”¹⁵¹⁸

Hierdie woorde is vir geen misverstand vatbaar nie. Die bekering volg op ‘n bepaalde vorm van selfondersoek: ‘n sistematisiese proses wat deurloop moet word, alvorens die “egte” ondervind kan word. Dit is duidelik waarom dit

¹⁵⁰³ Anoniem. Januarie 1839. 97.

¹⁵⁰⁴ Dies., 99.

¹⁵⁰⁵ Dies.

¹⁵⁰⁶ Dies.

¹⁵⁰⁷ Dies., 100

¹⁵⁰⁸ Dies. 99.

¹⁵⁰⁹ Dies., 100.

¹⁵¹⁰ Dies., 101.

¹⁵¹¹ Dies.

¹⁵¹² Dies.

¹⁵¹³ Dies.

¹⁵¹⁴ Dies., 102.

¹⁵¹⁵ Dies.

¹⁵¹⁶ Dies., 103.

¹⁵¹⁷ Dies.

¹⁵¹⁸ Dies. 101.

in hierdie preek prinsipieel om ‘n ander teologiese baken as die vrye genade van God gaan. Hiér word die saligheid vanuit die menslike ervaring gekwalifiseer.

Dieselbde voorveronderstelling kom aan die orde in ‘n uiteensetting en toepassing van 2 Korintiërs 13:5: “Ondersoek julleself of julle in die geloof is.” Opvallend genoeg gaan dit nie hier oor die heiligmaking nie, maar oor die heilsekerheid: die vraag na die sekerheid van die persoonlike uitverkiesing. Die prediker vra: “Hoe zal ik het weten of ik den weg ten hemel bewandel? Kan men in der tyd weten, of men hiernamaals den staat der heerlykheid zal beérven? Hoe zal het met my zyn, wanneer de aarde my ontzinkt en de eeuwigheid zich voor my ontsluit? In welk eenen staat zal ik my dan bevinden? Zal ik gelukkig, of zal ik ongelukkig zyn?”¹⁵¹⁹ Volgens die oueur ontvang die mens nie hierdie sekerheid “door eene onmiddelyke inspraak van boven” nie, maar “door het navorschen van die vruchten des geloofs.”¹⁵²⁰ Daarom word die mens “genoopt tot de beoefening van waren ootmoed.”¹⁵²¹ Wanneer die mens dan wel “die vruchten des geloofs” in homself opmerk, kan hy daaruit “tot bezit des geloofs kunnen besluiten.”¹⁵²²

Dit is dus belangrik, kom die toepassing, dat die gemeentelid “niet maar tevreden zyn, dat zy van de leer van Christus belydenis hadden gedaan, dat zy in den naam des Heeren waren gedoopt, dat zy aan het H. Avondmaal hadden aangezeten.”¹⁵²³ Die vraag is of “de bewyzen van eene geloofsvereeniging met Christus by hen te vinden waren.”¹⁵²⁴ Hier toe is ‘n “naauwkeurig onderzoeken” gebiedend noodsaaklik.¹⁵²⁵ Om hierdie selfondersoek te rig, word ‘n aantal sake gelys wat by die proses aanwesig behoort te wees.

So word genoem: “dankbaarheid.”¹⁵²⁶ Daar moet ‘n “gevoelige dankbaarheid kloppen” in die hart van die ware gelowige!¹⁵²⁷ Die gevolglike indringende vraag is: “Gekoeltyk gy uw hart in dankbaarheid ontgloeyen jegens God, dat Hy net aan u zelven heeft overgelaten. Dankt gy den Heiland, uit grond uws harten? Denkt gy dikwerf met aanbiddende bewondering aan hetgeen Hy in Gethzemane geleden. Dankt gy Hem van ganscher hart? Onderzoek dan u zelven of gy in het geloof zyt.”¹⁵²⁸ Hierbenewens is daar nog “blydschap in God.”¹⁵²⁹ Ook “vertrouwen op God.”¹⁵³⁰ Ook die “ware liefde, welke gy jegens God zult gevoelen.”¹⁵³¹ Daarby ook die vraag of “gy de bevelen Gods gehoorzaam?”¹⁵³² Die laaste is die vraag: “Is er by u dat verlangen, die begeerte naar den Heer?”¹⁵³³

¹⁵¹⁹ Dies., 129.

¹⁵²⁰ Dies., 130.

¹⁵²¹ Dies.

¹⁵²² Dies.

¹⁵²³ Dies.

¹⁵²⁴ Dies.

¹⁵²⁵ Dies.

¹⁵²⁶ Dies.

¹⁵²⁷ Dies., 131.

¹⁵²⁸ Dies., 132.

¹⁵²⁹ Dies.

¹⁵³⁰ Dies., 133.

¹⁵³¹ Dies., 135.

¹⁵³² Dies., 137.

¹⁵³³ Dies., 140.

Hierdie begeleidende vrae verdiep dus die selfondersoek om in werklikheid ‘n geestelike ervaring as die grond van heilsekerheid te maak. Dit gaan om ‘n ander baken- in dieselfde teologiese tydskrif. Dit word nog ‘n keer beklemtoon in ‘n preek oor die **Kenmerken van den echte christen**.¹⁵³⁴

Ook in hierdie preek word aangedring op die intra-subjektiewe “bevindelike.”¹⁵³⁵ Die leser word opgeroep om “zelven en anderen” te “beoordeelen” en te “onderzoeken of wy wel *echte Christenen* zyn.”¹⁵³⁶ Die motief van hierdie oproep is die feit dat sovele mense “onder het Christendom waren geboren en opgevoed,” maar helaas nog nie waarlik Christene is nie.¹⁵³⁷ Gemeenteledere kan wel “verstandelyke overtuiging bezitten” en ook “eene opregte belangstelling” hê, maar tog geen “ootmoed en boetvaardigheid” wat die hart vervul nie.¹⁵³⁸ Daar is by diegene “geene zucht” en “geene begeerte om die weldaad deelachtig te worden” nie.¹⁵³⁹

‘n Kerngedeelte van hierdie preek word gevind in die paragraaf waar daar uitgespel word “hoe het geloof van den echte Christen vooral verkeert.”¹⁵⁴⁰ Hier word ‘n beskrywing gegee van wat die prediker beskou as die egte geloof. Die gemeentelid moet dus na binne kyk en vasstel of hierdie kenmerke teenwoordig is. Die eerste kenmerk van die geloof is dat dit “niet alleen in eene verstandelyke overreding van de waarheid” is nie, maar dat dit “eene hartelyke belangstelling” is “in alles wat God ons in zyn Woord en door zynen Zoon geopenbaard heeft.”¹⁵⁴¹

Die tweede kenmerk hou verband met die gelowige se verhouding tot die kernwaarhede van die Bybel. Dit geld veral van daardie waarhede wat “meer regtstreeks in betrekking staan tot den weg der Zaligheid.”¹⁵⁴² Dit gaan veral oor “de leer van’s menschen diep bederf en van zyne strafwaardigheid voor God.”¹⁵⁴³ Die gelowige moet “erkent dat hy diep bedorven en verdoemelyk voor God is, en dat hy noch door boete, noch door tranen, noch zelfs door hartelyk berouw, zich uit zynen jammerstaat verlossen kan. Zulk een geloof verbant allen hoogmoed en eigen waan uit het hart. Het stemt den Christen tot nederigheid. Het voert hem tot schuldbelydenis.”¹⁵⁴⁴

In die derde plek “verkeert het geloof van den echten Christen daarenboven gedurig omtrent Jezus zynen Heer.”¹⁵⁴⁵ Die gelowige neem nie slegs die waarhede omtrent Jesus se heilswerk as waarheid aan nie, maar “maakt ook dagelyks de stof uit zyner ernstige en godvruchtige bepeinzingen.”¹⁵⁴⁶

¹⁵³⁴ Anoniem. Maart 1842. 75.

¹⁵³⁵ Dies.,108. Let op die woorde: “ dit noemt zy hare *bevinding*.”

¹⁵³⁶ Dies.,75.

¹⁵³⁷ Dies.

¹⁵³⁸ Dies.,76.

¹⁵³⁹ Dies.

¹⁵⁴⁰ Dies.111.

¹⁵⁴¹ Dies.

¹⁵⁴² Dies.

¹⁵⁴³ Dies.

¹⁵⁴⁴ Dies.

¹⁵⁴⁵ Dies.

¹⁵⁴⁶ Dies.

Vierdens “gevoelt” die gelowige dat die Here se vergifnis “met de opregtste dankbaarheid” en met “de teederste godsvrucht” en met “eene naauwgezette gehoorzaamheid,” beantwoord moet word.¹⁵⁴⁷

Opmerklik is weer die aantal byvoeglike naamwoorde wat die “egtheid” van die sake aandui. Die vraag is steeds: hoe vroom moet ‘n mens dan wees voordat geslaag word om te voldoen aan die verwagtings? Op watter grusame wyse word die gemeente aan die meedoënlose meester van werkgerigtheid en moralisme onderwerp?

‘n Leerrede oor Matteus 16:15 is tiperend betitel **Hoe zijt gij jegens Christus gezind?**¹⁵⁴⁸ Dit is ewe eens van hoek tot kant deurspek met die oproep tot selfondersoek. Die mens word opgeroep om sy eie innerlike te ondersoek en letterlik te grawe in sy eie gemoed. Die ontvangs van die heil word verbind aan die resultaat van die mens se ernstige selfondersoek. Die rede hiervoor word helder geformuleer: “van onze gezindheid omtrent Jezus Christus hangt onze eeuwige zaligheid af.”¹⁵⁴⁹ Hierdeur word die heil volledig ingekerker in die subjektiewe belewenis van die mens.

Die prediker wys daarop dat Christus die vraag in Mat. 16:15 aan die dissipels gevra het *vanuit* “zyne liefdezorg voor Hen” en *vanuit* die feit dat Hy “een tijd lang met Hem hadden omgegaan.”¹⁵⁵⁰ Dit is omdat Hy veral “belangstelt” in die dissipels, dat Hy uiteindelik aan hulle die vraag van Mat. 16:15 kon stel.¹⁵⁵¹ In die toepassing van die vraag, laat die skrywer dit uitloop op ‘n teenvraag: “wat denken en voelen wij van Hem?”¹⁵⁵² “De stemming en gezindheid onzer harten” moet die deurslag gee!¹⁵⁵³ Daarom word die leser opgeroep om die volgende indringende vrae te beantwoord: “Wat zoekt en vindt gij bij Hem? Wat vertrouwt gij van Hem? Hoe hoog schat gij Hem? Hoe lief hebt gij Hem? Staat Hij bij u vooraan, of hebt gij nog iets boven Hem? Hoe veel eerbied hebt gij voor Hem? Hoe veel wilt gij wel voor Hem, en om zijnentwil doen en al laten, dragen en missen? Wat is uwe verwachting van Hem voor de toekomst, voor de eeuwigheid?”¹⁵⁵⁴

Die bedoeling hiervan is onmisbaar: *die innerlike van die mens* word die grond van die saligheid! Die “onderzoek” na die geloof in Jesus Christus en “onze verkleefdheid aan Hem,”¹⁵⁵⁵ is “eene allergewigtigste vraag” na “hoe veel er van dat gevoelen afhangt.”¹⁵⁵⁶ “Ja,” sê die prediker, “van het regte gevoelen omtrent Hem hangt voor ons alles af.”¹⁵⁵⁷ “Het verlies” of “de behoudenis” van die mens se “onsterfelijke ziel” hang hiervan af!¹⁵⁵⁸ “Iimmers, dan alleen, als wij regt denken omtrent Jezus Christus, hebben wij vrede bij God.”¹⁵⁵⁹ Hierdie woorde

¹⁵⁴⁷ Dies.,112.

¹⁵⁴⁸ Anoniem. Maart 1846. 69.

¹⁵⁴⁹ Dies.,78.

¹⁵⁵⁰ Dies.,70.

¹⁵⁵¹ Dies.,71.

¹⁵⁵² Dies.

¹⁵⁵³ Dies.

¹⁵⁵⁴ Dies.

¹⁵⁵⁵ Dies.

¹⁵⁵⁶ Dies. My beklemtoning – CS.

¹⁵⁵⁷ Dies.

¹⁵⁵⁸ Dies.,73.

¹⁵⁵⁹ Dies.

volg direk op die voorafgaande, waar die gevoel van die mens voorgehou word as die maatstaf van die heil. Die rol wat *die rede* speel in die bevindelike spiritualiteit, kan dus nie onderskat word nie.

Hierop bou die prediker dan voort deur die “onderscheidene gevoelens die er bij onderscheidene mensen omtrent den Heere Christus plaats hebben” te ontleed.¹⁵⁶⁰ Eintlik gaan dit om ‘n ontleding van die verskillende soorte mense wat in ‘n gemeente aangetref word. Die een “prijst” en die ander “veracht.”¹⁵⁶¹ Sommige het “veel kennis” van die evangelie, maar “de kennis van Jezus Christus staat bij hen op lagen prijs.”¹⁵⁶² Ander weer “schijnen Hem te achten,” maar tog “beminnen zij de wereld.”¹⁵⁶³ Sommige het “een loszinnig hart” en ander het “een arglistig hart.”¹⁵⁶⁴ Feit is: “van onze gezindheid omtrent Jezus Christus hangt onze eeuwige zaligheid af.”¹⁵⁶⁵ Dit is die punt waarop die preek aankom.

Teen hierdie tyd behoort dit duidelik te wees waarom dit in hierdie paragraaf om ‘n subjektiewe weg van geloofsontdekking en ervaring gaan. ‘n Veelseggende **geestelyke thermometer, of schaal van den voortgang van zonde en genade**,¹⁵⁶⁶ is ook in die bladsye van **De Honibbij** opgeneem. Hierdie meetstok illustreer die saak wat in hierdie paragraaf rondom die ander theologiese baken geïdentifiseer is, baie goed. Die gebruiksaanwysing is noukeurig opgestel: “De lezer moet dit doorlopen van het midden, opwaarts of nederwaarts, totdat hy de hoogte ontdekt, waarop hy nu staat, en hy drage zorg voor de eerste toenadering tot zonde, want het is als het uitstroomen van water, wy zien het begin maar niet het einde, het is met duisternis omgeven; maar de weg des regtvaardigen is als een helder schynend licht, hetwelk helderder en helderder schynt tot den jongsten dag.”¹⁵⁶⁷

Prakties lyk die geestelike termometer so:

HEERLYKHEID

Ontbinding van het lichaam

Verlangen om te vertrekken en by Christus te zyn

Heiligmaking : Heiligkeit des harten

Geduld in verdrukking : heerlikheid op het kruis

Vurige liefde tot de zielen der menschen : yver om goed te doen

God sterk navolgde

Afsterven van de wereld door het kruis van Christus

Liefde tot God in het hart uitgestort

¹⁵⁶⁰ Dies.

¹⁵⁶¹ Dies.

¹⁵⁶² Dies.

¹⁵⁶³ Dies.

¹⁵⁶⁴ Dies.76.

¹⁵⁶⁵ Dies.

¹⁵⁶⁶ Anoniem. Julie 1844. 220.

¹⁵⁶⁷ Dies.,221.

Gedurige toenadering tot de tafel des Heeren
Byeenkomsten tot gebed en bevinding
Verheuging over Gods volk
Opzien tot Jezus : Regtvaardigmakend geloof
Liefde tot Gods huis en zyn woord bevestigd
Ydel gezelschap geheel vaarwel gezegd
Evangelisch licht vermeerderd
Dagelyksch lezen van den Bybel met gebed
Gedurige bywoning van de middelen van genade
Afzondering tot gebed en overdenking
Belangstelling voor de ziel – ontsteltenis – overtuiging

ONVERSCHILLIGHEID

Huisselyke Godsdienst alleen op Zondag avonden
Afzonderlyk gebed gedurig nagelaten
Huisselyke godsdienst geheel verwaarloosd
Ligtzinnigheid in gesprekken
Modes, hoe kostbaar ook, opgevolgd
Overdadige gastmalen
Omgang met vleeschelyk gezinde gezelschap
Zucht voor romans
Schouburg, bals enz.
Gezelschappen van vermaak gedurig opgezocht
Gods huis verlaten
Veel wyn, sterke dranken enz.
Ontucht – vrygeestige gezelschap geacht
Afzonderlyk gebed geheel verwaarloosd en ter zyde gesteld
Gezelschappen van vermaak op's Heeren dag
Nachtvermaken, dronkenschap, overspel
Godslastering, losbandige gezangen, ongelooft
Spotten met de godsdienst – vervolging van vromen
Ziekte en dood

VERDERF ¹⁵⁶⁸

¹⁵⁶⁸ Dies.

De Honigbij is hieroor in sy noppies. Hy vereenselwig hom met die insender hiervan: “De uitvinding is zoo geestig en opvallend, dat ik zulks wel een plaasje waardig keur in de ‘Honigbij’, en tenzy myne toegenegenheid voor den gever my onwillekeurig daarvoor ingenomen heeft, zoo zult gy zekerlyk ook zoo denken. Men overtuige zich van de waarheid, welke men dagelyks bevestigd ziet, dat menschen tot bekeering en het zaligmakend geloof door verschillende middelen gebragt worden, volgens het verschil in temperament en omstandigheden, en dat eene enkele bladzyde of zinsnede, welke de aandacht gaande maakt en tot oplettendheid aanleiding geeft, niet zelden krachtig medewerkt, om ‘belangstelling voor de ziel’ op te wekken, daar stelselmatige verhandelingen en welsprekende redevoeringen, met ‘onverschilligheid’ worden gelezen en gehoord. Mogte dit een plaatsje in uw tydschrift verkrygen, en het middel zyn om een zondaar te doen stilstaan en hen te brengen op den weg tot ‘heerlykheid’, dan zal het een ander voorbeeld zyn van de duistere wegen der Voorzienigheid. Het is aangenaam en zeer nuttig.”¹⁵⁶⁹

Hierdie termometer is gebaseer op geestelike selfondersoek. Die “verderf” of die “heerlykheid” word immers bereik deur *sekere kwaliteite wat die mens in homself moet soek*, hetsy goed of kwaad. ‘n Mens kan jouself ook skynbaar iewers “tussen” die verderf of die heerlikheid bevind! Deur middel van hierdie metode, word die mens nie na Christus en Sy verdienste verwys nie, maar na sy eie graad van heiligheid!

9.3.3 Die klassifikasie-metode

Die gebruik van die sogenaamde *klassifikasie-metode* is eintlik die logiese konsekwensie van wat hierbo oor die weg van selfondersoek gesê is. Die klem op selfbeproeing lei noodwendig daartoe dat die gemeente verdeel word in verskillende “tipes” of “klasse” van gelowiges. Die verskillende kenmerke van die ware geloof is immers nie op alle lidmate in dieselfde mate van toepassing nie. Deur middel van die klassifikasie-metode, verdeel die prediker die gemeenteledere in verskillende geestelike “vlakke” wat daar in die gemeente sou bestaan. Sodoende word die lidmate “gehelyp” in die proses van selfbeproeing en selfverbetering. Baie van **De Honigbij** se oordenkings en preke staan in hierdie teken.

Uit vele voorbeelde, word nou slegs een bespreek.¹⁵⁷⁰ Dit is veral in die toepassingsgedeelte van die preek oor **De kracht en heerlykheid van het evangelie van Jezus Christus** dat die prediker hom wend tot die verskillende groepe in die gemeente. Vir elke groep het hy ‘n ander boodskap op die hart. Die oogmerk is “om door ernstige vermaningen” sommige “te winnen.”¹⁵⁷¹ Die prediker beoog om met die evangelie “als hamer Gods” op die gemeenteledere se “steenew harten” te “kloppen.”¹⁵⁷² Sodoende wil hy aan die mense die “leelykheid, de schandelykheid en de gruwelykheid” van hul sonde “vertoonen.”¹⁵⁷³

¹⁵⁶⁹ Dies.

¹⁵⁷⁰ Anoniem. Julie 1844. *De kracht en heerlykheid van het evangelie van Jezus Christus*. 193.

¹⁵⁷¹ Dies.,196.

¹⁵⁷² Dies.

¹⁵⁷³ Dies.

Die eerste groep wat aangespreek word is die “burgerlyke naamchristenen.”¹⁵⁷⁴ Dit is die gemeentelede wat “de kracht des Evangelies nooit ondervonden het.”¹⁵⁷⁵ Aan diesulkes moet aangetoon word wat “de inwendige bekeering” en “de grondverandering” vir hulle kan meebring.

Die tweede groep is die gemeentelede wat wel reeds “door de waarheid gebragt zyn tot overtuiging van hunnen ellendigen zondenstaat,” maar wat nog nie bekeerd is nie. Hulle leef steeds “onder eenen diepen indruk van hunne onmagt.”¹⁵⁷⁶

Die derde groep is mense wat “wel eens gemeend hebben gronden te bezitten om van zich zelven te denken dat een vrymatig God zich hunner ontfermd heeft,” maar hulle word “gedurig door angstige gedachten geslingerd.”¹⁵⁷⁷ Hierdie mense moet “met alle teederheid” behandel word.¹⁵⁷⁸

Die vierde groep is die mense wat die “gezegend en gelukkig erfdeel van den Heer Jezus Christus” is.¹⁵⁷⁹ Hulle “kent” die krag van die Evangelie “by bevinding.”¹⁵⁸⁰ Hulle het dus die proses van selfondersoek “geslaag.” Sodoende word die heilsweg ‘n meedoënlose meester wat die mens voortdurend op homself terugwerp om sekerheid van saligheid te bekom. Die heil word gekoppel aan die vlak van godsdienstigheid waaraan die vrome mens beantwoord. Sodoende word die mens van *Christus* beroof.

9.3.4 Metodistiese bekeringsweg

‘n Geheelblik op die artikels en preke in **De Honigbij**, wek die indruk dat die menslike beslissing in die heilstoeëning van beslissende belang is. In geen artikel kon spore gevind word van “veronderstelde wedergeboorte” of “verbondsautomatisme” nie. Die theologiese belang van die verbond speel eintlik ‘n geringe rol in die denke van die predikers. In verskeie preke skemer ‘n metodistiese inslag deur. Hiervolgens vind die toeëening van die heil plaas langs ‘n bepaalde *roete*. So ‘n roete word egter nêrens in die Skrif op sodanige manier teruggevind nie. Klaarblyklik is dit die produk van die vrome gemoed van die prediker.

Vanuit die vele voorbeelde, word slegs een preek bespreek.¹⁵⁸¹ Dit is duidelik hoe die prediker die heil verstaan. Op verskeie plekke word die term “bekeering en vergeving van zonden” gebruik.¹⁵⁸² Die bekering gaan dus die

¹⁵⁷⁴ Dies., 197.

¹⁵⁷⁵ Dies.

¹⁵⁷⁶ Dies.

¹⁵⁷⁷ Dies.

¹⁵⁷⁸ Dies.

¹⁵⁷⁹ Dies., 198.

¹⁵⁸⁰ Dies.

¹⁵⁸¹ Anoniem. Desember 1840. *Verlossing door Christus allen aangeboden*. 449.

¹⁵⁸² Dies., sien onder andere 450, 451.

vergifnis vooraf en is dus ‘n noodsaaklike voorwaarde vir die ontvangs van die heil. “De Heiland self betuigde, dat het onmogelyk was de eeuwige gelukzaligheid deelachtig te kunnen worden” sonder die bekering.¹⁵⁸³

Dit is binne hierdie konteks wat die skema “aanbod en aanname” funksioneer. Hiervolgens word die heil verstaan as iets wat God die mens “aanbied.” Die mens het die verantwoordelikheid om hierdie aanbod te aanvaar of te verwerp. Wanneer die mens gekies het, reageer God op ‘n bepaalde wyse. God staan dus “magteloos” terwyl die mens talm om te besluit. Die metodistiese spiritualiteit kan duidelik hier gesien word. Hierdie “aanbod-aanname” skema deursuur **De Honigbij**. Hierdie preek is slegs een voorbeeld daarvan. Dit is natuurlik intiem verweef met die metodistiese “roete” waarvolgens die bekering moet plaasvind. Hierdie “roete” kom basies daarop neer dat God ‘n aanbieding maak en dat die mens kan kies wat hy daarmee wil maak.

Die “roete” word in hierdie preek as volg beskryf: Eerstens begin die gemeentelid by ‘n lewenstyl van “slechts de uiterlyke waarneming van zekere godsdienstpligte.”¹⁵⁸⁴ In hierdie toestand is die persoon helaas nog nie regtig bekeerd nie. “Iets meer” is nog nodig.¹⁵⁸⁵ Sou die persoon “willen” in “de zegeningen der verlossing deel,” is “eene kennis van de zonde” nodig.¹⁵⁸⁶ Dit is die tweede stap. “Die zich dus bekeert, is overtuigd van het afschuwyke der zonde; hy ziet, hoe geheel zyn leven eene aaneenschakeling van zonde is geweest.”¹⁵⁸⁷ Vervolgens “roept hy in weemoed met den verloren Zoon uit – ‘Ik hebt gezondigd tegen den hemel en ben niet waardig uw zoon genaamd te worden.’”¹⁵⁸⁸ Nadat daar dus in die persoon “berouw verwekt”,¹⁵⁸⁹ is, en hy “treurt”,¹⁵⁹⁰ en hy “belydt”,¹⁵⁹¹ en hy “hygt naar vergeving,”¹⁵⁹² vind die vergifnis plaas.

In beginsel is daar niks verkeerd met die “aanbod-aanname” skema nie.¹⁵⁹³ Die gevare is daarin geleë dat die klem geplaas word op die keuses wat die mens moet maak. Dit kan die indruk wek dat dit deur middel van die besluite van die mens is wat hy self sy heil of onheil bepaal.¹⁵⁹⁴ Indien die heil afhanklik gemaak word van sekere (onbybelse) skemas, kom ‘n hele paar gereformeerde begrippe in gedrang. Byvoorbeeld die belydenis aangaande die soewereiniteit van God. Sodoende word “God se belofte onder voorwaardes gestel.”¹⁵⁹⁵ In die metodistiese begrip, word God se aanbod nie as ‘n toesegging verstaan nie, maar as ‘n blote aanbieding wat van voorwaardes afhanklik is. Volgens die gereformeerde begrip, word die aanbod verstaan as ‘n toesegging. Dit beteken dat God nie magteloos is nie. Dit beteken ook dat die mens nie bemagtig word nie. Dit beteken wel dat God *deur middel van* die aanbod-as-toesegging, die wedergeboorte in die mens bewerk sodat die mens die aanbod kan aanvaar!

¹⁵⁸³ Dies.,452.

¹⁵⁸⁴ Dies.

¹⁵⁸⁵ Dies.

¹⁵⁸⁶ Dies.

¹⁵⁸⁷ Dies.

¹⁵⁸⁸ Dies.

¹⁵⁸⁹ Dies.

¹⁵⁹⁰ Dies.,453.

¹⁵⁹¹ Dies.

¹⁵⁹² Dies.

¹⁵⁹³ Vergl. die paragraaf van JH Cilliers.1996. *Die uitwissing van God op die kansel.* 65.

¹⁵⁹⁴ Dies.

¹⁵⁹⁵ Dies.,66.

In die geheel gesien, word **De Honigbij** se standpunt oor die heilstoeëiening nie slegs deur die gereformeerde belydenis bepaal nie, maar deur die ineenvloei van verskillende invloede. Die aksent op die soewereiniteit van God word vermeng met elemente wat vreemd is aan die gereformeerde belydenis. So byvoorbeeld is daar 'n sterk metodistiese aksent waarneembaar. Die "klassifikasie-metode" en "bevindelike" prediking, speel ook 'n groot rol.

Wanneer dit kom by die saak van die toeëiening van die heil, is **De Honigbij** dus verdeeld in sy standpunt. Trouens, die mees opvallende kenmerk is juis die differensiasie in die tydskrif se theologiese onderbou.

Aan die een kant word daar 'n gereformeerde standpunt ingeneem. Aan die ander kant word oorbeweeg na die kant van die Nadere Reformasie. Derdens is daar ook sterk metodistiese trekke waarneembaar. Hiervolgens word die toeëiening van die heil gesystematiseer. Die heil word ook beskryf as 'n "aanbod" van God aan die mens. Die mens moet dan besluit of hy dit "aanneem" of nie.

Dalk vind 'n mens juis in **De Honigbij** 'n perfekte prentjie van die wesenlike theologiese differensiasie wat die Nederduitse Gereformeerde Kerk deursuur het. Dit is die dualisme van die teonome én outonome sig op die heil. Dit is die swakplek in die kerk se theologiese mondering wat veroorsaak dat die kerk nie werklik getrou *kon* wees aan die gereformeerde belydenis nie, alhoewel die goeie bedoeling daartoe aanwesig was. Op die keper beskou – en dit is uit die lang sitate duidelik – is die aanstuur op die teologie van die Skotse predikante hierbo uitgespel. 'n Evangeliese rigting, met 'n tipiese bevindelikheid en puriteinse inslag het hom in die Kaapse Kerk aangekondig en aanklank gevind téenoor die supranaturalistiese benadering.

9.4 Samevatting

Word die vraag na die toeëiening van die heil by die Skotse predikante, Abraham Faure en **De Honigbij** konkreet geantwoord, dan het hier 'n outonome aksentuering ingesluip wat klem lê op die mens se innerlike vroomheid en beslissing. Hierin word die lyn wat al in die briewe van Susanna Bosman na die oppervlak gekom het en oor di. Bode, Van Lier en Vos voortgesit is, dus ook aan die woord. Maar, hieroor moet genuanseerd gedink word, omdat dit kontekstueel verwerk is. Hoe kontekstueel dit werklik was, kom in die volgende hoofstuk na vore as die fokus op 'n derde kerlike tydskrif indraai.

HOOFSTUK 10

‘N VOORUITSKOUING EN ‘N TERUGBLIK...

In die vorige hoofstuk is teologiese literatuur, met name De Honigbij, en standpunte met betrekking tot die toeëiening van die heil tot ongeveer 1850 in behandeling geneem. Daarmee is, soos in die inleiding tot hierdie studie vermeld, aangestuur tot aan die grens wat hiervoor gestel is. Wat nou oorbly is om enkele samevattende en uitklarende aantekeninge te maak. In hierdie verband is besluit om eers ‘n oorsigtelike blik na die toekoms tewerp, dit wil sê op literatuur en standpunte van en in die Nederduitse Gereformeerde Kerk wat ná 1850 en vóór 1860 verskyn het. Die bedoeling is eintlik om daarmee die nuwe aksente wat gelê is aan te dui sodat die afgrensingsdatum van die studie, naamlik 1850, bevestig kan word. Tweedens word ‘n terugblik gegee op die weg wat afgelê is. Om daarmee te kom tot ‘n bondige en heldere uitklaring van dié stuk van die teologiegeschiedenis van die Kaaps-Hollandse Kerk wat hier onder die loep geneem is en uit ‘n verskeidenheid bronne opgediep is.

10.1 ‘n Vooruitskouing: Kontemporêre aksente kondig ‘n nuwe rigting ná 1850 aan

In die onderhawige studie is meermale daarop gesinspeel dat ná 1850, netsoos 60 jaar te vore by ds Van Lier, nuwe aksente in die Nederduitse Gereformeerde teologie aangewys kan word. Dit wil sê, ten opsigte van daardie rigting wat soveel klem op die subjektief outonome toeëiening en ervaring van die heil gelê het. Wat in De Honigbij so duidelik verwoord is, en wat in die standpunte van veral die Skotse leraars deurgebreek het, is nou verder gevoer deur hulle seuns en landseuns wat predikant geword het. So kan daar eerstens op die nuwe kerklike tydskrif De Gereformeerde Kerkbode gelet word.

Beide die **NZAT** en **De Honigbij** het nie as godsdiestige tydskrifte oorleef nie. ‘n Klompie predikante van die Nederduitse Gereformeerde Kerk was egter steeds bewus van die behoeftie in die kolonie “dat het zoo voor de belangen van het Christendom en vooral de leden der Christelijke Kerk... noodzaaklijk zij, dat men niet alleen worde bekend gemaakt met den voortgang van het Rijk der waarheid over den geheelen aardbodem, maar ook een gereeld orgaan hebbe om Godsdiestkennis...te verspreiden.”¹⁵⁹⁶

Daarom het “eenige leeraren in en nabij de Kaapstad overeengekom..om een blad uit te geven, onder den naam van **Gereformeerde Kerkbode in Zuid-Afrika**.¹⁵⁹⁷ Uit wat die redaksie beoog het, kan reeds afgelei word in watter teologiese koers **De Gereformeerde Kerkbode** rigting sou kies: “ Verhandelingen over de Godsdienst, uitlegkundige aanmerkingen over den Bijbel, uittreksels uit de kerkelike geschiedenis.., levensberichten van vrome menschen, mededeelingen omtrent den voortgang van de Christelijke godsdienst door bemoeiingen van Christen zendelingen der onderscheiden Protestantsche kerkgenootschappen, Bijbelverspreiding, binnenlandsche

¹⁵⁹⁶ Prospectus. *De Gereformeerde Kerkbode in ZA*. 13 January 1849. 1.
¹⁵⁹⁷ Dies.

kerknieuws.”¹⁵⁹⁸ Hierdie nuwe onderneming was dus daarop gemik “om godsdiens oefening in dit land te verspreiden..”¹⁵⁹⁹ en is derhalwe by predikante en gemeentes aanbeveel.

De Gereformeerde Kerkbode het op 13 Januarie 1849 die eerste lig gesien.¹⁶⁰⁰ Die Kaapse predikant, dr A Faure het as redakteur opgetree.¹⁶⁰¹ Olivier merk op dat die stigting van die blad ‘n persoonlike poging van Faure was om op apologetiese wyse die Christelike geloof in die land bekend te stel en te verdedig.¹⁶⁰² In ‘n tiperende opmerking merk Brown op dat Faure in sy blad ook aan die evangeliesgesinde kerkliedmate rigting wou gee hoe hulle die “kerkgenootskap skriftuurlik kon bedien.”¹⁶⁰³

Die onmiddellike vraag is: hoe skryf **De Gereformeerde Kerkbode** oor die toeëiening van die heil? Sluit hy aan by die bemiddeling van **De Honigbij**? Of, leun hy aan op die aksente van Van Lier en Vos? Of, gedagtig aan wat Brown en Olivier in verband met die blad aangeteken het, het ‘n mens hier met ‘n nuwe eietydse praktiese-teologiese benadering te make? ‘n Noukeurige bestudering van die uitgawes tussen 1849 en 1860 het ‘n magdom artikels wat op die een of ander manier verband hou met die kwessie van die toeëiening van die heil aan die lig gebring. Dit dui op die aktualiteit wat hierdie saak in daardie tyd binne die kerk gehad het. **De Gereformeerde Kerkbode** het immers die mondstuk van die Nederduitse Gereformeerde Kerk geword. Verreweg die meeste artikels waarin die toeëiening van die heil ter sprake gebring word, doen dit soos **De Honigbij** in die gees en benadering van ‘n outonomoos-subjektiewe oorweging. Hierin word die patroon steeds gehandhaaf dat die mens uit genade gered word, maar dat die aangebode genade beslissend deur die mens toegeëien word. “Door een opregt geloof en door eene ware bekeering.”¹⁶⁰⁴ Op hierdie manier “wordt een slaaf des duivels, een kind van God.”¹⁶⁰⁵ Die onus berus dus by die mens om dit te aanvaar, of nie. In die geheel gesien, plaas **De Gereformeerde Kerkbode** beslis die klem op die noodsaak van ‘n outonome beslissing wat die mens moet neem om in die saligheid te deel. Op dieselfde manier waarop die heidene, soos die “volgelingen van Buddha,” die “Zaligmaker” en “opstanding der dooden” moet “aanneemt,” so moet ook die lidmate van die gemeente dit doen.¹⁶⁰⁶ Dit verbaas dus nie dat sake soos die uitverkiesing en verbond ook nie aan die orde kom nie – op letterlik enkele uitsonderings na.¹⁶⁰⁷

Teen 1858 was dit reeds duidelik dat **De Gereformeerde Kerkbode** hom al meer geskaar het by die evangeliesgesinde groepering binne die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Daarmee het hy hom vir ‘n bepaalde

¹⁵⁹⁸ Dies.

¹⁵⁹⁹ Dies.

¹⁶⁰⁰ Hanekom, TN. 1949. *Verlange na ‘n eie blad*. Die Kerkbode. 12 Januarie 1949. 64.

¹⁶⁰¹ Olivier, AR. 1998. *Bode op die spoor van die Woord*. 11.

¹⁶⁰² Dies., 7-8.

¹⁶⁰³ Brown, E. 1993. *Die Kaap-Hollandse kerk loop uiteen ondanks...* SHE. 51.

¹⁶⁰⁴ Anoniem. 10 Maart 1849. *Aanmoediging tot bekeering*. 67.

¹⁶⁰⁵ Dies.

¹⁶⁰⁶ Vergelyk: Anoniem. 25 Augustus 1860. *De onbekeerde wereld*. 269. Sien verdere artikels in hierdie verband: Anoniem: *Wat maakt iemand tot een Christen*. 21 September 1849. 307; Anoniem: *Aanmoediging tot bekeering*. 10 Maart 1849. 65; Anoniem: *Des zondaars toevlugt*. 30 November 1850, 387; Anoniem: *Het geloof*. 8 Februarie 1851, 43; Anoniem: *De eenvoudigheid van het Evangelie*. 8 November 1856, 359; Anoniem: *De onbekeerde wereld*. 25 Augustus 1860, 269.

teologiese standpunt laat vind en ekumeniese aansluiting gesoek by gelykgesindes in ander kerk- en sendinggenootskappe. Dit blyk die duidelikste uit sy aansluiting by die teologie van die **Internasjonale Evangelische Verbond** en die werksamhede van die Suid-Afrikaanse tak van hierdie liggaam, van wie Abraham Faure die president was.¹⁶⁰⁸

Hoe dit prakties gebeur het word geïllustreer deur ‘n **Adres** wat in **De Gereformeerde Kerkbode** verskyn as **Van het Comite van het Zuid-Afrikaansch Evangelisch Verbond, aan Christenen van alle Gezindten in Zuid-Afrika.**¹⁶⁰⁹ Dit is gepubliseer in die uitgawe van **De Gereformeerde Kerkbode** van 27 Maart 1858. Opsigself moet dit begryp word as ‘n sterker wordende aandrang van die evangeliegesindes in die kolonie. **De Gereformeerde Kerkbode** het hom beslis vir hierdie aandrang laat vind. In die **Adres** beken die **Evangelisch Verbond** sy ware kleur. Sy doelwit, stel die *Comitee* dit, is “de eenheid der geloovigen in geest, in liefde, in geloof en in hunne ondernemingen.”¹⁶¹⁰

Die **Evangelisch Verbond** het wel ‘n aantal “leerstellige punten”¹⁶¹¹ wat deur medewerkers onderskryf moes word. Dit is:

1. “De Goddelijke ingeving en gezag der Heilige Schrift.
2. Het regt- en pligtmatige van het eigen oordeel in de uitlegging der Schrift.
3. De Eenheid der Godheid.
4. Het volslagen verderf der menschelike natuur.
5. De voldoeningswerk voor zondaren door den Zoon Gods.
6. De rechtvaardigmaking door het geloof alleen.
7. Het werk des Heiligen Geestes in de bekeering en heiligmaking des zondaars.”¹⁶¹²

Hierby is nog twee sake gevoeg, naamlik oor aanvaarding van die komende oordeel en die eindbestemming van gelowiges en ongelowiges sowel as ‘n artikel oor die “goddelijke instelling van het Christelijke leerambt.”¹⁶¹³

¹⁶⁰⁷ Vgl. in hierdie verband: Anoniem: *Mijne roeping, Gods verkiezing*. 16 Februarie 1856, 60; Anoniem: *Waarom wij onze kinderen tot den Heere Jezus mogen brengen*. 15 Desember 1860, 388.

¹⁶⁰⁸ Sien Faure, A. 1858. *Adres van het Comite.. De Gereformeerde Kerkbode*. 27 Maart 1858. 106; Anoniem. 1858. *Algemene Vergadering..* 16 Januarie 1858. 21. Oor die toeëiening van die heil word daar as volg gepraat: “Allen erkennen wij het, dat wij van nature verloren zijn, onbekwaam tot iets dat eenigzins goed genaamd kan worden, geneigd tot het kwade, zonder wijsheid, zonder troost, zonder hulp in ons zelven, en voor onze zaligheid geheel afhankelijk van de vrije genade en goedertierenheid van God. Maar, wij verblijden ons evenzeer in het vreugdevolle vertrouwen, dat deze genade verschenen is in Jezus Christus, in wien God geopenbaard is in het vleesch, en in Zijn middelaars werk zien wij de enige genoegzame en meer dan overvloedige oorzaak van onze eeuwige gelukzaligheid. Door het geloof nemen wij Christus aan. Wij eerden Hem; met ligchaam en ziel geven wij ons aan Hem over; en aldus ondervinden wij, dat hoe zondig, ellendig en schuldig ook in ons zelven, wij geregtvaardigd worden voor den Regter der levenden en der dooden, niet wegens ons geloof als verdienende oorzaak, maar alleenlik ter oorzake van de regtvaardigheid van onzen Grooten Borg, die uit genade toegerekend wordt, aan hen, die het geloof in Hem hebben. Wegens de verdiensten van Jezus Christus verklaart de H.G in ons geweten ons vrij van de zonde, getuigt Hij met onzen geest dat wij kinderen Gods zijn.” Dies.

¹⁶⁰⁹ Faure, A. a.w., 27 Maart 1858. 106.

¹⁶¹⁰ Dies.

¹⁶¹¹ Dies., 108.

¹⁶¹² Dies., 109.

Dit is opmerklik watter rol die saak van die regverdiging deur die geloof en die bekering, as werk van die Gees, in hierdie “leerstellige punten” speel. Dit raak uiteraard die tema van hierdie studie. Hierdie “punten” is egter “geenzins in eenige kerkelijke zin van geloofsbelijdenis” bedoel nie.¹⁶¹⁴ Op geen wyse moes dit ‘n “beperking van de grenslijnen der Christelijke broederschap” plaas nie.¹⁶¹⁵ Veel eerder moes daar ‘n “verdraagzaamheid en broederlike liefde geschiede.”¹⁶¹⁶ Bemiddeling, met konfessionele vryheid!

Presies dit het nie voorkom dat die gereformeerde belydenis aangaande die heil en die toeëiening van die heil ‘n jaar of wat later in die een oproep na die ander om geestelike herlewning op die agtergrond geskuif is nie. In hierdie oproepe het die **Evangelisch Verbond** sy stem laat hoor. Dit hou uiteraard verband met die tydsgewrig waar herlewings oorsee plaasgevind het en daar in Suid-Afrika ook ‘n groot soek was na herlewning. In hierdie verband gooi die **Evangelisch Verbond** sy gewig by die ander tydskrifte en ook by die standpuntinne name van talle leraars van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.

Dit raak die siening van die heilstoeëiening direk. Dit is immers “eene meer overvloedige uitstorting des Heiligen Geestes” wat die bekerings in die kerk optimaal beïnvloed!¹⁶¹⁷ Daartoe is “de groote opwekking in de godsdiens” noodsaaklik.¹⁶¹⁸ In die gewone gang van kerkwees en die bediening van die Woord, kan die bekering nie plaasvind in kwaliteit en kwantiteit soos in herlewings nie! Die gewone werk van die Gees is ook nie te vergelyk met die werk van die Gees nadat Hy “meer overvloedig” uitgestort is nie.

Ten einde hierdie uitstorting van die Gees van die Here af te smeek en die kerk daarop voor te berei, word die kerk opgeroep om spesiale reekse dienste te hou en spesiale onderwerpe in die prediking aan te sny wat oor hierdie onderwerp handel.¹⁶¹⁹ Weer eens geld dit nie slegs vir kerke binne die gereformeerde belydenis nie, maar vir almal “behoorende aan ieder kerkgenootschap.”¹⁶²⁰

Hierdie ietwat breedvoerige sitaat is aangehaal om aan te toon hoedat daar theologies in ‘n nuwe paradigma gedink is ná 1850. Hierin sou die outonomiteit van die mens ten opsigte van die toeëiening van die heil, in ‘n nuwe kleed geklee word. Dit het uitgemond in die opwekkingsdienste en spesiale evangelieprediking, veral ná 1860. Dit het gepaard gegaan met bidgeleenthede waar naarstiglik na herlewning gesoek is.¹⁶²¹ Hier het dit hoofsaaklik gegaan oor ‘n verlange na ‘n “uitstorting van die Heilige Gees” sodat die koue en lou toestand van die kerk omskep kan

¹⁶¹³ Dies.

¹⁶¹⁴ Dies.

¹⁶¹⁵ Dies.

¹⁶¹⁶ Dies. Dieselfde verslag meld juis hoedat daar in 1842 reeds ‘n “wekelijksch biduur” in Kaapstad gestig is waar “de Nederduitsche, Engelsche, Scotsche, Independenten, en Wesleyaansche Kerken” se leraars saamgekom het vir gebed. Hier is “eene verkwickende eenheid des geestes mogten smaken in hunne toenadering tot den troon der genade.”

¹⁶¹⁷ Sien Faure, A. 1859. *Evangelisch Verbond...* 13 Augustus 1859. 267.

¹⁶¹⁸ Dies.

¹⁶¹⁹ Vergelyk dies.

¹⁶²⁰ Dies.

¹⁶²¹ Vgl. hier die twee artikels van “Anoniem” in Elpis. 1860. *Een woord van ds Postma en Ds Postma over de gezangen.*

1622. Hierdie bidgeleenthede het reeds teen die derde dekade van die negentiende eeu begin posvat.

word in ‘n lewende kerk.¹⁶²² Dit was ook die Skotse predikante en hulle kinders wat meerendeels hierop die klem gelê het.¹⁶²³ Die redmiddel wat die kerk moes verlos uit sy doodsheid, was die Gees wat “uitgestort” moes word.¹⁶²⁴ Herlewing is dus gesien as die manier waarop die “ongeloof” gestuit moes word.¹⁶²⁵ Lidmate is aangemoedig om toe te sien dat hul geestelike lewe nie net “in ‘n dor en verstandelike napraat van die belydenis van die kerk” berus nie.¹⁶²⁶ Die waarheid van die belydenis moes ook deur die Gees “tot ‘n lewende krag” in elkeen se lewe gemaak word.¹⁶²⁷ Dit was met ander woorde bekeringsprediking waartydens ‘n bepaalde metode gevolg is en waar aangedring is op ‘n onmiddellike *bekeringsmoment*. By die hoorders is aangedring op ‘n *onmiddellike bekering*¹⁶²⁸ gebaseer op ‘n menslike daad.

Tydens sulke spesiale dienste was daar dan ook allerlei praktyke wat hierdie besware onderstreep het. So byvoorbeeld het predikers soms, na afloop van die preek, geleentheid gegee dat mense wat tot bekering wou kom, hul hande opsteek.¹⁶²⁹ Predikers het dikwels die “vrug” van die bediening gemeet aan die aantal bekeerlinge wat getel kon word. Dit is ook soms gesien as ‘n bewys van die werkinge van die Gees.¹⁶³⁰ Dit is dus opvallend dat die verbondskarakter van die gemeente van Christus totaal uit die oog verloor is en dat elke verbondsmens op dieselfde manier plotseling die heil deelagtig moes word.

Voorgangers in hierdie verband was onder meer Andrew Murray (jr),¹⁶³¹ NJ Hofmeyr,¹⁶³² Servaas Hofmeyr en JH Neethling, om ‘n paar te noem. In nuwe tydskrifte soos *Elpis*¹⁶³³ en *De Wekker*¹⁶³⁴ het hulle aan die woord

¹⁶²² Dies.

¹⁶²³ Dies.

¹⁶²⁴ Dies.,163.

¹⁶²⁵ Dies.,168.

¹⁶²⁶ Dies.,169.

¹⁶²⁷ Dies.

¹⁶²⁸ Dies.

¹⁶²⁹ Dies. Sien ook: Franken, MC. 1987. *Spesiale Evangelieprediking..* 34-37. Franken is van mening dat die metodisme geen belang het by die gereformeerde belydenisgrondslag nie. Hulle stel slegs daarin belang om die evangelie te bring in die vorm van opwekkinge. Die nadruk val dus op persoonlike vroomheid ten koste van die objektiewe heilswerk van God.

¹⁶³⁰ Dies.,175.

¹⁶³¹ Vgl. Gerdener, GBA. 1946. *Enkele groot figure uit ons kerkgeskiedenis.* 257; Hopkins HC. 1972. *Drie geslagte Murrays.* 728; Choy, L. 1978. *Andrew Murray. Beelddraer van ewige liefde.* 20; Douglas, WM. Datum onbekend. *Andrew Murray and his message.* 27; Murray, A. 1942. *Andrew Murray: ‘n kort lewensbeskrywing.* In: Die Geloofslewe. Stellenbosch. ACSV. 10; Murray vertoon ‘n affinititeit vir die gereformeerde belydenis. In die versamelde werke van A Murray verskyn een hele boek wat gewy is aan ‘n ontleding van die Heidelbergse Kategismus. (sien bibliografie); Sien ook sy artikel in die Kerkbode van 29 Julie 1936: *Die geloofsversekering volgens die gereformeerde kerkleer.* 213. Hier poog hy om aan die hand van die Kategismus die evangelie te verklaar. Daar is egter ook meer te sê. Sien: Van der Merwe, AJ. 1949. *Andrew Murray.* Die Kerkbode. 6 Julie 1949. 21; Brown, E. 1993. *Die Kaap-Hollandse kerke loop uiteen ondanks die drie formuliere van eenheid.* In: Stud. Hist. Eccl.; Coetzee, CFC. 1986. *Die werk van die Heilige Gees in die teologiese denke van Andrew Murray.* ‘n Mens vind by beide Coetzee en Gerdener dalk ekstreme standpunte. Gerdener wil van geen metodisme by Murray weet nie. Coetzee probeer ‘n saak daarvoor uitmaak dat Murray ‘n volstrekte metodis was. Die waarheid lê veel eerder iewers tussen-in. Die aanwesigheid van sekere kenmerke van die metodisme kan nie ontken word nie. Tog wou Murray gereformeerd wees. Gerdener dui dit genoegsaam aan. Die mate waarin hy gereformeerd wou wees, was heel waarskynlik ‘n versperring teen volstrekte metodisme. Ongelukkig kon dit nie ‘n volmaakte versperring wees nie. Coetzee wys daarop dat Murray wel ‘n kritiese distansie teenoor die Reformatie gehandhaaf het. Volgens Coetzee het Murray gevoel dat die reformatore “nie ver genoeg gegaan het nie.”(Coetzee, aw, 32). Die reformatore het naamlik nie die leer van die Heilige Gees en die heiligmaking genoegsaam uitgebou nie. (dies.) Dit beteken dat Murray ‘n bepaalde “onverskilligheid” teenoor die belydenis gehad het. (dies.,35.). Hy het nie die belydenis verwerp nie, maar was in bepaalde opsigte onverskillig. (dies.); Sien verder: Anderssen, BJK. 1979. ‘n Kritiese ontleding van die soteriologiese teologie van Andrew Murray; Du Plessis, J. 1920. *Het leven van*

gekom en leiding geneem. Uit ‘n voorlopige verkenning van hulle publikasies en standpunte, is opgemerk dat hulle ten opsigte van die toeëiening van die heil, die klem op ‘n bepaalde nuwe manier op die werksaamheid van die mens lê.

Hexham is selfs van mening dat gedurende die laaste helfte van die negentiende eeu, die meerderheid predikante van die Nederduitse Gereformeerde Kerk nie meer gediend was met die “orthodox form of Calvinism” nie.¹⁶³⁵ Hulle was nie meer so oortuig van die gereformeerde belydenis soos dit by die Dordtse Sinode van 1618/9 geformuleer en kerkordelik vasgelê is nie. Dit beteken geensins dat hierdie leraars “liberaal” gesind was nie. Dit was juis deur hierdie leraars se toedoen dat die stryd teen die “ongeloof” en “liberalisme” gewen is binne die kerk in die laaste helfte van die negentiende eeu.¹⁶³⁶ Vir die oningeligte mag dit dus lyk asof dit juis die behoudende gereformeerde belydenis was wat die stryd gewen het!¹⁶³⁷ Die feit is egter dat hierdie meerderheid leraars

Andrew Murray. 204; Retief, MW. 1961. *Die herlewing van 1860*. Die Kerkbode. 12 April 1860. 486; Murray, A. 1980 (derde uitgawe). *Algehele Oorgawe*. 7; Murray, A. 1980. *Die volle Pinksterseën*. 47;

¹⁶³² Gerdener, GBA. 1946. *Enkele groot figure uit ons kerkgeskiedenis*. Die Kerkbode 3 April 1946. 351; Heymann, HF. 1965. *Prof NJ Hofmeyr. Man van gebed*. Die Kerkbode. 11 Augustus 1965. 1005; Kestell, JD. 1911. *Het leven van prof NJ Hofmeyr*. 124; Hofmeyr, NJ. 1854. *De formulieren van eenigheid*. De Kerkbode 22 Junie 1854; Hofmeyr, NJ. 185. *De rechtvaardiging des zondaars*. In: Elpis. Deel 1. 1857; Hofmeyr, NJ. 1926. *Van Gods toorn verlost*. De Kerkbode. 14 Julie 1926. 43; Van Deventer, WV. (Datum onbekend). *Die feesrede van prof Hofmeyr tydens die openingsplegtigheid van die Kweekskool op Dinsdag 1 November 1859*. 4; Hofmeyr, NJ. 1886. *De overgaaf aan Jezus Christus*. De Kerkbode. 25 September 1886. 314; Hofmeyr, NJ. 1880. *God werk in u*. De Gereformeerde Kerkbode. 18 Junie 1880. 228; Die bibliografie bevat enkele artikels van Hofmeyr wat handel oor die motivering tot die sending. Sien byvoorbeeld: Hofmeyr, NJ. 1853. *Iets over het zendingwerk*. De Gereformeerde Kerbode. 5 Maart 1853., Hofmeyr, NJ. 1873. *De zending-conferentie te Wellington*. Elpis., Hofmeyr, NJ. 1853. *Iets over het zendingwezen*. De Gereformeerde Kerkbode. 28 Mei 1853; Heymann, HF. 1965. *Prof NJ Hofmeyr- Man van gebed. Deel 2*. Die Kerkbode. 18 Augustus 1965. 1031; Vir die klem op die momentele en besliste karakter van die bekering, sien: Hofmeyr, NJ. 1903. *De terugkeer van den verloren zoon*. 302-303; Hofmeyr, NJ. 1886. *De overgaaf aan Jezus Christus – een woord tot den heilbegeerde*. De Kerkbode. 25 September 1886. 314; Hofmeyr, NJ. 1882. *Wat er omgaat in die ziel aan wie zich Jezus ontdekt*. De Christen. 28 April 1882. 194; Hofmeyr, NJ. 1935. *De Pinksterdoop en kracht*. Die Kerkbode. 31 Julie 1935. 22; Du Toit, GD. 1931. *‘n Keerpunt in die lewe van die Christen. Wat Prof Hofmeyr daarvan sé*. De Kerkbode. 4 Februarie 1931. 221;

¹⁶³³ Hanekom, TN. 12 Januarie 1949. *Verlange na ‘n eie blad*. Die Kerkbode. 63; *Elpis* was ‘n kwartaalblad onder redaksie van dr Servaas Hofmeyr wat predikant was op Montagu. Saam met hom op die redaksie van *Elpis* het Hofmeyr ook manne soos Beets en Van Oosterzee as medewerkers gehad (en ook prof NJ Hofmeyr) en is die blad ook in Nederland en Amerika uitgegee. Die tweede tydskrif was *De Wekker* wat dalk meer prakties van aard as *Elpis* was, maar beslis deurspeks van die dieselfde spiritualiteit. Beide tydskrifte was “behoudend” van aard. *De Wekker* het in 1859 die lig gesien en was onder redaksie van die vrome ds JH Neethling; Brown, W. 1987. *Dominee Johannes Henoch Neethling*. 107.

¹⁶³⁴ Sien uitgawe van 1 Mei 1860: *De Christelijke Conferentie te Worcester*. 36. Hier sien ‘n mens wat onder “herlewing” of “reveil” verstaan is : “door herleving verstaan wij de verwakkering der vroomheid in het hart van den mensch door die uitstorting van den Heilige Geest.” Hierdie definisie word dan vergelyk met die Kerkreformasie van die sestiente eeu. Die Reformasie word dus as ‘n voorbeeld gebruik van so ‘n “verwakkering der vroomheid” of “herlewing.” Hier sien ‘n mens dus weer eens op welke wyse “herlewing” as “gereformeer” getypeer word! Sien ook die artikel *Het is tijd den Heer te zoeken* in die uitgawe van 1 November 1859. Voorblad. Hier word dit duidelik gestel dat die Here nie in Suid-Afrika sal doen, wat Hy op daardie stadium in die buiteland gedoen het, alvorens die plaaslike Christene nie ook iets aan die saak doen nie. Die soeke van die mens, aktiever as’t ware die werkinge van die Gees van God!

¹⁶³⁵ Vgl. Hexham, I. 1975. *Totalitarian Calvinism*. 37. Volgens hom lei ‘n onkundigheid oor die theologiese diversiteit binne die Nederduitse Gereformeerde Kerk daartoe dat “subsequent Church history in South Africa consequently misunderstand” word. Die Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis sal dus verkeerd geïnterpreteer word, indien hierdie diversiteit nie deeglik verreken word nie.

¹⁶³⁶ Dies.,40.

¹⁶³⁷ Vergelyk die insiggewende artikel: Breytenbach, JA. 1998. ‘n Oorwinning vir die waarheid of vir die meerderheid? 38. Hy wys daarop dat hierdie selfde tendens homself later in die geskiedenis herhaal tydens die sogenaamde “Du Plessis-saak.” Die uitslag was in werklikheid nie gegronde op die feit dat die meerderheid getrou aan die gereformeerde belydenis was nie. Dit het eerder voortgekom vanuit die feit dat die behoudende evangeliesgesindes ontslae kon raak van ‘n liberale teenstander. Die gereformeerde belydenis was dus nie die werklike grond van die uitslag nie, alhoewel dit so gelyk het! Hierdie siening is waarskynlik nader aan die kol as die standpunt van Erasmus. (Erasmus, AS. 1986. *Die bediening van Johannes du Plessis*

“evangelicals” was wat *nie* noodwendig die klassiek-gereformeerde belydenis toegedaan was nie!¹⁶³⁸ Hulle was eerder diepgaande beïnvloed deur die metodistiese en arminiaanse teologie.¹⁶³⁹ Die wyse waarop hulle die heil en die toeëiening van die heil benader het, het ten diepste verskil van die gereformeerde belydenis. Ten diepste het dit gegaan oor verskillende beskouinge van God se rol in die mens se heil en die mens se verantwoordelikheid in die toeëiening van die heil.¹⁶⁴⁰ Dit het weer gelei tot verskillende interpretasies van die **Dordtse Leerreëls**.¹⁶⁴¹ ‘n “Complete reinterpretation”¹⁶⁴² van die **Dordtse Leerreëls** was nodig om die prediking van die “vrye aanbod” van die evangelie te regverdig. Dit is die rede waarom iemand soos dr Andrew Murray in 1871 beskuldig kon word dat hy weggedraai het van die **Dordtse Leerreëls**.¹⁶⁴³

Dit moet egter nie veralgemeen word nie. ‘n Enkele keer het **De Gereformeerde Kerkbode**, wat die toeëiening van die heil betref, die teonoom-eksistensiële denklyn van die gereformeerde belydenis met oortuiging gestel. Reeds in November 1850 skrywe ‘n anonieme outeur oor **Niets dan Jezus Christus**.¹⁶⁴⁴ Hy is oortuig dat slegs Christus en Sy verdienste die enigste voorwerp van die Christelike geloof is. Maar, vervolg hy, daar is ook “een zekere soort van Evangelie prediking” wat daartoe aanleiding gee dat Christus, as enigste grond vir saligheid, vir die “heilbegeerigen” “bedekt blijft.”¹⁶⁴⁵ Wat hy bedoel met hierdie ander soort evangelieprediking, word nou verder uitgespel: “Niets dan Jezus Christus, zeggen wij, behoort den zondaar voorgehouden te worden als het onderwerp zijner betrachting, het voorwerp zijner begeerte, het einde zijns strevens, de grond zijner zaligheid. En toch hoe menigmaal hooren wij ernstig denkenden, predikers en toehoorders beide van het geloof of de bekeering spreken, als of dat de Zaligmaker van zondaars ware. Eer dat de zondaar, zegt men, tot Christus kan gaan om zalig te worden, moet er eene zekere mate van boetvaardigheid en berouw zijn, moet men gelooven en zich bekeeren. En dikwils wordt er aangedrongen op geloof en bekeering, terwijl men den oorsprong van dat alles verzwijgt.”¹⁶⁴⁶ Met die beste bedoelings word daar sodoende ‘n “ander” evangelie aan mense voorgehou. Op ‘n subtiese wyse word die Saligmaker vervang met ander “saligmakers.” Die toeëiening van die heil word op so ‘n manier verkondig as sou *dit* die mens se heil verseker. Sake soos “geloof” en “bekering” kom in die plek van Christus. Ook “berou” en “boetvaardigheid.” Dit word op sodanige wyse *voorwaardelik* verkondig dat die hoorder dit so kan verstaan dat sy heil afhanklik is van sy bekering. *Bekering* word dan die grond van die heil. Op hierdie wyse word *die mens* dus in die sentrum geplaas en nie meer Christus nie. Die gevolg hiervan is dat die mens nie meer vreugdevolle geloofsversekering beleef nie, maar wroeginge en twyfel. So stel die skrywer van die artikel dit:

(1868-1935) in die *Ned Geref Kerk...* 385.) Erasmus wil toegee dat die uitslag grootliks toe te skryf was aan gereformeerde-konfessionele trou. Indien ‘n mens in gedagte hou dat daar wel ‘n evangeliese stroom vanuit die negentiende eeu na die twintigste eeu gevloei het en dat hierdie stroom nie noodwendig “behoudend” vanuit ‘n *konfessionele motief* was nie, moet daar gekies word vir Breytenbach se standpunt.

¹⁶³⁸ Hexham, I. 1975. a.w. 40.

¹⁶³⁹ Dies.

¹⁶⁴⁰ Dies.,41.

¹⁶⁴¹ Dies.

¹⁶⁴² Dies.

¹⁶⁴³ Dies.

¹⁶⁴⁴ Anoniem. 1850. *Niets dan Jezus Christus*. 30 November 1850. 388.

¹⁶⁴⁵ Dies.,389.

¹⁶⁴⁶ Dies.

“Zoo wordt de mensch menigmaal aan het twijfelen gebragt, van waar dan eigenlijk zijne zaligheid verwacht moet worden, van het geloof, van de bekeering, of eenvoudig van Christus zelven.”¹⁶⁴⁷

Wanneer die klem geplaas word op *die mens* se vroomheid, as grond van saligheid, kom daar onvermydelik ‘n stuk twyfel na vore. Die toehoorder, wys hy daarop, kan immers maklik na hierdie prediking luister en onbewustelik “Jezus, het geloof en die bekeering nevens alkander plaast,” so asof “zij verschillende zaligmakers zijn.”¹⁶⁴⁸ Geloof en bekering word dan gesien as “redmiddels” te same of naas die Here Jesus Christus. Die Bybelse teendeel hiervan bring hy so onder woorde: “Nee, niets dan Jezus Christus alleen zeggen wij nogmaals: van Hem verkrijgt men geloof en bekeering.”¹⁶⁴⁹ Die heilstoeëiening word dus gesien as *gawes* van die Here Jesus Christus. Dit is nie voorwaardes waaraan die mens moet voldoen om te verseker dat Christus hom aanvaar nie!

“Maar wij hooren het,” vertolk hy ‘n vraag, “bezwaar geopperd: moet er dan niet bij mij, eer dat ik tot Jezus ga om behouden te worden, berouw en leedwezen over mijne zonden wezen en daarbij een vlieden van dezelve? Nee, antwoorden wij; Jezus is verhoogd tot Vorst en Zaligmaker *om te geven* die bekeering en vergeving der zonden. Gij vermoeit u te vergeefs met dat wroeten in uw eigen hart om daar toch mischien en met der tijd, meer en meer berouw, geloof en kracht tot bekeering te bespeuren. Dat alles *geeft* Jezus wanneer gij heilbegeerig het oog tot Hem wendt. Dat vordert Hij niet eerdat gij tot Hem komt. Tracht te verstaan dat uwe zaligheid van Christus alleen verwacht moet worden.”¹⁶⁵⁰

Dit is duidelik dat die skrywer die klem met betrekking tot die toeëiening van die heil in die konfessionele en theologiese omgewing lê waar die gereformeerde belydenisskrifte dit plaas. Op stuk van sake kom in hierdie artikel ‘n oortuiging na vore wat in sy versigtige formulering rondom die bekering en heilstoeëiening duidelik ‘n ander taal praat as verteenwoordigers van die denklyn wat hierbo weergegee is. Hier duik die oortuiging van ‘n teonoom-eksistensiële verdiskontering van die heilstoeëiening op. Dit is ‘n bewys dat dit óók gehandhaaf is.¹⁶⁵¹

Sou dit alles in verband staan met die teologie en benadering van ds GWA van der Lingen van die Paarl?¹⁶⁵² Hy sou inderdaad die heilstoeëiening teonoom verdiskonter, maar dit nogtans binne die konteks van ‘n evangeliese

¹⁶⁴⁷ Dies.

¹⁶⁴⁸ Dies.

¹⁶⁴⁹ Dies.

¹⁶⁵⁰ Dies.

¹⁶⁵¹ Anoniem. 19 Mei 1860. *De hemelvaart van Christus, de zekerheid va onze zaligheid*. 145; Anoniem. 12 Julie 1851. *De gave Gods*. 233; Anoniem. 22 September 1860. *Het wezen des Christelijken geloofs*. 296; Anoniem. 16 April 1853. *Het eeuwige leven*. 117.

¹⁶⁵² Du Toit, HDA. (datum onbekend). *Ds GWA vd Lingen*. Kerkargief. 1; Du Toit, HDA. 1958. *Ds GWA vd Lingen as prediker*. Die Kerkbode 23 April 1958. 731; Kitshoff, MC. 1977. *GWA vd Lingen 1804-1869*. 25; Gerdener, GBA. 1946. *Enkele groot figure uit ons kerkgeschiedenis*. Die Kerkbode 15 Mei 1946. 600; “As ware Calvinis,” het vd Lingen dit beklemtoon dat alles moet gaan om die eer van onse God in Christus Jesus. Sien: De Villiers, IL. 1963. *Troosroep uit* 1963. Die Kerkbode 8 Mei 1963. 643; Vir meer volledige beskrywings van die aanloop en verloop van die herlewning in 1860, sien die volgende literatuur: Alheit, WA. 1959. *Die eeufees van ons Pinksterbidure*. Die Kerkbode. 22 April 1959. 661-662, Joubert, DSB. 1931. *Ds GWA van der Lingen en die gemeente Wellington*. Die Kerkbode. 4 Februarie 1931. 206-207, Retief, MW. 1961. *Die herlewning van 1860 en ons Pinksterbidure*. Die Kerkbode 12 April 1961. 486-487; In sy passie vir studies rondom die onvervulde profesie en die wederkoms, het hy egter in die rigting van die Chiliasme geneig. Vir ‘n voorbeeld van sy belangstelling in die kwessie van profesie, sien: GWA van der Lingen 1834. *Redevoering gehouden in de Nederduitsche*

soeke na herlewing doen. Daarom kan hy inderdaad getipeer word as ‘n mondstuk vir die nuwere denkwyse wat ná 1850 prominent was in die Nederduitse Gereformeerde Kerk.

Teen hierdie tyd is genoeg gesê om aan te dui dat ná 1850 nuwe aksente ingedra is by ‘n denklyn waarin die subjektief-outonome beklemtoning in die toeëiening van die heil lank reeds aan die Kaap gekoester is en dat die teonoom-eksistensiële oortuiging in hierdie verband eweneens nie prysgegee is nie, ten spyte van die oorheersing van eersgenoemde. Teologiese rigtings met betrekking tot die toeëiening van die heil het hulle dus in die Nederduitse Gereformeerde Kerk gehandhaaf en is voortgaande verwerk. Een van hierdie verwerkings word aangetref in die tiperende vrye, evangeliese lied waarmee die outonome heilseskouing in die Nederduitse Gereformeerde Kerk ingesing is. Ds A McGregor het in 1863 so ‘n bundel **Zionsliederen** saamgestel.

Hierdie liedboek was waarskynlik die eerste poging binne die geledere van die Nederduitse Gereformeerde Kerk om ‘n vrye liedboek naas die amptelike gesangbundel daar te stel. Die bedoeling was nie om dit in die openbare erediens te sing nie, maar dit sou “meer geschickt zijn voor gebruik in Zondagsscholen, in het huisgezin, zoowel als voor speciale diensten in bidstonden.”¹⁶⁵³ Hieruit word dit meteens duidelik vir watter geestelike milieу die liedere bedoel was, naamlik die metodisme met sy klem op opwekking en herlewing en bekering. Die grootste gedeelte van die liedere het ook inderdaad te make met eksplisiële oproepe tot bekering.¹⁶⁵⁴ Die saak van die heilstoeëiening verkry dus groot prominensie in hierdie liedboek. Die vraag is op watter wyse ds McGregor die bekering of heilstoeëiening verstaan het.

‘n Ondersoek na die inhoud van die genoemde liedere bring aan die lig dat die oproep tot bekering byna sonder uitsondering in die hande van die mens geplaas word sonder dat dit opkom vanuit God se genade-inisiatief. Die oproep tot ‘n beslissing word dus tot die mens se verantwoordelikheid gerig sonder dat dit gegronde is in God se werksaamheid en Sy verbondsbelofte. Die oorwegende indruk wat ‘n mens kry na die deurlees van die liedere is dat die saligheid slegs ‘n *moontlikheid* is wat Christus bewerk het, maar dat dit van die mens afhang of dit sal realiseer. Die onus rus dus meerendeels op die mens se wilsbesluit en nie op God se genadewerk nie. Dit alles geld byna sonder uitsondering van al die liedere.

Die aksent in lied 91 lê byvoorbeeld op die oproep tot die mens om na Christus “te kom.” In een sinnetjie word gesê dat die “weg bereid”¹⁶⁵⁵ is, maar die saak lê by die mens om dit te realiseer deur eie keuse. So klink dit:

Hervormde kerk in de Kaapstad. In: NZAT. Maart-April 1834. No.2. Deel 11.83; GWA van der Lingen. 1850. *Preek oor Heidelbergse Kategismus Sondag 23.* Kerkargief P/62. (Geen bladsy nommers); Van der Lingen, GWA. 1931. *Invoering van het rationalisme.* Die Kerkbode 28 Januarie 1931. 171; Van der Lingen, GWA. 1858. *Preek oor Heidelbergse Kategismus Sondag 33.* Kerkargief. P62/2. (Geen bladsyverwysings nie).

¹⁶⁵³ McGregor, A. 1896. *Zionsliederen.* Voorwoord. Bladsy nie aangedui nie.

¹⁶⁵⁴ Dit kan gesien word in die titels van die liedere soos: *Komt naar den Heiland* (129), *Jezus’ stem* (130), *Kom tot Mij* (132), *Kom zondaar kom* (134), *Die wil, neme* (135), *Zie en leef* (136), *Jezus van Nazareth gaat voorbij* (138), *Kloppend, kloppend, wie is daar?* (139), *Zoo als ik ben* (141), *Niet ver van het koninkrijk* (143), *Neem de zaligheid aan* (146), *De open poort* (147), *Broeder wat gaan gij doen?* (148).

¹⁶⁵⁵ Dies., 129.

